

**DIE TOEKOMS VAN DIE SPIRITUALITEIT  
BINNE AFRIKANER  
HOOFSTROOMKERKE:  
‘N GODSDIENS-SOSIOLOGIESE STUDIE**

deur

**DR. BARRY JOHN TOLMAY**

voorgelê ter vervulling van ’n deel van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

**IN DIE FAKULTEIT**

**GEESTESWETENSKAPPE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF. JACO BEYERS**

MAART 2017

PRETORIA

**“ A VISION OF THE FUTURE IS  
A DREAM IN ACTION ”**

**- Joel Barker -**



# **Opgedra aan Megan & Merize en elke jongmens op pad na 2037 binne Afrikaner hoofstroomkerke...**

## DANKBETUIGINGS:

- Die NG Gemeente Krantzklouf vir liefde, ondersteuning en verlot toegestaan. Ook my kollegas, di. Jan Viljoen en Leonardi Stoop.
- My studieleier en promotor, professor Jaco Beyers, vir sy dinamiese leiding, vinnige reaksies en wysheid.
- My gesin, vir al hul liefde en opofferings tydens my lang ure van navorsing.
- My familie en vriende, vir hul liefdevolle aanmoediging.
- My ouers, vir hul liefde, motivering en voorbidding.
- Alet Richter, vir die besondere aanmoediging, tikwerk en proeflees.
- Joey Kapp, vir tikwerk en proeflees.
- Johan Swanepoel en Rynette van Brakel, vir proeflees.
- Die Universiteit van Pretoria, vir die geleentheid om te studeer.
- Professor Michael Moneagh van Oxford Universiteit.
- Die 'Fresh Expression'-beweging
- Charles Universiteit, vir die geleentheid tot verdere navorsing en hul vriendelike personeel.
- Die Akademie vir Wetenskap en Kuns, vir hul beursondersteuning.
- Ons Hemelse Vader, vir die volgehoue lewensenergie om te kan studeer.

## AFKORTINGS:

AB	Afrikaner Broederbond
ANC	African National Congress
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
BBBEE	Broad Based Black Empowerment Equity
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies
GKSA	Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika
Here XVII	Here Sewentien maatskappy
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NHKA	Nederduitse Hervormende Kerk van Afrika
NP	Nasionale Party
SAW	Suid-Afrikaanse Weermag
VGK	Verenigde Gereformeerde Kerke
VIGS	Vervorwende immuniëteitsgebreksindroom
VOIC	Vereenigde Oost-Indische Compagnie
VSA	Verenigde State van Amerika
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

# INHOUDSOPGAWE

	<i>Bladsy</i>
<b>Hoofstuk 1: INLEIDING EN MOTIVERING VAN DIE STUDIE</b>	<b>9 - 22</b>
1.1 Inleiding	10
Agtergrond van die studie	10
1.2 Motivering van die studie	17
1.2.1 Probleemstelling	17
1.2.2 Die doel van die studie	17
1.2.3 Die navorsingshipotese	20
1.2.4 Metodologie	20
1.2.5 Voorgestelde bydrae	21
<b>Hoofstuk 2: 'N BLIK OP DIE RESENTE SAMELEWING</b>	<b>23 - 41</b>
2.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing	24
2.1.1 Stereotipering	25
2.2 Die rol van godsdienis in die samelewing	28
2.3 'n Historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse samelewing	29
2.3.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing tot 1948	29
2.3.2 Die tydperk 1948 tot 1994	32
2.3.3 Die tydperk 1994 tot vandag	36
<b>Hoofstuk 3: DIE WETENSKAP VAN DIE TOEKOMS</b>	<b>42 - 58</b>
3.1 Die paradigmas	44
3.1.1 Wat is 'n paradigma?	44
3.1.2 Wie verander paradigmas?	46
3.2 Die toekoms	48
3.3 Scenario-gebruik in die wetenskap van die toekoms	51
3.4 Troefkaarte	53
3.5 Skandering van die toekoms	53
3.6 Die sisteembenadering	54
<b>Hoofstuk 4: DIE SOSIOLOGIESE INTERPRETASIE</b>	<b>59 - 100</b>
Die Sosiologiese wortels	
4.1 Max Weber (1964 – 1920)	60

	<i>Bladsy</i>
4.2 Emile Durkheim (1858 – 1917)	63
4.3 Ander sosioloë	67
4.4 Kerk se plek in die Samelewing	68
4.5 Kerk en Samelewing	68
Die Sosiologiese Raamwerk	
4.6 Kruger se perspektief	69
4.7 Kayser se perspektief	72
4.8 Die Sosiale konteks van die Afrikaner - 'n Historiese Interpretasie	73
4.8.1 'n Historiese Interpretasie - Frustrasie en botsings met die Owerheid	75
4.8.2 'n Historiese Interpretasie - Afrikaner-identiteit	79
4.8.3 'n Historiese Interpretasie - Rasse-invloed	87
4.8.4 'n Historiese Interpretasie - Alternatiewe Denke	91
4.9 Paradigma I – Modernisme: Afrikaner van die Sewentigerjare	93
4.10 Paradigma II – Die Afrikaner post-1994	96
4.11 Evaluering	99
<b>Hoofstuk 5: DIE GODSDIENSTIGE INTERPRETASIE</b>	<b>101 - 147</b>
5.1 Charles Taylor: A Secular Age (2007)	102
5.2 Kruger se perspektief	108
5.3 Beyers se perspektief	111
5.4 Dreyer se perspektief	117
5.5 L. Floor se perspektief	120
5.6 Phyllis Tickle: The Great Emergence (2008)	121
5.7 Die Afrikaner Godsdienidentiteit	129
5.8 Resente invloede	135
5.9 Post-Christendom	139
5.10 Paradigma I	140
5.11 Paradigma II	142
<b>Hoofstuk 6: DIE INTERPRETASIE VAN DIE TOEKOMS</b>	<b>148 - 180</b>
6.1 Die Fresh Expression – beweging	150
6.2 Fresh Expression in Suid-Afrika	154
6.3 Refleksie vanuit die Tsjeggiese Republiek	156

	<i>Bladsy</i>
6.4 Paradigma III	158
6.5 Ontluikende kerke	167
6.6 Tickle se toekomsinterpretasie	168
6.7 Verdere implikasie vir die toekoms van die drie Afrikaanse hoofstroomkerke	170
6.8 Evaluering	179
<b>Hoofstuk 7: EVALUERING</b>	<b>181 - 185</b>
<b>BIBLIOGRAFIE EN VERWYSINGS</b>	<b>186 - 202</b>
<b>OPSOMMING</b>	<b>203 - 204</b>
<b>SUMMARY</b>	<b>205 - 206</b>



## HOOFSTUK 1:

	<i>Bladsy</i>
<b>INLEIDING EN MOTIVERING VAN DIE STUDIE</b>	<b>9 - 22</b>
1.1 Inleiding	10
Agtergrond van die studie	10
1.2 Motivering van die studie	17
1.2.1 Probleemstelling	17
1.2.2 Die doel van die studie	17
1.2.3 Die navorsingshipotese	20
1.2.4 Metodologie	20
1.2.5 Voorgestelde bydrae	21

# HOOFSTUK 1:

## INLEIDING EN MOTIVERING VAN DIE STUDIE

### 1.1 Inleiding

#### Agtergrond van die studie

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe era van demokrasie ingegaan. Na 1948 is apartheid geïmplementeer en is die samelewing in Suid-Afrika daarvolgens gedefinieer. Die samelewing is gereguleer vanuit Calvinistiese beginsels en het dit in die praktyk toegepas. Daar het 'n unieke band tussen die kerke en staat ontstaan waarin hulle as burokratiese bondgenote opgetree het. In 1994 het Calvinistiese dominansie en Calvinistiese samelewingsregulering tot 'n einde gekom. Die totale paradigma van die samelewing het vanuit 'n Christelik-Nasionale grondslag oorgeskuif na 'n nuwe paradigma. Hierdie paradigma het as grondslag dié van 'n liberale demokrasie. 'n Liberale demokrasie is 'n vorm van regeringstelsel waarin die regte van die individu deur die landswette beskerm word, waar vrye en regverdige verkiesings voorkom en waar daar 'n onafhanklike regstelsel bestaan. Waar die dryfvere voor 1994 Calvinisties georiënteerd was, is die nuwe ankers van die samelewing gebou op VRYHEID, GELYKHEID en MENSWAARDIGHEID. Calvinisme kan hier verstaan word as 'n lewens- en wêreldbeskouing wat op die beginsels van die leer van Calvyn toegepas is. In werklikheid het ons eintlik te doen met 'n aspek van Neo-Calvinisme omdat dit as 'n teologie in Suid-Afrika begin is, maar mettertyd 'n sterk ideologiese aanslag in die Suid-Afrikaanse samelewing gekry het, waarvan die implementering van die beleid van apartheid 'n goeie voorbeeld is.

Hierdie vinnige en radikale paradigmaskuif het op elke faset van die samelewing herdefiniëring impliseer:

#### a) Op godsdienstige gebied

Hoewel daar nog altyd godsdiensvryheid in Suid-Afrika was, dit veral die drie Afrikaner hoofstroomkerke wat bevoordeel was voor 1994 (Tolmay 1995:403). Ander godsdienste word op gelyke grondslag geakkommodeer: Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, Tradisionele Afrika godsdienste, Christenskap en Judaïsme om enkeles te noem.

Die Rooms Katolieke Kerk, Anglikaanse Kerk, Pinkster en Charismatiese Kerke neem hul volwaardige plek in die samelewing in.

#### **b) Op Onderwysgebied**

’n Nuwe onderwysbeleid word geïmplementeer en Blanke en Swart onderwysdepartemente word geïntegreer. Daar is ook ’n nuwe onderwysbeleid wat fokus op Uitkomsgebaseerde-onderwys. Tersiêre Onderwys word geherstruktoreer. Waar daar vroeër baie fondse in Blanke onderwys geïnvesteer is, dra ouers nou ’n aansienlike bedrag by tot onderwys. Tersiêre onderwys word geherstruktoreer met die verdwyning van ou rasgeoriënteerde universiteite en ou Technikons word Universiteite van Tegnologie.

#### **c) Vryheid van Eiendomsbesit en beweging**

Waar die Groepsgebiedewet vroeër die beweging van Suid-Afrikaners beperk het, kan mense nou enige plek bly en eiendomme besit. Hierna verander die karakter en voorkoms van middestede en dorpe vinnig. Die trekarbeidstelsel word afgeskaf en families word herenig. Dit het ’n groot verbetering gebring aan die saamleef van gesinne, wat ’n positiewe sosiale impak gehad het. Verstedeliking het egter toegeneem en meer plakkerskampe ontstaan buite stede en dorpe. Dit het weer verdere sosiale implikasies teweeggebring.

#### **d) Wetgewing op moralistiese vlak**

Vroeër het daar hewige sensuur in die samelewing bestaan, met ’n Sensuurraad wat die samelewing baie streng beheer het. Die sensuur van moralistiese wette word egter nou radikaal aangepas. Aangesien hierdie raad en wette voorheen Calvinisties-geïnspireer was, het dit ook die vorige regering ten opsigte van persvryheid beskerm. Binne die konteks van ’n liberale demokrasie waar individue persoonlike keuses en vryheid het, het mense en die media baie meer vryheid op hierdie gebied verkry.

#### **e) Gesondheidsdienste verander**

Gesondheidsdienste is beskikbaar vir alle Suid-Afrikaners, waar blankes vroeër die bevoorreedes was.

#### **f) Sekuriteitsdienste**

Daar vind 'n integrering van die Weermag en Polisie plaas met Umkhonto We Sizwe (ANC oud-militêre vleuel) en die SAW wat vroeër teen mekaar oorlog gemaak het.

#### **g) Sport-isolasie van Suid-Afrika word opgehef**

Meteens neem Suid-Afrika weer deel aan internasionale sportbyeenkomste en ook aan die Olimpiese Spele. Weens die feit dat daar sportboikotte en -sanksies teen Suid-Afrika was, spelers internasionaal geïsoleerd. Daar word ook baie moeite gedoen met sportontwikkeling onder alle Suid-Afrikaners. Wetgewing ten opsigte van kwotastelsels ontstaan, waarin sekere getalle van ander rasse in provinsiale en nasionale spanne ingesluit moet word.

#### **h) Huwelike**

Daar is nuwe vryheid oor rassegrense na die opheffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike Wet 55 van 1949 die Ontug Wet 23 van 1957 (Artikels 1, 16 en 22).

#### **i) Die Kunste**

Nuwe uitdrukking van alle kunsvorme vind plaas en beperkinge word opgehef. Daar is ook 'n oplewing van Afrikakuns en Afrikakunstenaars kry meer erkenning en ondersteuning.

#### **j) Landbou**

Landboukoöperasies en die Landbank word omskakel en alle Suid-Afrikaners kry gelyke landbougeleenthede. 'n Groot debat ontstaan om die regte model te vind om meer grond vir swart boere beskikbaar te stel. Daar vind egter ook duisende plaasaanvalle op blanke boere plaas.

#### **k) Ekonomies**

Broad Based Black Economic Empowerment (BBBEE) word geïmplementeer waar eens-benadeelde persone nou voorrang kry op arbeids- en besigheidsgebied. Volgens die beleid moet elke komponent van die

samelewing, maar daar word veral toegespits op die arbeidsmark wat die rassesamestelling van die totale Suid-Afrikaanse samelewing vertoon. In besighede word voorkeur gegee aan rasse en geslagte wat geag word dat hulle voorheen benadeel was. Die implikasie daarvan is dat veral blanke mans tans geen voorkeur sal geniet in die aanstelling van vakatures nie, en verkieslik uitgefaseer word om aan die gelykheidskriteria van die beleid te voldoen. Groot klem word ook gelê op indiensopleiding en deurlopende opleiding van werkers. Maatskappye word gevolglik volgens BBEE-kriteria geouditeer en beboet. In terme van tenderprosesse word dit ook as 'n voorvereiste gestel.

### **l) Die staatsdiens**

Massas blanke staatsamptenare is pakkette aangebied en vervang deur persone van ander rasse. Dit het meegebring dat baie kundigheid in 'n kort tydjie uit die staatsdiens gevloei het. Nuwe staatsdepartemente het ook tot stand gekom. Bykomende werkers is ook in staatsdepartemente en munisipaliteite aangestel as deel van 'n werk-skeppingsprogram.

### **m) Verdere implikasies**

As gevolg van al die bogenoemde sake het verskeie blanke Suid-Afrikaners 'n beter heenkome in die buiteland gaan probeer vind. Dikwels was dit noodgedwonge aangesien hier in Suid-Afrika nie meer werksgeleenthede beskikbaar was nie. Meer as 1-miljoen Suid-Afrikaners het hulle in Engeland bevind kort na die jaar 2000. Daaronder was ongeveer 1,800 tandartse wat geëmigreer het na Groot Brittanje. Meer as 2,000 mediese dokters het geëmigreer na Kanada. Honderd duisende professionele Suid-Afrikaners het geëmigreer na die VSA en Australië met gevolglike verliese aan kundigheid en die beperking op ekonomiese groei (The Economist, 25 September 2008).

Ons vind duisende blanke Suid-Afrikaners werksaam regdeur Afrika, die Midde-Ooste, die Verre-Ooste en Nieu-Seeland wat as gevolg van werksverlies of BBEE die land verlaat het. Intussen moes nuwe werksgeleenthede in Suid-Afrika ontwikkel word vir Suid-Afrikaners wat dikwels halfgeskoold of ongeskoold was. Die implikasie hiervan was verlaagde ekonomiese groei. Intussen is groot werk in Suid-Afrika gedoen om arm mense op te hef en van basiese dienste te voorsien. Dit is veral

op die gebied van sosiale dienste en subsidies waar baie gedoen is om 'n basiese verbetering van lewenskwaliteit mee te bring.

As alle samelewingselemente radikaal gewysig word en 'n nuwe paradigma ontstaan, impakteer dit op godsdiens en geloof in die samelewing. Dit het radikale implikasies wat hierdie studie sal probeer uitspel.

Intussen het globalisering ook plaasgevind en word die wêreld nou vergelyk met 'n 'global village'. Dit beteken dat die hele wêreld een klein gemeenskap word. Iets wat in 'n ander wêrelddeel gebeur, selfs op 'n verre kontinent, beïnvloed oornag die hele samelewing. Globalisering, met die klem op die groeiende interafhanklikheid tussen nasies en hul ekonomieë, veroorsaak ingrypende veranderinge in Suid-Afrika. Suid-Afrikaners het toegang deur die internet en media om deel te wees van byna alles wat in ander wêrelddele gebeur. Suid-Afrikaners word ook aan byna alles dwarsoor die wêreld blootgestel. Dit het groot implikasies op alle vorme van menswees: waaronder kultureel, sosiaal, maatskaplik, tegnologieë, ekologies, psigologies, geloof en ekonomies is. Die tempo waarteen hierdie blootstelling plaasvind het ook versnel. Dit beïnvloed die klein besigheidseienaar wat sy besigheid of werk verloor. So 'n persoon se ongemaksvlakke raak hoog en dit lei dikwels tot 'n teenreaksie, wat bekend staan as teenglobalisering. Verder, op geloofsvlak is die blootstelling aan ander godsdienste deel hiervan. Dit beïnvloed weer hoe mense hul geloof dag tot dag prakties ervaar en uitleef. Die koms van die internet in 1995 het die wêreld op 'n unieke manier verbind. Verder het selfone en satelietkommunikasie die res van die wêreld aan mekaar verbind. Dit kan nou geskied vanuit 'n persoon se eie sitkamer of die selfoon in 'n persoon se hand. Die tempo waarteen die inwoners van die wêreld nou inligting kan bekom of kontak met mekaar kan maak het ernstig versnel.

Op Internasionale Politieke terrein het die val van die Berlynse-muur in 1989 die einde van Kommunisme in Rusland en Oos-Europa aangekondig en wêreldwyd was daar 'n nuwe fokus op vryheid. Globale kommunikasie het hierdie proses verder ontsluit. Waar daar tot op daardie stadium 'n Koue Oorlog met twee magsblokke in die internasionale gemeenskap was, het Kapitalisme nou nuwe stukrag gekry.

Daar is ook wêreldwyd 'n oorgang vanuit die Modernisme bespeur. Binne die Modernisme het mense met rasonele denke alles verklaar en met feite bewys. As 'n saak nie met feite bewys kan word nie, is dit as onwetenskaplik afgemaak. Dit het aanleiding gegee tot sterk analitiese denke in sisteme, iets wat hand aan hand met die Industriële Rewolusie en meganisering gaan. Vanuit die

Modernisme het beheer en kontrole 'n sterk inslag verkry, terwyl die Kapitalisme binne die Modernisme 'n bepaalde vryemarkstelsel ontwikkel het en nuwe ekonomiese beginsels het dienooreenkomstig uitgerol. Daarom is Individualisme een van die kenmerke van die Modernisme en 'n mens is wat hy as persoon besit. Die Modernisme lê sterk klem op normaliteit: dit is normaal dat alle onsekerhede uit die weg geruim sal word deur wetenskaplike ondersoek. Die samelewing is daarom vas en seker. Kolonialisasie was 'n uitdrukking van Modernisme wanneer ander kulture 'van bo af' en 'van buite af' onderdruk en bestuur word. Inheemse tale en kulture is as minderwaardig beskou. Verder staan kolonies in diens van die Europese land. Alle roumateriaal word beskikbaar gestel vanuit die kolonie (op die periferie) tot voordeel van die Koloniale moondheid. Strukture in die samelewing werk dan ook in die Modernistiese samelewing van bo na onder. Dominasie vind van 'bo plaas' omdat hulle veronderstel dat hulle beter weet. Daarteenoor is daar rigiede samelewingstrukture, en leiding is nodig vir die 'onmondiges' of laer strukture.

Binne die Modernisme is die kerk ook aangewend as 'n struktuur wat van bo werk met Goddelike sanksie. Kerkordes en programme wat op 'n Modernistiese wyse die kalenderjaar vul domineer kerkwees. Kerklike strukture is gevul met gesag en instandhouding. Sendelinge se gewoontes en kleredrag word in evangelisasie van bo af oorgedra aan minderwaardige kulture.

Bosch (2011:363) stel die volgende standpunt oor die Moderne tydperk:

“...instead of liberating humans it has enslaved them. First the machine replaced the human slave, then humans were turned into slaves of the machine. Production became the highest goal of being human, resulting in humans having to worship at the altar of the autonomy of technology”.

In die Modernisme word analities met die Bybel omgegaan. Hierdie Modernistiese paradigma het ook plek gemaak vir 'n nuwe paradigma in die een-en-twintigste eeu.

Binne die postmoderne tydperk kyk mense heeltemal anders na die samelewing. Ons is ook nog in die begin van die postmoderne fase en daarom is daar baie vloei veranderlikes. Binne die postmoderne era word nuwe klem op verhoudinge gelê. Die hele aarde word as 'n lewende sisteem gesien wat uniek aan mekaar verbind is. Daar is 'n nuwe klem op Einstein se wetenskapbeskouinge, teenoor die Modernisme se groot klem op Newton se teorieë.

Teenoor die analitiese benadering staan die sisteemdenke en 'n holistiese benadering in die Postmoderne. In wetenskaplike navorsing word meer klem gelê op 'n interdisiplinêre benadering. Teen die Modernisme se absolute waarheidsopvatting word Waarheid as kollektief en kontekstueel beskou. Dialoog speel 'n belangrike rol in die postmoderne. Netwerke speel ook hierin 'n unieke rol en die sosiale media is besig om nuwe momentum te verleen.

Teenoor die strukture wat 'van bo' in die Modernisme gefunksioneer het, is daar plat en oop kommunikasie kanale in die strukture in die Postmoderne. Met plat word bedoel dat leiers dikwels die spanbenadering volg waar elke spanlid verantwoordelikheid aanvaar om meer selfstandig te funksioneer. Daar is ook minder hiërargiese vlakke in besighe. Teenoor die kolonialisasie van die Modernisme staan Postkolonialisme. Die kerk het 'n ander funksie in die Postmoderne. Kerke is minder gereguleer, met 'n fokus op mense en hul verhoudinge; dit vind plaas in 'n oop sisteem waarin individue elk die geleentheid kry om 'n bydrae te lewer. Ander standpunte oor godsdiens word ook binne die Postmoderne geakkommodeer. Hierin sien ons 'n groter verdraagsaamheid van ander standpunte oor godsdiens. Standpunte word minder vanuit net 'n reg of verkeerd beoordeel. Bosch (2011: 368) sluit hierby aan:

“As long as one lives and thinks within the patterns of a given paradigm, that paradigm provides one with the plausibility structure according to which all reality is interpreted. The paradigm may be a particular scientific worldview, or a religion, or an ideology; in each case the conceptual framework has almost all-embracing interpretative powers. It is only when one loses faith in a plausibility structure that one senses that its powers were excessive and specious.”

In die Derde Wêreld konteks het die mens 'n interessante oorgang en kombinasie van Premodernisme, Modernisme en die Postmodernisme wat paradoksaal aan die werk is. In Afrika en ook Suid-Afrika vind ons juis 'n unieke samevoeging en interaksie met nuwe momentum, in die een-en-twintigste eeu, aan die werk.

Die samelewing gaan gevolglik deur verskeie stroomversnellings in die een-en-twintigste eeu. Wat die Modernisme vanuit Europa voorsien het, blyk duidelik nou vir die wêreld anders te wees. Op godsdiensgebied het Nietzsche meer as 'n eeu gelede aangekondig “God is dood” volgens Norris en Inglehart (2011:240). Dit blyk duidelik dat die siening oor God soos gedefinieer deur die Modernisme



aan die kwyn is, maar dan weer wêreldwyd 'n opbloeï ervaar soos gedefinieer binne 'n postmoderne-konteks in die een-en-twintigste eeu (Taylor 2007:734). Dit is binne hierdie aannames wat die onsekerheid oor die toekoms aangespreek moet word.

Die enigste manier wat al hierdie impulse aan die begin van die een-en-twintigste eeu geëvalueer kan word, is om op 'n wetenskaplike manier met toekomstudies om te gaan. Op hierdie wyse kan geëvalueer word watter van hierdie tendense sal afplat en watter aspekte sal standhoudende invloed hê ten opsigte van godsdiens en die samelewing. Op hierdie wyse kan ons ons sitplekgordels vasmaak vir die opwindendste reis wat vir ons voorlê binne die een-en-twintigste eeu.

## **1.2 Motivering van die studie**

### **1.2.1 Probleemstelling**

Radikale paradigmaskuiwe het vanaf die twintigste eeu tot in die een-en-twintigste eeu plaasgevind. Niemand weet hoe dit gaan impakteer in die res van die eeu nie.

Gevolgtrek kan die probleemstelling toegelig word deur die volgende vraagstelling: Watter veranderings het reeds plaasgevind in die godsdiens-sosiologiese leefwêreld vanaf die sewentiger jare van die vorige eeu tot nou, binne Afrikaner hoofstroomkerke in Suid-Afrika? Watter veranderings kan verder in die toekoms tot 2037 verwag word?

Hierby sluit die volgende vraag aan: Hoe gaan paradigmaskuiwe op sosiologiese gebied spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke gedurende die een-en-twintigste eeu beïnvloed?

### **1.2.2 Die doel van die studie**

Die doel van die studie is om in die lig van globalisering optimale uitkomst te genereer op plaaslike geloofsvlak van Afrikaners wat tradisioneel aan die hoofstroomkerke in Suid-Afrika behoort het. Die sosiologiese tendense word gevolglik geëvalueer om die 'Sitz im leben' van die mense binne Suid-Afrika in die konteks van die individu in hierdie eeu te begryp. Die evaluering van die paradigmaskuiw op godsdiens, sosiologiese en politieke vlak sal geëvalueer word sodat 'n optimale uitkomst ten opsigte van verandering op sosio-godsdiensgebied in die toekoms van Afrikaners bewerkstellig kan word. Die studie wend

dus 'n konstruktiewe poging aan, om sekere aspekte ten opsigte van die leefwêreld van Afrikaners aan te spreek in die lig van die afname in kerkbywoning in Suid-Afrikaners. Deur ook te fokus op elemente vanuit toekomstudies, kan geëvalueer word watter strategiese aspekte geïmplementeer kan word, om geloof te stimuleer in die res van die een-en-twintigste eeu. Deur te fokus op die 'verkieslike toekoms' sal hierdie studie aspekte van die 'waarskynlike toekoms' en 'noodwendige toekoms' wetenskaplik begrond om so 'n bydrae te lewer.

Die doel van hierdie navorsing is om godsdiens-sosiologies te hanteer vanuit 'n geïntegreerde benadering. Gevolglik word die klem nie primêr op die sosiologiese perspektief geplaas soos wat Emile Durkheim doen nie. Daarteenoor word die primêre fokus ook nie op die godsdienswetenskappe geplaas ten koste van die sosiologiese benadering nie. Hierdie meer holistiese benadering is veral nodig in die een-en-twintigste eeu waar daar meer geïntegreerd gewerk word.

Die Afrikaner hoofstroomkerke word onder die loep geneem en staan ook bekend as die drie susterskerke. Dit is kerke van Gereformeerde belydenis wat sy oorsprong en verbintenis in Nederland het. Die kerke is die Nederduitse Gereformeerde Kerk (die NG Kerk), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (die NHKA) en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (die GKSA).

In die hierdie studie word daar primêr gefokus op die NG Kerk omdat dit die dominante kerk in Suid-Afrika is, asook, omdat standpunte en basiese funksionering van die NHKA en die Gereformeerde Kerk telkens net 'n klemverskuiwing vertoon. Dit is nie net wat getalle betref nie, maar ook wat media-blootstelling in die Suid-Afrikaanse samelewing ontvang.

Die keuse is gevolglik in die studie gemaak om nie vas te val in die refleksie van die drie variasies van standpunte nie. Die navorsing wil die NG Kerk se standpunt aantoon as 'n sterk standpunt wat primêr die standpunt van die drie Afrikaner hoofstroomkerke verteenwoordig. Die Afrikaner hoofstroomkerke is histories so verbind dat hulle bekend staan as die drie Afrikaanse susterskerke.

Spiritualiteit kan in die studie omskryf word as die wyse waarop godsdiens funksioneer. Dit dui ook 'n afgespitste godsdiens aan wat in die studie gekoppel word aan 'n gereformeerde Christelike basis. Spiritualiteit kan dui op 'n holistiese godsdienstigheid maar kan ook net sekere elemente daarvan op 'n sielsvlak insluit. 'n Christelike spiritualiteit dui op 'n holistiese Christen godsdienstigheid

waarin Christelike elemente op sielsvlak ervaar word. 'n Calvinistiese spiritualiteit laat sekere individuele Christelike elemente uitmond in 'n omvattende uitmond in die wêreld. Dit sluit elemente van die natuur en kultuur in en fokus op ander mense. Binne 'n Calvinistiese spiritualiteit speel die Bybel en die rasonale 'n belangrike rol.

Daar word 'n oorsig gegee van die Suid-Afrikaanse samelewing in hoofstuk 2. Sekere historiese elemente word belig om die wortels aan te toon van 'n apartheidsamelewing wat pre-1994 'n skille kontras gevorm het teenoor die samelewing wat tot stand gekom het in 'n post-1994 fase. Die rol van stereotipering in die samelewing word beskryf omdat dit die funksionering van die samelewing op 'n diep psigiese vlak beïnvloed. Die vraag word ook gevra na die funksionering van godsdiens in die samelewing.

Dit beteken dat bruin Afrikaanssprekendes met die VGK buite hierdie navorsing val. Daar is egter 'n behoefte aan verdere navorsing oor die toekoms van 'n geïntegreerde nuwe Afrikaner-spiritualiteit.

### **Die sosiologiese interpretasie**

Om effektief na die sosiologiese interpretasie van die hoofstroom Afrikanerkerke te kyk, is dit belangrik om die historiese ontwikkeling van die Afrikaner te evalueer. Daar kan baie bespiegel word oor historiese interpretasies en hoewel dit wetenskaplik begrond kan word, is die bril waardeur 'n meer of minder romantiese beeld geskep word belangrik. In hierdie studie is die keuse gemaak om hier sterk te steun op die historiese refleksies van Prof. Hermann Giliomee oor die Afrikaner wat in 2004 as 'n biografie verskyn het: Fred de Vries, 'n Nederlander wat in Suid-Afrika bly, neem die Afrikaner onder die loep post-1994 en het waardevolle verdere perspektiewe bygevoeg. Die keuse is deur die navorser op die werk van Prof. Giliomee gemaak omdat dit 10 jaar na 1994 verskyn het. Verder is evalueerend gelet op die refleksies van die werk wat vars perspektiewe oor die Afrikaner na vore bring.

In Suid-Afrika, soos elders, hou die liberale demokrasie die openbare terrein leeg van godsdiens deurdat samelewingsinstellings van religieuse instellings se invloed geskei word. So word die reikwydte van geïnstusionaliseerde godsdiens in Suid-Afrika ingeperk. Samelopend met strukturele sekularisasie vind die sekularisering van die sosiale kultuur ook plaas (Kruger 2014:ii). Die strukturele sekularisasie en die sosiale kultuur binne Suid-Afrika vloei saam in 'n sekularisering.

### 1.2.3 Die Navorsingshipotese

Dit kan soos volg geformuleer word:

Die paradigmaskuif vanaf 'n samelewing met apartheid na 'n samelewing wat op 'n regstaat met liberale demokratiese beginsels funksioneer, het die spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke radikaal beïnvloed. 'n Nuwe en aangepaste spiritualiteit is noodsaaklik binne Afrikaner hoofstroomkerke op pad na 2037. Gevolglik sal die Calvinistiese godsdiens-sosiologie binne Afrikaner hoofstroomkerke aanpassing ondergaan op reis na 2037.

### 1.2.4 Metodologie

Vervolgens sal die hipotese op 'n deskriptiewe wyse geverifieer word. Verskeie vakperspektiewe sal ingespan word. Vanuit sosiologie sal literêre bestudering plaasvind. Deurdat hierdie studie vanuit die godsdiensstudies aangepak word, sal teologiese- en Bybelperspektief ook belig word. Die beginsels van die toekomstudies sal geëvalueer word om afleidings te kan maak rakende die een-en-twintigste eeu. Daar is besluit om nie empiriese ondersoeke te onderneem nie omdat onvoldoende literatuur bestaan om die navorsings-hipotese te verifieer.

Daar sal van 'n literatuurstudie gebruik gemaak word om krities-evaluerend te werk te gaan. Eerstens sal daar op globale tendense gefokus word en dan gevra word wat die implikasie daarvan op die toekoms is. Dit sal toegepas word op die praktyk van 'n spesifieke geloofskonteks van die Afrikaner. Daarna sal evaluering gedoen word. Metodologies sal sekere vakteoretiese begrippe eers verklaar en ondersoek word wat as kriteria geneem kan word.

'n Deduktiewe proses sal gevolg word, na aanleiding van 'n deskriptiewe metode.

Daar sal van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak word in hierdie navorsing, omdat daar genoeg bronne beskikbaar is vir die studie. 'n Kwantitatiewe ondersoek blyk nie nodig te wees om die hipotese te verifieer nie.

Deurdat hierdie studie vanuit Geesteswetenskappe onderneem word sal daar as invalshoek toekomstudies geneem word. 'n Vakteoretiese raamwerk van die wetenskap van Toekomskunde sal aangebied word en daar sal na paradigmas gekyk en die bestuur van verandering sal belig word.

In die hoofstukke wat volg sal die sosiologiese en godsdienswetenskaplike perspektiewe verder ondersoek word, wat dit gevolglik 'n sterk en opwindende interdisiplinêre glans gee.

Bogenoemde sal toegepas word binne die leefwêreld van die Afrikaner. Die fokus word dan afgespits op Afrikaners wat tradisioneel kom uit die Afrikaner hoofstroomkerke.

### 1.2.5 Voorgestelde bydrae

Hierdie studie is uiters relevant. Aangesien daar deurlopend paradigmaskuiwe in die samelewing plaasvind, weet baie min mense wat die uitkomst daarvan gaan wees. Hierdie studie lewer 'n prinsipiële bydrae deur fundamentele navorsing, aangaande redes hoe sosiologiese aspekte die geloof gaan beïnvloed. Met hierdie voorgestelde wetenskaplike navorsing, sal en moet Christelike-groepe aanpassing betyds kan maak. Sodoende kan hulle hulleself beter posisioneer ten opsigte van die eise van die een-en-twintigste eeu. Dit kan ook 'n bydrae lewer aangaande die identiteit van Afrikaner-geloof en watter uitkomst kerkleiers sal verkies om te stimuleer. Die fokus sal eerder daarop gerig wees om Afrikaners gereed te maak vir sosiologiese en godsdienstige veranderinge in hulle leefwêreld, gedurende hulle lewe binne die een-en-twintigste eeu. Verder sal daar ook 'n groter begrip wees vir die leefwêreld en uitdaging waarin Christen-gelowiges hulself bevind. Die datum van 2037 is gekies omdat dit 'n konstruktiewe bydrae kan maak in die 'Sitz im Leben' van die geslag, maar ook op teoretiese gebied 'n raamwerk kan verskaf op die praksis in die volgende 20 jaar. Die terminus ad quem van hierdie studie is 2037 en daar word klem geplaas op die 1970's, as Paradigma I, in hoofstuk 4 en 5 van die navorsing, die Afrikaner binne die hoofstroomkerke toe 'n hoogbloei binne Calvinistiese apartheid ervaar het.

In hierdie studie word baie standpunte gehuldig. Die navorser van hierdie studie besef sy eie subjektiwiteit, sy eie bril, waardeur hy poog om iets van 'n werklikheid vas te pen, hoewel hy deurgaans onder diep oortuiging gekom het dat baie hiervan hom ontglip het. In Bybelse- en Godsdiensstudies kan geen navorsing aanspraak maak op meer as 'n poging om 'n greep of 'n teorie huiwerig saam te stel van 'n tergende, ontwykend-groter, voller werklikheid nie.

Taylor (2007:11) bevestig dit as hy dié standpunt inneem:

“It is this index of doubt, which induces people to speak of ‘theories’ here. Because theories are often hypotheses, held in ultimate uncertainty, pending further evidence.

I hope I have said something to show that we can’t understand them as mere theories, that there is a way in which our whole experience is inflected if we live in one or another spirituality.

But all the same we are aware today that one can live the spiritual life differently; that power, fullness, excite, etc. can take different shapes.”

Daarom word teorie in hierdie navorsing met opregtheid as ’n subjektiewe poging tot ’n bydrae gestel. Vanuit hierdie bydrae word ’n totale nuwe vorm aangeneem.

Deurdadig beteken dit duidelik deur die prinsipiële begroning uitgelig sal word, sal die drie Afrikaner hoofstroomkerke en ander hoofstroomkerke in Suid-Afrika baat daarby kan vind. Daar is ook geen so ’n studie op die vasteland van Afrika onderneem nie. Gevolglik is hierdie die eerste wetenskaplike studie oor die toekoms wat beslis op Suid-Afrika en Afrika positief sy merk gaan maak en so ’n unieke bydrae lewer.

## HOOFSTUK 2:

	<i>Bladsy</i>
<b>‘N BLIK OP DIE RESENTE SAMELEWING</b>	<b>23 - 41</b>
2.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing	24
2.1.1 Stereotipering	25
2.2 Die rol van godsdiens in die samelewing	28
2.3 ‘n Historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse samelewing	29
2.3.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing tot 1948	29
2.3.2 Die tydperk 1948 tot 1994	32
2.3.3 Die tydperk 1994 tot vandag	36

## HOOFSTUK 2:

### 'N BLIK OP DIE RESENTE SAMELEWING

#### 2.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing

Miskien is die woorde van die eertydse Staatspresident, Nelson Mandela, die sleutel om die Suid-Afrikaanse samelewing te beskryf. Hy het dit as 'n 'reënboognasie' beskryf. Daarin verwys hy na die verskeidenheid wat uiteindelik 'n onbeperkte veelkleurige geheel vorm. Die beskrywing staan in direkte kontras met die denke in die ou Suid-Afrika wat kleure in blokkies geplaas het en ook 'n waarde aan blokkies geheg het.

Blankes Kleurlinge en Indiërs Swart mense
---

Vanuit die rasse-stratifikasie perspektief was daardie kleure in die samelewing duidelik geformuleer: Die wittes 'bo', gekleurdes in die middel en die swart mense 'onder'. Vanuit 'n geslagstratifikasie perspektief, was mans 'bo' en vrouens 'onder'. As ons hierdie twee perspektiewe toepas op die Suid-Afrikaanse samelewing, was blanke mans 'heelbo' en gevolglik swart vroue 'heel onder'. President Nelson Mandela het met sy reënboognasieperspektief (soos eerste beskryf deur Aartbiskop Desmond Tutu) gepleit dat kulture nie gestratifiseer word nie, maar langs mekaar as gelykes geplaas word: as Suid-Afrikanners, nie Blankes, Kleurlinge en Indiërs nie, waar een nie bo die ander geplaas word. Die term 'reënboognasie' was bedoel om die eenheid en integrasie van multi-kulturele en diversifiteit van rasse-groepe saam te voeg in 'n land eens gekenmerk deur 'swart en wit' in die apartheidsera.

Abrahamson (1976:3-4) skryf oor sosiale stratifikasie die volgende:

"The differential distribution of highly valued goods and social capacities and opportunities is everywhere associated with hierarchies of individuals and groups that sociologists call strata. These strata are more or less organized in systems of social stratification that order relationships between members of various groups as they interact in a variety of social contexts. Associated with a given system of social stratification is a set of



implicit or explicit values that legitimate the persistent inequalities of scarce goods and opportunities. These values play an important role in the placing of individuals and groups in relatively high or low positions and in the judgements that are made regarding the performance of those who possess differential quantities of the criteria that determine placement.”

Dit impliseer dat daar in ’n samelewing ’n bepaalde sosiale rangorde van bo na onder ontstaan. Dit is duidelik dat daar reeds voor 1948 so ’n sosiale stratifikasie ontstaan het. Apartheid het die samelewingsposisie net verder versterk.

Apartheid het egter ’n samelewing geskep vanuit ’n bepaalde ideologiese raamwerk. Dit het Abrahamson se bogenoemde refleksie in ’n bepaalde model van strata in sement laat giet. Gerugsteun deur al die apartheidswetgewing was daar geen mobiliteit in hierdie samelewing nie. Daardeur is die ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing vasgevang en op ’n spesifieke manier uitgebou.

Die vraag wat ontstaan, is: Wat is die determinante wat sosiale stratifikasie in ’n samelewing aktiveer? Dit is veral Karl Marx en Max Weber wat primêre stratifikasiesisteme ondersoek het. Marx reken dat sosiale stratifikasie direk gekoppel is aan die klassestryd tussen besitters en besitloses. Max Weber onderskei tussen drie breë dimensies of hiërargiese sisteme van stratifikasie. Volgens Weber vind daar ekonomiese, sosiale en wetlik-politieke fasette plaas wat die samelewing stratifiseer. Dit impliseer drie hoofstratifikasiestrukture: klas, status en mag. Weber koppel klas aan die ekonomiese aspek, status word as ’n uitdrukking van sosiale eer en ’prestige’ beskou terwyl mag aan ’n persoon se politieke bedingingsposisie gekoppel word (Rhodie 1977:29).

Volgens Berreman (1973:38) is mag die grootste faktor wat ’n stratifikasiesisteem struktureer en in stand hou. Die groep wat gesagsinstellings in die dominante strata beheer neig om ’n gevestigde belang te hê in die instandhouding van hul hiërargiese magstruktuur. Sodoende word hul bevoorregte posisies in die geleentheid- en beloningsisteem verskans. Sosiale stratifikasie en magsuitoefening is ’n sisteem waardeur die bevoorregte strata die status quo handhaaf en hierdie voorregte beheer tot hul voordeel ten koste van diegene wat uitgesluit is.

### 2.1.1 Stereotipering

Volgens Rhodie (1977:67,83-84) is stereotipering die proses waardeur een sosiale groep sekere etikette van vooroordeel, geringskating, eensydige beklemtoning van negatiewe eienskappe aan 'n ander sosiale groep toedig. Stereotipering is onakkurate en oorvereenvoudigde veralgemenings van 'n subjektiewe en negatiewe aard. 'n Voorbeeld van stereotipering is om binne die bogenoemde aspek 'n opmerking te maak dat 'n persoon lui of skelm is, sonder dat die subjektiewe aanname in die praktyk getoets is.

Die vraag ontstaan egter: Wat is 'n samelewing? Hoewel ons dit kortliks evalueer bly ons fokus op die samelewing waarin Afrikaners leef en aan hoofstroomkerke behoort.

Eerstens kan genoem word dat 'n samelewing dinamies van aard is, met ander woorde, dit is nie staties nie. Die samelewing is deurlopende besig om te verander en skuiwe vind deurlopend daarin plaas. Hierdie skuiwe kan soms radikaal wees. Dit staan bekend as paradigmaskuiwe. (Dit word in die volgende hoofstuk omskryf en word onder die soeklig geplaas).

Volgens Heyns (1986:28) is 'n samelewing nie 'n ongestruktureerde, amorge versameling mense wat na willekeur en lukraak sonder patroon saamgevoeg is nie. Heyns beskou dit baie sterk vanuit die sisteembenaderingsperspektief. Dit is 'n groot organisme wat uit lewende, maar ook van mekaar afhanklike, groeiende mense-selle bestaan.

Die sisteembenadering word ook in die volgende hoofstuk omskryf. Kayser (1980:146) sluit hierby aan deur 'n samelewing te beskryf as die produk van 'n lang sosiale proses. Dit bereik nie 'n eindpunt nie omdat dit steeds progressiewe ontwikkeling ondervind. Daarom is die menslike samelewing nie 'n statiese gegewe nie, maar 'n lewende organisme. Die samelewing bestaan ook uit individue wat voortdurend na verandering en vernuwing strewe.

Linde (1977:450) meen dat in die moderne samelewing dit uiters moeilik is om die delikate balans te vind tussen vryheid en verantwoordelikheid omdat daar dikwels interne skeuring en eksterne aandrang op verandering is. Die vraag ontstaan of 'n mens moet stry vir 'n beter samelewing of 'n mens eerder die verbrokkelde magte van verandering moet beveg.

George Weigel (1999:30) is van mening dat vrye samelewing nie maar net van politieke en ekonomiese strukture afhang nie:

“The free society is an ongoing experiment in a people’s capacity for self-governance. The health of the free society and its political and economic institutions is dependent on the vitality of its public moral culture.”

Dit moes beslis beoordeel word aan Berger (1990:31) wat meen dat mense ’n samelewing vorm, maar dat ’n samelewing ook mense vorm.

Volgens Pous Johannes Paulus II bestaan ’n vrye samelewing uit drie komponente:

- ’n Demokratiese regering;
- ’n Vry ekonomiese stelsel; en
- ’n Energieke morele kultuur.

Hoe meer robuus die morele kultuur in die samelewing is, hoe meer sal die vryheid in die samelewing gestalte vind (Weigel 1999:31).

Volgens Emile Durkheim kan die utopie wat Karl Marx voorstel deur ’n kommunistiese stelsel nie werk nie, as gevolg van die egoïsme van individue in elke samelewing (Giddens 1972:161). Hiervolgens is dit nie die ekonomiese stelsel wat die waghond in die samelewing is nie, maar religie. Volgens Durkheim (1938:13) het religie die funksie in ’n samelewing om die kollektiewe gewete te wees. Durkheim noem dit ’n sosiale feit dat gevolglike eksterne dwang op individue in ’n samelewing uitgeoefen word. Durkheim meen dat die individu deur geboorte en opvoeding gevorm word in die samelewing. Hiervolgens is alle sosiale-kulturele vorme van die mens, wat ook sy religie insluit, die produk van die samelewing. Die individu dink en voel hiervolgens meegesleur deur die openbare strominge van die samelewing.

“A social fact is every way of acting, fixed or not, capable of exercising on the individual an external constraint...” (Durkheim 1938:13).

Dit was vanuit hierdie samelewing waaruit keuses gemaak moes word om apartheid in 1994 te transformeer. Keuses moes gemaak word om Suid-Afrika ’n paradigmaskuif te laat ondergaan. Paradigmas word in hoofstuk 3 van hierdie navorsing volledig beskryf. Hierdie keuses word verdiskonteer in die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996. Die keuse is gemaak om die stelsel van apartheid te vervang met die van ’n liberale demokrasie. As kern van ’n liberale demokrasie is ’n keuse gemaak vir die oppergesag van die reg soos vergestalt in die totstandkoming van die Konstitusionele Hof.

Durkheim het gevolglik die verhouding, godsdiens:samelewing, aan die orde gestel.

## 2.2 Die rol van godsdiens in die samelewing

Cipriani het fundamentele historiese navorsing gedoen om godsdiens in die samelewing chronologies uit te lê na aanleiding van elke teorievormer deur die geskiedenis. Hy merk op dat

“...religion and society seem to overlap, to be interwoven in an inextricable way. The social reality is religious; the religious condition is social – their legitimation is reciprocal” (Cipriani 1997:67).

Durkheim sluit hierby aan:

“The relationship between society and religion recalls the analogous one between the individual and society. Man is double. In him are two beings: an individual being that has its basis in the body and whose sphere of action is strictly limited by the fact, and a social being that represents within us the highest reality in the intellectual and moral realm that is knowable through observation: I mean society” (Durkheim 1912:15-16).

Hierdie beginsel moes in die grondwet van Suid-Afrika neerslag vind. Hierin moes ’n balans gevind word tussen individuele regte en regte wat nodig is om ’n samelewing funksioneel te laat opereer.

Max Weber het, in teenstelling met Karl Marx, wat meen dat ekonomiese kragte die samelewing domineer, die siening gehuldig dat die samelewing in relasie staan tot ekonomiese, politieke en godsdienstige invloede. Max Weber skryf sy befaamde boek: ‘Die Protestantische Ethik und der Geist des Kapitalismus’ (Die Protestantse etiek en die gees van Kapitalisme). Hy vra die vraag of daar enige verband bestaan tussen die Calvinistiese lewenshouding en die ekonomiese rasionalisme wat in die Europese samelewings tot moderne Kapitalisme ontwikkel het (Weber [1904-1905] 2002:21).

Weber beskou Kapitalisme en sosialisme as ’n inspirasie van ’n meer fundamentele krag in Westerse samelewings wat hy rasionalisasie noem. Hiervolgens word sosiale waardes wat in primêre kommunale en tradisionele

vorms voorgekom het, getransformeer tot onpersoonlike en burokratiese vorms van die moderne lewe (Linde 1977:366).

Die perspektiewe van Emile Durkheim en Max Weber word verder onder die soeklig geplaas in hoofstuk 4 van hierdie navorsing wanneer daar gefokus word op die sosiologiese interpretasie. Ons gaan vervolgens fokus op die Suid-Afrikaanse samelewing. Heyns (1986:89) het reeds in 1986 die volgende tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing opgemerk:

- toenemende ongelooft
- toenemende gespanne interpersoonlike verhouding
- toenemende vervreemding van mekaar en vyandigheid teenoor mekaar
- groter wordende magskonsentrasie
- gevaarlike goedere-ophoping.

Die vraag ontstaan of daar 'n afname of 'n toename in bogenoemde vyf aspekte te bespeur is as ons dertig jaar later op die Suid-Afrikaanse samelewing fokus?

## 2.3 'n Historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse samelewing

Suid-Afrika en sy inwoners het 'n dinamiese geskiedenis. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word daar gefokus op drie tydperke:

- tot 1948,
- 1948 tot 1994, en
- 1994 tot vandag

Dit is juis in hierdie dinamiese geskiedenis wat Afrikaner hoofstroomkerke 'n voetholte probeer vind het.

### 2.3.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing tot 1948

'n Historiese oorsig en die invloede van Afrikaners en die invloede op Afrikaners word in hoofstuk 4 van die navorsing van naderby bekyk.

Die vroegste geskiedenis neem ons terug na die San wat as jagters en versamelaars 'n swerwersbestaan gevoer het. Die Khoi-Khoi en swart mense het reeds voor die koms van die blankes in 1652 hulle in Suid-Afrika kom vestig. Die interaksie tussen die swart mense en die San was gespanne omdat daar 'n stryd ontstaan het oor jag- en weivelde, vee en landbougrond. By tye het hulle ook vreedsaam handel gedryf (Van Jaarsveld 1976:22). Die vraag wat ontstaan is hoe Suid-Afrika vandag sonder koloniale inmenging sou gelyk het?

Die vestiging van die blankes in Suid-Afrika het 'n era van Westerse invloed asook Calvinisme aan die suidpunt van Afrika ingelei. Die Kaap was onder Nederlandse invloed vanaf 1652. Die Calvinisme het nie net Christenskap na Suid-Afrika gebring nie, maar 'n spesifieke aksent daarvan. Dit het onder Kuyperiaanse invloed uiteindelik uitgeloop op apartheid. Soos beskryf deur De Vries (2012:79) tydens sy besoek aan die Apartheidsmuseum. Daar is 'n foto van die Nederlandse politikus en teoloog, Abraham Kuyper (1837-1920), met die byskrif: "Some historians believe Kuyper's notion was the core idea of apartheid" (De Vries 2012:79).

Die vraag wat ontstaan is, hoe sou Suid-Afrika vandag gelyk het as Vasco de Gama 'n Portugese kolonie in Suid-Afrika begin het met 'n Rooms-Katolieke aksent op Christenskap?

Daar was egter ook ander Europese onder andere invloede uit Frankryk (Franse Hugenote 1688), Duitsland en Europese Sendinggenootskappe. Vanaf 1806 het Groot Brittanje beheer oor die Kaap oorgeneem en het 'n beduidende getal Engelssprekende koloniste hulle aan die Kaap kom vestig. In 1820 het Britse Setlaars gearriveer en Lord Charles Somerset se verengelsingsbeleid het Skotse predikante en Engelse onderwysers Kaap toe gebring. Tot 1834 het verskeie slawe uit die Verre Ooste onder leiding van die Nederlandse-bewind na die Kaap gekom. Slawe is in 1834 vrygestel. Die Britse Imperialisme het dikwels kultuurspanning teweeggebring en het ook aanleiding gegee tot die Groot Trek vanaf 1836 (Van Jaarsveld 1976:87). Die invloed van die Engelse op die Suid-Afrikaanse samelewing was enorm. Groot Brittanje was die groot internasionale moondeheid van die negentiende eeu. Die manier waarop hulle in die Suid-Afrikaanse konteks geopereer het was met mag en selfvertroue. Hulle het hulself ook as superieur beskou en daarvandaan is die Engelse kultuur oorgedra aan die Kaap met dominansie.

Afrikanernasionalisme het in die tweede helfte van die negentiende eeu sterk opgevlam. Volgens De Vries (2012:4) het Hendrik Biebouw reeds in 1707 homself in Stellenbosch 'een Africaander' genoem.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1859 met 300 lidmate in Rustenburg tot stand gekom en afgeskei van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal. Vreemde liedere en die inmenging deur die staat was die hoofrede vir die stigting van 'n nuwe kerk. 'n Latere president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger, was 'n stigterslid. Ds. Dirk Postma, 'n besoekende predikant uit Nederland het die eerste predikant van die GKSA geword. Vinnig

het daar nog ses gemeentes in Transvaal, twee in die Vrystaat en drie gemeentes in die Noordoos Kaap by die GKSA aangesluit. Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het uit die GKSA se teologiese skool ontstaan (GKSA n.d.). Die GKSA bestaan sedert 1859, en:

- Daar is tans 389 gemeentes en 265 predikante
- RSA, Namibië, Zimbabwe, Zambië
- 15 tale
- 1869 Teologiese skool Burgersdorp
- 1905 Potchefstroom
- Wye ekumeniese bande

Volgens die GKSA se webblad (GKSA n.d.) het die kerk tot stand gekom toe vreemde liedere in die Kaapse Kerk gesing is en die Voortrekkers asook mense in die Noordoos Kaap daarteen in opstand gekom het.

“In God’s huis, God’s lied.”

Onafhanklike Boererepublieke het in die binneland ontstaan en in twee Vryheidsoorloë gebots met Britse Imperialisme, veral na aanleiding van die ontdekking van goud en diamante in die binneland. Teen 1902 was die hele Suid-Afrika weer onder Britse bewind. Die geskiedenis van die Afrikaner het met groot onsekerheid gepaard gegaan. Afrikaners het die Groot Trek onderneem in reaksie teenoor Engelse dominansie. Alhoewel Afrikaners sterk Hollandse wortels gehad het, dit vervaag en groot onsekerheid het by Afrikaners ontstaan na hul verliese gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.

’n Nasionale Konvensie is van 1908–1910 gehou en die Unie van Suid-Afrika het tot stand gekom. Afrikanernasionalisme het weer opgevlam met die stigting van die Nasionale Party in 1912 en die Rebelle in 1914 nadat die regering in Suid-Afrika tot Wêreldoorlog I toetree het (Van der Watt 1987:80). Afrikanernasionalisme het aanleiding gegee tot die insluiting van Afrikaans as tweede amptelike taal naas Engels in 1925. Die bydrae van C.J. Langenhoven om Afrikaans as taal te vestig moet nie gering geag word nie. Langenhoven het baanbrekers werk vir Afrikaans as taal gedoen. Blanke vroue kry stemreg in 1928. Die wêrelddepressie van 1929 en die groot droogte van 1933 het aanleiding gegee tot die armblankevraagstuk in 1934 (Van der Watt 1987:76). Mense het na stede gestroom vanaf hul plase. Groot verdeeldheid het ontstaan binne die Unie van Suid-Afrika wat Engeland amptelik ondersteun het tydens die Tweede Wêreldoorlog. Sommige Afrikaners (die Ossewabrandwag) het Duitsland ondersteun. Die hele wêreld het anders gelyk na die Tweede Wêreldoorlog. Europa was platgeslaan. Die VSA het hierna hulleself as internasionale moondheid gevestig. Rusland het ’n groot invloed op wêreldsake

uitgeoefen. Die dekolonisasie van lande uit die Derde wêreld het plaasgevind, wat Suid-Afrika vorentoe radikaal beïnvloed het.

Die genoemde sake het 'n opbloeï veroorsaak in Afrikanernasionalisme en teen 1948 het die Nasionale Party die regeringsbewind by Generaal Smuts en die Verenigde Party oorgeneem.

### 2.3.2 Die tydperk 1948 tot 1994

Hierdie tydperk staan in die Suid-Afrikaanse samelewing bekend as die Apartheidsjare. Die Nasionale Party het dadelik na 1948 begin om Afrikaners te bevoordeel en ons het gesien dat daar 'n uittog van Engelssprekendes uit die staatsdiens was. Die nuwe regering het ook statutêre prosesse in plek gestel om swart mense beter te reguleer. Enkele voorbeelde kan genoem word:

- Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950 en ander toepaslike wette. Hiervolgens is die Suid-Afrikaanse samelewing verdeel in blank, kleurling en swart. Indiërs is teen 1967 as 'n subkategorie van kleurlinge beskou. Swart mense is vanaf 1959 etnies verdeel wat later uitgeloop het op sogenaamde onafhanklike etniese state waaraan hierdie persone se stemreg en lewensbasis gekoppel is. Dit was veral die Eerste Minister, Hendrik Verwoerd, se droom om swart etnisiteit aan tuislande en politieke swart identiteit te koppel. Hy oorleef 'n aanval op sy lewe in 1960, maar word in 1966 in die parlement vermoor.
- Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike 55 van 1949 en Artikel 16 van die Ontug Wet van 1957: Hierdie wetgewing verbied huwelike en seksuele verhoudinge tussen blankes en lede van ander bevolkingsgroepe. Teen 1986 was hierdie wette afgeskaf (RGN ondersoek 1985:51).
- Die Wet op Aanwysings van Afsonderlike Geriewe 49 van 1953: Die fokus van die wet was die afsonderlike gebruik van geriewe vir blankes en nie-blankes. Fasiliteite soos strande, gesondheidsdienste, munisipale- en staatsfasiliteite en openbare vervoer is hierdeur geraak.
- Die Wet op Groepsgebiede 36 van 1966: Hoewel hierdie wet reeds in 1950 geïmplementeer is, dit later uitgebrei. Dit het voorsiening gemaak vir die skepping van aparte groepsgebiede en die beheer, eienaarskap en besetting van vaste eiendom.
- Verskeie ander wette wat die samelewing gereguleer en blankes bo swart mense bevoordeel het, is ingestel.



Volgens Giliomee (2004:507) het die Eerste Minister van Suid-Afrika, John Vorster, en die Afrikaanse skrywer, Breyten Breytenbach, mekaar gehaat omdat daar in elkeen iets van die ander was. Breytenbach het na Suid-Afrika teruggekeer as deel van Atlas Okhela, waarin die gewapende stryd onder leiding van die ANC bevorder is. Breytenbach is gevang en deur regter P.M. Cillie vir nege jaar tronk toe gestuur (Giliomee 2004:522).

Volgens Giliomee (2004:508) is die volgende strofe uit Breytenbach se gedig: 'Brief uit die vreemde', aan 'slagter' opgedra (John Vorster was tussen 1963 tot 1966 Minister van Polisie, Justisie & Gevangenis). Daar het een-en-twintig gevangenis in aanhouding onder die beleid van apartheid gesterf:

“Sê my, slagter, sodat die verloskunde wat jy in naam van my voortbestaan moet pleeg aan my geopenbaar mag word in my taal.”

Volgens Giliomee (2004:522) sterf John Vorster as 'n magtelose figuur na die inligtingskandaal en Breytenbach sou agt jaar tronkstraf uitdien. Indien 'n mens egter vandag die sestigerjare en sewentigerjare van die vorige eeu evalueer kom die volgende na vore.

- Suid-Afrika het hierdie twintig jaar gewy aan 'n ideologie wat op baie min uitgeloop het.
- Die blankes en veral die Afrikaner is bevoordeel ten koste van al die ander mense in Suid-Afrika.
- Miljarde rande is aan 'n weermag en wapenontwikkeling spandeer wat onnodig die land verarm het.
- Die Calvinistiese godsdiens soos uitgedruk deur 'n Nasionaal-Christelike beleid, het 'n samelewing geskep wat Christene beskerm het, maar ook deurlopend gereguleer het.
- Dr. Verwoerd se beleid van tuislande het klaaglik misluk, deurdat geen van die 'nasionale state' internasionaal erken is nie.
- Apartheid het brûe tussen mense afgebreek en 'n rassige Suid-Afrika gebou wat internasionaal al meer onder druk sou kom.
- Die Nasionale Party regering het bondgenote gehad in die drie Afrikaner hoofstroomkerke. Deur hul onderskrywings van apartheid het hulle as godsdienstige basis vir die regering gediens, om apartheid te regverdig.
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie het sterk in die tydperk gegroei. In die tydperk was daar veral 'n sterk mynbedryf in Suid-Afrika.
- Suid-Afrika het Westerse lande in die tydperk as hul hegte bondgenote beskou.

In dié jare het lande in Suid-Afrika gedekoloniseer. Lesotho (1965), Botswana (1966) en Swaziland (1968) het onafhanklikheid verkry, so ook die twee Portugese kolonies in 1974 (Mosambiek) en 1975 (Angola). Dit het egter met vele konflik gepaard gegaan. Suid-Afrika is verskeie kere vir die destabiliteit in die twee lande geblameer.

Rhodesia het in 1965 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring gedoen onder Eerste Minister Ian Smith, maar was in 'n bosoerlog gewikkel wat uitgeloop het op onafhanklikheidswording in 1980. Hoewel die Westerse lande positief was oor die 'Patriotic Front' onder leiding van Robert Mugabe, het die Suid-Afrikaanse regering nie die positiwiteit gedeel nie (Giliomee 2004:527). Volgens Giliomee (2004:528) is die eerste hoogs-verrykte uraan in 1978 vervaardig en in 1979 is die eerste kernbom gebou. Daar is in totaal ses kernbomme gebou.

Die navorser oordeel dat Giliomee (2004:528) korrek is met sy mening dat die Afrikaanse gemeenskap aan die Weste wou wys dat Suid-Afrika oor tegnologie beskik waarop hulle trots kon wees.

Die vraag wat ontstaan is egter of die minister van verdediging nie aan 'n mate van grootheidswaan gelei het nie?

Giliomee (2004:528) evalueer die militêre en tegnologiese situasie as volg:

“Westerse regerings en diplomate was bewus van Suid-Afrika se tegnologiese vermoëns, maar het nie die politieke vernuf en oordeelsvermoë van die maghebbers hooggeskat nie. Aan die ander kant is dit egter ook so dat hulle nooit 'n goeie begrip gehad het van die Afrikaner se kroniese gebrek aan veiligheid deur hulle hele geskiedenis nie.”

Dit reflekteer 'n standpunt waarin Suid-Afrika homself moes bewys en sy regmatige plek in die internasionale gemeenskap moes verdien.

Volgens Giliomee (2004:530) het die Soweto-opstand en die landwye opstande wat daarna gevolg het, as oorsaak gehad het, 'n kombinasie van politieke arrogansie om Afrikaans as voertaal in skole af te dwing en kulturele onsekerheid van jongmense in Soweto. Reeds in 1972 het 'n opname in Soweto getoon dat 98% jongmense nie Afrikaanse onderrig in skole wou hê nie. Volgens dieselfde opname is aangetoon dat jongmense in Soweto, Afrikaners as die wreedste en mees onsimpatieke mense in Suid-Afrika beskou (Giliomee 2004:530). Teen

1975 was dr. Andries Treurnicht, adjunkminister van Bantoe-administrasie en – onwikkeling van mening die regering van die dag het die reg om oor Afrikaans te besluit omdat wit belastingbetalers die skole subsidieer (Giliomee 2004: 531).

Dit is duidelik dat die NP regering geen insig vir die frustrasie en nood van jongmense in Soweto getoon het nie. Alles het juis op 16 Junie 1976 ontplof, terwyl dit in die hart van die winterkoue was. Hector Peterson, ’n dertienjarige wat deur ’n koeël van agter getref is, was die eerste om te sterf (Giliomee 2004:531).

Volgens De Vries (2012:82) het apartheid ’n onmenslike ideologie vir meer as tagtig jaar in stand gehou, waarin ’n swart meerderheid onderdruk is deur wetgewing, godsdiens, werksreservering, angs, geweld en propaganda. Wat duidelik was, is dat die klokke begin lui het vir die laaste stuiptrekkings van apartheid gedurende die tagtigerjare.

### **Die swart reaksie teen apartheid**

Die ‘African National Congress’ (ANC) is reeds in 1912 gestig in reaksie op die uitsluiting van swart mense uit die Nasionale Konvensie, wat van 1908 tot 1910 geduur het. Gevolglik was swart mense uitgesluit uit die staatkundige oplossings met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 (Van der Watt 1987:75). Swart mense het tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë aan die kant van die Geallieerde Magte saam met hul blanke eweknieë geveg. Die ANC het deurlopend die Swart stem verteenwoordig hoewel hulle uitgesluit was van die Suid-Afrikaanse politieke bedeling. Hulle het dit ook tot op daardie stadium deurlopend vreedsaam gedoen. In 1955 is die Kliptown Verklaring uitgereik waarin die ANC aanspraak gemaak het op insluiting op politieke en sosiale gebied in Suid-Afrika (Lombard 1981:184). Nadat daar in 1960 in Sharpville teen die gehate paswette betoog is, het die polisie 69 swart mense doodgeskiet en minstens 180 is beseer (Tolmay 1995:65). In 1963 is ’n komplot teen die Nasionale regering ontbloot by Rivonia, noord van Johannesburg. Dit het gelei tot die skuldigbevinding, vonnis en tronkstraf op Robbeneiland, van Nelson Mandela en sy medebeskuigdes. Nelson Mandela, die leier van die ANC, was vir 27 jaar in aanhouding. Op 16 Junie 1976 het die Soweto opstande die hele Suid-Afrika in beroering gehad. Verskeie skoolkinders is deur die polisie in die opstande doodgeskiet. In 1978 sterf die Swartbewussynsleier, Steve Biko, in polisie-aanhouding. Teen 1984 het landswye betogings en opstande weer plaasgevind en ’n noodtoestand is weereens aangekondig. As gevolg van die apartheidsbeleid is daar vanaf 1985 internasionale sanksies teen Suid-Afrika ingestel.

Allan Boesak het gestudeer aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy is nie toegelaat as kleurlingstudent om 'n doktorsgraad in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch te doen nie, as gevolg van die apartheidswetgewing. Hy het gedoktoereer aan die Universiteit van Kampen. Hy het hom bekwaam in die Calvinistiese swart teologie en het na Suid-Afrika teruggekeer met 'n weersin teen apartheid.

Boesak (1984:71) beskryf 'n visie om apartheid te beëindig as volg:

“It is this vision that inspires the young people in South Africa to face dogs, teargas, detentions without trial and gunfire for the sake of liberation and human fulfilment. In this vision that inspires the oppressed everywhere in the midst of poverty, fear, informers, torture, imprisonment and death. The realization of the vision may seem slow.”

Allan Boesak kyk deur die lens van die swart teologie na apartheid. Soos die wit Calvinistiese godsdienst gebruik is om apartheid te regverdig, praat Boesak uit 'n swart Calvinistiese godsdienstgebruik om 'n visie te stel om apartheid af te breek. Die boek: 'Black and reformal apartheid, liberation and the Calvinist tradition' verskyn in 1984 terwyl Suid-Afrika brand as gevolg van swart opstande. Die driekamer-parlement wat in 1984 geïmplementeer is, het wel Indiërs en Kleurlinge stemreg gegee, maar swartmense uitgesluit.

Staatkundig het daar in 1984 'n verruiming in die politieke bestel plaasgevind deurdat Indiërs en Kleurlinge in 'n Driekamer-parlement ingesluit is. Vanaf 1976 het daar stadigaan 'n proses in Suid-Afrika verloop waartydens apartheidswette uitgefaseer is. Op 2 Februarie 1990 word Nelson Mandela uit die tronk vrygelaat. 'n Konstitusionele transformasieproses is toe deur onderhandelings begin. Suid-Afrika was op pad na 'n Algemene Verkiesing op 27 April 1994 waaraan alle Suid-Afrikaners kon deelneem (Slabbert 2006:32). Dit het 'n einde gebring aan apartheid en Suid-Afrika het na jare van isolasie weer sy plek ingeneem in die internasionale gemeenskap.

### **2.3.3 Die tydperk 1994 tot vandag**

'n Nie-rassige Suid-Afrika was die droom van die nuwe regering onder leiding van die African National Congress (ANC). Hoewel die ANC met 'n oorweldigende meerderheid verkies is, het hulle saam met die vorige regering se Nasionale Party, asook die Inkatha Vryheidsparty in 'n Regering van Nasionale Eenheid regeer. In 1996 het die Nasionale Party aan die Regering van Nasionale Eenheid

onttrek. 'n Nuwe grondwet is in dieselfde jaar aanvaar, asook 'n Handves van Menseregte. Suid-Afrika het gevolglik 'n regering gebaseer op Liberale Demokratiese beginsels verkry. Die basis van hierdie jong liberale demokrasie is geanker in die beginsels van Vryheid, Gelykheid en Menswaardigheid. Grondwetlik is die beginsels van "The rule of law" die dryfveer (Slabbert 2006:143). Dit impliseer dat Suid-Afrika 'n onafhanklike regbank het wat vry van politieke inmenging funksioneer.

Nelson Mandela is verkies tot eerste President tussen 1994 tot 1999. Thabo Mbeki het hom opgevolg van 1999 tot 2008 en is in 2009 in die interim vervang deur Kgalema Motlanthe. Jacob Zuma is vanaf 2009 tot hede die president. Die ANC regeer tans 22 jaar. Sedert 1994 het ons waargeneem dat elke aspek van die ou paradigma uitgefaseer is. Waar blankes tot 1994 bevoordeel is, is dit veral swart mense wat oor die afgelope twee-en-twintig jaar bevoordeel is. Nuwe wetgewing om swart mense deel van die ekonomie te maak, is in die vorm van 'Broad Based Black Economic Empowerment' (BBBEE) geïmplementeer. Die doel van BBBEE was om swart mense groter toegang tot posisies op alle vlakke van die samelewing te gee. Die hoofdoel is om die blanke bevoordeling van apartheid tussen 1948 tot 1994 te balanseer. In die proses kry verarmde swart mense ook deel aan die middelklas. Volgens Carin Smith (<http://www.Fin24.co.za/>) is 45% van alle dollar-miljoenêrs (persone met 'n netto-waarde van meer as R14,5 miljoen) reeds nie-blank. Teen 2030 behoort die syfer van 45% tot 80% te styg.

Fred de Vries het Afrikaners beskryf as boerse rassiste toe hy in 1992 in Suid-Afrika aankom, maar is teen 2012 van mening dat meeste Suid-Afrikaners warm, gasvry, uiteenlopend, onvoorspelbaar, halsstarrig en innemend is (De Vries 2012:2,5).

Die Afrikaners is Europese kinders van Afrika wat deur die eeue heen 'n eie geskiedenis, taal, kultuur en fisieke kenmerke ontwikkel het (De Vries 2012:4). Die vraag wat De Vries (2012:5) aanspreek oor die Afrikaner in 'n postapartheidsera in Suid-Afrika, is wat met 'n volk gebeur wat met 'n klein minderheid 'n hele land beheer het, en dan meteens alle politieke mag verloor deur dit aan die voormalige vyand oor te dra. Hoe handhaaf die Afrikaners hulle in 'n land waarin die bloed gereeld gevloei het sedert 1652, waar konflikte oor grond, diamante en goud voorgekom het en steeds voorkom; waar die skuld as gevolg van apartheid verdiskonteer moet word.

Op 2 Februarie 1990 het president F.W. de Klerk redelik onverwags aangekondig dat apartheid afgeskaf gaan word. Nelson Mandela is na 27 jaar in

gevangenskap vrygelaat en die ANC en ander verbode politieke organisasies is ontban (Die Vries 2012:7). Vir baie Afrikaners was die gebeure 'n geweldige skok en het dit die einde beteken van 'n lewe tot 1990 wat oorbekend aan Afrikaners was. Baie Afrikaners het hulself vir etlike jare in 'n skoktoestand bevind. Selfs die drie Afrikaner hoofstroomkerke was verstar in 1990 in die nuwe Suid-Afrika en moes hul lidmate help om die trauma en verlies te verwerk.

Volgens De Vries (2012:8) was die reaksies van Afrikaners op die onsekerhede na 1994, dat honderde duisende Afrikaners verhuis het na Australië, Nieu-Seeland, Engeland, Kanada, die VSA en ander lande. Tog het miljoene Afrikaners volgens De Vries (2012:8) agtergebly in 'n Suid-Afrika wat hy beskryf as eers verward, veral nadat die drie pilare wat apartheid ondersteun geskud het, naamlik die Nasionale Party het ontbind, die Afrikaner Broederbond het sy invloed verloor en die drie Afrikaner hoofstroomkerke se invloed het afgeneem en hulle het lidmate begin verloor.

Ongeveer 800,000 blanke burgers het Suid-Afrika sedert 1994 verlaat (The Economist, 25 September 2008). Suid-Afrika sukkel met HIV VIGS met 5,6 miljoen Suid-Afrikaners wat die gevreesde siekte onder lede het. Net in 2011, is 270,000 mense oorlede aan VIGS-verwante siektes (Aids foundation of South Africa 2014-2015:27). Daar is ongeveer 5 miljoen persone uit die res van Afrika wat tans in Suid-Afrika woon. Dit het aanleiding gegee tot Xenofobiese aanvalle in 2008 en 2015. Hoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie na 1994 deur positiewe groei gekenmerk is, het die ekonomie tans baie van sy stukrag en momentum verloor. Die droogte en optrede, deur die president van Suid-Afrika, mnr. Jacob Zuma, word as hoofredes aangevoer.

Van Zyl Slabbert het self 'n groot bydrae gelewer in Suid-Afrika. Hy was parlamentslid vanaf 1974 tot 1986 en het deurlopend geveg vir menseregte. Hy het bedank as leier van die amptelike opposisie in 1986 en buite-parlementêr groot werk gedoen (Slabbert 2006:50). Van Zyl Slabbert se werk agter die skerms om 'n vreedsame oorgang in 1994 te bewerk, asook 'n liberale demokrasie in Suid-Afrika te vestig, was uitstaande.

Van die uitdagings in Suid-Afrika is persone wat in leierskapposisie geplaas word, sonder behoorlike ondervinding. Die president stel ook dikwels persone in sleutelposisies aan wat lojaal aan hom is, eerder as die beste beskikbare persoon. Sodoende word mag in die president gesentraliseer. Daar was by president Thabo Mbeki 'n spanningslyn om meer te fokus op buitelandse sake as binnelandse krisis. Slabbert (2006:146) bring kritiek in teen direkte en indirekte korrupsie wat plaasvind in Suid-Afrika. Slabbert sou na alle

waarskynlikheid meer heftig vandag in sy kritiek gewees het. Die vlakke van korrupsie blyk tans meer te wees onder die Zuma regering as onder die Mbeki regering. Al die aspekte wat Slabbert as negatief belig blyk ook dat dit tans vergroot het.

Slabbert (2006:142) wys daarop dat die perspektief wat gereflekteer word oor die nuwe Suid-Afrika afhang of 'n persoon op die positiewe of die negatiewe wil fokus. Volgens Slabbert (2006:143) is een van die beste sleutels dat ons vanaf 1996 'n klassieke liberale demokrasie in Suid-Afrika het. Daar is genoeg kontrole-meganismes in werking om ekstreme magsmisbruik te voorkom. Die daarstelling van 'n Grondves, 'n Handves van Menseregte en 'n Konstitusionele Hof maak 'n daadwerklike verskil. 'n Verdere voordeel wat in Suid-Afrika bestaan, is 'n energieke burgerlike samelewing. Dit sluit in aksiegroepe en welsyns-organisasies, sportklubs, vroue- en jeugorganisasies en vakbonde. Die redelik stabiele ekonomie help ook baie om Suid-Afrika ankers te verleen (Slabbert 2006:143).

Eloff (2016:43) is van mening dat die meeste Suid-Afrikaners die Grondwet wil eerbiedig en uitleef en hoë ideale vir hul kinders koester.

Tog meen die navorser dat daar 'n baie groot gaping is tussen die motief wat Eloff stel en die praktyk. Eloff (2016:170) blameer die staat in Suid-Afrika dat die Gini-koëffisiënt (dit wat die samelewing se ongelykheidsindeks meet), van die hoogste in die wêreld is. Volgens hom is wydverspreide korrupsie, misdaad, mense uit Afrikalande wat Suid-Afrika binnestroom en swak dienslewering die kernoorsake daarvoor. Nog 'n drywer wat ongelykheid in die Suid-Afrikaanse samelewing aanhelp, is die groeiende armoede-vraagstuk. Tussen sestien en agtien miljoen Suid-Afrikaners ontvang maatskaplike toelaes van die staat en soek in baie gevalle nie verder werk nie (Eloff 2016:476).

Die armoede in Suid-Afrika is egter aan die afneem. Dit het gedaal van 42,2% in 2006 na 32,9% in 2011 volgens Statistiek Suid-Afrika.

Die Afrikaner het sy interpretasie van Calvinistiese godsdiens gebruik as funderingsgrond om 'n reg te verkry om Suid-Afrika te oorheers en 'n apartheidsamelewing te orden (Nicol 2000:5). Godsdiens was 'n sterk pilaar in die Suid-Afrikaanse samelewing om kerke, skole, universiteite, familielewe en regerings op verskillende vlakke te anker.

Die hele samelewingsorde is vanaf 1994 omgekeer. Die apartheidstel wat deur Calvinistiese godsdiens gesanksioneer is, het in diskrediet verval. Nuwe strukture het ontstaan wat die godsdienspilare, wat voor 1994 bestaan het, nie meer nodig het nie (Nicol 2000:5).

Volgens Van Helden (2016:6), 'n teoloog uit die GKSA, is dieselfde tendens waargeneem by die NHKA en die NG Kerk. Die tendens sal verleng word oor die volgende dekade. Dit kan aanleiding gee dat die drie Afrikaner hoofstroomkerke al hoe meer saam sal werk.

Dit is duidelik dat Van Helden net tegniese veranderinge voorstel om die dalende getalle in die drie Afrikaner hoofstroomkerke teen te werk. Sy stel nie 'n meer radikale aanpasbare verandering voor nie. Aanpasbare verandering as teenvoeter vir inploffing van lidmaattalle word in hoofstuk ses van hierdie navorsing breedvoerig bespreek.

Die Suid-Afrikaanse bevolking was in 2015 54,6 miljoen (Department of Statistics 2015):

Die swart bevolking	44,228,000 – 80,5 %
Die wit bevolking	4,534,000 – 8,3 %
Die bruin bevolking	4,832,900 – 8,8 %

Volgens Van Helden (2016:6) neem die lidmaattal van die GKSA konstant af oor die laaste tien jaar. Die verdwynende lidmate veroorsaak 'n inploffing in getalle.

In Suid-Afrika beskou 87% van die bevolking hulleself as Christene. Die Protestantse komponent hiervan word op 84% gereken (Schoeman 2014:2). Die Afrikaner hoofstroomkerke het in 1911 33% van die Suid-Afrikaanse bevolking ingesluit. Die getal het afgeneem tot 16% in 1991. Die NHKA het 60,000 lidmate tussen die jare 2000 tot 2010 verloor en die GKSA het tussen 1990 tot 2010 30% lidmate verloor (Schoeman 2014:4).

Holborn & Eddy (Maart 2011) reflekteer die volgende 'feite wat skok oor die Suid-Afrikaanse samelewing':

In terme van versoening het die Waarheids-en-Versoeningskommissie volgens Wet 34 van 1995 van die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoeningwet tot stand gekom. Meer as 1,000 onderhoude is in die volgende drie jaar met slagoffers gevoer. Die ideaal van oud-President Nelson Mandela van 'n reënboognasie het begin vorm aanneem in 'n samelewing wat erg verdeeld was na die jare van apartheid.



Dit is duidelik dat Afrikaner hoofstroomkerke van die begin af ingebed was in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die Afrikaner hoofstroomkerke het beslis deur Kuyperiaanse Calvinisme die apartheidsamelewing gevorm. Vanaf 1994 het ons waargeneem hoe Berger se teorie in die praktyk werk, en het 'n dinamiese liberale demokrasie ook die Afrikaner hoofstroomkerke gevorm. Nou ontstaan die vraag oor 'n toekoms in Suid-Afrika.

## HOOFSTUK 3:

### DIE WETENSKAP VAN DIE TOEKOMS

*Bladsy*

**42 - 58**

3.1	Die paradigmas	44
3.1.1	Wat is 'n paradigma?	44
3.1.2	Wie verander paradigmas?	46
3.2	Die toekoms	48
3.3	Scenario-gebruik in die wetenskap van die toekoms	51
3.4	Troefkaarte	53
3.5	Skandering van die toekoms	53
3.6	Die sisteembenadering	54

## HOOFSTUK 3:

### DIE WETENSKAP VAN DIE TOEKOMS

Dit is duidelik dat daar verskeie sake aangedui is in hoofstuk 2 wat die samelewing beïnvloed.

Die wêreld waarin ons leef het kleiner geword en globalisering het deel van ons lewe geword. Verder is dit duidelik dat 'n klomp van hierdie sake in Suid-Afrika op ons impak maak. Die regeringsverandering in 1994 het 'n oorgang geaktiveer van die ou Suid-Afrika wat deur Calvinistiese apartheid gefunksioneer het, na 'n liberale demokrasie in die nuwe Suid-Afrika. Die fokus van die navorsing is hoe hierdie verandering geïmpakteer het op Afrikaner hoofstroomkerke. Hoe het dit die spiritualiteit beïnvloed. Deur 'n duidelike omskrywing van die toekoms te verkry, kan ons help om die werking van Afrikaner-spiritualiteit in die toekoms, te evalueer in hoofstuk 6. Dit het die sosiologiese en spirituele aspekte in 'n stroomversnelling geplaas en radikale paradigmasveranderinge teweeggebring.

In hierdie hoofstuk gaan die fokus geplaas word op 'n prinsipiële begroning om die hipotese wat in hoofstuk 1 gestel is, te evalueer. Hierdie hoofstuk dien dan as die basis om op prinsipiële gebied, die hipotese teen die einde van die navorsing te kan verifieer.

Die volgende fokusse word belig. Hier word in die navorsing verwys na paradigmas. Vrae wat gevra gaan word, is:

- Wat is 'n paradigma?
- Wat laat paradigmas verander?

Die volgende aspek wat ondersoek gaan word, is Toekomsstudies. Daar word in die hipotese verwys na die invloed op die een-en-twintigste eeu. Die vraag hier is:

- Wat sal die prinsipiële begroning wees vir aannames in die een-en-twintigste eeu?

Gevolgtrek sal gekyk moet word na die volgende aspekte:

- Wat is Toekomsstudies?

Watter wetenskaplike metodes kan aangewend word om die een-en-twintigste eeu te beoordeel?

Watter metode of metodes sal funksioneel wees vir die beoordeling van hierdie studie?

Watter uitkomst sal voldoende wees om die prinsipiële begroning te verifieer?

Daarna sal die sisteembenadering prinsipiëel begrond word. Daar sal aandag gegee word aan die volgende aspekte:

Hoofstuk ses neem die prinsipiële begroning na die praktyk. Watter sosiologiese en godsdiensmodelle bestaan daar wat relevant is vir hierdie studie?

Watter van hierdie modelle het waarde binne die Suid-Afrikaanse konteks en waarom?

### 3.1 Die paradigmas

#### 3.1.1 Wat is 'n Paradigma?

Dit is ontleen aan die Griekse woord 'paradigma' wat beteken: model, patroon of voorbeeld. Liddell en Scott (1940) beskryf dit as 'n patroon, 'n argitekmodel, 'n voorbeeld, of 'n bewys van 'n voorbeeld.

Thomas S. Kuhn het dit in 1962 in sy boek 'The structure of scientific revolutions' gebruik en meen dat paradigmas reëls gee wat dieselfde standarde in die wetenskaplike proses teweegbring (Kuhn 1962:10).

Joel Barker (1993:32) gee 'n definisie van paradigmas:

"A paradigm is a set of rules and regulations (written or unwritten) that does two things:

- 1- it establishes or defines boundaries, and
- 2- it tells you how to behave inside the boundaries in order to be successful".

Volgens Barker (1993:32) word sukses gemeet deur 'n persoon se vermoë om probleme op te los. Dit kan volgens hom op breë aspekte van die samelewing toegepas word. Dit skep ook 'n basis om die spelreëls te beoordeel en evaluerend te werk te gaan.

Volgens Barker (1993:32) geld die volgende:

“A paradigm shift, then, is a change to a new game, a new set of rules.”

Volgens Barker is paradigmas nie net aan wetenskaplike prosesse gekoppel nie, maar word aangetref in elke samelewingsaspek. Barker meen dat drie voorbeelde van paradigroverskuiwings reeds in die 1970's plaasgevind het, nl.:

’n Kulturele paradigroverskuiwing toe jongmense lang hare gedra het en dwelms gebruik het;

’n Ekonomiese paradigroverskuiwing met die oliekrise in 1973;

’n Religieuse paradigmaskuif tydens die Iranse rewolusie in 1979 (Barker 1993:39).

Volgens Barker (1993:52) is daar ’n dieper motief waarom paradigmaskuife plaasvind:

“Every paradigm will, in the process of funding new problems, uncover problems it cannot solve. And those unsolvable problems provide the catalyst for triggering the paradigm shift.”

Dit is gevolglik duidelik dat elke aspek van die samelewing met hierdie geskrewe of ongeskrewe paradigmas werk. Baie van hierdie paradigmas is reëls wat ongeskrewe in die samelewing funksioneer. Ons is ook bewus daarvan dat in elke aspek van die samelewing deurlopende uitdagings is. Mens het menings oor samelewingsverbande en reageer deurlopend daarop. Wanneer die reëls of regulasies nie meer die breë massa van persone in die samelewing dien nie, is daar trek- en stootkragte aanwesig in die samelewing. Dit kan dan aanleiding gee tot ’n paradigmaskuif. Dit kan ook gebeur in ’n samelewing waar die reëls en regulasies nie almal se behoeftes aanspreek nie en ook as die reëls en regulasies te streng toegepas word. ’n Nuwe paradigma kan ook ontwikkel as nuwe aspekte in die samelewing plaasvind. Toe selfs in die 1990's verskyn het, het ’n nuwe paradigma in die samelewing plaasgevind en volgens die nuwe reëls hoef mens nie meer by jou huis of kantoor te wees om telefoonoproepe te ontvang nie. ’n Persoon kan ter enige tyd, waar hy telefonies beskikbaar is, oproepe ontvang. Met ander woorde ’n tegnologiese paradigmaskuif het sekere sosiale aspekte van die samelewing beïnvloed.

Daar is sekere algemene kenmerke van paradigmas:

- Dit kom algemeen voor. Regdeur die samelewing vind ons deurlopende paradigmas. Dit kom in elke samelewingsverband voor.

- Paradigmas is funksioneel. Dit is nodig om paradigmas te hê. Dit gee die spelreëls en sistematiseer data.
- Paradigmas bind dit wat mens sien (die werklikheid) aan dit wat ons glo.
- Paradigmas gee vir mense meer as een regte antwoord. Die manier hoe 'n persoon na die lewe kyk vanuit sy paradigma, word vir die persoon die werklikheid.
- As persone te rigied aan hul paradigmas vashou, kan dit 'n verlammeende effek hê.
- Om oop te dink oor paradigmas en dat elke persoon hul beperktheid erken, kan strategies die beste resultate hê in 'n snel veranderende samelewing.
- Elke mens het die keuse om sy eie paradigmas te wysig (Barker 1993:150-158).

### 3.1.2 Wie verander Paradigmas?

Volgens Barker (1993:55,56) is dit na alle waarskynlikheid iemand buite die bestaande paradigma. Mense binne die paradigma het dikwels die volgende motiverings waarom paradigmaskuiwe nie moontlik is nie:

- Dit is onmoontlik.
- Dit is nie hoe ons dinge hier doen nie.
- Die verandering is te radikaal vir ons.
- Ons het dit al probeer en dit het nie gewerk nie.
- Dit is nie so maklik nie.
- Dit is teen die reëls.
- As jy langer hier bly sal jy verstaan.
- Wie gee jou toestemming om die reëls te verander?
- Wees realisties.
- Hoe durf jy dink wat ons doen, is verkeerd?

(Barker 1993:56)

Dit is gevolglik persone wat nie al die spelreëls van die paradigma ken nie wat 'n paradigmaskuif genereer. Barker noem vier kategorieë van persone in hierdie verband:

- 'n Jong persoon wat pas by 'n organisasie aansluit na sy opleiding. Steve Jobs en Steve Wozniak het dit met Apple rekenaars gedoen.
- 'n Ouer persoon wat uit sy spesialisveld tree en 'n nuwe veld betree.
- 'n Onkonvensionele persoon.

- Wyse persone.  
(Barker 1993:57-67)

Barker (1993:69) beskryf die motief waarom persone in paradigmas nie skuiwe genereer nie:

“New paradigms put everyone practicing the old paradigm at great risk. The better you are at your paradigm, the more you have invested in it, the more you have to lose by changing paradigms.”

Die interessante aspek is dat onkonvensionele persone wat op die rand van die bestaande paradigma staan, vir alternatiewe pogings oop is. Hierdie persone eksperimenteer dikwels met nuwe idees wat met tyd ’n paradigmaskuif kan genereer; persone wat hulleself nie beperk deur onopgeloste probleme nie. Dit is persone wat min of niks het om te verloor nie...

Volgens Barker (1993:71) is die persoon wat die paradigmaskuif genereer iemand wat dit dikwels onwetend doen. Hierdie persone word egter opgevolg deur, wat hy noem, Paradigmapieniers. Dit is die groep mense wat die samelewing skuif.

“It is the paradigm pioneers who are first to follow the rough pathway that paradigm shifters have uncovered.”

Die Paradigmapieniers is mense met groot invloed in die samelewing. Hul neem dikwels die idees van die persoon wat die paradigma genereer en omskep dit in ’n werkbare, uitvoerbare plan. Persone uit die samelewing met moed en intuïsie volg graag die idees van die paradigmapieniers.

Nadat paradigmas geskuif het, is dit die setlaars wat inbeweeg en die nuwe paradigmas van die samelewing aanvaar. Dit setlaars is die persone wat altyd verlig wil voel en vir die paradigmapieniers vra of dit veilig in die nuwe paradigma is. Dit is op dié punt dat die totale samelewing die nuwe paradigma as nuwe norm absorbeer.

Joel Barker (1993:140) maak ’n belangrike waarneming. Die oomblik wanneer die paradigmaskuif plaasvind, is almal op die gelyke speelveld. Hy noem dit die “Going back to zero—principal...”

Hy gebruik die storie van die Switserse horlosiemaker-industrie hier as voorbeeld. Volgens Barker (1993:17) het Switserland die horlosie-industrie gedomineer met ’n 65% aandeel in die wêreldmark van 1968. Dit was juis Switserse navorsers wat die elektroniese (kwartz) beweging ontdek het en in

Neuchâtel op die horlosieskou in Switserland uitgestal het. Die Switserse mark was verblind deur hul eie uitvinding omdat dit nie opgewen kon word nie, maar elektronies gewerk het. Die Japanese van Seiko, as goeie paradigmapioniers, het die nuwe paradigma oor horlosies waargeneem. Die netto resultaat is dat hulle die wêreld-horlosiemark oorgeneem het as gevolg van 'n paradigmaskuif. Teen 1980 het die Switserse aandeel van 65% tot 10% van die wêreldmark gedaal. Tussen 1979 en 1981 het 50,000 van die 62,000 horlosiemakers in Switserland hul werk verloor (Barker 1993:17). Hier sien ons die Zero-beginsel wat plaasgevind het nadat 'n paradigmaskuif plaasgevind het.

Joel Barker (1993:84) beskryf bogenoemde om die beginsel as die paradigma-effek te verduidelik. Hy meen dat mense sielkundige filters gebruik om elkeen se paradigma te evalueer. Die filters veroorsaak dat mense meen dat iets onmoontlik is as dit nie binne hul bestaande paradigmas inpas nie. 'n Mens is met ander woorde blind om die nuwe paradigma te sien. Dit is veral die toekoms wat ontsluit word deur paradigmas.

### 3.2 Die toekoms

As gevolg van die lewe wat teen 'n vinniger tempo plaasvind, het mense al meer 'n behoefte om te weet wat in die toekoms gaan gebeur. Deur al die eeue was toekomsbeplanning noodsaaklik. In die landbou moes vir winters en droogtes beplan word en dit het mense vanuit 'n bestaans ekonomie in 'n latere landbouproduksie met vraag en aanbod van markte ingelei. Fabriekes produseer en myne is in produksie omdat daar 'n vraag na hierdie produkte is. Tog is die kernvraag: hoeveel van 'n bepaalde produk gaan in die toekoms benodig word en gevolglik is dit waar toekomsbeplanning inkom. Hierdie behoefte aan toekomsbeplanning het byna na elke lewensfeer oorgevloei. Hier kan gedink word aan stad- en streeksbeplanning, alle behoeftes wat met demografie verband hou en alle dienste wat gelewer moet word ten opsigte van die gemeenskap, bv. skole, watervoorsiening, paaie en banke. Wanneer toekomsbeplanning swak gedoen word, beland 'n samelewing en ekonomie onder geweldige druk soos die gebreke by Eskom aantoon in terme van elektrisiteitsvoorsiening.

Daar is egter ook ander aspekte wat 'n groot invloed uitoefen. Die hoofrolspelers om 'n invloed op die toekoms uit te oefen, is volgens Esterhuyze (2009:230) mag en waardes. Hiervolgens word nuwe magkonstellasies gewoonlik deur nuwe waardesisteme geïnspireer, al is die nuwe waardes nog nie volledig of duidelik geartikuleer nie. Histories word die waardes van die verowerdes deur die nuwe



magskonstellasies vernietig. 'n Duidelike voorbeeld in Suid-Afrika is die aksies wat post-1994 geloods is deur die ANC regering om apartheid en Calvinistiese moralisme af te takel. Hierdie standpunt word bevestig deur Segal (2007:33) met die opskrif: 'Perceptions of the ANC's economic philosophy'. Esterhuyze (2009:229) meen ook dat wanneer die pas van verandering buite ('n organisasie) die pas van verandering binne ('n organisasie) oorskry, die skrif aan die muur is.

Die vraag ontstaan: Wat is die funksie van Toekomsstudies?

Wendell Bell (1997:42), in 'The futurist', stel dit dat:

"The primary goal of the futurist is not to predict the future but to uncover images of possible, probable and preferable futures that enable people to make informed decisions about their lives."

Bell stel dit dat toekomskundiges navorsing doen om uit te vind wat moontlik is (Moontlike toekoms uitkomst), wat gaan waarskynlik gebeur (die Waarskynlike toekoms) en die ideale gebeure ten opsigte van die toekoms (die Verkieslike toekoms) (Bell 1997:42).

Bell (1997:42) meen dat mense so vasgevang is in hul eie denkpatrone dat hul nie blootgestel word om verder as hul kulturele gebruike te dink nie. Sodoende word die moontlikhede van hul eie persoonlike toekomsgerigte uitkomst, en gevolglik hul totale samelewing waarin hul funksioneer, beperk. Volgens Bell (1997:44) wil toekomskundiges juis 'n etiese komponent aanwend om hul breër samelewings in die toekoms te dien. Toekomskundiges wil die samelewing begelei om effektief te wees vir toekomstige geslagte.

Volgens Bell (1997:44) is geskiedenis belangrik omdat dit die storie vertel van dit wat ons graag wil wees. Daarom reflekteer ons projeksies van die toekoms, die beskouing wat ons oor ons verlede het. Toekomskundiges ondersoek aspekte wat verandering aktiveer.

Met ander woorde, dit is die dinamies proses waarin tegnologiese ontwikkelings ingebed is wat veranderinge aktiveer op politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele gebiede. Toekomskundiges ontwerp teorieë om sulke veranderinge te verklaar en mense te help om dit te herken en te verstaan. Verder moet aspekte buite die menslike invloedssfeer geëvalueer word en bepaal word watter menslike gedrag verander kan word (Bell 1997:45).

Kurian en Molitor (1995:37) stel dit dat:

“Time, said St. Augustine is a three-fold present: the present as we experience it, the past as a present memory and the future as a present expectation.”

Met ander woorde, die toekoms is nie iets vêr wat nog gaan gebeur nie, die huidige moment aktiveer en betree reeds die toekoms.

Die volgende saak wat in Toekomstudies 'n sleutelrol speel, is “foresight” (vermoë om vooruit te bepaal; voorkennis). Wat is hierdie vermoë? Volgens Averil Horton (1999:6) is daar drie sleutels om dit te ontsluit:

- Die samevoeging, versameling en navorsing van beskikbare inligting (dit sluit tendense, verwagte ontwikkelings en dinkskrums van abnormale gebeure in).
- Die interpretasie en vertaling van kennis om te verstaan wat die implikasie van die toekoms kan wees vir 'n spesifieke organisasie.
- Die evaluering en assimilasie van bogenoemde insigte om 'n verbintenis te bewerkstellig om tot aksie oor te gaan.

De Jouvenel (1967:7) meen:

“Because of our natural responsibilities as men, we need foresight – a view stretching more or less deep and wide into time. We are curious about the future because we have cares (or cures, in the now obsolete meaning of the Latin cura).”

Hierdeur word insig oor die toekoms wat 'n wyer perspektief bevat, ontsluit. Hy is van mening dat ‘facta’ dui op gebeure wat reeds plaasgevind het en ‘futura’ op dit wat nog gaan plaasvind. Op grond daarvan maak De Jouvenel (1967:6) die volgende afleiding:

“The unceasing transformation of facta into futura by summary processes in the mind is part of our daily life, and this the undertaking of conscious and systematic forecasting is simply an attempt to effect improvements in a natural activity of the mind”.

Hierdeur vloei die hede op 'n natuurlike manier deur na die toekoms.

De Jouvenel plaas groot klem op die tempo van verandering in die proses om die toekoms te antisipeer:

“A saving of effort is possible in a society whose life is governed by routines, whereas the exertion of foresight must increase in a society in movement” (De Jouvenel 1967:10).

In ’n snel-veranderde wêreld is insig oor die toekoms onontbeerlik. Daarom is dit noodsaaklik om anders met die toekoms om te gaan. De Jouvenel (1967:17) beskou gevolglik enige toekomskundige werk as ’n kunswerk.

Volgens De Jouvenel (1967:27) vorm daar beelde in ons gedagtes wat ons inspireer. Hy stel dit dat:

“We are to understand by this that the future is the domain in which man has projected and in which he now contemplates the possible he wishes to make real the image that is and will be, as long as it subsists in the mind, determining reason for his actions.”

Peter Senge (1992:242) noem dit ‘denkmodelle’ wat vir ons die roetes na ons toekoms aandui. Verbeelding is daarom noodsaaklik en scenario’s word hierin gebruik as sleutel na ’n beter toekoms.

### 3.3 Scenario-gebruik in die wetenskap van die toekoms

Die eerste vraag wat ontstaan is: Wat is ’n scenario?

Cornish (2004:78,79) stel dit as volg:

“The future development of a trend, a strategy, or a wildcard event may be described in a story or outline form. Typically, several scenario’s will be developed so that decision makers are aware that future events may invalidate whatever scenario they use for planning purposes.”

’n Paradigma word oor die toekoms geskep, wat tot hulp kan wees, sodat die onsekerheid wat ontstaan oor wat in die toekoms gaan gebeur, beter ontsluit kan word.

Volgens Fahey & Randall (1998:5) is ’n scenario primêr daarop gefokus om deur ’n wetenskaplike proses te gaan van konstruksie of ontwikkeling van verskeie aspekte wat bekend is vir ’n groep of ’n organisasie.

Hierna moet die inligting wat uit die scenario’s verkry is, geïntegreer word in die proses van besluitneming. Fahey & Randall (1998:5) verkies daarom nie die term ‘scenario-beplanning’ nie, maar eerder ‘scenario-opvoeding’. Hul redes is

dat scenario's dan in die praktyk toegepas word. Hiervolgens word verby die rigiede proses aanbeweeg waarin groepe of organisasies oorgaan in 'n beplanningssessie en daarna in die proses aan te beweeg.

Scenario-opvoeding is 'n interaktiewe dinamiese proses wat voortgaan om invloed uit te oefen. Dit bring ook persone wat hulleself maklik vasloop in konfliktsituasies, bymekaar om saam vorentoe te kyk en iets nuut te ontwikkel. Indien scenario-opvoeding reg aangepak word, sal almal deurlopend nuut en verrassende ontdekkings maak en leer.

Oor scenario's, kan ons die volgende ondersoekende vraag stel volgens Cornish (2004:92):

Watter oorsake kan die tendens van rigting laat verander?

As daar 'n paradigmaskuif plaasvind, wat sal die implikasies daarvan wees? Die outomatiese vraag wat volg op die beeld wat oor die toekoms geskets word, lei tot die volgende vraag:

Is ons tevrede met daardie prentjie? Indien nie, is die vraag, hoe kan ons die geprojekteerde situasie verander? Trajek-analise is ook 'n belangrike komponent. Volgens Cornish (2004:98) is daar 'n spektrum van vyf tipes scenario's waaruit daar gekies kan word:

- 'n Verrassingvrye scenario:  
Hierin sal gebeure min of meer voortgaan soos dit is. Dit sal nie radikaal beter of slegter gaan nie.
- 'n Optimistiese scenario:  
Hiervolgens word 'n aansienlik beter prentjie geskets as wat algemeen verwag word.
- 'n Pessimistiese scenario:  
Hiervolgens word 'n aansienlik donkerder prentjie geskets as wat algemeen verwag word.
- 'n Chaotiese scenario:  
'n Prentjie van chaos word geskets waarin gebeure afspeel wat nog nooit ervaar is nie.

- 'n Transformerende scenario:  
Fantastiese gebeure speel af, wat geensins ooit gevisualiseer was nie.

Deur hierdie paradigmas oor die toekoms te ontwerp, gaan leef 'n span mense hulle gewoonlik in so 'n werklikheid in, wat momente van 'n moontlike toekoms probeer vasvang. Deur al vyf opsies deur bogenoemde vyf scenario's te ontwikkel, word 'n breë basis van wat vroeër beskryf is as 'n moontlike toekomsgebeurtenis, konkreet uitgespel.

Scenario's help ons ook om te droom en het veral waarde in die konteks van die een-en-twintigste eeu waarin die postmoderne 'n greep verkry. Scenario's deurbreek ook die liniêre denke van die Modernistiese tydperk waarin die rasionele denke primêr aan die werk is.

### 3.4 Troefkaarte

Troefkaarte (wild cards) is iets wat in die toekoms kan gebeur wat buite die normale paradigmas geensins voorsien word nie. Dit is verrassings en het normaalweg 'n radikale impak (Cornish 2004:108).

Twee voorbeelde van sulke troefkaart-gebeure is die internasionale oliekrisis in 1973 en die terroriste aanval op 11 September 2001 in die VSA. Volgens Cornish (2004:108) dra almal 'n roetkaart in elkeen se gedagtes en is dit juis troefkaarte wat in die gedagte-wêreld van die individue nie voorsien kan word nie. Dit kan ondenkbare gebeure wees wat niemand voorsien dat dit in die toekoms sal gebeur nie. Troefkaarte het die vermoë om alles te skud en omver te gooi.

Daarom kan scenario's en 'n skandering van die toekoms help om die ruwe verrassings wat troefkaarte meebring te versag.

### 3.5 Skandering van die toekoms

Hiervolgens vind 'n deurlopende proses plaas om op 'n wetenskaplike manier die toekoms te ontsluit. Die toekoms word op 'n sistematiese wyse gemonitor en daar word inligting bekom. 'n Onderwerp wat hiervolgens ondersoek word, sal in die media gemonitor word, en sal ook die internet in die proses ingespan word. Dikwels begin die navorsing by 'n historiese ondersoek van gebeure. Dit word aangeteken tot by die hede. Hieruit kan sekere duidelike tendense aangetoon word. Indien sekere tendense dan na vore kom, word dit fyn en spesifiek gemonitor (Cornish 2004:78).

Na 'n lang proses van die ontleding van die tendense, kan daar op 'n wetenskaplike manier 'n projeksie van tendense aangetoon word. Hierdie proses is gevolglik 'n kernsleutel om inligting oor die toekoms te ontsluit.

### 3.6 Die sisteembenadering

Teenoor die krities-analitiese benadering, wat uit die Modernistiese tydperk spruit, staan die sisteembenadering. Die sisteembenadering kan uitstekend in die een-en-twintigste eeu gebruik word as metode waar kompleksiteit bestuur kan word. In 'n postmoderne tydperk help die sisteembenadering ons om strukture wat vasgevang is in die Modernistiese prosesse op te los. Die strukture vanuit die Modernisme kan dikwels nie meer oplossings bied nie.

Die sisteembenadering ontwikkel nuwe insigte in denkraamwerke. Volgens Dodds (2000:2) werk dit nuut met sosiale dinamika, asook die aard van organisasies en regulering. Die sisteembenadering bring 'n perspektief van verskuiwing van die analitiese, gefragmenteerde en uitsluitende wyse waarin realiteite nuut geëvalueer word. Dit bring 'n wêreldbeskouing van insluiting na vore. Hierin word die geheel vanuit 'n ander realiteit beskou, omdat die geheel altyd meer is as die som van die afsonderlike dele. Dit verwerp nie analyses nie, maar plaas alles in 'n groter konteks (Dodds 2000:3).

'n Sisteembenadering is 'n entiteit wat sy bestaan en funksie as 'n geheel handhaaf deur die interaksie van die onderskeie dele (Theunissen 2013:1). Hiervolgens kan ons aflei dat 'n sisteem meer is as die somtotaal van sy dele en is relasioneel van aard. Theunissen (2013:1) meen ook dat die rangskikking van interverhoudinge van die onderlinge dele van wesenlike belang is. Gevolglik word gedrag deur die totale struktuur bepaal. Verander die struktuur, dan verander die gedrag. Theunissen (2013:2) meen ook dat lewende sisteme (byvoorbeeld 'n geloofsgemeenskap) soek na betekenis.

Russell Means (2001:2) beskryf in 'Free to be responsible' die dilemma waarin die Westerse wêreld tans vasgevang is:

"I don't believe these theories can be separated from the rest of European intellectual tradition... It's really just the old song. The process began much earlier. Newton, for example, 'revolutionized' physics and the so-called natural sciences by reducing the physical universe to a linear mathematical equation. Descartes did the same thing with culture. John Locke did it with politics, and Adam Smith did it with economics. Each of these 'thinkers' took a piece of

spirituality of human existence and converted it into a code, and abstraction... Each of these intellections served to abstract the European mentality even further, to remove the wonderful complexity and spirituality from the universe and replace it with a logical sequence: one two three. Answer!... Being, is a spiritual proposition.”

Dit is duidelik uit bogenoemde aanhaling dat Russell Means skerp kritiek uitspreek teenoor Westerse analitiese denke. Sy rede is dat daar by simplistiese kognitiewe antwoorde uitgekom word. Binne die Modernistiese denke het Newton, Descartes, Locke en Smith sekere onderdele van die geheel ontrafel en selfstandige vakgebiede ontwikkel.

Dit is ontvang met ope arms in 'n Westerse Modernistiese wêreld. Hierin is dit beskou, soos dit in Latyn genoem word, 'n 'locidum intervalum' ('n oomblik van besonderse helderheid). Hiervolgens het die geheel (wat die navorser gevolglik wil vergelyk met 'n wonderlike groot kristalvoorwerp) geval en versplinter. Die genoemde filosowe het 'n stuk van die gebreekte kristal 'ontdek' en die Modernistiese wêreld was beïndruk met iets wat 'nuut' ontdek is.

Tog het die wonderlike geheel verlore geraak. Teenoor die Modernistiese denke met uitsprake, soos Descartes sê: “Ek dink, daarom is ek”, is daar 'n groter bestaan wat op 'n spirituele basis begrond is.

Volgens Dodds (2000:1) het hierdie analitiese prosesse in die Westerse filosofie, denke tot kunsmatige vervreemding gelei. Hierdie vervreemding het die sterkste na vore gekom in die mens se verhouding tot die natuur.

Daarom het die mens 'n diep fundamentele reg om weer aan die natuur gekoppel te wees. In hierdie beweging sal energie weer terugvloei in die mens se ware, eie identiteit. Die ontkoppeling van die Westerse Modernistiese mens sal vervang word met 'n mens-natuur eenheid (Dodds 2000:1).

Dit is 'n voorbeeld van sinergering. Binne die sisteembenadering is sinergering baie belangrik. Sinergering is 'n proses waartydens die interaksie tussen diverse insette (persepsies, ervaring, insigte, kennis) gedurig verander en sodoende iets nuuts skep of groter effektiwiteit behaal (Theunissen 2013:13).

Die proses beweeg verby die meeste liberaal-Westerse vorme van 'n regsproses waarin vrede gesoek word volgens Taiiake Alfred: Daarteenoor staan 'n

inheemse konsep van geregtigheid waarin verhoudings in harmonie herstel word. Hiervolgens bestaan daar:

“The indigenous conception of justice builds a framework of respectful coexistence on the fundamental acknowledgement of the integrity and autonomy of various elements that make up the relationship.” (Alfred 1999:62,63).

Alfred maak volgens die navorser ’n geldige punt. Die proses van vervreemding en disharmonie word voortgesit in ’n vinnige lewe van globalisering waarin kitsoplossings tans gesoek word. Sosiologies word menslike sisteme vernietig en die natuur en natuurlike hulpbronne uitgeput. Aardverwarming en die anti-globaliseringsbeweging is ’n goeie voorbeeld hiervan.

Die sisteembenadering is ’n paradigma wat teenoor die analitiese paradigma staan. Teenoor vakdissiplines wat op ’n analitiese manier funksioneer staan ’n potensieel groter omvattende geheel. Hierin staan die kwantitatiewe geheel in skrilte kontras teenoor die kwalitatiewe enkele standpunt of vakdissipline. Die kwalitatiewe analyses kan hierin nie net weer deur byvoegings van ander kwalitatiewe analyses opgebou word nie. Die kwalitatiewe staan dikwels in isolasie en dit vorm ’n kontras met ’n evolusionêre kwantitatiewe geheel. Daar moet aangetoon word dat die premoderne tydperk met groter elemente van die geheel gewerk het.

Tydens die Middeleeue het sekere brokstukke vervreemd geraak van die evolusionêre beweging na ’n groter geheel. Die Modernisme kan gevolglik beskou word as ’n reaksie teenoor die ontaarde brokstukke en het ’n nuwe paradigma tot stand gebring. Dodds (2000:3) stel voor dat daar wegbeweeg word van hiërargiese denke, omdat ’n paradigmaskuif nodig is na sisteemdenke toe. Organisasies is volgens haar vasgevang in die abstraktheid van ’n wetenskap van analise. In hierdie nuwe sisteemdenke word verskeidenheid en kompleksiteit ingedra in die fisiese werklikheid of die samelewing deur evolusionêre transformasie na ’n unieke sisteem.

Die Dalai Lama (voorwoord;2001) stel daarom:

“Our generation has arrived at the threshold of a new era in human history: the birth of a global community. Modern communications, trade and international relations, as well as the security and environmental dilemmas we all face, make us increasingly




interdependent. No one can live in isolation. Thus, whether we like it or not, our vast and diverse human family must learn to live together. Individually and collectively we must assume a greater sense of universal responsibility.”

Hierdie sisteemdenke raak nie net ’n analitiese wetenskap wat skuif na ’n holistiese benadering nie, maar dui ook op ’n globale sisteem tussen mense wat aan hierdie sisteem gekoppel is. Hierdie interafhanklikheid word verleng oor kultuurgrense, etnisiteit, nasionaliteit, rasse en geloofsverskeidenheid na ’n groter rykdom wat in hierdie nuwe sisteem besig is om te ontwikkel (Groff 2005:23).

Volgens Dodds (2000:2) is herbesinning nodig van die totale globale sisteem wat die biosfeer, die aarde, nasies, kulture en groepe insluit. Die manier hoe dit alles teenoor mekaar reageer kan in harmonie of konflik wees. In die proses word laterale grense deurbreek en word dit ’n ‘evolusionêre’ revolusie, omdat dit alle aspekte van die lewe insluit. Dit is gevolglik nie net ’n ander manier van denke wat nodig is in ’n globale wêreld nie. Verandering is nodig in hierdie paradigmaskuif waarin alle kunsmatigheid in die wetenskap opgehef word. Sodoende is daar ’n veranderde praxis (modes van organisasies/bestuur). Anders is daar net ’n verandering wat geen fundamentele verandering meebring nie (Dodds 2000:2).

Die toekoms kan ook binne hierdie nuwe sisteem verstaan word. Daarom moet daar nie na die moontlike uitkomst van die toekoms, of die mees waarskynlike toekoms, of ’n verkieslike uitkomst van die toekoms, in isolasie gedink word nie. Selfs hierdie analitiese denke vloei die toekoms binne en word deur die navorser hieronder skematies voorgestel.



Dinamiese en interaktiewe beweging van die sisteem wat die toekoms reflekteer.

Dit is duidelik dat die toekoms as 'n dinamiese sisteem voorgestel kan word. Deurdat elemente binne die sisteem aanmekaar verbind is en met trek- en stootkragte mekaar beïnvloed, is dit interaktief deur pyle voorgestel. In die dinamika van die sisteem van die toekoms lê moontlike uitkomst van die toekoms, waarskynlike en verkieslike elemente van die toekoms opgesluit. Met verloop van tyd verander hierdie uitkomst van die toekoms.

## HOOFSTUK: 4

# **DIE SOSIOLOGIESE INTERPRETASIE** *Bladsy* **59 - 100**

### Die Sosiologiese wortels

4.1	Max Weber (1864 – 1920)	60
4.2	Emile Durkheim (1858 – 1917)	63
4.3	Ander sosioloë	67
4.4	Kerk se plek in die Samelewing	68
4.5	Kerk en Samelewing	68

### Die Sosiologiese Raamwerk

4.6	Kruger se perspektief	69
4.7	Kayser se perspektief	72
4.8	Die Sosiale konteks van die Afrikaner - 'n Historiese Interpretasie	73
4.8.1	'n Historiese Interpretasie - Frustrasie en botsings met die Owerheid	75
4.8.2	'n Historiese Interpretasie - Afrikaner-identiteit	79
4.8.3	'n Historiese Interpretasie - Rasse-invloed	87
4.8.4	'n Historiese Interpretasie - Alternatiewe Denke	91
4.9	Paradigma I – Modernisme: Afrikaner van die Sewentigerjare	93
4.10	Paradigma II – Die Afrikaner post-1994	96
4.11	Evaluering	99

## HOOFSTUK: 4

### DIE SOSIOLOGIESE INTERPRETASIE

Wanneer daar gefokus word op die toekoms van die spiritualiteit van Afrikaner hoofstroomkerke, moet 'n fyn balans tussen godsdienst en sosiologie in die samelewing gevind word.

In hierdie hoofstuk ontsluit ons die sosiologiese interpretasie waarin die Afrikaner geleef het en leef. Die navorsing fokus op Durkheim se interpretasie van die rol van godsdienst in die samelewing.

Max Weber (2002) fokus op die Calvinistiese werksetiek help om die Calvinistiese Afrikaner sosiologies te verstaan. Pieter Kruger (2014) se resente navorsing gee ons insig oor die stryd wat daar vir 'n Afrikaner hoofstroomkerk is, om te midde van sekularisasie as kerk in 'n sosiale omgewing voort te bestaan.

Die identiteit van die Afrikaner word sosiologies nagevors na aanleiding van 'n historiese oorsig. Die paradigmaskuif wat vanaf die sewentigerjare van die vorige eeu plaasgevind het, verskil radikaal van die resente nuwe paradigma van die sosiologie waarin Afrikaners hul tans bevind.

Ons begin die Sosiologiese Interpretasie deur kortliks te let op die perspektiewe van die grondleggers van moderne Sosiologie.

#### 4.1 Max Weber (1864 – 1920)

Wanneer daar oor 'n sosiologiese interpretasie besin word, is dit belangrik om na die grondleggers van die sosiologie te kyk. 'n Kort fokus word geplaas op Max Weber en spesifiek sy bydrae oor die Calvinistiese werksetiek.

Die invloed van Max Weber in die sosiologie was astronomies. Weber is beïnvloed deur 'n erkende groep teoloë waaronder Otto Baumgarten en sy vader, Hermann - 'n historikus; die bekende Amerikaanse teoloog, Emery Channing (1780 – 1842) en sy broer Alfred. Weber het lid geword van die Evangelies-sosiale beweging. Weber was bevriend met die teoloog Ernst Troeltsch en was later geassosieer met Georg Simmel. In 1904 het Weber die VSA besoek en was beïnvloed deur Amerikaanse en spirituele godsdienst wat hy

daar aangetref het. Dit het aanleiding gegee tot sy bekende werk: Die Protestantse etiek en die spiritualiteit van Kapitalisme (Cipriani 2000:75).

’n Navorser kan nie Max Weber se naam noem sonder om Karl Marx te noem en Weber se reaksie op Marx uit te lig nie.

Marx se monistiese teorie van ekonomiese determinisme is dominant. Sy monisme beskryf die standpunt dat alle kulturele fenomene, wat godsdiens insluit, fundamenteel deur ekonomiese invloede gedetermineer word; sodat self die Reformasie wat in dieselfde tyd as Kapitalisme ontstaan het, die nuwe-produk van ekonomiese faktore was (Linde 1977:354).

Teenoor Marx het Weber die histories-materialistiese teorie dat (Unterbau) slegs ekonomiese verhoudinge werklikheidskarakter besit. Ander samelewings-aspekte is refleksies daarvan, en word as ’n skeefgetrekte en wetenskaplik waardelose analogie getipeer (Linde 1977:354).

Weber was oortuig dat idees wat in godsdienstradisies ontwikkel wel gedrag beïnvloed. Calvinisme bied ’n ideologiese basis vir Kapitalisme. Volgens Weber het Kapitalisme mense beïnvloed om ’n roeping tot harde werk te verkry. Sodoende het mense nuwe besighede gestig, in teenstelling daarmee om net van so ’n persoon se inkomste te leef (Cipriani 2000:76).

In Weber se werke: ‘Die Protestantse etiek en die spiritualiteit van Kapitalisme’, ondersoek hy Calvinisme, Piëtisme, Metodisme en Baptisme. Hy lê nadruk op die aspek van genade, reëls van die lewe en die verkiesingsleer wat spruit uit Protestantse etiek en die spiritualiteit van Kapitalisme. Weber ondersoek ook die Lutherse konsep van roeping. Hy werk met ’n konsep van ’n ideaaltipe. Sy hipotese is uit verskeie hoeke geëvalueer en Weber gebruik Luther as ’n metodologiese basis (Cipriani 2000:76).

Binne sy denkraamwerk van ideaaltipe-norm, bekyk hy Protestantisme en verkies die spesifieke fenomeen van Kapitalisme (Cipriani 2000:76).

Volgens Cipriani (2000:77) was die ‘spirit of capitalism’ gekarakteriseer deur vier beginsels, volgens Weber:

“Remember, that time is money... Remember, that credit is money... Prolific, generating nature... Remember the saying, the good paymaster is lord of another man’s purse.”

Hierin verbind Weber Kapitalisme aan Calvinistiese Christenskap in die konteks van die vroeg twintigste eeu. Volgens Cipriani (2000:78) is dit veral arbeid as ’n

roeping wat Max Weber beïndruk het van die Protestantisme. Weber (1904:80) stel dit in sy werke, Die Protestantse etiek en die spiritualiteit van Kapitalisme, soos volg:

“Vocation was the fulfilment of duty in worldly affairs as the highest form that the moral activity of the individual could assume. This was which inevitably gave everyday worldly activity a religious significance; and which first created the calling in this sense. The conception of the calling thus brings out the central dogma of all Protestant denominations which the Catholic division of ethical precepts into praecepta and consilia discards. The only way of living acceptably to God was not to surpass worldly morality monastic asceticism, but solely through the fulfilment of the obligations imposed on the individual by his position in the world. That was his calling.”

Roeping word hier belig as ’n sinvolle bydrae wat godsdienstig-geïnspireerd is. Volgens die Protestantse leer moet die individu ’n aktiewe verskil in die wêreld maak en kan dit nie in afsondering en afsluiting van die wêreld gebeur nie.

Linde (1977:359) is van mening dat die kapitalistiese mentaliteit voortspruit uit die Protestantse etiek. Die Calvinisme genereer ’n bepaalde arbeids-etos wat roeping van God aan jou beroep koppel. Sukses op ekonomiese gebied is ’n teken van God se genade en is as sy guns beskou. Tog word daar beperkings opgelê aan die verbruik van weelde artikels deur ’n vorm van askese vanuit die Calvinisme.

Taylor (2007:176-181) beskryf die sosiale verbeelding wat ontwikkel het en koppel dit aan drie aspekte in die samelewingsontwikkeling:

1. Die ekonomie
2. Die openbare sfeer (ruimte)
3. Die beskouings en praktyk van demokratiese selfregering

Onder die ekonomie sluit Taylor (2007:179) aan by Max Weber waarin hy van mening is dat Weber die aspek van ‘Vocatio’ in die kapitalistiese sisteem raakgesien het.

Weber neem egter waar dat hierdie Kapitalisme spruit uit die Protestantse werksetiek en toon aan dat daar florerende lande ontstaan het, soos Engeland, Nederland en die VSA. Rooms Katolieke lande het egter ekonomies agter geraak (Linde 1977:359).

Weber ondersoek ook Hindoeïsme in Indië en Konfusianisme in Sjina om vas te stel waarom Kapitalisme nie in ander gelowe gegroei het nie. Hy bevind dat die etiese sisteem van Konfusianisme in Sjina nie daarvoor bevorderlik was nie. In Indië kan Kapitalisme wel ontwikkel het, maar die tradisionele karma, of geloof in die reïnkarnasie van siele, het dit beperk.

Max Weber beskryf 'n situasie waar mense vasgevang word in 'n staalhok, 'iron cage' (stahl Gehäuse). Tydsbeskouing in terme van die ewigheid word negeer en mense word vasgevang in die daaglikse roetine van hier en nou... (Taylor 2007:59).

Vroeër het die Rooms Katolieke kerk Hoër roeping gekoppel aan geestelike element wat onderskei kon word van die alledaagse lewe. Die ontwikkeling van die ekonomie en daaglikse handel het alle mense deel daarvan gemaak. Calvyn en die Protestantse Hervormers het egter mense se alledaagse praktyk aan hierdie Hoër roeping gekoppel. Alle aspekte van die lewe, ook die totale ekonomiese aktiwiteit word nou beskou en geïntegreer in die een aspek van heiligheid. En in hierdie aktiwiteit ontvang 'n mens jou 'vocatio' (roeping).

Max Weber gee aan ons 'n belangrike insig oor hoe Afrikaners sosiologies hul identiteit gevorm het. Harde werk was die enigste wyse om hul bestaan in Afrika te verseker. Deur harde werk kom 'n kapitalistiese motief na vore wat die vrug is op harde werk vir die Afrikaner. Die Afrikaner se Calvinistiese geloof is daaraan gekoppel. Harde werk is 'n roeping - 'vocatio'. Dit het alles deel van die Afrikaner se leefpatrone geword.

## 4.2 Emile Durkheim (1858 – 1917)

Die ander vader en grondlegger van Sosiologie is Emile Durkheim. Durkheim en Weber het mekaar beïnvloed en was kinders van dieselfde tyd.

Emile Durkheim onderskei baie duidelik tussen dit wat hy beskou as 'heilig' en 'profaan' of wêrelds,

“The sacred thing is par excellence, that which the profane must not and cannot touch with impunity.” (Cipriani 1997:69; Durkheim 1912:38).

Durkheim vervolg:

“It has long been known that the first systems of representation that man made of the world and of himself were of religious origin.

There is no religion that is not both cosmology and a speculation about the divine.” (Cipriani 1997:67; Durkheim 1912:8).

Durkheim gee ons ’n perspektief op die fundamentele basis van godsdiens-sosiologie.

En ook:

“A religion is a unified system of beliefs and practices relative to sacred things, that is to say things set apart and forbidden beliefs and practices which unite into one single moral community called Church, all those who adhere to them.” (Cipriani 1997:73; Durkheim 1912:44).

Volgens Durkheim [1912] is daar geen godsdiens waarin daar nie oor God gespekuleer word nie. Daarom is daar sedert die vroegste tye ’n refleksie van die mens in verhouding met God binne ’n bepaalde sisteem (Cipriani 1997:67). Dit toon vir ons aan dat godsdiens deel is van ’n sosiale konstruk.

Godsdiens en familie het ’n groot invloed in Durkheim se kinderjare vertolk. Sy pa, Moses, was ’n Joodse rabbi en sy ma het haar hele lewe toegespits op hulle as familie. Emile Durkheim het drie-en-veertig boeke en boek-evaluerings geskryf en is die mees gekwoteerde sosioloog in die geskiedenis (Cipriani 1997:66).

Durkheim beklemtoon dat:

“There is something eternal in religion that is destined to outline the succession of particular systoles in which religious thought has clothed itself. There can be no society that does not experience the need at regular intervals to maintain and strengthen the collective feelings and ideas that provide its coherence and its distinct individuality.” (Cipriani 1997:74; Durkheim [1912]).

Hieruit kan ons duidelik agterkom dat Durkheim godsdiens as ’n sosiale identiteitsmerker identifiseer.

Gevolglik gee hy ’n unieke definisie van die kerk, dat dit ’n morele gemeenskap van gelowiges is wat uit leke en priesters bestaan (Cipriani 1997:67; Durkheim [1912]).

Durkheim evalueer die toekoms van godsdiens as volg:



“Religion obviously cannot play the same role in the future as it did in the past. However, religion seems destined to transform itself rather than disappear.” (Cipriani 1997:74; Durkheim [1912]).

Dit is vir ons belangrik om hiervan kennis te neem omdat dit hier gaan oor die toekoms van die Afrikaanse hoofstroom-spiritualiteit. Die vraag is egter hoe godsdiens dit wel transformeer op ’n sosiale vlak.

Charles Taylor (2007:442) oor Emile Durkheim:

“The Church is that of the whole society, to which everyone must belong; and moreover, the force which inherits in social obligations comes from the sacred of which the Church is the guardian and articulator. Societies organised by such a church are in this (loose) meaning “Durkheimian” in the sense that church and social sacred are one – although the relation of primary and secondary focus is reversed, since for Durkheim the social is the principal focus, reflected in the divine, while the opposite is true ultra-montane Catholicism.” (Taylor 2007:442).

Die vraag ontstaan binne godsdiens-sosiologiese navorsing of daar ’n primêre fokus moet wees en of ons nie eerder binne ’n godsdiens-sosiologiese konteks meer holisties daarna kan kyk nie. Charles Taylor (2007:486vv) vervolg en verwys na neo-Durkheim invloed:

“Under the paleo-Durkheimian dispensation, my connection to the sacred entailed my belonging to a church, in co-extensive with society, although in fact there were perhaps tolerated outsiders and as yet undisciplined heretics.

The neo-Durkheimian dispensation saw me enter the denomination of my choice, but that in turn connected me to a broader, more elusive ‘church’ and more importantly, to a political ‘entity’ with a providential role to play. In both these cases, there was a link between adhering to God and belonging to the state – hence my epithet ‘Durkheimian’.

The neo-Durkheimian mode involves an important step towards the individual and the right of choice. Where under paleo-Durkheimian rules one can – and did – demand that people be forcibly integrated, be rightly connected with God against their will, this now makes no sense. Coercion comes to seem not only wrong, but absurd and thus obscene.” (Taylor 2007:486).

Taylor toon hier aan hoe individualisme met tyd ontwikkel het vanuit Durkheim se siening. Die vraag ontstaan of daar nie ander teorieë bestaan wat Taylor hier miskyk nie. Was dit werklik Durkheim se teorie wat die samelewing gevorm het, of sou dit in elke geval plaasgevind het?

Charles Taylor (2007:458-459) noem die voorbeelde van die Katolieke Kerk in Ierland en Pole:

“The result is what I’m calling a “neo-Durkheimian’ effect; where the sense of belonging to a group and confession are fused, and the moral issues of the group’s history tend to be coded in religious categories.” (Taylor 2007:458).

Dit is duidelik dat godsdiens die voertuig was om ’n sosio-godsdienstige identiteit in dié twee lande te vorm.

Cipriani (1997:65) evalueer Durkheim se bydrae soos volg:

“Emile Durkheim contributed to the growth of a whole current of socioreligious studies that had started long before him and that aimed the establishment of sociology of religion as an autonomous discipline.” (Cipriani 1997:65).

Dit is duidelik dat Durkheim ’n naam gegee het aan ’n dinamiese verskynsel in die samelewing. Deurdat dit dinamies is, het dit oor die laaste eeu gevorm tot nuwe vorme in die een-en-twintigste eeu.

“Finally, even in the society which authorize each man to be himself and know himself there is more collective consciousness present in the individual consciousness than we imagined. The society of organic differentiations could not endure if there were not outside or above the contractual realm, collective imperatives and prohibitions, collective values and things held sacred to bind individuals to the social entity.” (Aron 1967:33).

Emile Durkheim bied aan ons die sleutel om die godsdiens-sosiologie van die Afrikaner oop te sluit. Van die vroegste tye wat die Afrikaner-identiteit in Afrika gegroei het, was geloof ’n kernbestanddeel van die Afrikaanse identiteit. Die godsdienskarakter van die Afrikaner het baie spesifiek die Calvinistiese karaktertrekke vertoon. In hierdie aspek vloei die perspektiewe van Durkheim en Max Weber saam.

Die Afrikaner se geloofsvorm soos Durkheim dit beskryf vertoon ’n bepaalde

inhoud. Hierdie inhoud word beskryf deur Max Weber se aksent op die Calvinistiese werksetiek van roeping met 'n Kapitalistiese dryfveer. Sosiologies het dit die basis geskep vir die Afrikaner om die armblanke vraagstuk in die twintigste eeu aan te spreek. Die vraag ontstaan in watter vorm dit na vore tree in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Hoe is dit beïnvloed deur dit wat Kruger beskryf as sekularisasie in die Afrikaner hoofstroomkerke. Die vraag ontstaan of dit in die toekoms na nuwe vorme getransformeer gaan word.

Hoe gaan hierdie transformasie die spiritualiteit van Calvinistiese Afrikaners oor twintig jaar beïnvloed?

### 4.3 Ander Sosioloë

'n Ander persoon wat ook 'n hoeksteen in Sosiologie was, is W.R. Smith. Cipriani (1997:45) verwys na die bydrae van William Robertson Smith, 'n predikant van die Free Church in Skotland. Hy was ook redakteur van die negende oplaag van Encyclopaedia Britannica, wat in 1889 gepubliseer is.

“In many instances anticipated the same time of thought that would be developed by Durkheim: ‘A man did not choose his religion or frame it for himself; it came to him as part of the general scheme of social obligations and ordinances laid upon him, as a matter of course... Religion did not exist for the saving of souls but for the preservation and welfare of society’.” (Cipriani 1997:47; Smith 1956:28-29).

Robertson W. Smith was van mening dat geloof en die alledaagse lewe oorspronklik ineengestremel was. 'n Individu is opgeneem in sy familie se godsdiens, wat ook die staatsgodsdiens was. Die gemeenskap het bepaalde reëls ten opsigte hiervan gehad. Geloofsdien is een aspek van die sosiale lewe (Cipriani 1997:47; Robertson W. Smith [1889]). Vandag sou Smith homself goed tuisgevind het in die 'Aksie-teologie' waarin dae die fokus dra.

Nietzsche was nie positief oor geloof nie.

“Nietzsche’s radical criticism of Jewish and Christian values, such as led to the idea of the death of God. In fact, Christian moral theology made God similar to human beings. In other words, God is a simple projection of the restless human consciousness.” (Cipriani 1997:40).

Hieruit is dit duidelik dat Nietzsche samelewingskritiek uitspreek teenoor 'n sisteem waarin godsdiens weinig inhoud gehad het. Dit is goed om van Nietzsche se standpunt kennis te neem. Ons moet duidelik aantoon dat Nietzsche in die Modernistiese tydperk geleef het.

Die vraag ontstaan egter waar die kerk in die samelewing inpas.

#### 4.4 Die Kerk se plek in die Samelewing

Die kerk is nie 'n besigheid nie. In Suid-Afrika word dit as 'n nie-winsgewende organisasie bedryf. 'n Kerk versamel 'n geloofsgemeenskap binne 'n sosiale struktuur, waarin sekere gedeelde geloofsoortuigings as voorwaarde vir lidmaatskap gestel word.

Twee vrae wat ontstaan is:

Wat is die funksie van die kerk in die sosiale ruimte?

Wat behoort die rol van die kerk in die sosiale ruimte binne 'n post-apartheid Suid-Afrika in die postmoderne era in die eerste helfte van die een-en-twintigste eeu te wees?

Ons weet wel dat godsdiensvryheid vanaf 1824 in Suid-Afrika bedryf word. Verskeie kerkgenootskappe kom na Suid-Afrika om veral sendingwerk te onderneem. Vanaf 1948 is die apartheidsregering gevestig wat voorkeur verleen het aan Christelik-Nasionale Calvinisme en kulturele oorlewing. Die NG Kerk reflekteer soos volg oor die kerk se plek in die samelewing.

#### 4.5 Kerk en Samelewing

In 1986 verskyn 'n belangrike publikasie wat deur die Algemene Sinode van die NG Kerk goedgekeur is, naamlik: Kerk en Samelewing.

In die dokument word die prinsipiële funksie van die kerk in die samelewing gegrond. Van die aspekte wat in hierdie studie relevant is, is dat die kerk 'n daadfunksie teenoor die gemeenskap het (Kerk en Samelewing 1986:12, par. 66).

Die kerk het die funksie om barmhartigheidsdiens te doen (Kerk en Samelewing 1986:12, par. 71) en om daardeur die hele gemeenskap te dien. Dit sluit in fisiese, psigososiale en geestelike behoeftes van dienslewering (Kerk en

Samelewing 1986:12, par. 72). Die kerk het ook ’n versoenende funksie (Kerk en Samelewing 1986:12, par. 77).

Paragraaf 78 (Kerk en Samelewing 1986:12) stel dit:

“dat die styl van die kerk steeds dié van versoening, vrede en liefde behoort te wees.”

Paragraaf 112 (Kerk en Samelewing 1986:22) stel dit duidelik dat rassisme ’n ernstige sonde is wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie. Kerk en Samelewing (1986:25) lê klem op naasteliefde wat moet vergestalt in medemenslike sosiale optrede. Reg en geregtigheid moet in die samelewing onder leiding van die kerk plaasvind en onreg moet bestry word (Kerk en Samelewing 1986:25, par. 135-142). Die kerk moet sensitief wees en intree vir die reg van die armes en weerloses in die samelewing (Kerk en Samelewing 1986:2, par. 143).

Die volgende kernvraag wat ontstaan is of daar nog plek vir ’n kerk in die samelewing is?

Durkheim toon baie duidelik die plek van geloof in die samelewing aan. Die belangrike is hoe dit neerslag gevind het binne Afrikanergeleedere. Deurdat die Nederduitse Gereformeerde tradisie vanaf 1652 deel was van die Afrikaner, het kerk en Calvinistiese geloof sedert die koms van Europeërs na Suid-Afrika ’n fyn balans gevind. Die kernaspek is hoe dit tans lyk en of daar in die toekoms sinergie kan wees vir Afrikaner hoofstroomkerke in ’n sekulêre omgewing.

Daarom ondersoek ons vervolgens die historiese wortels van Afrikaner-identiteit om dit aan te toon.

#### **4.6 Kruger se perspektief op die sosiologiese interpretasie**

Pieter Kruger, ’n NG Kerk teoloog en predikant, het ’n deeglike studie in 2014 onderneem oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sekularisasie. Ons belig vervolgens sekere van sy standpunte:

##### **Veranderlikheid en die weerstand daarteen**

Die pas van verandering en aanpassing in godsdien is anders as in ander sosiale sisteme byvoorbeeld die ekonomie of politiek. Die rede hiervoor is dat mense se respek vir ’n gegewe religieuse tradisie en die kontinuïteit daarvan daartoe bydrae dat godsdien ’n inherente konserwatiewe element bevat wat poog om die status quo te handhaaf (Kruger 2014:64).

Die vlak van sisteme is belangrik vir sosiale instelling. Sosiale instellings hou gewoonlik sistematiese faktore in plek om bestaande praktyke en gedrag te handhaaf ter wille van die stabiliteit van die instelling. Kerklike instellings is goeie voorbeelde van hoe hiërargiese strukture in stand gehou word sodat daar orde en stabiliteit in daardie instellings is (Kruger 2014:64).

Kruger vind hierin 'n aansluiting by Esterhuyse. Esterhuyse (2001:194) toon aan dat weerstand teen sosiale verandering plaasvind. Individuele weerstand word beïnvloed deur die tempo van verandering. Individue se persoonlike belang is die kernweerstand teen sosiale verandering. Indien daar min persoonlike belang is, sal verandering makliker aanvaar word (Esterhuyse 2001:195).

Dit is duidelik dat Kruger die spanning in die samelewing aantoon waar daar botsing is tussen die individuele vlak en die sosiale sisteem in die samelewing.

Kruger maak die volgende verdere onderskeiding:

**Sosiale konstruksie:** Met die term sosiale konstruksie word verwys na die proses waardeur die menslike samelewing gevorm word. Dié proses hou verband met sekere sosiale diskoerse wat sosiale oortuigings, praktyke en institusionele strukture omvat. Dit beïnvloed die individu wat deel vorm van die samelewing op 'n kognitiewe en normatiewe vlak (Kruger 2014:vi).

Kruger (2014:20-21) het die vier prosesse waargeneem in sosiale konstruksie as:

- **Tipifikasie**  
Dit is die proses waardeur individue hulle waarnemings van die realiteit orden en probeer verstaan deur middel van die beskikbare sosiale netwerke van tipifikasie soos die gesin, sosiale verhoudinge, die onderwys, ens. Hierdeur word die waardes en gedrag geleer.
- **Institusionalisering**  
Hierdie proses hou verband met hoe sosiale instellings ontstaan rondom die netwerke van tipifikasie. Institusionalisering help gemeenskappe en die samelewing om die tipifikasies en die kollektiewe sosiale kennis in stand te hou.
- **Legitimering**  
Hierdie proses het te doen met die legitimititeit of regverdiging wat verleen word aan sosiale instellings en die tipifikasies wat dit verteenwoordig. Dié legitimititeit is die dryfkrag vir sosiale konformerings.
- **Reïfikasie**  
Reïfikasie is die onvermydelike eindproduk van die vorige drie prosesse. Reïfikasie is die konsolidering van die drie prosesse in die lewe van die individu op 'n kognitiewe en 'n normatiewe vlak. Dit het te doen met die

internalisering van die sosiaalgekonstrueerde diskoerse wat noodsaaklik is vir die voortbestaan daarvan in 'n samelewing. Reïfikasie veroorsaak dat mense nie altyd bewus is van hoe die voorgaande prosesse hulle lewensrealiteit skep nie.

Kruger (2014:3) toon ook aan vir dié rede hou die sosiologiese perspektiewe omtrent sekularisasie verband met 'n kombinasie van die volgende sake:

- die vermindering van religie in die hedendaagse samelewing;
  - die skeiding tussen samelewingsinstellings en religie;
  - de-sakralisasie van die wêreld;
  - die transposisie of omskakeling van religie en sy institusies.
- 
- Die veranderde en verminderde plek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk binne die totale sosiale reikwydte van Suid-Afrika kan aan die invloed van sekularisasie toegeskryf word.
  - Sekularisasie se klem lê weg van die publieke sfeer na die private sfeer. Dit lei nie alleen tot privatisering van godsdienste nie, maar veroorsaak dat 'n godsdienstige instelling, soos die kerk, sy sosiaal-oorkoepelende funksie verloor (Kruger 2014:3).
  - Die afleiding is gevolglik duidelik dat die drie Afrikaner hoofstroomkerke verby Modernistiese strukture sal moet beweeg. Binne die postmoderne tydperk moet die kerk mense gaan bedien waar hulle is. Verder is verskeidenheid in styl van bediening ook belangrik.

Die samelewing as verskynsel is 'n produk van menslike interaksies. Hierdie meelewing het 'n deurlopende, terugwerkende effek op die mens, sodat die mens as 'n produk van die samelewing beskou kan word. Die individu word as persoon binne die samelewing gevorm en die identiteit wat hy bekom en handhaaf, word bepaal deur die sosiale prosesse binne die samelewing. Individue van 'n spesifieke samelewing reflekteer die inherente aard van die kollektiewe samelewingsgoedere, soos byvoorbeeld die unieke taal of kultuur daarvan (Kruger 2014:19). Die proses van menslike interaksie waardeur die samelewing tot stand kom, is kollektief van aard. Die mate waarin die waardes en oortuigings van die kollektiewe samelewingsgoedere in die lewe van individue geld, hang af van die mate waarin hierdie goedere vir die individu 'n aanvaarbare lewensrealiteit skep. Die samelewing as objektiewe realiteit voorsien dus 'n relevante lewensruimte vir sy mense om in te woon (Kruger 2014:19-20). Ons word dus deur die samelewing gevorm en die samelewing vorm ons. Dit sluit aan by Berger (1990:15) wat die standpunt huldig dat ons

deur die samelewing gevorm word en dat die samelewing ons vorm. Die vraag wat vir die navorser in die konteks van hierdie studie ontstaan is die volgende: Het godsdiens-sosiologie van die Afrikaner Suid-Afrika help vorm? Of het die samelewing die godsdiens-sosiologie van die Afrikaner gevorm? Of was beide aspekte aan die werk?

Waar sosialisering suksesvol is, het hierdie sosiale instellings en die geïnstitutionaliseerde aksies wat daardeur verteenwoordig word 'ipso facto' bestaansreg (Berger 1990:31). Die rol van Publieke opinie is volgens Kruger die volgende:

“Wat opmerklik is binne elkeen van die sfere in 'n moderne samelewing is die ruimte vir publieke opinie. Publieke opinie beïnvloed die aard van die samelewing, die grondwaardes van die samelewing, die gemeenskaplike uitdagings en prioriteite van 'n samelewing.” (Kruger 2014:22).

Voor 1994 was die publieke opinie gekoppel aan apartheid. Na 1994 was die publieke opinie sterk teen apartheid en het die Afrikaner hoofstroomkerke 'n negatiewe publieke opinie ervaar.

Voor 1994 het die Afrikaner hoofstroomkerke gemaklik meegewerk aan die proses om apartheid te implementeer. Na 1994 het die Afrikaner hoofstroomkerk weerstand gebied teen 'n sosiale veranderingsproses, wat wel oor die laaste twee-en-twintig jaar plaasvind, hoewel reïfikasie nog moet plaasvind.

Kruger belig 'n hele aantal sake wat tans die Afrikaner beïnvloed op die pad na die toekoms. Die historiese sosiale identiteit van die Afrikaner het 'n groot invloed op hoe die Afrikaner na die politieke veranderinge na 1994 gereageer het. Dit is duidelik dat Afrikaner hoofstroomkerke sosiale spanning ervaar het na 1994. Met die paradigma wat vanaf die sewentigerjare geskuif het, het paradigma verlamming (soos beskryf in hoofstuk 3 van hierdie navorsing) plaasgevind.

#### **4.7 Kayser se perspektief**

Kayser (1980:161) meen:

“Gesien vanuit die samelewings is sosialisering die proses waardeur die betrokke samelewing sy kultuur as besondere lewenswyse van die een geslag aan die ander oordra en individue



laat aanpas by die aanvaarde en wenslike wyses van geordende maatskaplike lewe. Die feit dat daar binne die meeste groeperinge 'n sekere mate van sosiale kontrole aangetref word, impliseer dat hierdie groeperinge dikwels 'n bydrae lewer tot die stabiliteit van die samelewing.”

Kayser (1980:149) stel dit dat godsdienste en ideologieë bepaalde lewens- en wêreldbeskouings impliseer en dit is in terme van hierdie beskouings dat daar ook in hierdie verband oor wenslikhede of onwenslikhede geoordeel word.

Volgens Kayser (1980:151) word elke subsisteem van die ander onderskei deur die bepaalde funksie wat daardie subsisteem in die sosiale sisteem verrig. In hierdie geval kan van die subsisteme ook gepraat word as institusionele komplekse van die samelewing. Voorbeelde van sodanige institusionele komplekse wat in die samelewing aangetref word, is onder andere, die ekonomiese stelsels, verwantskapstelsels, godsdienststelsels, regstelsels, opvoeding- en onderwysstelsels, politieke stelsels, ens.

Al hierdie stelsels is komplekse van die strukturele en funksionele elemente wat vroeër onderskei is en elkeen staan in verband met 'n bepaalde soort handeling of gemeenskapsbelang. Sekere institusionele komplekse (of subsisteme van die gemeenskap) konsentreer dus, of fokus op, bepaalde funksies. Gevolglik kan hierdie navorsing Kayser se standpunte soos hier belig word, onderskryf. Dit wil nie impliseer dat 'n bepaalde institusionele kompleks slegs een bepaalde funksie in die gemeenskap verrig nie, maar dat dit ook in sy funksionaliteit, flegmaties verbonde is aan die funksies van ander institusionele komplekse. Godsdienst byvoorbeeld, as institusionele kompleks, hou primêr verband met die funksie van patroonhandhawing in die gemeenskap, soos dit gemanifesteer word in die belangrike rol wat die godsdienst speel in die motivering van die individue tot konformering aan die sosiale norme en waardes (Kayser 1980:151-152).

Dit is duidelik dat Kayser aansluit by Kruger oor die sosiologiese raamwerk van godsdienst in die samelewing. Vervolgens gaan ons dieper delf na die historiese wortels wat die Afrikaner nou en in die toekoms gaan beïnvloed.

#### **4.8 Die Sosiale konteks van die Afrikaner - 'n Historiese interpretasie**

Wie en wat die Afrikaner is, is direk beïnvloed deur sy geskiedenis. In 1652 het 'n groepie Nederlanders 'n handelspos aan die Kaap begin. Hulle was beïnvloed deur die leefwêreld in Europa en hul sosiologiese identiteit in Nederland. Die

situasie waarin hulle in die sewentiende eeu geleef het (sitz im leben) het hulle sosiale identiteit bepaal. Binne hierdie bepaalde identiteit het hulle aan die Kaap gearriveer.

Dit moes vir hulle 'n geweldige skok gewees het om hulle op die bodem van Afrika te vestig. Hulle het gekom vanuit 'n goedontwikkelde Europa waar Nederland in daardie leefwêreld op 'n vooruitstrewende internasionale vlak was. Die barre onontwikkelde situasie moes 'n beslissende invloed op hul gehad het. Die setlaars het vinnig in kontak gekom met die inheemse bevolking wat in 'n radikaal ander leefwêreld geopereer het.

Dit is duidelik dat daar drie groepe setlaars aan die Kaap geleef het.

Eerstens was daar die bestuurders wat getaak is deur die Here XVII om 'n handelstasie aan die Kaap te kom vestig. Die Here XVII was 'n privaat Nederlandse maatskappy met gedelegeerde staatkundige bevoegdheid van die Nederlandse regering om 'n handelspos aan die Kaap te vestig. Jan van Riebeeck was die leier van die ekspedisie en 'n werknemer van die VOIC tussen 1652 tot 1662. Ons kan aflei dat hierdie 'n klein groepie was.

Tweedens was daar 'n klomp matrose en werkers wat vanuit 'n baie lae middelklasvlak gekom het. Hulle was dikwels in 'n desperate situasie in Europa as gevolg van werk en lewensomstandighede en het eintlik nie 'n keuse gehad as om hul aan die Kaap te kom vestig nie. Dit was ook 'n groep wat na oorloë in Europa geen heenkome gehad het nie en noodgedwonge en ter wille van oorlewing hul aan die Kaap kom vestig het. Nederland is tot 1648 deur Roomse Spanjaarde geregeer. Dit is beëindig na die tagtigjaar-oorlog in Nederland en het godsdienstvryheid ingelei in Nederland.

Die derde groep was avonturiers en handelaars wat vir die ervaring na die Kaap gekom het.

Die setlaars moes hulleself tuismaak en nuwe kompas-oriënteringspunte vind in hierdie vreemde omstandighede. Hulle het nie ondersteuning van 'n owerheid gehad nie. Die Here XVII was 'n maatskappy wat optimale wins nagestreef het. In hierdie proses is die Vryburgers baie benadeel en het 'n weerstand teen die owerheid ontwikkel. In die kolonies is slegs die Protestantse Nederlandse geloof beoefen.

Verskeie kulture het hul aan die Kaap kom vestig. Naas die Nederlandse setlaars was daar 'n groot groep Duitse setlaars wat na oorloë in Europa, uit nood, 'n

voetholte aan die Kaap kom vind het. Die Franse Hugenote het as geloofsbannelinge na die Kaap gekom.

Verskeie slawe uit die Verre-Ooste het in die Kaap beland. Hierdie verskeie kulture en godsdienste het saam 'n nuwe identiteit gevorm wat later bekend sou staan as Afrikaners.

In hierdie hoofstuk word gepoog om die fundamentele dryfvere te identifiseer wat die Afrikaner gevorm het. Die Afrikaner se fundamentele sosiale identiteit moet ontsluit word sodat 'n korrekte sosiale profiel verkry kan word om 'n resente sosiale identiteit van die Afrikaner saam te kan stel. Hier sal ons Berger se teorie, dat 'n samelewing individue vorm en die individue 'n samelewing, duidelik aan die werk sien.

Eerstens word drie historiese fundamentele aspekte wat in die literatuurnavorsing na die oppervlakte gekom het, ontsluit:

- Die frustrasie en botsing met die owerheid; en
- Die identiteit van die Afrikaner; asook
- Die Afrikaner in sy rassebeoordeling.

Daarna werk ons in die navorsing, deur drie paradigmas van die Afrikaner saam te stel:

- Die eerste paradigma is 'n evaluering van die Afrikaner in die 1970's van die vorige eeu;
- Daarna volg die sosiale paradigma van die leefwêreld van die Afrikaner tans; en laastens
- Die sosiale paradigma van die leefwêreld van die Afrikaner oor twintig jaar saamgestel.

Ons begin met die Afrikaner-identiteit oor sy frustrasie en botsing met die owerheid.

#### **4.8.1 'n Historiese Interpretasie - Frustrasie en botsings met die Owerheid**

Giliomee (2004:9) meen vryburgers het vroeg reeds die Kompanjieregering aan die Kaap gewantrou. Al hulle produkte moes aan die Kompanjie verkoop word teen die prys wat die Kompanjie vasgestel het. Die Kompanjie wou maksimum wins maak en het daarom die laagste moontlike pryse aan die vryburgers aangebied. Die vryburgers was verarm en daar het teen 1750 ernstige armoede aan die Kaap geheers (Giliomee 2004:13). 'n Selfsugtige ekonomiese beleid is

deur die Kompanjie gevolg en die burgers is onderdruk (Van Jaarsveld 1976:39). Die Kompanjie het deur wanadministrasie ondoeltreffend regeer (Van Jaarsveld 1976:39).

Die goewerneur aan die Kaap, Willem Adriaan van der Stel, was skatryk. Hy het een vyfde van alle koring aan die Kaap geproduseer. Teen 1705 het hy 18,000 skape en 1,000 beeste gehad. Hy het voorkeur vleis, wyn, vis en koring gelewer aan skepe, die hospitaal en Kompanjiespersoneel (Giliomee 2004:20). Daar het 'n botsing ontstaan tussen die amptenare-elite en die burger-elite. Adam Tas, Henning Hussing en Jacob van der Heyden het 'n versoekskrif aan die owerheid in Batavia gerig en amptenare van wangedrag beskuldig. Die amptenare was woedend en het Tas en 'n paar leiers in die Donker Gat in Die Kasteel aangehou. Die amptenare het hulle as die Kompanjie se 'wettige kinders' beskou en die burgers as 'onwettige basters' sonder enige wetlike regte (Giliomee 2004:23).

Na ses maande is die bevel herhaal dat amptenare nie mag handel dryf nie en hul plase moes verkoop word. Hierna is Van der Stel en sekere amptenare teruggedroep Nederland toe. Dit was 'n groot oorwinning vir die vryburgers (Giliomee 2004:21).

Teen die 1770's het Kompanjie-amptenare verbloemend met ryk burgers saamgewerk in eie handelsaktiwiteite. Daar was 'n versoekskrif van 400 burgers wat verlof gevra het om die Here XVII in Holland te gaan spreek en die Goewerneur aan die Kaap het dit geweier (Giliomee 2004:43). Daar het nie veel van hierdie versoeke gekom nie en tog was selfs Kaapsgebore senior VOIC-amptenare geneig om veral eenvoudige grensboere teen die laat agtiende eeu te minag (Giliomee 2004:45).

Teen 1792 het die Kompanjie begin om in duie te stort en op daardie stadium meen Giliomee (2004:53) is die Kompanjie se gesag oral bevraagteken. Na die Franse Rewolusie het Franse magte Nederland in 1795 binne geval en die Oranje Party verslaan. Die Prins van Oranje het na Engeland gevlug en Groot Brittanje versoek om die Kaap in September 1795 te beset (Giliomee 2004:53).

Die wortel van die Afrikaner se identiteit gaan gevolglik terug na die frustrasie en botsing met die Nederlandse Kompanjie-owerheid. Die Afrikaner het van vroeg af 'n negatiewe belewenis teen onreg opgebou en dit het in 'n stroomversnelling beland vanaf 1806. Hierdie tendens het net meer verskerp nadat die Britse bewind hulself as owerheid van 1806 permanent aan die Kaap kom vestig het.

Nadat die Britte die regering in 1806 oorgeneem het, het die frustrasie teen die verengelsingsbeleid opgewel. Dit was veral Lord Charles Somerset wat Skotse onderwysers en predikante van Groot Brittanje ingevoer het om skool en kerk te verengels.

Die frustrasie teen die Engelse regering en hul swak bestuur het aanleiding gegee dat die Groot Trek plaasgevind het (Giliomee 2004:108). Giliomee (2004:108) meen die oorsake vir die Groot Trek kan opgesom word as die gevolg van die gebrek aan grond, arbeid en veiligheid. Oor 'n lang tyd is versetskrifte gerig aan die Britse owerheid, dit het egter deurlopend op dooie ore geval.

Burgers, veral in die Oos-Kaap, het gevoel dat hulle gemarginaliseer is. Die vrystelling van slawe in 1834 was moontlik die laaste strooi as rede vir die Groot Trek (Giliomee 2004:109).

Na die Sesde Grensoorlog het die Oos-Kaap burgers wat deur kolonel Harry Smith opgeroep is, na die oorlog nie vergoeding gekry nie, hulle perde is afgevat en hulle moes ver huis toe stap. Britse amptenare en offisiere het hulle bloot as ondergeskiktes behandel (Giliomee 2004:113).

Die Kaapse goewerneur, Fairburn, het in 1837 geskryf dat Piet Retief en sy mense onmiddellik moes terugkeer na Kaapland of die gevaar loop om voor die voet doodgeskiet te word (Giliomee 2004:159).

Dit is met uiterste pyn, frustrasie, hartseer en woede dat die Afrikaner die Groot Trek aangedurf het. Die oorweldigende emosie met die aanvang van die Groot Trek was dat die koloniste in die steek gelaat gevoel het. Die Groot Trek is uit hopeloosheid en frustrasie aangepak.

Volgens Van der Watt (1977:3) was die eintlike redes vir die Groot Trek primêr:

- a) 'n gebrek aan grond,
- b) 'n gebrek aan kapitaal, en
- c) 'n gebrek aan arbeid.

Van der Watt (1977:4) noem ook geestelike redes vir die Groot Trek:

- a) gelykstelling tussen wit en swart,
- b) 'n opkomende Afrikaner-nasionalisme teen die Britse owerheid aan die Kaap, en
- c) 'n behoefte aan selfregering.

Daar kan verder bygevoeg word dat 'n behoefte aan 'n eie identiteit ook teenwoordig was. Hieruit het daar vanuit 'n individuele vlak mettertyd 'n gevoel van Afrikaner-Nasionalisme ontwikkel en gestimuleer is deur 'n gevoel van onreg wat ontstaan het uit die wyse hoe die Britse owerheid die Afrikaner van die Oosgrens hanteer het.

Die aspek van frustrasie en botsing met die owerheid is verhoog met die Afrikaner op die trekpad. Na onstuimige ervarings op die trekpad, loop die Afrikaners hulle in Natal vas teen die Britse owerheid. Omdat die Britse owerheid imperialiste was, annekseer hul Natal in 1838. In 1842 het die Britse minister van kolonies die anneksasie goedgekeur en op 12 Mei 1843 is Natal tot Britse kolonie geproklameer (Giliomee 2004:130).

Die feit dat daar reeds in 1842 'n betoging van Afrikaners in Pietermaritzburg plaasgevind het, wys hoe diep die frustrasie teen die Britse owerheid was. Advokaat Henry Cloete het namens die Britse owerheid, die Trekkerowerheid ontmoet. Teen 1848 besluit Andries Pretorius om Natal te verlaat as gevolg van die Britse oorheersing (Giliomee 2004:130).

Die frustrasies het egter nie opgehou na Pretorius in die Vrystaat gevestig het nie en nog meer botsings sou volg:

Goewerneur Harry Smith het Pretorius as 'n ernstige bedreiging vir Britse belange beskou. Hy het met 800 manskappe Pretorius by Boomplaats verslaan. Dit het die Vrystaat onder Britse bewind gebring en Pretorius het hul onafhanklik gaan vestig oorkant die Vaalrivier in die Pretoria-omgewing (Giliomee 2004:134).

Teen die 1860's het Groot Brittanje in die Hoëveld begin inmeng. In 1871 het Groot Brittanje die ryk diamantvelde geannekseer (Giliomee 2004:145). Met 'n Britse regering in Natal het Shepstone teen 1877 gepoog om die Zuid-Afrikaansche Republiek te oorreed of te dwing om Britse gesag te aanvaar as 'n federasie van kolonies en republieke onder die Britse vlag (Giliomee 2004:187). Die herhalende bedreiging en druk van die Britte om hul Imperialistiese drange oor die Afrikaners uit te oefen, is deurlopend negatief ontvang en het baie weerstand teweeggebring. Ekonomies is die Afrikaner telkens verarm en wou die Britte deur imperialisme hulself ekonomies versterk. Uiteindelik het die frustrasies teen die Britse owerheid uitgeloop op twee vryheidsoorloë. Die Jameson-inval in 1896 het die Afrikaner se frustrasie verder verhoog.

Teen die einde van die negentiende eeu het frustrasie en botsings met die owerheid, die identiteit van die Afrikaner in sy sosiale identiteit onvermydelik gevorm. Op godsdienstige gebied was daar negatiewe gevoelens teen Britse sendelinge wat as verlenging van die Britse owerheid beskou is... Op spirituele gebied het die Afrikaner hulle gedistansieer, en het 'n behoefte aan Nederlandse predikante toon. 'n Goeie voorbeeld is Ds. Van der Hoff wat die Voortrekkers in Potchefstroom bedien het, en van die Nederlandse Hervormde Kerk afkomstig was. Ds. Postma het die Voortrekkers by Rustenburg gaan bedien. Hy was afkomstig van die Gereformeerde Kerk in Nederland en stig die GKSA in 1859 in Suid-Afrika.

#### 4.8.2 'n Historiese Interpretasie - Afrikaner-identiteit

Die fundamentele vraag na historiese karaktertrekke bly die skopus van hierdie aspek van die navorsing.

Volgens Giliomee (2004:xvi) het die Afrikaner tot dusver die grootste impak, goed of sleg, op Suid-Afrika gemaak. Afrikaans is net een van vier tale in die wêreld wat in die twintigste eeu ontwikkel het en dit het binne 'n kort tyd gebeur (Giliomee 2004:xvi). Die verhaal van Afrikaners is vol drama, ironie en paradoks (Giliomee 2004:xvii).

Meer as een senior Kompanjie-amptenaar het die begeerte uitgespreek om Kaapstad te bevry van die 'vryburger-skuim' en het die kroë as die moeder van die skandalige praktyke bestempel (Giliomee 2004:9).

Volgens Giliomee (2004:27) het Europese besoekers grensboere bestempel as 'wild' of 'ontaard'. Predikante het gewaarsku dat hulle lewenswyse 'n bedreiging vir die Europese lewenswyse is. In 1776 het Swellengrebel, wat Swellendam gestig het, opgemerk dat die meeste grensboere nie veel beter leef as die Hottentotte nie (Giliomee 2004:9). Giliomee (2004:29) meen geen egter dat 'n witmens was nooit 'n slaaf in Suid-Afrika nie. Slawe het primêr van Indonesië, Indië en Madagaskar gekom.

“Amptenare het dikwels met kommer opgemerk dat die arm burgers met slawe drink en dobbel. Die slawelosie in Kaapstad is gebruik as bordeel, nie net deur slawe en matrose nie, maar ook deur burgers en Kompanjie dienaars in die laer range.” (Giliomee 2004:31).

Hierdie aspekte toon die belangrike saak van 'n sosiale snit binne die Afrikaner se identiteit aan. Drankmisbruik en ander euwels kom dikwels voor waar frustrasie en gesigloosheid voorkom. Dit was duidelik aanwesig by sommige vryburgers wat met die VOIC koppe gestamp het.

Giliomee (2004:27) reflekteer oor Cornelius de Kiewiet se siening oor die Afrikaners:

“Their life gave them a tenacity of purpose, a power of silent endurance, and the keenest self-respect. But the isolation sank into their character, causing their imagination to lie fallow and their intellects to become inert. Their tenacity could be degenerate into obstinacy, their power of endurance into resistance to innovation, and their self-respect into suspicion of the foreigner and contempt for their inferiors.”

G. Heaton Nicolls, 'n Natalse politikus, was voor Uniewording van mening dat hulle aanvaar het dat die Afrikaner na die hoër kultuur en waardes van die Britse kultuur sou gestreef het (Giliomee 2004:313).

Dit word verder belig deur Allister Sparks. In sy werk 'The Mind of South Africa' skryf Allister Haddon Sparks (1990) die Europese koloniste wat hulle aan die Kaap kom vestig het, was volgens hom:

“Surely the simplest and most backward fragment of Western Civilization in modern Times” (Sparks 1990:85).

Dit is duidelik 'n sterk Engelse persepsie, waarin stereotipering soos beskryf in hoofstuk 2 van die navorsing, aanwesig is. Hoewel hierdie skrywers miskien harde persepsies oor die Afrikaner mag dra, is daar 'n ondertoon by Giliomee aanwesig, wat stereotipering bevestig.

Soos Koloniste al dieper die binneland ingetrek het, het isolasie deel van die Afrikaner se identiteit geword. Dit moet gesien word binne die lig van die isolasie wat reeds na 1652 'n invloed uitgeoefen het as gevolg van swak kommunikasie tussen die Kaap en Europa.

Die Afrikaner het 'n duidelike multikulturele identiteit in terme van sy oorsprong.

Volgens Van Jaarsveld (1976:41) het 'n smeltkroes, veral uit Europa, die Afrikaner op die bodem van Afrika gevorm. Die meeste mense in die burgergemeenskap was van Hollandse en Duitse afkoms. Volgens J.A. Heese (1971) was:



- 36% Nederlands,
- 35% Duits,
- 15% Frans en
- 7% nie-Europeërs (Giliomee 2004:40).

Opmerklik is die invloed van die Franse Hugenote. In 1688 het daar 150 Hugenote as Protestantse vlugtelinge na die Kaap gekom. Volgens Giliomee (2004:11) het die Franse Hugenote 'n positiewe inspuiting aan die Kaap bewerk en was meer suksesvol op landbou en ekonomiese gebied as hul Hollandse en Duitse mede-Kaapbewoners.

Hierdie voortdurende frustrasies en botsings het 'n diep letsel gelaat op die Afrikaner-identiteit tydens die Groot Trek en die res van die negentiende eeu. Hierdie negatieweit is versterk deur die Engelse wat as 'n groot internasionale mag gewees het hoe om imperialisties in Afrika te werk. Die Afrikaner het gedurig teen die Engelse vasgeloop en dit het 'n diep wantroue geskep. Daarom was die Afrikaner bereid om die wapen in twee Vryheidsoorloë teen Engeland op te neem.

Een van die redes waarom die Afrikaner Engeland in Vryheidsoorloë aangevat het, is daaraan gekoppel dat hulle hul vryheid wou behou; dit was, in die eerste instansie, waarom die Groot Trek plaasgevind het (Van Der Watt 1977:34-35). Tweedens het die Afrikaners hulself as goeie krygsmanne beskou en het tydens die Groot Trek goeie sukses behaal. Die skok van die Tweede Vryheidsoorlog was groot. Daar was volgens Van Der Watt (1980:187) verskillende kampe en baie verwyte. Daar was bittereinders (wat nooit die wapen neergelê het nie), asook hensoppers wat vinnig saam met die Engelse gewerk het. Stryd en verset was deel van die herhalende patroon binne die Afrikaner-identiteit.

De Vries (2012:71) haal ook Pik Botha, voormalige minister van buitelandse sake, in 'n persoonlike onderhoud aan, wat meen dat die trauma, lyding, pyn, en droefheid as gevolg van die Anglo-Boere Oorlog, nie begryp word nie.

Dit word bevestig deur 'n refleksie van oudminister Leon Wessels:

Cyril Ramaphosa het tydens die grondwetlike onderhandelings voor 1996 aan destydse minister Leon Wessels gevra waarom die Afrikaner nooit die Engelse vergewe het nie? Wessels het later geantwoord dat die lyding en die vernedering van die Boere gedurende die Anglo-Boereoorlog in die psige van die Afrikanergemeenskap ingekerf is. Wanneer die een groep 'n ander minder ag, en as 'n laer stand beskou, word dit die teelaarde van diskriminasie en minagting (De Vries 2012:63).

Kort na die Vryheidsoorlog maak John Merriman, Eerste Minister in die Kaapkolonie, die volgende opmerking oor Afrikaners:

“Many things the Afrikaner lack – imagination, education, energy – but faith they certainly have and that keeps them strong and sound” (Giliomee 2004:336).

Merriman stel sy mening oor die Afrikaner kort na die draai van die vorige eeu. Hierdie geloof waarna Merriman verwys, was dat daar deur die drie Afrikaner hoofstroomkerke hard gewerk is dat versoening in die identiteit van die Afrikaner ingeskryf word. Die NG Kerk in die Vrystaat verklaar reeds in 1905 tydens haar Sinodesitting:

“De Kerk zal doen wat in haar vermogen is om vrede en versoening te bewerken, en het Evangelie der versoening en genade zal triomferen.” (Van Der Watt 1980:189).

Vanaf 1910 was Afrikaans toenemend die sleutel tot onderwys en dit saam met maatskaplike opheffing en ekonomiese sukses het die Afrikaner-identiteit van barbaars na opgevoed begin hervorm (Giliomee 2011:3).

Die rol van die Afrikaner Broederbond wat in 1918 gestig is, moet nie onderskat word nie. Dit was egter vir bykans sewentig jaar ’n geheime organisasie. Die vereistes om lid te word het baie van Afrikaner-identiteite belig: Afrikanermans van Protestantse geloof, blank, skoon van karakter en vas van beginsel, wat Afrikaans bevorder en Suid-Afrika as hul vaderland aanvaar (Giliomee 2004:352).

Die Afrikaners het nie almal op die boot van Afrikanernasionalisme geklim nie. Genl. J.C. Smuts het saam met sy prominente volgelingen onder andere C. Louis Leipoldt, Gustav Preller, Deneys Reitz en Jan Hofmeyr ’n ander stempel afgedruk (Giliomee 2004:349). Smuts se fokus was om deel van die Statebond van Suid-Afrika te bly en om die fokus na die internasionale gemeenskap te verskuif. Sy Afrikaanse volgelingen was meestal ryker en goed opgevoed (Giliomee 2004:348). Sy fokus was op vereniging van Afrikaners en Engelssprekendes waarin Groot Brittanje wel ’n naelstring behou (Giliomee 2004:351).

Verskeie stutorganisasies het saam met die Afrikaner Broederbond Afrikanernasionalisme bevorder. Die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) is in 1929 gestig en die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) in 1930 (Giliomee 2004:354).

Binne die Afrikanerdenke het Afrikanernasionalisme 'n belangrike rol gespeel. Twee van die standpunte oor Afrikaner-identiteit was:

“Die Afrikaner het armoede in hul eie geledere self opgelos” en  
“Die Afrikaner het hulleself gered deur hulle uit eie krag op te hef”  
(Giliomee 2004:304).

Smuts was 'n briljante student aan Cambridge Universiteit en het onder Alfred Marshall studeer. Marshall publiseer in 1890 'Principles of Economics'. Dit het Smuts beïnvloed wat ook Westerse denke 'n halfeeu oorheers het met 'n neoklassieke vertrekpunt. Die kernbeginsel was die soewereiniteit van die verbruiker waarop die mark reageer. 'n Ekonomie het sy ewewig wat nie van buite versteur moes word nie (Giliomee 2004:277-278). Vanuit hierdie perspektief het Smuts geglo dat ekonomiese ontwikkeling van blankes en swartmense rassespanning sou verminder (Giliomee 2004:255). Smuts was 'n Afrikaner wat in die oorlogskabinet in London gedien het tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy het internasionale erkenning verwerf en het 'n proefskrif 'Holism and Evolution' geskryf (Giliomee 2004:245-246).

Hiervolgens was alle vorme van lewe onderling verbonde en word deur heling opgeneem deur hoër vorme van lewe. Smuts kan beskou word as 'n rigtinggewende Afrikaner wat as 'n brugbouer tussen die Afrikaanse en Engelse gemeenskappe versigtig uitgereik het om swart mense in te lyf deur voorgdyskap in hierdie hoër lewe.

Teenoor Smuts het Hertzog sy invloed as Afrikanerleier in die eerste helfte van die twintigste eeu uitgeoefen. Hy het in die 1890's in Amsterdam studeer en is geïnspireer deur Abraham Kuyper, Nederlandse predikant en politieke leier (Giliomee 2004:277-278).

Volgens die Calvinistiese Kuyper was armoede nie liefdadigheid nie, maar 'n Christelike plig. 'n Aspek wat die Afrikaner in sy identiteit dra, is sy behoefte aan sy eie soewereine grondgebied (Van der Watt 1977:41;34-35). Is dit die rede waarom die Afrikaner hierdie ideaal byna obsessief nagejaag het deur sy geskiedenis?

Giliomee (2004:232vv) wy 'n hoofstuk aan die Afrikaner se soeke na 'n 'witmansland'. Die Afrikaners het deurlopend met Engelssprekende Suid-Afrikaners in stryd gegaan oor die hantering van swart mense. Dit was reeds die geval in die tyd van Merriman in die Kaap volgens Giliomee (2004:238) teen die draai van die vorige eeu.

Hertzog het die Nasionale Party duidelik polities gelei. Die Afrikaner is vooropgestel en die swartmense is polities uitgesluit (Giliomee 2004:255). Hierdie behoefte aan eie regering en die negering van swartregte gaan terug na die verliese van Afrikaners en die armoede-vraagstuk (Giliomee 2004:274-275).

D.F. Malan was na sy studies in Nederland predikant van 1905 tot 1915. Daarna het hy redakteur van die Die Burger geword om hom vir die saak van die Afrikaner en spesifiek die armblanke te beywer (Giliomee 2004:278). Volgens Giliomee (2004:317) is Malan beïnvloed deur Immanuel Kant, Johann Gottlieb Fichte en Athur Schopenhauer. Hy was aangetrokke tot die Duitse romantiek. Hy was teen verengelsing en het die klem gelê op die Afrikaner se eie nasionaliteit, taal, godsdiens en karakter. D.F. Malan se invloed op die Afrikaner-identiteit moet nie onderskat word nie. Hy het Afrikaner-nasionalisme en Afrikaner-godsdiens binne 'n fyn balans aan mekaar gekoppel (Giliomee 2004:337). Giliomee (2004:337) stel Malan se bydra as volg:

“Die kerk is dus die instelling wat God gebruik om Afrikaners te lei en in 'n eenheid te smee. Die kerk is die waarborg van die Afrikaners se nasionaliteit.”

Kerk en staat het hier duidelik 'n oorvleueling en dr. Malan het die Nasionale Party regering vanaf 1948 so gelei. Dit het voortgeduur tot 1994 waar die Afrikaner hoofstroomkerk sentraal geplaas was. Daarom was die regeringsverandering na 1994 'n skok vir die Afrikaner hoofstroomkerke en moes hul 'n nuwe voetholte vind in 'n liberale demokratiese staat.

H.F. Verwoerd was die organiseerder van die volkskongres oor die armblanke-vraagstuk in 1934 (Giliomee 2004:300-302) en het in 1937 redakteur van Die Transvaler geword. Hy het 'n Afrikaner kwotastelsel bepleit in die besigheidswêreld (wat vergelyk kan word met vandag se BBBEE-program). Hy het dit teen Joodse minderheid gehad wat die Afrikaner in besigheid benadeel het (Giliomee 2004:369).

Die Afrikaner het in sy identiteit geweldig seergekry deur die groot droogte van 1933 waar plaasverliese uitgeloop het op 'n armblanke-vraagstuk in die stede. Die persepsie van die Engelsprekende Suid-Afrikaner vlei nie die Afrikaner nie.

Volgens Giliomee (2004:275) het die Engelse 'n persepsie oor Afrikaners in die eerste helfte van die twintigste eeu gevorm: Die Afrikaner is die vuil spoorwegwerker of die dom polisieman. Baie vroue het as gevolg van nood hul tot prostitusie gewend. Dit het die armblanke-vraagstuk in die 1930's

onderstreep. Die groot droogte van 1933 het boere wat sonder 'n hoë vlak van onderwys was na die stad laat trek. Daar is hulle na 1929 gekonfronteer deur 'n wêreld-resessie. In die stede het die Afrikaners hulself as ongeskooldes vasgeloop in armoede en moes kompeteer met ander kultuurgroepe wat bereid was om vir laer lone te werk.

Die selfwaarde van die Afrikaner, na meer as 200 jaar van minderwaardigheid, het verander met die Nasionale Party se oorwinning in 1948.

Die NG Kerk was 'ipso facto' 'n Volkskerk (Van der Watt 1987:346,353,357). Op 'n fundamentele begroding op Christenskap het Dr. Malan, Genl. Hertzog, Adv. Strydom en Dr. Verwoerd die identiteit uitgebou na 'n Afrikaner-nasionalisme. Hierdeur het 'n Christelik-Nasionale identiteit van die Afrikaner tot stand gekom waarop die Afrikaner se selfwaarde tot in sy wese opgehef is uit agterlikheid, armoede en onopgevoedheid.

Vanaf 1948 was die staatsmasjinerie saam met die Afrikaner hoofstroomkerke gerat om 'n Christelik-Nasionale identiteit in plek te sit. Die derde vennoot in die trilogie was die Afrikaner Broederbond (AB) wat as geheime organisasie vanaf die dertiger jare van die vorige eeu, fyn en strategiese waarde toegevoeg het tot die saak van die Afrikaner. Die NG Kerk het reeds na 1948 'n kommissie aangestel oor die invloed van die AB.

Sy bestaan, doel, vertroulike karakter en politiek is gevra en die komitee het soos volg gerapporteer:

“Volgens ons bevinding is die Afrikaner-Broederbond heilsaam en gesond. Dit bepaal hom enkel by die Afrikanervolk; dit laat hom nie uit oor ander volke nie. In al sy doen en late soek hy net maar die bevordering van die beste belange van die Afrikanernasie. Dit wil niemand benadeel nie, maar sy eie handhaaf in besonder langs geoorloofde weë en Afrikaanse paaie. Al wat die Bond verlang, is 'n onverdeelde trou aan Suid-Afrika. Almal word toegelaat, of hulle van Engelse of Franse of Duitse of Hollandse afkoms is mits hulle van Protestantse geloof is en Suid-Afrika as die enigste vaderland het. Waar daar politieke beskuldigings teen die Broederbond geslinger is, daar het dit gerus op misverstand of was dit kwaadwillig.” (Van der Watt 1987: 372-373).

Sonder politieke mag is die Afrikaner deur die Tweede Vryheidsoorlog, die armbanke-vraagstuk en die twee Wêreldoorloë. Dit was die Afrikaner

Broederbond wat die visie gehad het om die Afrikaner ekonomies op te hef en selfstandig te maak. In die proses is die Nasionale Pers (1915) gestig met De Burger as koerant. De Burger was ongeveer 40 jaar lank nie finansiëel winsgewend nie. In 1918 is Santam en Sanlam, as Afrikaanse korttermyn- en lewensversekeringsmaatskappy, gestig (Giliomee 2011:4). Dit is opgevolg deur Eskom (elektrisiteitsvoorsiener) in 1923, KWV (Wynprodusent) in 1924 en Yskor (staalvervaardiger) in 1928. Giliomee (2011:5) reflekteer hieroor as volg:

“Maar die Afrikaner se opkoms in die private sektor was nie skouspelagtig nie. Daar is soms gespot dat die Afrikaner se onkunde ’n bedekte seën was.”

Willie Hofmeyr het verklaar dat hy nie die ondernemings sou aangepak het as hy geweet het hoe moeilik dit sou wees nie. Maar, het hy bygevoeg:

“...nadat ons ons kop in die skrum gestee het, moes ons deurdruk”.

Hieruit is die vasberadenheid, maar ook die ekonomiese onbeholpenheid tydens die aanvangsjare van die Afrikaner duidelik. Dit word verder bevestig deur Giliomee (2011:5) as hy verwys na die woorde van Albert Wessels, ’n Afrikaanse Entrepreneur.

“Ons het daarvan bewus gebly dat ons ouers verslaan was en diep in ons gemoed het daar ’n sug na rehabilitasie ontstaan. Dit het ontwikkel in ’n drang dat jy minstens die gelyke van die veroweraars en hul nasate is.”

Die visie van die Afrikaner Broederbond (AB) om die Afrikaner ekonomies te bemagtig kom na vore as ongeveer sestig lede van die AB, Volkskas Bank as ’n koöperatiewe onderneming in 1934 stig. Die Afrikaner was kultureel en ekonomies heeltemal verstrengel (Giliomee 2011:5). In 1939 het ’n Ekonomiese Volkskongres in Bloemfontein plaasgevind met die tema: ’n Volk red homself (Giliomee 2011:12).

Die hele saak om die Afrikaner ekonomies te lanseer is hierdeur gestimuleer. Met die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 is die politieke en staatsmasjien ingespan. Die ekonomiese sukses was duidelik in die sestigerjare van die vorige eeu (Giliomee 2011:19). Teen 1980 was daar twee-en-twintig openbare korporasies en is na verwys as staatskapitalisme (Giliomee 2011:19).

Dit is duidelik dat die aanvanklike visie van die Afrikaner Broederbond (AB) duidelik geslaag het om die verarmde Afrikaner op te hef. In sy ekonomiese,

kulturele en staatkundige sukses was die Afrikaner in sy identiteit aangeraak en het duidelik 'n nuwe spoor met selfvertroue getrap.

#### 4.8.3 'n Historiese Interpretasie - Rasse-invloed

Volgens Giliomee (2004:6) was daar verskillende klasse in Nederland. Dit is belangrik om dit te verstaan as ons op die spoor is van die Afrikaner om sy latere identiteit te reflekteer:

- a) Bo-Aristokrate (klein groep)
- b) Hoë Bourgeoisie
- c) Burgerlike middelstand: Geskoolde ambagslui, winkeliers, handelaars (groot groep)
- d) Werkersklas wat swak betaal is
- e) 'Grou' – die droesem van die samelewing.

Met hierdie Europese klasse-siening arriveer die Nederlanders aan die Kaap. Tog was alle burgers gelyk voor die reg. Ingebed in die onderbewussyn het klasse-stratifikasie 'n indirekte invloed uitgeoefen binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Ons vind die eerste rasgemengde skool aan die Kaap teen 1663 (Scholtz 1976:136). Die wêreld van die Kompanjie het baie paradokse bevat. Die gebrek aan regte vir slawe en Khoi-Khoi werkers en die vrees vir gelykstelling het in skerp kontras gestaan met die aansienlike mate van integrasie in en om Kaapstad, waar witmense van alle klasse en gedoopte nie-Europeërs dieselfde kerk bygewoon het (Giliomee 2004:61). Die Calvinistiese motief, om kerklik inklusief te werk, was sterk aanwesig aan die Kaap. Die eerste militêre botsing tussen Hollanders en Hottentotte vind reeds in 1659 plaas (Tolmay 1995:44). Volgens Scholtz (1976:127) & Van Jaarsveld (1976:29) het die Nederlanders en ander Europese setlaars na 1652 nie 'n negatiewe gevoel oor rasseverskille gehad nie. Rasgemengde huwelike het plaasgevind en hul kinders is normaal in die samelewing opgeneem.

Dit is duidelik dat die lewe aan die Kaap kultuurverskille blootgelê het en dat daar 'n evolusionêre proses aan die gang was waar die Afrikaner oor tyd rasse-vooroordele ontwikkel het. Met die koms van die liberale Britse bewind na 1806 het die situasie verander. Aangevuur deur sendelinge soos Reid en Phillip het rassegevoelens groter geword. Die inhiberende toestande van die kulturele verskille en oorloë op die Oosgrens het negatiewe rassegevoelens op die spits gedryf.

Volgens Giliomee (2004:55) het Afrikaners 'n vrees vir rasse-gelykstelling gekoester. Dit is verskerp deur goewerneurs aan die Kaap soos Lord Somerset (1814 – 1826) wat stukkie grond aan die Khoi-Khoi toegeken het. Liberale sendelinge soos Philip en Read wat deurlopend Afrikaners aangekla het by die Britse owerheid, het groot weersin by die Afrikaners gewek (Giliomee 2004:63:89).

Ordonnansie 50 van 1828 het slawe, Khoi-Khoi en Xhosas op gelyke voet voor die regbank aan die Kaap geplaas (Giliomee 2004:66). Teen 1834 is slawe in die Britse Ryk vrygestel (Giliomee 2004:72) met volledige implementering daarvan op 1 Desember 1838. Giliomee (2004:73) toon aan dat boere die sweep, die kats of sambok aangewend het om slawe en werkers te tug. Slawe is met minagting aan die Kaap behandel bloot omdat hulle slawe was (Giliomee 2004:39).

Op die Oosgrens het blanke boere voortdurend met Xhosas oor veediefstal gebots. Dit was 'n kookpot en 'n negatiewe gevoel het vroeg in die negentiende eeu by die Afrikanerboere oor die Xhosas in die Oos-Kaap ontwikkel (Van Jaarsveld 1982:103-109). So het die Rondgaande Hof wat sake van Afrikaners teen Hottentot-aanrandings en Xhosa-veediefstalle ondersoek het, die naam gekry van 'Swart Omgang' (Muller 1985:139). Veediefstalle was aan die orde van die dag. Aksies en reaksies met verskeie grensoorloë het gelei tot die verharding van grense. Rassisme en weerstand het die Xhosas benadeel, maar hulle het aanhou aanvalle loots op grensboere (Giliomee 2004:97).

Stockenstrom was eers landdros en daarna kommissaris-generaal van die Oostelike Provinsie. Hy was 'n goeie administrateur, regverdig en beginselvas. Hy het geen illusie gekoester dat die burgers altyd reg opgetree het nie. Hy het ruiterslik erken dat die boere in die verlede wreedhede teen inboorlinge gepleeg het (Giliomee 2004:98). Daar was geen twyfel dat die Groot Trek gebore is uit rassevooroordele nie. Die Afrikaners op die Trekpad het 'n duidelike negatiewe rasse-onderskeiding gemaak.

As gevolg van die stryd wat die Voortrekkers op die trekpad met swart groepe, met pyn en bloedverlies, ervaar het, het die persepsie gevorm dat swart mense barbare is (Tolmay 1995:47). Volgens Tolmay (1995:5) het die Groot Trek beslis nie bygedra om die Afrikaner van sy rassevooroordele te stroop nie. Die voortdurende konflik tussen wit en swart het verder hiertoe bygedra. Die gebeure soos die moord op Piet Retief, die uitmoording van Voortrekkers by Bloukrans, Italeni - waar onder andere Piet Uys en sy seun Dirkie omgekome het,



Vegkop en al die ander botsings het 'n persepsie by die blankes laat ontwikkel dat swart mense barbare en heidene is en dat blankes wat Christene is, die volk van God is.

Tolmay (1995:5) noem dat dit die omgang tussen blank en swart radikaal beïnvloed het. Die logiese lyn wat gevolg is na aanleiding van bogenoemde persepsies, was dat stemreg en burgerskap slegs vir blankes gereserveer is. Die hoekstene van apartheid is sodoende in die noorde gevestig. Blankes het van swart mense verwag om vir hulle te werk. Swart kinders wat ouerloos was (dikwels na veldtogte teen swart stamme) kon wettiglik by blanke boere ingeboek word tot die ouderdom van 2 jaar. Sterk kritiek is teen die Zuid-Afrikaansche Republiek uitgespreek dat dit 'n verfynde vorm van slawerny is (Cameron 1991:152).

In die ZAR het die Hollandse predikant, Ds. Dirk van der Hoff, leiding geneem om 'n kerk te stig wat uitdruklik swartmense uitgesluit het (Giliomee 2004:138). Die regerings in Transvaal en die Oranje-Vrystaat het hulle baie duidelik uitgespreek teen gelykstelling van blank en nie-blank. In Transvaal is politieke skeiding onomwonde in verskillende grondwette gehandhaaf.

“In die Drie-en-dertig artikels van 1844 word byvoorbeeld verklaar: ‘Geene bastaarden zullen in onze vergaderingen als lid en regter mogen zitten tot het tiende gelid’ en in artikel 9 van die Transvaalse grondwet van 1858 staan ‘Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingeseten toestaan, noch in kerk noch in staat.’ Die Vrystaatse grondwet van 1854 het in artikel 1 bepaal dat al die blanke inwoners wat minstens ses maande daar woonagtig was, burgers van die Oranje Vrye staat sal wees.” (Lombard 1981:24).

Die status quo in die onderskeie provinsies ten opsigte van stemreg is gehandhaaf by die Nasionale Konvensie 1908-1909 en is geïmplementeer met Uniewording in 1910. Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 het nie-blankes dus geen direkte inspraak in die Volksraad gehad nie en was dit een van die belangrikste redes waarom die ANC in 1912 tot stand gekom het (Tolmay 1995:23).

Van vroeg af het die burgers geleer om die regering te wantrou, iets wat meer as drie eeue lank 'n kenmerk van die burgergemeenskap sou bly. 'n Komplekse samelewing was aan die vorm aanneem waarin in Europeërs, slawe en Khoi-Khoi verstrengel geraak het (Giliomee 2004:9).

Hierby het dit ook gebeur dat die Afrikaners gevorm is deur die rotsblokke van die swartmense met hul getaloorwig en die Engelssprekendes met hul kultuuroorwig.

Volgens die Handeling van die Raad van die NG Kerk (1935:94-99) maak die NG Kerk 'n keuse vir sosiale differensiasie en kulturele en geestes-segregasie. 'n Stuk meerderwaardigheid het histories by die Afrikaner ontstaan omdat hulle binne die Calvinisme geglo het hulle is uitverkies deur God (Tolmay 1995:42).

Generaal J.C. Smuts moes die krisis van die verstedelike swart mense aanspreek wat in krotbuurtes gewoon het en dikwels ernstige siektes opgedoen het. Hy beskou blankes as swart mense se voogde. Giliomee (2004:265) stel Smuts se standpunt as Eerste Minister:

“The natives have come here to our towns unprovided for. They have picked up our diseases, and found our white civilization a curse to them... The native question is so large. We know little about it.”

Smuts wou ordentlike huisvesting aan die swart mense verskaf en die woonbuurtes behoorlik bestuur anders sou dit 'n skandvlek op blankes wees (Giliomee 2004:265).

Deurdadig dat die drie Afrikaner hoofstroomkerke vanuit 'n voogdyskapbenadering nie-blankes benader het, het dit inslag gevind in die praktiese leefwêreld van die Afrikaner. Volgens die beginsel van voogdyskap moes die blankes verantwoordelikheid aanvaar vir die nie-blankes. Nie-blankes moes tot mondigwording gelei word. Intussen moes die blankes besluite neem wat - volgens hulle - in die beste belang van die nie-blankes is (Tolmay 1995:91).

Dit het aanleiding gegee tot Dr. Verwoerd se beleid van apartheid wat verdere rasse-isolasie teweeggebring het. Indien die geskiedenis van rassevooroordel in ag geneem word, het dit 'ipso facto' rassisme geaktiveer. Die woorde van oud-President Nelson Mandela tydens die Rivonia verhoor eggo dan skril binne hierdie konteks:

“I have fought against white domination, and I have fought against black domination. I have cherished the ideal of a democratic and free society in which all the persons live in harmony and with equal opportunities. This is an ideal for which I'm prepared to die.” (De Vries 2012:98).

Dan reflekteer oud-President Mandela aan oudminister Pik Botha die volgende oor die Afrikaner:

“I can understand all that, your pain, your suffering, your devastation, but what I never understand is why, when the Afrikaner at last succeeded in moving out of the state of devastation, why didn’t you reach out for your black brothers?” (De Vries 2012:72).

En oor die rede waarom die Afrikaner so opgetree het antwoord oudminister Pik Botha:

“... Daar is geen verskoning nie. Miskien, miskien is dit die agtergrond, die trauma, wat die Afrikaner blind gemaak het vir die onreg en onregverdighede wat hy gepleeg het, die onetiese apartheidsmaatreëls. Ons het opgesluit gesit in ons eie gevangenis. Om werklik vry te wees, moes ons ook vir die swartmense hul vryheid gee. Dan eers sou ons daardie rol kon speel wat ons behoort te speel: om die land saam vooruit te help.” (De Vries 2012:72).

Ten slotte kan opgemerk word dat daar vanaf 1652 ’n oop samelewing aan die Kaap was. Mettertyd het kultuurverskille ’n strydpunt geword tussen rasse. Die Voortrekkers het met ’n duidelike rassevooroordeel hul staat en kerklike lewe ingerig. Dit het oorgevloei na die twintigste eeu. ’n Kloof is tussen Afrikaner en ander rasse gevorm.

#### 4.8.4 ’n Historiese Interpretasie - Alternatiewe Denke

Teenoor Afrikaners wat die rassekloof in die samelewing aanvaar het, was daar van die vroegste tye ’n alternatiewe stroom wat die rassekloof teengestaan het. Tydens apartheid het Dr. Beyers Naudé en Breyten Breytenbach hul radikaal verset. Hulle is deur die regering gebrandmerk. Tog was daar ’n stroom van Afrikaners wat teen die normale vloei van apartheid negatief gereageer het.

Koos Kombuis is van mening dat Afrikaners moet aanvaar wat hulle is en nie daarvan af weghardloop nie (De Vries 2012:163). Die Afrikaanse taal het nuwe energie gekry deur kunstefeeste en Afrikaanse musiek (De Vries 2012:162). Intussen praat Afrikanersakemanne Engels met mekaar, Universiteite verengels en ’n groot groep jong Afrikaners emigreer (De Vries 2012:163). Volgens De Vries (2012:173) het Etienne van Heerden in ’n privaatgesprek oor die 1994 onderhandelinge gesê:

“Ons moet God op ons kaal knieë dank, want dit is ’n wonderwerk.”

Volgens Etienne van Heerden, word sekere momentums voortgedryf deur skuld, wit kapitaal, Afrikanerkultuur, die burokrasie, die Polisie se masjinerie (De Vries 2012:173).

“Dit het weer die Afrikaner ’n rede gegee om trots te voel, om hul identiteit te koppel aan iets anders as apartheid en die nadraai daarvan.”

De Vries (2012:72) meen Afrikaners kon daardeur stoom afblaas en weer op Suid-Afrika fokus met sy angste en kwellinge.

Antjie Krog het in 2009 by die Goethe-Instituut in Johannesburg ’n lesing aangebied onder die titel: ‘Rethinking the Nation’ waar sy ook die liedjie ‘De la Rey’ as sleutel gebruik (De Vries 2012:73). Krog reflekteer daaroor dat die ‘Bok van Blerk-generasie’ soos weeskinders is wat surrogaatouers nodig het vir rigting en betekenis. Jong Afrikaners wil nie direk hulle ouers kritiseer oor apartheid nie, maar moet tog die skuld daarvoor dra (De Vries 2012:74).

Miskien het te min tyd verloop na die trauma van onderdrukking. Moontlik het die Afrikaner te gou te veel mag in 1948 gekry, maar dit is seker dat die Afrikaner ná 1994 aan bomskok ly. De Vries (2012:66) meen dit is die rede waarom Bok van Blerk se liedjie ‘De la Rey’ so gewild was en 150,000 CD’s verkoop is. Wat sê die liriek van die liedjie ‘De la Rey’ vir ons van Afrikaner-identiteit?

“De la Rey, De la Rey, sal jy die boere kom lei, generaal, generaal, soos een man sal ons om jou val...” (De Vries 2012:65).

De Vries (2012:72) is van mening dat die lied ‘De la Rey’ ’n teken van Afrikaner-identiteit reflekteer. Die joernalis Max du Preez meen die liedjie ‘De la Rey’ is slegs ‘Viagra vir jong puisiegesigte en skaam kwaad ooms’ (De Vries 2012:67).

De Vries (2012:67) is persoonlik bevriend met Koos Kombuis wat ambivalente gevoelens oor die liedjie het. Hoewel hy dit as ’n baie oulike Afrikanerlied beskryf, klink dit vir hom soos ‘musikale laertrekery’ waarin die Afrikaner hul weer teen die swart mense verset.

Volgens Krog lei dit nie tot opstand nie, maar help dit die jeug om skuld te hanteer. Hulle eggo eerder Genl. De la Rey as rolmodel as Hendrik Verwoerd (die argitek van apartheid) (De Vries 2012:74).

Volgens Antjie Krog moet die Afrikaners die ruimte kry om hulleself te herdefinieer, waarin hulle hul selfbeeld weer aanpas. Duitsland, Rusland, Joego-

Slawië en Rwanda moes dit doen na gebeure in die twintigste eeu. 'n Nuwe herdefiniëring vind plaas na wedersydse vertroue en oomblikke van totale onbegrip, na suksesse en mislukkings (De Vries 2012:75-76).

Die geslag wit Afrikanermans tussen 45 tot 65 jaar oud het 'n bepaalde identiteit. Hulle is as jong seuns na die grens toe gestuur om te gaan veg en het ook 'n draai in die townships gemaak. Hulle moes emosies betuel deur nie direk op liefde en haat te reageer nie. Hulle het grootgeword om hulle ouers en gesag te gehoorsaam, deur gesien te word maar nie gehoor te word nie. Hulle moes bereid wees om te sterf vir die saak van die 'Ou Suid-Afrika' (De Vries 2012:94). Wit jong mans het gaan veg teen 'die rooi gevaar' en het van jongs af die begrip aanvaar dat die kommunistiese bedreiging 'n versimbolisering van die Antichris was (De Vries 2012:88).

Selfs die Afrikaanse musiek is ingespan om die saak van die Suid-Afrikaanse Weermag te bevorder. Tot 1986 is plate soos 'Troepie Tunes' met titelsnitte soos 'Jy's in die Army nou' gemaak. Sangeresse is vanaf Pretoria met belastinggeld opgevlieg om die weermagmanne te vermaak (De Vries 2012:89).

Dit is duidelik dat Afrikaners in die post-1994 gesukkel het met hul identiteit. Die vastrapplek vir die voet wat verdwyn het, het baie verskillende reaksies by Afrikaners ontketen.

#### **4.9 Paradigma I – Modernisme: Afrikaner van die Sewentigerjare**

Waarom tree die Neo-Calvinistiese Afrikaner in die Sewentigerjare op hierdie bepaalde manier op?

Vanuit die NG Kerk was daar sekere beïnvloeding. Kinghorn (1986:59) toon aan dat Piëtisme en Kuyperianisme 'n bepaalde invloed uitgeoefen het.

Op 'n sosiologiese gebied het die Piëtisme beklemtoon dat 'siele vir die koninkryk gewen moet word'. Daarom was sielsredding belangrik in die Murray-tradisie. Elke mens is gelyk, ten spyte van sy uiterlike.

Kinghorn (1986:59) noem dit Sendinggerigte Piëtisme. Dit is gekombineer met sterk puriteinse trekke. Die Puriteine het 'n sober, stil lewe van afsondering voorgestaan waarop 'n heilige lewe (afgesonderd vir God en anders as die wêreldse norme) geleef moet word. Dit was die tradisie wat die Skotse Predikante voorgehou het, waarvan die Murray-tradisie die duidelikste was. Die heiliging is dus individueel gefokus, maar het groot invloed uitgeoefen op

persoonlike soberheid, die heiligheid van die huwelik, 'n gesonde gesinslewe, Sabatsonderhouding en die toewyding aan die kerk.

In 1960 is 'Die Pil' as kontrasepsie vir die eerste keer op die mark geplaas. Dit het die gevestigde sosiale orde omvergewerp. Vroue kon vir die eerste keer langtermynloopbane beplan (Muller 2010:3). Dit het 'n paradigmaskuif in die samelewing meegebring. Gesinsgroottes het drasties afgeneem (Castleden 2005:536).

Vanaf die sestigerjare van die vorige eeu is die 'Womanslib' as 'n beweging van vroueregte ontwikkel. Dit het geresoneer in vroueregte in alle Westerse lande. Oral maak aspekte vir gelyke-geslagte, 'gender issue & gender studies', 'n groot impak (The New York Times 2007:480). Dit het 'n groot invloed op die toekoms van die samelewing in die een-en-twintigste eeu.

Turner (1980:3-4), 'n teoloog en akademikus, skryf die volgende:

“My hosts were for the most part gracious Afrikaners and it was in their homes that I first saw the religious roots of South African life, with the universal prayer before and after meals, devotions and church attendance, and the respect for parents. These roots were also seen in the number and size, and in some cases the exciting modernity of church buildings, in the size of the church-going community and hence the number of ministers and of students for the ministry. Then one learned of the serious attention given to preaching, its biblical basis, and the earnestness of pastoral visitation, even in the evenings and so to the whole family; and these functions supported by the continuing social status of the dominee and the generous giving of the members, and lastly, to missions, with the largest denomination showing one of highest per capita donations to missions to be found anywhere in the world. Examination of the education system supported this impression of being a most religious country... And where else in the world would one find the government taking the initiative in providing a three-year theological college for ministers of the African independent churches at state expense, as happened from 1972-1978 in the Sebokeng college that began near Vereeniging? I am aware that this feeling of being in a very religious country was supported by my contacts being mainly with Afrikaans-speakers, and that the acids of secularism have probably become more evident in the rest of the white community.” (Turner 1980:3-4).

Turner toon die diepgrondige geloof by Afrikaners in 1980 aan. Die drie Afrikaner hoofstroomkerke het drie religieuse konstruksies gevorm:

**a) Die burgerlike godsdiens:**

Burgerlike godsdiens dui vir ons die wyse aan hoe godsdiens in die samelewing vorm aanneem. Godsdiens ondersteun hier sosiale instellings in die samelewing. Dit kan ook 'n fokus op nasionale belang uitoefen. Die burgerlike godsdiens was dus 'n bruikbare instrument in die konsolidering van die Afrikaner se nasionale aspirasies voor en tydens die apartheidjare (Kruger 2014:49). Die Afrikaner het deur die Calvinistiese godsdiens volk en kerk versmelt. Kuyper (die bekende Nederlandse teoloog van die Vrije Universiteit van Amsterdam) het van 'n Christelike-staat gepraat. Hiervolgens kan 'n staat wetgewing en regspleging beïnvloed. Binne Afrikaner-Nasionalisme is dit aangewend om uiteindelik apartheid te implementeer. In die sewentigerjare van die vorige eeu is 'n Calvinistiese samelewing geskep waarin die Afrikaner sosiaal beskerm was. Dit het na vore gekom in perssensuur. Televisie-uitsending het eers in 1976 begin. Verskeie Sondagwetgewings is ook ingestel.

**b) Die apartheidsteologie:**

Volgens Rossouw (2001:99-100) het die teologie van apartheid wat aanvanklik ontstaan het verband gehou met die herstel van die Afrikaner se kulturele identiteit na die Tweede Vryheidsoorlog. Hierdie pastorale karakter is stadigaan vervang deur 'n nuwe vorm van apartheidsteologie wat te doen gehad het met die verstaan van die Afrikaner en sy rasseverhouding (Kinghorn 1986:117).

Teen die 1970's, het dit gelei tot die dokument 'Ras, volk en nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif', wat in Oktober 1974 deur die Algemene Sinode van die NG Kerk aanvaar is.

Dit het beleidmakers in die regering en die kerk iets in die hand gegee waarmee die beleid van apartheid geregverdig is. Belangrik hierin was sekerlik die aanvaarding van die teologie van volksveelvormigheid en die klem op die aanvaarding van volkere variasie as God se wil 'met die oog op die bevordering van die Godsryk' (Ras, volk en nasie 1975:43-44).

Verder is ook beklemtoon dat die kerk nie afsydig moet staan teenoor die volk nie, want die kerk vind midde in die volk sy bestaansruimte. Sodoende dien kerk sowel as volk die koninkryk (Ras, volk en nasie 1975:44). Dat apartheidsteologies per implikasie dus beskou is as 'n godgegewe beginsel, het aan die witmense se

selfafsondering regverdiging gebied – ’n regverdiging wat haas onuitroeibaar was (Durand 2002:29).

Die kerk moet eerder kragtens sy profetiese funksie elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme toets. Hierdie insig het nie oornag gekom nie – dit was die gevolg van jarelange worsteling oor die saak. Die samelewing is gevorm waarin die beginsel van afsonderlike volke deur die drie Afrikaanse kerke gesanksioneer is.

### c) Gereformeerdheid:

In Burger (2001:48) se nadenke oor die kern van gereformeerdheid, meen hy dat om die gereformeerde tradisie as ’n beweging beter te verstaan, die sentrale religieuse motiewe agter die beweging, eerder as die sentrale dogmas van die tradisie ondersoek moet word.

Burger (2001:51-52) wys op die religieuse motiewe wat die gereformeerde tradisie in beweging gebring het. Hy toon drie belangrike aspekte aan:

- ’n Lewe voor die aangesig van God (Coram Deo)
- Gebonde aan die Woord
- Gerig op die lewe.

Die hart van die drie Afrikaner hoofstroomkerke is gekoppel aan ’n gereformeerde identiteit wat op die hele samelewing in die sewentigerjare van die vorige eeu afgedruk is.

Dit is duidelik dat die Calvinistiese samelewing die Afrikaner bevoordeel het. Die Christelik-Nasionale dryfveer het ’n samelewing geskep waarin vaste reëls en regulasies vastigheid geskep het.

### 4.10 Paradigma II – Die Afrikaner vandag

Die naskokke tref die Afrikaner na 1994. Daar het dramatiese veranderings sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind wat radikale implikasies vir die Afrikaners en hulle kerk ingehou het. Apartheid as samelewingsvisie is as deel van hulle lewens- en wêreldbeskouing afgetakel en gediskrediteer (Durand 2002:51).



Volgens Kruger (2014:66) het die verandering van die Nuwe Suid-Afrika nuwe samelewingsvisies, lewensbeskouings en ideologieë op die voorgrond gestoot en hiervoor was die Afrikaner nie voorberei nie (Kruger 2014:66).

Een van die eerste aanpassings wat die nuwe ANC na 1994 gemaak het, was om blankes uit die staatsdiens te rangeer. Van die 120,000 staatsamptenare wat tussen 1994 tot 2002 aftree-pakkette gekry het, was meeste Afrikaners (Giliomee 2011:58).

Hier het 'n aftree-pakketgenerasie ontstaan en die meeste Afrikaners was nie gereed om entrepreneurs te word nie. Die verlies van kundigheid, ervaring en effektiewe bestuur om armoede te verlig, was enorm. 'n Persepsie het ontstaan dat Afrikaners die eerste teiken van regstellende aksie is. Die gevolg hiervan was dat die Afrikaners dit uiters negatief beleef het.

Deel van die resente realiteite is Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging (bekend in Engels as BBBEE). Hierdie wetgewing beïnvloed die Afrikaner geweldig op vier resente vlakke:

1 Ekonomies – die Afrikaner het nie dieselfde kans as vroeër om te vorder op arbeidsgebied nie. Deurdat kontrakte primêr aan swartmense toegeken word, word Afrikaners en witmense ekonomies beperk en gestrem.

2 Sosiaal – waar Afrikaners vanaf 1948 hulle eie vlerke kon sprei en ekonomies en kultureel vooruit kon gaan, is daar geen owerheidsondersteuning vir Afrikaners nie. Hulle tyd en energie gaan primêr daarvoor om te oorleef en dit het 'n kwynende effek op sosiale gebied vir Afrikaners. Nuwe sosiale vraagstukke soos die armblanke-vraagstukke suig baie sosiale energie op.


3 Onderwys – as gevolg van 'n kwotastelsel by universiteite word wit jongmense beperk in toelating tot universiteitskursusse. 'n Vloedgolf geweld het onlangs, in 2015 en 2016, die universiteite getref wat bekend staan as 'Fees must fall' en het anargie en wanorde by Suid-Afrikaanse Universiteite meegebring.

4 Psigologies – Afrikaners is sielkundig onder druk as gevolg van die Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging. Die selfwaarde van Afrikaners taan en 'n moedeloosheid sluip in. Hierdie saak word bevestig deur oud-President F.W. de Klerk.

De Vries (2012:108) haal oud-President F.W. de Klerk aan:

“Daar sit ’n belangrike kern van waarheid in die bewering dat die ANC (African National Congress) rasseklassifikasie heringestel het – al is dit hierdie keer nie op die wetboeke nie – met hul ongebreidelde regstellende aksie en hulle ewe ongebreidelde swart ekonomiese bemagtiging. Die gevolg daarvan is dat witmense en ander minderhede uitgesluit voel, soos tweederangse burgers.”

Buiten die negatiwiteit was baie Afrikaners oorbluf en kon nie glo dat dit werklik kan gebeur nie. Volgens die model van etniese stratifikasie wat in hoofstuk 2 bespreek is, het ’n radikale paradigmaskuif dit self voor die Afrikaners se oë ’n werklikheid gemaak.



Bo-aan die etniese stratifikasie van Paradigma I, was blanke Afrikaner mans met swartvroue heel onder. Deur regstellende aksies was veral blanke mans (maar ook blanke vroue) die teken van Regstellende Aksie. Hierteenoor moes veral swart mense, swartmans en veral nou, swartvroue, deur Regstellende Aksie bo-aan die rasse stratifikasie geplaas word. Deur die sleutels van ’n moderne liberale demokrasie is dit evolusionêr in werking gestel. Vryheid van alle mense, gelykheid van almal en menswaardigheid, is die oorheersende politieke agenda van die regerende ANC regering.

Die een reaksie teen hierdie radikale paradigmaskuif was emigrasie van blankes. Tussen 1994 tot 2011 het ongeveer ’n halfmiljoen Afrikaners geëmigreer (Giliomee 2011:28).

Die uitdaging vir Suid-Afrika is deels dat professionele persone met hoë vaardighede die kern van die uitwaartse beweging van die Afrikaner was. Dit

het 'n groot gaping in terme van vaardighede en effektiewe bestuur in Suid-Afrika meegebring.

De Vries (2012:352) beskryf die reis van Johann Rossouw, eertydse hoofuitvoerende beampte van die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies) wat hy in Melbourne, Australië raakgeloop het. Hy het gaan studeer in Australië omdat Suid-Afrika toenemend die soort samelewing geword het waar 'n mens nie meer vanselfsprekend wil bly nie (De Vries 2012:353). Hy het 'n rouproses deurgemaak wat met 'n egskeiding vergelyk kan word. Verskeie Suid-Afrikaners in Australië het aan Fred de Vries, 'n joernalis, laat blyk dat hulle Suid-Afrika met pyn verlaat het, maar dat die hoofredes die volgende was:

- a) geweld
- b) infrastruktuur wat agteruit gaan
- c) werkseleenthede as gevolg van regstellende aksie
- d) toekomsgeleenthede vir hul kinders is (De Vries 2012:339-358).

In Perth, Wes-Australië, word die getal Suid-Afrikaners op 60,000 beraam, wat 'n verskeidenheid professionele beroepe insluit en wat steeds 'n wye reeks Suid-Afrikaanse produkte by Suid-Afrikaanse winkels aankoop (De Vries 2012:341).

Daar is ook 'n Suid-Afrikaanse klub, 'n Afrikaanse handelskamer, Suid-Afrikaanse restaurante en NG Kerke met eredienste in Afrikaans. Dieselfde patroon tref ons ook aan in veral Engelsprekende lande in die wêreld soos Groot Brittanje, Ierland, die VSA en Nieu-Seeland.

Kundigheid en ervaring het uit Suid-Afrika gevloei. Dit is hoofsaaklik die room van die samelewing wat as gevolg van skaars beroepe verwelkom word oorsee. Psigologies dobber hierdie vraag rond in elke professioneel gekwalifiseerde Afrikaner. Dit het ook sosiopsigologiese implikasies.

Hierdeur is die sosiale identiteit van Suid-Afrika verander. Dit was veral professionele persone wat vinnig werk buite Suid-Afrika kon kry. Tog het verskeie Afrikaners, ryk en arm, slim en dom, professioneel besluit om in Suid-Afrika aan te bly, om hier te help om 'n verskil te probeer maak.

#### **4.11. Evaluering:**

Die vaders van die Sosiologie, Max Weber en Emile Durkheim het ons 'n teoretiese invalshoek gegee van godsdiens-sosiologie.

Die vraag is watter rol 'n kerk, as sosiale instelling speel, in die uitvoering van sy pligte in die samelewing?

Kruger se perspektiewe help ons om die sosiale dinamika te verstaan waarin die kerk sy staanplek moet vind. Hierdie is duidelik volgens Kruger 'n dinamiese proses in 'n snelveranderende samelewing.

Die kerk werk met statiese geloofswaarhede en word getemper in 'n sosiale omgewing waar sekularisasie hoogty vier. Die Afrikaner is in sy diepste wese benadeel vanaf 1652 deur owerhede waar die Afrikaner nie politieke beheer uitgeoefen het nie.

Dit is byna obsessief vergestalt in die opheffing en bevoordeling van die Afrikaner na 1948. Apartheid is as medium gebruik. Teen 1970 is 'n rigiede samelewing geskep waarin kerk en staat vennote was om Christelike Nasionale waardes in die samelewing te vestig.

Dit het aanleiding gegee dat rasse in die proses benadeel is deur apartheid. Rasse stereotipering het oor 'n lang tyd by die meeste Afrikaners ontstaan en het na vore gekom vanuit die Afrikaner-identiteit wat gevestig is. Vanaf 1948 tot 1994 is die selfwaarde gestimuleer by die Afrikaner as gevolg van hul politieke magte. Van buite Afrikaner geledere is daar meestal negatief gereageer oor die Afrikaner.

Al hierdie sake het die Afrikaner in sy sosiale identiteit na 1994 gestrem. Die Afrikaner het staties gereageer na die politieke veranderinge van 1994. Dit het verskeie reaksies by die Afrikaner tot gevolg gehad. Daar is 'n gevoel onder Afrikaners dat die Afrikaner hoofstroomkerke verkeerde waardes en norme vanuit die Bybel, deur apartheid aan hulle voorgehou het en dat hulle ingeloop voel na 1994.

Vervolgens word daar na die godsdiens interpretasie gekyk. Dit het geweldige implikasies vir Afrikaner hoofstroomkerke. Die vraag ontstaan gevolglik of die Afrikaner die balans kan vind tussen die statiese geloofswaarhede en dinamiese sosiale verandering?

Vanuit die Calvinistiese uitgangspunt kan daar maklik verwarring ontstaan om 'n statiese sosiale omgewing in tradisionele hoofstroomkerke vir Afrikaners te vestig sodat hulle veilig kan voel.

## HOOFSTUK 5:

	<i>Bladsy</i>
<b>DIE GODSDIENSTIGE INTERPRETASIE</b>	<b>101 - 147</b>
5.1 Charles Taylor: A Secular Age (2007)	102
5.2 Kruger se perspektief	108
5.3 Beyers se perspektief	111
5.4 Dreyer se perspektief	117
5.5 L. Floor se perspektief	120
5.6 Phyllis Tickle: The Great Emergence (2008)	121
5.7 Die Afrikaner Godsdiensidentiteit	129
5.8 Resente invloede	135
5.9 Post-Christendom	139
5.10 Paradigma I	140
5.11 Paradigma II	142

## HOOFSTUK 5:

# INTERPRETASIE VAN DIE GODSDIENS VAN DIE AFRIKANER

In die vorige hoofstuk is die soeklig geplaas op die sosiologiese interpretasie van die Afrikaner-identiteit. Daar is duidelik 'n nou verband tussen hoe die Afrikaner leef (sosiologies) en hoe die Afrikaner glo.

Daarom bekyk ons voorts na die Afrikaner, deur die lens te fokus op historiese fundamentele drywers, wat die Afrikaner op sy reis tot vandag beïnvloed het.

Die eerste navorser waarop ons fokus is Charles Taylor wat in 2007 'n meesterlike werk gepubliseer het om ons te help verstaan waarom die Modernistiese era sekulariteit gestimuleer het.

### 5.1 Charles Taylor: A Secular Age (2007)

Charles Taylor is 'n Kanadees en professor. Emeritus in Politieke Wetenskappe van Filosofie van McGill Universiteit in Montreal. Sekularisasie in Westerse konteks is veral relevant omdat die Afrikaner hoofstroomkerke 'n lang verbintenis met Westerse kerke het en hul lidmate 'n Westerse kultuur navolg.

Taylor vra die vraag: “Waarom woon ons in die Weste as deel van 'n sekulêre geslag?” (Taylor 2007:1). Die eerste rede wat hy aantoon is dat die politiek sekulêr geword het. Daar is 'n absolute diskonneksie tussen die staat en die Christendom. Nog nooit in die geskiedenis was dit so intens nie (Taylor 2007:1). Taylor (2007:2) wys daarop dat daar 'n totale diskonneksie tussen die Christenskap en die politiek op plaaslike vlak gekom het. Die kerk was sentraal betrokke by elke aktiwiteit in die samelewing. Nou het godsdiens en kerk net een sfeer van die samelewing geword. Die kerk en die predikant/priester het in vroeër gemeenskappe nie net 'n aandeel gehad nie, maar het 'n leidende rol gespeel. Binne die konteks van Suid-Afrika het ons dit ook duidelik waargeneem. Op die platteland het die predikant uit die Afrikaner hoofstroomkerke sentrale leiding geneem in elke aspek wat in daardie samelewing plaasgevind het. Dit sluit in die stadsraad, opening van die boerevereniging, die laer- en hoërskole, asook verskillende klubs op die dorp (Van der Watt 1987:380).

Die tweede aspek wat Taylor (2007:2) noem is die persoonlike vlak van geloof wat afgeneem het. Hy noem hier dat mense van God weggedraai het en nie meer kerk bywoon nie. Wes-Europa is hiervan 'n goeie voorbeeld.

Derdens noem Taylor (2007:3) 'n verskuiwing in die samelewing. In die kerkgesentreerde samelewing van vroeër, was mense uitgesluit en veroordeel as hulle nie geloofsuitsprake gemaak en kerklik deelgeneem het nie. Dit het nou verander na 'n situasie waar elkeen hul geloofkeuse vrylik kan beoefen. Taylor (2007:2) toon aan dat drie realiteite spiritualiteit in die Weste oorspoel het na sekularisasie:

- 1) Daar is in openbare ruimtes 'n leegheid van God aanwesig wat vroeër nie geval was.
- 2) Daar is 'n afname in geloof en geloofspraktyke. Hier kan gedink word aan die Calvinistiese gebruik om voor 1994 elke openbare byeenkoms met Skriflesing en gebed te open. Tans gebeur dit slegs by hoë uitsondering.
- 3) Hoe die geloofservaring in die praktyk afgeneem het.

Taylor (2007:4) vra wat mense glo en hoe mense hul geloof uitleef. Taylor wil hiervolgens nie die radikale standpunte van die fundamentalisme of die ateïsme verder ondersoek nie. Heyns beskryf ateïsme soos volg:

“Waarin die teoretiese of beredeneerde ontkenning van die bestaan van 'n persoonlike God of van iets goddelik plaasvind en gevolglik geen God bestaan nie” (Heyns 1981:178).

Charles Taylor praat van ontbondeling. Hiervolgens word daar multi-standpunte verleen aan die historiese Christelik geykte lewens- en wêreldbeskouing wat in Westerse lande ontstaan het.

Fundamentalisme kan beskryf word as die letterlike verstaan van Bybelse tekste. Fundamentalisme selekteer slegs sekerheid/vastigheid in 'n absolute, finale waarheid waarin die Bybel letterlik verstaan word (Du Toit 2000:35,36).

Binne die Fundamentalistiese Bybelbeskouing word Genesis I letterlik aanvaar dat God, die hemel en aarde in sewe dae geskep het. Taylor wil die reënboogkleure ondersoek tussen rigiede wit en swart standpunte. Die kern is vir Taylor (2007:5) die wyse hoe mense die morele/spirituele lewe hiervolgens inrig.

Taylor (2007:6) spreek hierdie praktiese aspek van lewenstyl aan deur te verwys na 'n positiewe aspek van lewensbelewenis waarin aspekte van volledigheid en harmonie vir 'n individu deurbreek. Daarteenoor staan aspekte van individuele leegheid en disharmonie. Dikwels balanseer hierdie twee pole in 'n middelposisie van die pendulum. Dit reflekteer 'n aspek wat Taylor (2007:6) die lewensaspek van die morele/spirituele in die praktyk noem. In hierdie middelposisie kan gelowiges en ongelowiges eintlik gemene grond vind, hoewel die gelowiges dit dikwels aan redding koppel in die hiernamaals koppel en die ongelowige dit nie doen nie (Taylor 2007:7).

Taylor poog om op 'n gebalanseerde manier hier integrasie te bewerk, wat beslis in 'n positiewe lig beoordeel moet word. Dit is duidelik dat die politieke styl van die Weste waarin liberale demokratiese beginsels geld, 'n groot invloed op geloof het. Taylor (2007:12) dui dit aan:

“There has been a titanic change in our western civilization. We have changed not just from a condition where most people lived ‘naïvely’ in a construal (part Christian, part related to ‘spirits’ of pagan origin) as simple reality, to one in which almost no one is capable of this, but all see their option as one among many. We all learn to navigate between two standpoints:

- as ‘engaged’ one in which we live as best we can the reality our standpoints open us to;
- and a ‘disengaged’ one in which we are able to see our ourselves as occupying one standpoint among a range of possible ones, with which we have a various ways to coexist”.

Dit is duidelik dat Westerse Christene verstrengel geraak het binne dié twee paradigmas. Taylor (2007:8) maak 'n onderskeid tussen Christelike gelowiges en ongelowiges. Gelowiges kry hul volheid van 'n eksterne bron.

“The sense of fullness comes to them, that is something they receive; moreover, receive in something like a personal relation, from another being capable of love and giving; approaching fullness involves among other things, practices of devotion and prayer (as well as charity, giving); and they are aware of being very far from the condition of full devotion and giving; they are aware of being self-enclosed, bound to lesser things and goals, not able to open themselves and receive/give as they would at the place of fullness (Taylor 2007:8).

Die volheid kan egter alleen plaasvind as 'n persoon daarvoor oop is. Tog hou die godsdiens paradigma gelowiges maklik geslote. Hierdie is die basis van die Christenskap. Hierteenoor staan die volheid in 'n sekulêre wêreld vir 'n individu ‘in persona’. Taylor (2007:8) beskryf hierdie interne oriëntasie van volheid as volg:

“The power to reach fullness is within. There are different variations of this.

One is that which centres on our nature as rational beings. The Kantian variant is the most upfront form of this. We have the power as rational agency to make the laws by which we live.



This is something so greatly superior to the force, of mere nature in us, in the form of desire, that when we contemplate it without distortion, we cannot but feel reverence (Achtung) for this power. The place of fullness is where we manage to finally give this power full reign, and so to live by it.”

Hierin toon Taylor die diepste spirituele behoefte van elke mens aan, hoewel dit van individu tot individu mag verskil. Dit sluit in ’n behoefte om te behoort. Om ’n lewe van betekenis te lewe. Charles Taylor (2007:25) vra die vraag watter verskuiwing daar binne vyfhonderd jaar in die Westerse samelewing tussen 1500 n.C. tot 2000 n.C. plaasgevind het.

In 1500 n.C. het byna almal geglo, terwyl dit teen 2000 n.C. vir baie mense uiters moeilik is om te glo. Taylor (2007:25) besigtig die wêreld van die 1500 n.C. en motiveer die algemeenheid van geloof vanuit drie perspektiewe:

- Die natuurlike orde, sake soos storms, droogte, vloede, plaes asook aanwas en ryklike oorvloed is gesien as Goddelike aksies.
- God was geïmpliseer in elke aspek van die samelewing, die kerke, dorpe en ekonomiese gilde en rituele en aanbidding is aan elke samelewingsdimensie gekoppel.
- Mense het geleef in ’n sprokieswêreld waar daar plek was vir ’n wêreld van geeste, demone en eksterne kragte wat ’n invloed op mense se leefwêreld gehad het.

Ateïsme hierteenoor verwerp die funksie en bestaansreg van die drie sake. Teen die jaar 2000 n.C. is die sprokieswêreld opgekort. Max Weber (1905:153) gebruik die term ‘disenchantment’ reeds ’n honderd jaar gelede, om die samelewing te beskryf (Taylor 2007:87).

Taylor (2007:32) beskryf die premoderne wêreld van vyfhonderd jaar gelede as volg:

“But in enchanted world, meanings are not in the mind in this sense, certainly not in the human mind. If we look at the lives of ordinary people – and even to a large degree of elites five hundred years ago, we can see in a myriad ways how this was so.

First, they lived in a world of spirits, both good and bad. The bad ones include Satan, of course, but besides him, the world was full of a host of demons, threatening from all sides: demons and spirits of the forest, and wilderness, but also those which can threaten us in our everyday lives.

Spirit agents were also numerous on the good side. Not just God, but also his saints, to whom one prayed, and whose shrines one

visited in certain cases, in hope of a cure, or in thanks for a cure already prayed for and granted, or for rescue from extreme danger, e.g. , at sea.”

Daar moet egter gelet word dat Taylor hier veralgemeen en dat hy die opwelling van die weerstand buite rekening laat.

Ons kan onself nie hierdie mistieke wêreld voorstel nie. Volgens Taylor (2007:87) is na vyfhonderd jaar al hierdie sake in die wêreld totaal omgekeer. Sekere reste van hierdie denke kom nog vandag na vore as mense beweer dat die voorkoms van VIGS of kanker as ’n straf van die Here beskou word (Taylor 2007:40). Volgehoue droogtes in die natuur word ook hiervolgens as God se straf aan die mensdom beskou.

Taylor (2007:87) wys op die invloed van die Renaissance en hoe dit Humanistiese denke gestimuleer het. Skilders het met werke groot bydraes gelewer wat ’n persoonlike stempel afgedruk het.

Dit het onder meer stimulasie vir die mensdom gebring. So was beide Waldo en St. Frances kinders van kunstenaars (Taylor 2007:94).

Daar was gevolglik ’n sterk beweging om Christus na die leefwêreld van leke te bring soos vergestalt in die Franciskaanse spiritualiteit (Taylor 2007:94).

Deur skilderye is die goedheid van die natuur uitgelig. God is gesien as die outeur van die natuur en is op ’n unieke manier aan die natuur deur die skilderkuns gekoppel. Maar dit het ook beperkend ingewerk op die mistieke siening van God. God was wel goed, maar is deur skilderye beperk tot die aspek wat die skilder oor God wou uitlig (Taylor 2007:93,94).

Hierdie radikale skuif het ook in die Reformasie voorgekom. In die Reformasie het God se wil voorop gestaan, waarin mense instrumente in God se hand was (Taylor 2007:98). Calvyn het God as die handelende God beklemtoon waarin sy genade voorop gestaan het (Taylor 2007:79).

Met die verval van die feodale stelsel het mense na dorpe en stede gestroom. Openbare geweld het dikwels plaasgevind en orde moes gehandhaaf word. Hieruit het die opkoms van die regsbanke en stadsbestuur na vore gekom (Taylor 2007:100). Taylor (2007:102) vra die legitieme vraag waarom mense, in ’n pro-aktiewe wyse, in lande soos Holland en Engeland in die sestiende en sewentiende eeu opgehef is?

“The reform of society comes to be seen as an essential part of statecraft as crucial to the maintenance and increase of state power. This comes with the dawning realization, first that government action can help to improve economic performance,

and second, that this performance was the essential precondition of the military power.” (Taylor 2007:102).

Hier het belasting spontaan in die proses na vore gekom, wat inkomste na die dorp of staat ingebring het, des te meer hoe groter die staatkundige eenheid was. Op kapitalistiese vlak het die vraag en aanbod pryse laat afplat of die hoogte laat inskiet, daarom kry ons gevolglik pryskontrole. Taylor (2007:103) vervolg:

“But with the seventeenth century, as military technology advances, and as some states began to win great advantage from their higher production (e.g. Holland & England), the pressure was on to intervene on the supplier side. Governments became concerned with productivity; and in fact with a whole host of measures to do with the size, health, prosperity, and even mores of populations, all of which had a powerful, direct or indirect effect on military might.”

Hierin kom die noodsaaklike ontwikkelingslyn van die Modernisme na vore.

Volgens Lincoln (2011:67) spandeer Taylor die eerste van veertien van die hoofstukke van sy werk ‘The secular age’, om te motiveer hoe die oorgang van die laat Middeleeue ’n katalis was vir ’n sekulêre samelewing vandag. Dit lei daartoe dat Taylor die term ‘social imagineries’ gebruik waarin hy van mening is dat elke mens vanuit sy denke en lewensfilosofie baie diep aannames maak wat dan uitmond in die wyse hoe hierdie aspirasie in die samelewing daaglik uitgeleef word. Taylor (2007:171) omskryf dit as die wyses waarin mense dink en bestaan:

“Imagine their social existence, how they fit together with others, how things go between them and their fellows, the expectations which are normally met, and the deeper normative notions and images which underly these expectations.”

Dit is ’n proses, geïmplementeer op ’n subtiele wyse in die samelewing en het mettertyd die norme en lewensstyl geword waarin die samelewing daaglik gefunksioneer het. Dit is vir die konteks van hierdie navorsing belangrik om te sien hoe subtiel ’n samelewing dinamies aan die beweeg is. Hierdie dinamika kan ook waargeneem word in die spiritualiteit en lewensstyl van Afrikaners binne hoofstroomkerke. Hoewel paradigmaskuiwe vanaf die twintigste eeu na die een-en-twintigste eeu plaasgevind het, is hierdie sosiale beelde lank vroeër by leiers gevorm en het later die realiteit van die samelewing geword. Oud-President Nelson Mandela het byvoorbeeld sulke sosiale beelde gevisualiseer

terwyl vir sewe-en-twintig jaar in die tronk was en dit het die leefwêreld geword van die post-1994 samelewing.

Taylor (2007:19) toon aan dat humanisme 'n absolute normale verskynsel in die Westerse samelewing is en is van mening dat dit nog steeds vanaf Christelike beginsels geaktiveer word, hoewel persone wel 'n sekulêre lewenstyl mag reflekteer. In die Suid-Afrikaanse konteks roep Afrikaanse mense dikwels Calvinisme vaarwel maar tree vanuit daardie beginsels op. Dit is waarskynlik so dat die invloed van Calvinisme nog 'n geslag of twee kan voort duur. Binne 'n liberale demokrasie na 1994 ervaar mense die vryheid om hulself te distansieer van Calvinisme, maar dit te verleng na humanisme. Gevolglik blyk Taylor in so 'n geval reg te wees. Om hierdie militêre mag te verkry is goed-opgeleide vegtende manskappe die sleutel, veral in die fyn gebalanseerde magspel van Europa. Dit is gevolglik duidelik dat staatkundige strukture regulerend opgetree het deur twee motiewe, naamlik: vrees en ambisie (Taylor 2007:103).

In die evolusionêre ontwikkeling was dit belangrik om dissipline in Wes-Europa te handhaaf, maar vinnig is daar besef dat selfdissipline die belangrike sleutel is (Taylor 2007:111). Vir Taylor is dit belangrik dat godsdienstige ervaring sal lei tot lewensbetekenis. Die soeke na betekenis en die ontvanging van lewensbetekenis kan alleen plaasvind as daar 'n nuwe ontdekking is van God. Sodoende sal postmoderne mense vervulling ervaar (Cloots, Latrë & Vanheeswijck 2015:973).

Soos Taylor het ander navorsers ook die impak van sekulariteit op religie nagevors. Vervolgens kyk ons na die perspektief van Pieter Kruger se werk, hy het intens nagevors oor die plek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 'n moderne sekulêre leefwêreld.

## 5.2 Kruger se perspektief

Pieter Kruger is 'n teoloog en predikant uit die NG Kerk. In 2014 toon Pieter Kruger aan hoe die Afrikaner hoofstroomkerke deur sekularisasie beïnvloed is. Histories het religie 'n onontbeerlike rol gespeel in die regverdiging van sosiaal-gevestigde gedragspatrone en beskouinge, aangesien dit die unieke vermoë het om hierdie menslike verskynsels binne 'n heilige en transendente verwysingsraamwerk te plaas (Kruger 2014:38).

Dit gebeur veral waar godsdiens met die kultuur en oortuigings van die sosiale sisteem geïntegreer is. In hierdie geval verleen dit ook aan die sosiale

godsdienstige instellings en organisasies wat binne dieselfde raamwerk en sosiale sisteem funksioneer, regverdiging en bestaansreg (Kruger 2014:38; Berger 1990:33,36).

Taal speel 'n belangrike rol omdat godsdienstige instellings daardeur persepsies stimuleer by individuele gelowiges. Taal aktiveer rigting en aksies. Die taal waarin godsdienstige instellings hierdie oortuigings uitdruk, word die taal waarmee 'n gelowige individu ook sy persepsies van die wêreld struktureer. Mense gebruik dit om byvoorbeeld keuses te maak en gebeure te interpreteer. Individue gebruik dit om betekenis en rigting aan hulle eie aksies te gee (Kruger 2014:38). Ons kan praat van 'n dialektiese verhouding tussen die samelewing en die individuele mens enersyds, en godsdien andersyds. Godsdien beïnvloed die ordening van aktiwiteit van die mens, net soos die mens se invloed ook die godsdien konstrueer (Kruger 2014:39).

Daar is 'n ontwikkelingslyn in godsdien en die vloeibaarheid en buigsaamheid stel godsdienste in staat om relevant te bly. Kruger (2014:39) toon 'n ontwikkelingslyn aan van Afrikanergeloof vanaf die Voortrekkers tot vandag. Godsdienstige tradisies word voortgesit deur spesifieke geloofsgemeenskappe. Deur 'n informele proses kan spesifieke godsdien realiteite vir opvolgende generasies 'n werklikheid bly (Kruger 2014:39). Dit beteken dat Calvinisme met aanpassing voorgesit is in die lewe van die Afrikaner. Kruger (2014:40) is van mening dat 'n hele samelewing 'n spesifieke godsdienrealiteit deur sosiale prosesse in stand kan hou.

Toegepas op hierdie navorsing beteken dit dat Kuyperiaanse Calvinisme as godsdienrealiteit die sosiale proses van apartheid in stand gehou het. Daarom meen Kruger (2014:40) dat die Christelik-Nasionale karakter van die Afrikaner gekoppel was aan 'n godsdienstige en 'n politieke kultuur wat nie van mekaar geskei kan word nie. Soms word die geloofwaardigheid van godsdienrealiteit bevraagteken en dit kan 'n invloed hê op die kontinuïteit (Kruger 2014:42). Wanneer die godsdienrealiteit en hulle instellings in 'n plurale godsdien samelewing gevind, kan so 'n godsdienstelsiem geweldige druk ervaar (Kruger 2014:42). Hierdie navorsing besef die implikasies daarvan vir Calvinisme in 'n post-1994 Suid-Afrika. Indien die samelewing nie meer die religieuse groep ondersteun nie, maar wel verskeie religieuse groepe in 'n plurale samelewing, kom die geloofwaardigheidstruktuur onder druk (Kruger 2014:42). In Suid-Afrika na 1994 het die Calvinistiese geloofstelsiem dieselfde ervaar in 'n plurale geloofsamelewing. Calvinisme se geloofwaardigheid is ernstig bevraagteken, omdat apartheid as sosiale sisteem daaraan gekoppel is.

Daarom is daar in die Westerse samelewings tradisioneel baie klem gelê op formele en intellektuele geloof sodat individue hierdie oorgedraagde kennis met mekaar kan deel om sodoende gemeenskaplikheid te vestig. Dit kan beskryf word as religieuse reïfikasie (Kruger 2014:42). Godsdien skep dus 'n belangrike band tussen die individu en die groter groep, as gevolg van die basis wat dit skep vir assosiasie. 'n Geloofsgemeenskap dra dus sekere waardes oor aan individue (Kruger 2014:43).

Volgens Kruger (2014:43) is daar drie elemente van godsdien:

#### **a) Die kollektiewe vlak van godsdien**

Hierdie praktyk fokus op die georganiseerde godsdienpraktyk. Dit word uitgedruk deur gemeentes, eredienste, gebedsbyeenkomste en ekumeniese byeenkomste (Kruger 2014:43).

Dit kom na vore in die godsdieninstitutionalisering en vorm bepaalde strukture in die samelewing. Verskillende kerkgenootskappe is voorbeelde hiervan (Kruger 2014:44). Nog 'n Suid-Afrikaanse teoloog, De Gruchy (1990:219), toon aan dat kerkgenootskappe bestaan uit 'n wye spektrum van mense vanuit verskillende kulturele agtergronde en politieke opinies.

Dit is duidelik dat die kollektiewe vlak van godsdien 'n geweldige rol gespeel het, veral vanaf 1948 tot 1994, maar dat die rol en funksie geskuif het omdat daar 'n paradigmaskuif in die samelewing plaasgevind het.

#### **b) Die individuele vlak van godsdien**

Kruger (2014:45) toon aan hoe die kollektiewe vlak van godsdien die individu beïnvloed. Individue word gevorm, en later in stand gehou deur die fokus van die kollektiewe vlak van godsdien. Individue kan ook mettertyd 'n verandering ervaar in hul verwysingsraamwerk, volgens Kruger (2014:45). In die Suid-Afrikaanse konteks het Afrikaners 'n kollektiewe godsdien van apartheid beleef. Hiervolgens is hul denke gevorm en hul verwysingsraamwerke versterk deur apartheid.

#### **c) Die sosiale gestalte van godsdien**

Volgens Kruger (2014:46) het Westerse sosiologiese prosesse godsdien in die samelewing beïnvloed. Daarteenoor het godsdien weer die samelewing beïnvloed. In die Suid-Afrikaanse konteks het die Christelik-Nasionale karakter

’n groot invloed uitgeoefen tussen 1948 tot 1994. In die tydperk na 1994 waarin ’n liberale demokrasie die staatstipe is, het godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid die sosiologiese bakens van die samelewing geword.

Evaluierend kan gestel word dat Pieter Kruger se bydrae ’n belangrike grondslag kan lê omdat hy intensiewe resente navorsing gedoen het op die grootste Afrikaner hoofstroomkerk en uitwys hoe lidmate in ’n proses van sekularisasie beland het, veral na 1994. Kruger (2014:173) toon aan dat Westerse individualisme diep gewortel lê by NG Kerk lidmate. Verder bestaan daar groot klem op persoonlike vryheid, privaathed en ’n strewe na voorspoed by NG Kerklidmate.

Belangrik is dit egter om aan te toon dat dit ’n paradigmatkuiw verteenwoordig by NG Kerklidmate twintig jaar na 1994. Voor 1994 het die NG Kerk kollektief apartheid gerugsteun deur Calvinisme, individuele lidmate geaktiveer (Ras, volke en nasie 1974:72).

Hoewel Pieter Kruger uitstekende resente navorsing doen, word geen navorsing ten opsigte van die toekoms gedoen nie. Op ’n kritiese vlak kan genoem word dat Kruger baie filosofies is. Kruger se bydrae bied egter ’n stimulus vir hierdie navorsing asook verdere navorsing.

### 5.3 Beyers se perspektief

Beyers is ook ’n teoloog uit die NHK. Beyers (2013:6) wys op die volgende interpretasie van Max Weber se standpunte oor sosiale godsdiens-sosiologie:

“It is clear from Weber’s theory that different social classes have different functions for religion. For the economically privileged classes, religion does not need to produce salvation. It is to legitimise their life pattern and social status in society (Weber 1966:107). For Weber, it is also clear that there is a connection between social well-being and divine approval. Good fortune experienced by the individual is, therefore, a sign of divine approval, the opposite being divine disapproval of existence as expressed in human misfortune (Weber 1966:108). Good fortune of the privileged is then legitimised religiously. For the under-privileged or disprivileged classes of society, their need for salvation finds expression in various forms of religion” (Weber 1966:108).

Hieruit kan 'n paar afleidings vanuit die resente Suid-Afrikaanse konteks gemaak word.

**Eerstens** bied dit 'n verklaring waarom Neo-Calvinistiese Afrikaners van 1948 tot 1990 voortgegaan het met apartheid. Daar is ook Bybelse sanksie aan apartheid verleen volgens Tolmay (1995:127). Die regering en die leierskap van Afrikaners het in hierdie tyd geglo die Here seën hulle deur apartheid.

Eers na 1976 en die 1980's se politieke onrus, het algemene vroeë hoorbaar geword deur baie Neo-Calvinistiese Afrikanerleiers oor die etiese grondslag van apartheid.

**Tweedens** kan verdere afleidings oor ander regerings in Suid-Afrika hieroor gemaak word, maar dit raak nie die fokus van hierdie navorsing nie.

Beyers (2013:6) maak ook 'n verdere geldige opmerking oor veranderinge ten opsigte van godsdiens:

“Religion is not static. Weber indicates that changes in religion obviously take place under certain conditions. When the privileged ruling classes lose political control or political influence, religion is determined to take on a salvific form (Weber 1966:121,122). The point Weber makes is that, under certain social conditions, religious affiliation and religious form can change.”

Hierdie perspektief wat Beyers uit Max Weber bring, het bepaalde implikasies ten opsigte van Afrikaner hoofstroom spiritualiteit.

Eerstens dit is nie staties nie. Die Afrikaner het sy bevoorregte posisie as politieke dominante groep na 1994 afgestaan. Dit het meegebring dat die wyse van Afrikaner hoofstroom spiritualiteit na 1994 getransformeer is.

Beyers (2006:7) toon twee redes aan wat, volgens Max Weber, daartoe aanleiding gee dat religie verander of oorbodig raak:

Rasionalisasie vind plaas. Intellektueles neig om betekenis te vind op 'n rasionele wyse. Hiervolgens moet misterie op 'n logiese, rasionele wyse verklaar word (Weber 1966:125). Die wêreld word gevolglik ontmitologiseer deur die proses van rasionalisering. Weber (2002:40) verwys na ekonomiese rasionalisme en huldig die standpunt dat dit veral Protestantse is wat hierdie roete volg, as 'n manier om voorspoed te bekom. Hiervolgens beskou Protestantse groepe rykdom as seën en genade van Bo (Weber 1966:108,148). Calvinisme is, volgens Weber (2002:43), die fundamentele oorsprong van die Kapitalistiese ekonomie. Dit sal eventueel lei tot sekularisasie en sal met verloop van tyd lei tot godsdiens wat oorbodig is, of in onbruik raak.



Beyers (2013:7) noem dat na rasionalisasie daar tweedens ook 'n verlies aan politieke en ekonomiese mag kan intree. 'n Religie waarin redding plaasvind, is volgens Weber (1966:122) 'n produk van die intellektueles en staan teenoor tradisionele godsdiens:

“The tendency towards affiliation with an ethical, rational, congregational religion is more apt to be found the closer one gets to those classes which have been carriers of modern rational productive economic activity” (Weber 1966:94).

Berger neem die lyn van denke van Max Weber verder en interpreteer sy leefwêreld van die 1960's en 1970's hiervolgens, waarvolgens daar 'n afname is in godsdiens as gevolg van die invloed van die moderne ekonomie. Sekularisasie vind plaas waar industrialisasie en tegnologie in die samelewing geïmplementeer word (Berger 1969:16). Hiervolgens is daar ook 'n verskuiwing van godsdiens vanuit die publieke sfeer na 'n privaat sfeer. Berger (1990:133) noem die proses die 'privatisering van godsdiens'.

Volgens Asad (2003:183) is godsdiens net so aktief in die private as die publieke sfere. Volgens Pickering (1984:119) staan Asad se standpunt teenoor dié van Durkheim. Durkheim was van mening dat die wêreldse elemente (wat hy die 'profane' noem) geassosieer behoort te word met alles wat die individu raak.

Hierteenoor staan die heilige element wat gekoppel word aan die kollektiewe. Durkheim (2008:36) beskryf hierdie wêreldse en heilige elemente as 'n tweeledige menslike natuur. Hiervolgens is die siel gerig op die heilige aspek, en die liggaam is gerig op die wêreldse aspek (Durkheim 2008:52).

Durkheim gee die volgende definisie van godsdiens:

“A religion is a unified system of beliefs and practices relative to sacred things, that is to say, things set apart and surrounded by prohibitions – beliefs and practices that unite its adherence in a single moral community called a church” (Durkheim 2008:46).

“There is something eternal about religion, then that is destined to survive all the particular symbols in which religious thought has successively cloaked itself” (Durkheim 2008:46).

Oor die rol van godsdiens in 'n samelewing stel Durkheim dit as volg:

“No society can exist that feels the need to.....to sustain and reaffirm the collective feelings and ideas that constitute its unity and its personality” (Durkheim 2008:322).

Beyers (2013:14) stel dit dat die samelewing die uitvinder van al die groot idees is, volgens Durkheim, en dat solank die samelewing bestaan, godsdiens ook sal voortbestaan. Pickering (1984:268) sluit hierby aan maar wys daarop dat Durkheim ook aantoon dat godsdiens die oorsprong van die samelewing is. Die funksie van godsdiens is egter die beskerming van selfsug in die samelewing.

Volgens Durkheim versterk dit aspekte wat ten goede is vir die samelewing. Daarom as 'n samelewing verlies aan die invloed van godsdiens ervaar, word die samelewing nie meer beskerm teen die misbruik van mag deur individue nie. Pickering (1984:185) toon die dilemma van liberale humanisme aan, dat dit synde die individue se vrye wil vergroot. Emile Durkheim verwys na wat nou bekend staan as sekularisasie en toon twee aspekte hiervan aan:


**Eerstens** dat godsdiens totaal verander; en

**Tweedens** dat godsdiens 'n veranderde en kleiner rol in die samelewing uitoefen (Pickering 1984:442).

Durkheim is van mening dat sosiale institusies soos die politiek, die ekonomie en die wetenskap meer sal groei tot individuele vryheid namate godsdiens se rol in die samelewing afneem (Pickering 1984:446).

Bruce (2011:27) se skema hieronder toon vir ons die ontwikkeling van die proses na die Protestantse Reformasie aan. Dit is vir hierdie studie funksioneel omdat verskillende perspektiewe beskryf hoe sekularisasie plaasgevind het. Die interessant is dat die herstel van die Protestantse Hervormers van 'n Monoteïstiese God uitgeloop het op neutrale wetenskaplike en tegnologiese beskouing. Hierin kan ook die invloed van die Protestantse werksetiek op die sosiologie en kultuurbeskouing waargeneem word wat uitgeloop het op relativisme.

Verder het dit ook aanleiding gegee tot liberale demokratiese state. Individualisme was 'n verdere uitvloeiing van die Protestantse Reformasie waarin mense die vryheid van geloofkeuse gehad het en waarin verskillende geloofsgemeenskappe na vore getree het. Vanuit 'n kritiese beoordeling kan dit gestel word dat alles nie histories presies so gebeur het soos histories voorgehou word nie en dat dit 'n Modernistiese beoordeling van Bruce is. Indien ons dit in terme van die sisteembenadering sou beskou was daar 'n meer holistiese beïnvloeding vanuit die hele sisteem op mekaar. Tog gee Bruce vir ons 'n waardevolle skema vanuit sy perspektief. Bruce (2011:27) stel die Sekulêre Paradigma skematies voor as volg:



**Key:**

R = Rationalization, RO = Religious organization, E = Economy, S = Society, P = Polity, CS = Cognitive style

Bruce (2011:27) huldig die standpunt dat die Monoteïstiese God ( $R_1$ ) verskil het van ander gode in die Midde-Ooste, byvoorbeeld die Griekse en Egiptenaars deurdat die God van die Ou Testament op 'n afstand was en nie gemanipuleer kon word nie.

Met Luther se aktivering is gelowiges gestroop van hulle preModernistiese geloofswortels van om asketies te lewe en deurlopend te bieë. Geestelikes se werk in kloosters was nie verhef bo gewonde persone nie en gewonde persone kon vereer deurdat hul werk as roeping beskou is. Dit gee aanleiding tot ( $E_1$ ) 'n nuwe algemene werksetiek. Industriële Kapitalisme ( $E_2$ ) is die resultaat van die nuwe werksetiek en dit gee aanleiding tot Ekonomiese groei ( $E_3$ ) in Westerse lande.

Spesialisasie in die ekonomiese samelewing bring verskillende klasse na vore wat lei tot sosiale differensiasie ( $S_1$ ). Waar die kerk vroeër onderwys, welsyn, gesondheid en sosiale beheer toegepas het, neem die staat baie van hierdie funksies oor ( $S_2$ ). As gevolg van die ekonomie wat groei, vloei verskillende kulture na die dorpe en stede en ontstaan sosiale en kulturele diversiteit ( $S_3$ ). Hierdie persone is van verskillende gelowe wat lei tot godsdiensverskeidenheid ( $RO_4$ ) wat uit verskillende kerk- en geloofsgroepe ( $RO_5$ ) lei. Die resultaat is dat 'n relativisme ( $CS_2$ ) ontstaan.

Die Protestantse Reformasie het ook aanleiding gegee tot individualisme ( $RO_1$ ). Almal het nou vryheid om die Bybel in hul eie taal te lees en uiteindelik lei dit tot Egalitarianisme ( $S_4$ ). Dit beteken dat alle mense gelyk is en daaruit gelyke regte en geleenthede verdien. Dit vind plaas in sekulêre state met 'n liberale demokrasie ( $P_1$ ). Dit is ook wat ons vanaf 1996 binne die grondwet van Suid-Afrika ondervind het. In 'n sekulêre samelewing vind daar kompartementalisasie plaas wat uitloop op godsdiens as 'n private aangeleentheid ( $S_5$ ).

Vanaf die Protestantse Reformasie ontwikkel ook rasonale denke ( $R_2$ ) en ontwikkel neutrale wetenskappe ( $R_3$ ). Dit gee aanleiding tot tegnologie ( $R_4$ ) en deur tegniese bewusmaking ontwikkel tegnologiese dinamika ( $CS_1$ ). Vanuit die Reformasie ontwikkel individualisme ( $RO_1$ ). Hieruit ontwikkel 'n verskeidenheid kerke en sektes ( $RO_2$ ). Deurlopende afskeidings vind plaas ( $RO_3$ ). Opvoeding verbeter, asook, geletterdheid ( $S_6$ ) (Bruce 2011:30-47).

Wim Dreyer se bydrae kan ons verder help.

## 5.4 Wim Dreyer se perspektief

Wim Dreyer is 'n teoloog uit die NHKA en toon sosiale tendense aan van kleiner hoofstroomkerke en gemeentes.

Hy is van mening dat hoofstroomkerke wêreldwyd verklein (Dreyer 2010:1). In 1900 was ongeveer 90% van die Nederlandse bevolking deel van die Nederlandse Hervormde Kerk en dat dit na raming sal verminder tot 4% teen 2020. Die Nederlandse Hervormde Kerk het saamgesmelt met ander hoofstroomkerke om die Protestantse Kerk te vorm. Die NHKA se lidmaattal maak tans slegs 0.2% van die Suid-Afrikaanse samelewing uit (Dreyer 2010:3).

Volgens Dreyer (2010:4) het ongeveer 15% van alle Suid-Afrikaners geen kerklike verbintenis nie en behoort slegs 6.7% van die Suid-Afrikaanse samelewing aan Suid-Afrikaner hoofstroomkerke. Dreyer (2010:5) meen die lidmaatgetalle van die NHKA het in die laaste twintig jaar voor 2010 met 30% verminder. Hy skryf die rede onder andere daaraan toe dat mense geëmigreer het, dat daar te min predikante is om kleiner gemeentes te bedien. Verder verlaat veral jongmense die NHKA. Hulle word of buitekerklik of skakel in by ander kerke. Daarom sal al meer predikante deelyds gemeentes moet bedien.

Volgens Dr Wim Dreyer (Rooi Rose 2009:48) is die getal sterftes reeds meer as die geboortes in die Nederlandse Hervormende Kerk. Minder as vyf en sewentig persent van gedoopte kinders in die NHKA lê belydenis van geloof af. Die implikasie hiervan is dat daar geen groei moontlikheid is in die NHKA kerk tensy nuwe lidmate toetree tot die kerk nie. Dit het geen opwaartse kurwe vir die laaste 20 jaar getoon nie. Die NHKA het teen 2009 'n lidmaattal van 136,045 gehad. 'n Daling van drie persent vind jaarliks plaas (Rooi Rose 2009:48).

Volgens Dreyer (2010:7) was daar drie fases in die NHKA:

- Die NHKA het tussen 1910 en 1970 groot groei in die getal lidmate en gemeentes beleef.
- Die NHKA het tussen 1970 en 1990 gestabiliseer.
- Die NHKA het in die laaste twee dekades 'n skerp daling in lidmate ervaar.

Hierdie tendens is ook waarneembaar in getalsafnames in die NG Kerk en GKSA.



JAAR	NG Kerk		NHKA		GKSA	
	Doop	Belydenis	Doop	Belydenis	Doop	Belydenis
1990	427,194	959,366	60,058	132,483	35,036	78,945
1996	358,063	930,774	46,579	129,759	30,589	78,245
2002	303,868	897,067	37,858	116,829	24,340	73,748
2008	248,506	880,761	28,892	107,205	18,988	68,842

JAAR	NG Kerk		NHKA		GKSA	
	Doop	Belydenis	Doop	Belydenis	Doop	Belydenis
1990	0%	0%	0%	0%	0%	0%
1996	-19%	-3%	-29%	-2%	-15%	-1%
2002	-18%	-4%	-23%	-11%	-26%	-6%
2008	-22%	-2%	-31%	-9%	-28%	-7%

(Dreyer 2010:9).

Die NHKA het reeds by hul agt-en-sestigste Algemene Kerkvergadering in 2007 seker sake genoem wat aanleiding gee tot daling in lidmaattal:

- Emigrasie na die buiteland
- Lae geboorte syfer
- Veroudering van lidmate
- Gebrekkige geloofsopvoeding van kinders deur ouers
- Gebrekkige opsig en bearbeiding van bestaande lidmate
- Oneffektiewe bedieningsstrukture
- Eredienste bereik nie die jeug nie
- Ingrypende sekularisasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- Rol van die media
- Die aanvaarding van ander godsdienste of ateïsme as legitieme alternatiewe
- Die invloed van ander kerke deurdat NHKA lidmate daarby aansluit
- Die tyd van tradisionele lidmaatskap is verby
- Beweeglikheid van lidmate
- Min lojaliteit ten opsigte van een kerk of gemeente
- Jonger lidmate skakel by kerke en gemeentes in waar daar groter vryheid en variasie is, waar hulle voel hulle geestelik versorg word en 'n sinvolle bydrae kan lewer

(Dreyer 2010:10).

Dit is duidelik dat die oorsake byna vir al die Afrikaner hoofstroomkerke geld as redes waarom hoofstroomkerke in Suid-Afrika lidmaatskapafname ervaar. Vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke blyk dit duidelik dat 'n omkeerstrategie nodig is omdat 'n waarskynlike toekoms ingegaan word van ernstige verkleining.

Waarskynlik kan die volgende verwag word volgens Dreyer (2010:13):

- Die era (en die ideaal) van 'n gemeente met sy eie volversorgde predikant op elke dorp en in elke woongebied (die klassieke volkskerkmodel) wat in geografiese wyke verdeel is en gereeld deur ouderlinge en diakens besoek is, is 'n verbygaande model van bediening.
- Die tradisionele herder/kudde gemeente gaan in groter, stedelike gemeentes toenemend onder druk kom.
- Daarmee saam sal die tipiese reformatoriese identiteit en bedieningstrukture bepaalde verandering ondergaan.
- Die toekoms van die Kerk is waarskynlik te vind in makrogemeentes (sentralisasie, met gepaardgaande tot niet gaan van omringende gemeentes), of in mikrogemeentes (desentralisasie, met gepaardgaande proliferasie van huisgemeentes).
- Indien hierdie scenario realiseer, sal dit uiteraard groot uitdagings aan die kerk stel in terme van opleiding van lidmate en 'n radikale hervorming in kerkbegrip en kerkpraktyk. Op plaaslike vlak sal die verandering in grootte (groei of verkleining van gemeentes) eiesoortige eise stel.
- Gemeentes sal waar nodig saamsmelt.
- Op die platteland kan gemeentes van verskillende kerke saamsmelt en bediening deel.
- Teologiese opleiding, barmhartigheidsdiens en ander sinodale dienste moet interkerklik plaasvind.
- Op 'n makrovlak is die samesmelting van kerke 'n moontlikheid.
- Omgekeerd, as die strategie van desentralisasie gevolg word, kan klein gemeentes (huisgemeentes) onder leiding van lidmate en ouderlinge funksioneer.
- As laasgenoemde realiseer, het die implikasie dat die rol van die predikant ingrypend sal verander. Predikante sal meer aandag moet gee aan die opleiding en toerusting van lidmate.
- Die NHKA sal sy pastorale bedieningsmodel moet hervorm tot 'n omvattende missionale bedieningsmodel.
- Die tradisionele teologiese opleiding sal ingrypend moet verander, aangesien predikante van die NHKA tans nie in staat is om in 'n missionale omgewing te funksioneer nie.

Wat Dreyer hier stel as koersaanpassings vir die NHKA, sal ook geld vir die NG Kerk en die GKSA. Tolmay (2014:1,2) beskryf 'n toekoms van die drie Afrikaner hoofstroomkerke saam. Dit is duidelik dat 'n radikale paradigmaskuif getalle gestrem het en spiritualiteit onder druk geplaas het binne Afrikaner hoofstroomkerke.

## 5.5 L. Floor se perspektief

L. Floor ondersoek sekularisme vanuit een van die Afrikaner hoofstroomkerke: die Gereformeerde Kerk se perspektief.

Volgens Floor (1996:387) is sekularisasie:

“'n Saak of objek wat oorspronklik bestem was vir gebruik in 'n gewyde konteks, word as alledaagse gebruiksvoorwerp binne 'n gewoon-wêreldse raamwerk aangewend. Die saak of objek word as't ware 'onttrek' uit sy oorspronklike (gewyde) betekenis.

'n Kerkgebou word byvoorbeeld verander in 'n skouburg, 'n doopvont word gebruik as 'n drinkbak. Sekularismes dui volgens die Duitse outeurs 'n geestelike proses aan. In hierdie sin kry die woord die betekenis los van God; die natuur byvoorbeeld word beskou as iets wat niks te doen het met 'n goddelike skeppingsdaad nie. “

Floor (1996:388) ondersoek faktore wat sekularisme veroorsaak, hy noem:

- tegnologiese ontwikkeling
- matelose selfoorskating van die wetenskap
- toenemende welvaart
- invloed van die media
- afname in sosiale kontrole
- devaluering van die huwelik
- 'n seksualiteit wat van sy taboe ontslae geraak hê
- 'n sterk dinamika van die samelewing

Floor (1996:387-401) dring nie deur tot die kernsake as oplossing teen die sekularisme wat hy hierbo genoem het nie. Hy val terug op ou clichés, byvoorbeeld:

“Die heidendom kan nie die kerk binnedring nie, maar die kerk kon wel 'n geslaagde aanval op die wêreld loods.” (Floor (1996:393).

Taylor (2007:3,4,5) se invalshoek, soos in hierdie navorsing beskryf, toon aan dat sekularisme 'n meer komplekse saak is, as om van 'heidene' te praat waarin 'n geslaagde aanval op die wêreld geloods moet word. Floor (1996:393,394,395)



val terug op oplossings wat Calvin, Luther en die Puriteine gebied het. Taylor (soos beskryf in hierdie navorsing) toon juis aan dat die kerkhervorming die proses van sekularisme indirek (en byna onwetend) versterk het.

Floor (1996:396,397,398) stel meer Kategismus-prediking voor. Pastoraat word sterk aan Nagmaal gekoppel. Die kerklike organisasie het te min ouderlinge as kurators en in debutate.

Dit is meer as twintig jaar nadat L. Floor, eertydse hoogleraar in Teologie by die Gereformeerde Kerk, die artikel geskryf het. Redes waarom die Gereformeerde Kerk as Afrikaner hoofstroomkerk se getalle afgeneem het, saam met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerke, is veelvoudig.

Maar ou Gereformeerde oplossings help ons beslis nie om die toekoms te ontsluit nie. Alles is nie net negatief in dit wat L. Floor stel nie. Hy stel voor dat daar teruggekeer word na die Jerath Jahwe, die vrees van die Here in die Ou Testament (Floor 1996:399).

Hy haal ook Herman Bavinck aan as oplossing vir die kerk se roeping in die wêreld wat hy beskryf as: “Die persoonlike band des geloof aan die levende Christus.” (Floor 1996:400).

## 5.6 Phyllis Tickle: ‘The great emergence’ (2008)

Phyllis Tickle beskryf in haar navorsing ’n proses van spirituele aanpassings en veranderings wat sy noem: ‘The great emergence’. In hierdie verskynsel ervaar mense ’n oormaat van informasie en ervaar spanning as gevolg van ’n te lang aktiwiteitslys waarby mense net nie vinnig genoeg uitkom nie. Mense is ook oormatig afhanklik van tegnologie (Tickle 2008:15).

Tickle (2008:17) wys op drie veranderinge wat in so ’n nuwe era aanbreek:

- ’n Nuwe vorm van Christenskap ontwikkel.
- Daar vind ’n groot verandering plaas in Christenskap wat duidelik anders vertoon as voorheen. Twee duidelike segmente ontwikkel binne die Christendom.
- Die goed gevestigde Christenskap verbrokkel in nuwe geografiese en demografiese areas. In hierdie proses vind daar ook radikale veranderinge plaas in die gevestigde vorige strukture.

Tickle meen dat die ‘The great emergence’ elke vyfhonderd jaar plaasvind. Dit is in 2017 presies vyfhonderd jaar gelede, op 31 Oktober 1517, dat Martin Luther formeel die paradigma van die Reformasie verskuif het. Protestantse

Christenskap is gebore en manne soos Wycliffe, Müntzer, Zwingli, Knox en Calvyn het die Groot Reformasie momentum gegee (Tickle 2008:20).

Reeds in 1378 het dit duidelik geword dat die krake in 'n vyfhonderd jaar siklus wys van die godsdienst-sosiologie terwyl die onweerswolke saamgepak het vir die groot storm van die Reformasie. Daar was twee pouse wat aanspraak gemaak het op pouskap in daardie tyd en Clement VII in Frankryk (Avignon) en Urbanus VI het vanuit Rome 'n pouslike stryd gevoer (Tickle 2008:44). Hierdie groot stryd is vergroot teen 1418 toe daar drie pouslike aanspraakmakers was. Jan Hus (ook genoem Johan Huss) word ook in daardie tyd in 1415 op die brandstapel tereggestel.

Tydens 'n besoek aan Praag het die navorser, die invloed van Jan Hus op die Reformasie ondersoek. Jan Hus was rektor van Charles Universiteit en is in Praag na 'n veldslag gevange geneem. Hy het die Goddelike gesag van die pous teengestaan. Dit moet in die konteks van drie pouslike aanspraakmakers geëvalueer word. Jan Hus, as Boheemse kerkleier, het wel met sy lewe geboet in 1415, maar toon nog 'n kraak in die fundamente van die Rooms Katolieke kerk aan!

Jan Hus is nog steeds 'n legende in die Tsjeggiese Republiek en sy nalatenskap sluit 'n volledige geestelike tradisie in (die Hussiete) vanaf 1415, wat na wat hy gedoen het, reeds vir seshonderd jaar bestaan. As volksheld beïnvloed Hus nog steeds die geestelike landskap in 'n postmoderne samelewing van die Tsjeggiese Republiek ([https://en.m.wikipedia.org/wiki/Jan\\_Hus/](https://en.m.wikipedia.org/wiki/Jan_Hus/); Dowley 1988:330). Jan Hus is sterk beïnvloed deur nog 'n voor-Reformasie held, naamlik John Wycliffe. Die Hussiete het tussen 1420 tot 1431 vyf pouslike kruistogte afgeweer, bekend as die Hussitiese Oorloë. Jan Hus is op 20 Desember 1409 geëkskommunikeer saam met sy volgelingen en 'n menigte werke van John Wycliffe is verbrand. Wycliffe se werk is as verbode verklaar. Die verskil tussen Luther en Hus, was dat Luther sy ekskommunikasie oorleef het na die 'Ryksdag van Worms' meer as eenhonderd jaar later ([https://en.m.wikipedia.org/wiki/Jan\\_Hus/](https://en.m.wikipedia.org/wiki/Jan_Hus/); Dowley 1988:338-339).

Die invloed van die Gutenberg-gebeure waartydens die drukkuns ontwikkel is, moet tussen Jan Hus se afsterwe op die brandstapel en Luther se oorlewing in Duitsland nie misgekyk word nie.

John Wycliffe was van Engeland en sterf in 1384. Hy moet saam met Hus as die twee kern voor-Reformasiehelde beskou word. Hy het voortdurend die Pouslike stelsel misbruik (soos Hus) en aangeval. Wycliffe het gepleit vir die Bybel in 'n

eenvoudige moedertaal (Tickle 2008:52; Dowley 1988:338-339). Daarom het Luther onmiddellik na 1517 begin met Bybelvertaling in Duits as deel van die Reformasie. In 1440 is die drukkuns ontwikkel in Gutenberg; gevolglik kon die Duitse Bybelvertaling wyd versprei word, asook al Luther se geskrifte teen die Rooms Katolieke Kerk.

Die boekdrukkuns het die Reformasie radikale stukrag gegee (Tickle 2008:53). Wycliffe en Hus het egter gesterf sonder dat hul die vrug op hul werke gesien het.

Tickle (2008:53) noem dan ook ander sake wat die Reformasie verder stukrag gegee het.

Eerstens was dit 'n verandering in himnologie. Hierdeur is kerkmusiek getransformeer. Die politieke filosoof, Niccoló Machiavelli (1469- 1527), het die staatkunde en morele leierskap in Europa met rasse skrede na die uitvinding van die drukkuns ontwikkel. Hierdeur het die Reformasie op staatsgebied en moreel-etiese gebied verdere stukrag verkry (Tickle 2008:54).

In 1415 bewys die priester, Copernicus, dat die aarde om die son roteer en nie dat die son om die aarde roteer nie. Latere wetenskaplikes, soos Kepler, Galileo en Isaac Newton het hierdie teorie verder uitgebou (Tickle 2008:54). Christopher Columbus het met sy vroeëre seereise aangetoon dat hy nêrens van 'n plat aarde afgereis het nie en dat die aarde inderdaad rond is. Maar die premoderne beeld van 'n plat aarde het God en die engele bo geplaas en die hel en Satan onder. Dit is alles wakker geskud deur die wetenskaplike ontdekkings in die momentum van die Reformasie (Tickle 2008:55).

In 1054 het die Groot Skeiding plaasgevind. Die Griekse en Oos-Ortodokse tradisie is gebore met Konstantinopel as hoofsentrum. Daarteenoor het die Pous en Leo IX gestaan in Rome. Die groot dispuut was die volgende:

Die Rooms Katolieke Kerk het vasgehou aan ongesuurde brood tydens Nagmaal, en geglo dat die Heilige Gees gelyktydig uitgestuur is vanaf God, die Vader, en Jesus Christus as die Seun.

Daarteenoor het die Ortodokse tradisie gemeen dat ongesuurde brood oorbodig is en dat die Heilige Gees net van God, as Vader, uitgestuur is (Tickle 2008:20,21).

Tickle (2008:21) wys daarop dat dogmatiese verskille eintlik net die godsdiens-dilemma op die spits dryf in die lig van 'n veel groter politieke, ekonomiese en sosiale turbulensie. Dit is vir die navorser duidelik dat dit wat Tickle as

megalolwe van verandering aantoon ingebed is in die holistiese momente wat 'n samelewing beïnvloed.

Vyfhonderd jaar voor 1054 was dit die tyd van Gregorius die Grote wat teen ongeveer die jaar 590 Pous geword het. Hy het die radikale verandering, ná die inname van Rome, deur barbare, gestabiliseer. Teen 451 het die Konsilie van Chalcedoon plaasgevind, waartydens nog 'n groot kerkskeuring plaasgevind het. Die Oosterse Ortodokse kerk het afgeskeur wat Koptiese, Etiopiër, Armeense en Siriese Christelike kerke ingesluit het (Tickle 2008:24). Weereens het die kerklike dispuut oor dogma gegaan.

Die vraag was of Maria, die moeder van God was en of Jesus, een persoon met twee nature was. Daarteenoor is gestel dat Jesus twee persone in een liggaam was. Maria kan gevolglik sy menslike moeder wees sonder om God in die wêreld te baar, wat impliseer dat sy 'n gewone mens was, wat Jesus na sy vlees verwek het (Tickle 2008:23). Gregorius die Grote het stabiliteit gebring nadat die Romeinse Ryk deur ekonomiese, sosiale en politieke turbulente verkrummel het (Tickle 2008:20,21).

Ongeveer vyfhonderd jaar voor die gebeure, in 70 n.C., is die Tempel in Jerusalem verwoes en Jerusalem teen 130 n.C. verwoes.

Tickle (2008:27) spreek die mening uit dat elke radikale oorgang ongekende pyn meebring in elke semi-millennium aardskudding. Oor die verloop van tweeduisend jaar het geen tradisies uitgesterf nie, maar uniek bly voortbestaan. Die Christenskap het ook na elke groot skeiding nuwe demografiese en geografiese gebiede bereik. Met die ontwikkeling van globalisering en tegnologie, lewer al die tradisies tans steeds 'n unieke bydrae wêreldwyd en dra dit by tot 'n ryker Christendom (Tickle 2008:27).

Volgens Tickle (2008:28) het die Groot Reformasie 'n radikale invloed op die sielkunde, politiek, kultuur en sosiologie uitgeoefen, asook:

“Christianity became a global religion as a result of the Great Reformation. A large part of that globalization was in direct consequence of Protestantism's adamant insistence on literacy, which in turn led more or less directly to the technology that enabled world exploration and trade. As a result, Catholics and Protestants alike could, and did, carry Christianity out of Europe and into the world beyond, often in strenuous – and energizing – competition with each other.”

Dit is duidelik dat godsdiens-sosiologie 'n enorme impak in die resente wêreld uitgeoefen het!

Tickle (2008:33) definieer godsdiens soos volg:

“Religion is a social construct as well as an individual or private way of being and understanding. In its public or corporate role, any established or organized religion is the soul of the culture or society that, in turn, is the body in which and through which religion acts.”

Beide was radikale oorgange, maar die grootste was die koms van Christus vyfhonderd jaar later en die skeuring tussen Judaïsme en Christendom (Tickle 2008:30). Binne die Islam ontstaan die geloof seshonderd jaar later met die koms van Mohammed. Al die gelowe gekoppel aan Abraham vertoon verhale van vyfhonderdjaar-siklusse...

Tickle (2008:34) reflekteer die volgende oor die behoefte aan godsdiens in die mens se bestaan op aarde:

“Life is simply too hard and too painful for us to endure, if endurance is the only purpose. We feel instinctively that there must be more – more reason for being here, more purpose by which to govern our conduct and inform our choices. More than one philosopher has remarked that if there were no god, we would have to invent one; and the reason is this very thing of existential despair and huge vulnerability.

This does not mean – or even suggest, though, that God given faith assumes group as well as individual shapes and functions, the most obvious of these being its function as the bearer of meaning and its shapes or role as securing connection to something larger than the dinghy.”

Hiermee sluit Tickle by vorige godsdienssosioloë aan, maar plaas tog 'n mistiese, filosofiese element by oor godsdiens.

Tickle (2008:35) gebruik 'n ondersese kabel as metafoor: In die metafoor vergelyk sy die waterdigte omhulsel as die storie van die gemeenskap. Die kabel-omhulsel vergelyk sy met die gemeenskaplike droom.

Die kern van die kabel se binneste bestaan uit drie belangrike sake:

Eerstens: Spiritualiteit wat Tickle (2008:36) beskryf as die ervaringe en waardes wat intern in 'n individu of persone waaruit 'n samelewing saamgestel is, bestaan.

Tweedens: Aspekte van die liggaam van die kerk, wat geestelike liedere, kerklike en geestelike simbole insluit. Dit sluit ook in kerklike dogma en etiese sake soos dieselfde-geslagsverhoudinge van geestelike leiers.

Derdens: Moraliteit, wat Tickle (2008:36) definieer as:

“... the externalization and/or objective enactment and application of the values and experiences of the individual or individuals that compose a society.”

Volgens Tickle (2008:37) bars die kabel elke vyfhonderd jaar oop en nadat die omhulsel geskeur is, is die volgorde van die kern belangrik.

Eerstens verskuif die klem van spiritualiteit in die samelewing. Dit kan ook op 'n breër internasionale vlak voorkom. Daarna word aspekte van liggaamsake op die spits gedryf (soos die selfde geslagsverhoudinge tans) voordat die morele grond verskuif. Na die paradigmaskuif is daar kalm vaarwaters vir ongeveer tweehonderd-en-vyftig jaar (Tickle 2008:38). Tickle toon vir ons uitstekend die patroon van die mega-golwe wat godsdiens beïnvloed aan.

René Descartes het stukrag aan die rasionalisme gegee deur sy sleutelstelling: “Ek dink, daarom is ek” (Cogito, ergo sym).

Dit kan as sleutelbegrip van die Modernisme aangedui word. In die Modernisme gaan dit om feite, om iets te verstaan, om alles meetbaar en objektief uit te beeld (Niemandt 2007:16). Die Modernisme bevraagteken godsdiens-misterie wat deel uitgemaak het van die premodernisme. Dit moet rasioneel verklaar kan word. Johannes Calvyn het reeds in die sestiende eeu gepleit dat predikante akademies goed opgelei word (Niemandt 2007:16).

In die 1640's het Descartes aangedui dat daar tussen liggaam en verstand onderskei moet word. Die liggaam en verstand is twee aparte aspekte van die mens: *res extensa*, *res cogitans* (Tickle 2008:71).

'n Nuwe self tree in die negentiende eeu na vore deurdat Freud en Jung gevolg deur Adler, Rank, Horney en Erikson die diepste ontdekkings in die sielkunde maak oor mense se identiteit, gesien vanuit die sielkunde. Dit staan sterk teenoor eng Bybelse standpunte oor die identiteit van die mense (Tickle 2008:69,70).

Tussen 1851 en 1867 breek werke soos Darwin se ‘The Origin of Species’ en Michael Faraday, 'n chemikus, die premoderne wêreld verder oop. Faraday stel dit dat daar velde van elektrisiteit, magneetvelde en gravitasie bestaan, waar daar vroeër met materie as uitgangspunte gewerk is. Dit het 'n rasionale draaipunt gemaak in die fisiese wetenskap (Tickle 2008:64,65).

Tickle (2008:73) praat van tegnologiese tsunami's wat die mens oor die laaste vyftig jaar getref het. Dit sluit aan by dit wat Niemandt en Sweet voorhou in wat met kerklike en sosiologiese perspektiewe gebeur het.

Volgens Niemandt (2007:9) het die postmoderne aardbewing getykolwe veroorsaak wat oor die hele wêreld en die kerk spoel en Niemandt verwys na Leonard Sweet wat van mening is dat die kerklike toneel in die proses blywend verander gaan word (Niemandt 2007:9).

Een persoon wat die weg vanaf die modernisme na die postmoderne era gelê het, was Albert Einstein. Hierdie eertydse professor van Princeton Universiteit het teen 1905 sy *Annus Mirabilis* met vier gepubliseerde referate die lig laat sien (Tickle 2008:77):

“First, he postulated that the photoelectric effect could be explained if light were understood as being at times ‘bundles’ or what he called ‘quanta’ interacting with matter.”

Deur sy beskrywing van quantum fisika het Einstein die onsigbare wêreld binnegedring met hierdie teorie:

Einstein se tweede referaat het die los skakel wat ontstaan het as gevolg van ‘Brown se beweging’ aangespreek:

“In his study, though, Einstein demonstrated that movement of tiny things in liquid suspension is proof of moducular activity and, as a result, offered almost irrefutable support for the existence of atoms.” (Tickle 2008:78).

Hieruit het atoomsplitsing ontstaan wat uiteindelik gelei het tot die atoombomaanval op Hiroshjima. Einstein, se derde referaat in 1905, as 26 jarige, bevat die volgende inhoud:

“Einstein postulated the ‘special theory of relativity’. In effect, what special relativity did was overthrow any notion that there might be such a thing as absolute space or absolute time by showing that both are dependent upon an observer and that each of them is perceived differently, depending on the observer doing the observing.”

Einstein se vierde referaat spreek die onsekerheid van die Heisenbergse Beginsels aan. Hiervolgens hou hy voor dat dit moontlik is om een van twee aspekte te meet.

“You can measure the speed of something (in Heisenberg’s case, a particle) or you can measure its position; but you cannot measure both.” (Tickle 2008:79).

Einstein het hierteenoor sy aanvaarde wetenskaplike formule die lig laat sien:  
 $E = mc^2$

Met Einstein se ontdekkings aan die begin van die twintigste eeu het hy vir die res van die eeu die beginsel van ‘sola scriptura’ ernstig onder druk geplaas omdat die fisiese wetenskappe nie hierdie sake met Skrifgesag kon vereenselwig nie (Tickle 2008:80). Einstein skud miskien tradisionele Christengeloof, maar open beslis vir ons ’n opwindende nuwe perspektief oor energie en spiritualiteit wat geloof vorentoe opwindend kan beïnvloed. In die twintigste eeu het Duitse teoloë moeilike vrae gevra oor die ‘Ware Jesus’.

Die gesaghebbende Albert Schweitzer het reeds in 1901 ’n boek geskryf, getiteld, ‘The quest for the historical Jesus’ (Tickle 2008:80). Met die ontdekking van die Nag Hammadi en Qumran geskrifte in 1945 en 1947 is verder bewyse gekry wat Skrifgesag betwyfel het.

Nog ’n persoon wat bygedra het om geloof te knou, was Karl Marx. Volgens Tickle (2008:89) publiseer hy in 1867 sy groot werk ‘Das Kapital’. Hy het Hegel se standpunte probeer verontheilig en ’n Dialektiese materialisme aan die wêreld bekend gestel. Hierdeur het Karl Marx die politiek landskap in die wêreld verander en Kommunistiese partye het die standpunt gebruik as basis van hul politiek.

Tickle (2008:88) stel Marx se standpunt oor Dialektiese-materialisme opsommend as volg:

“Good and evil were not antithetical to one another, but rather were two parts of a thing that itself would exist only so long as the two were in opposition to one another. Once the two opposites in anything had resolved their conflict, they would synthesize, and the thing they were would cease to be. Thus all life was only a becoming, never a being. And all of creation was simply pieces and parts of some great Absolute that was itself becoming.”

Marx het soos Einstein radikaal die internasionale denke in die twintigste eeu hierdeur beïnvloed. In ’n postmoderne wêreld moet Marx nuut gelees en verstaan word, dat sy hoofmotief, die uitbuiting deur Kapitalisme is.



Volgens Caputo & Vattimo (2007:1) het Time Magazine op 8 April 1966 as hoofopskrif van die buiteblad die volgende vraag gehad: “Is God dead?” Dit was tot op daardie stadium die topverkoper van ’n uitgawe. Caputo & Vattimo (2007:3) verwys na Dietrich Bonhoeffer wat na die God-is-dood beweging verwys het:

“..as a coming-of-age an effort at honoring our history by following a certain culture and theological rite of passage”.

Hieruit is dit duidelik dat die Europese beweging waarin God as dood beskryf is weinige impak tydens Paradigma I in Suid-Afrika gemaak het, hoofsaaklik as gevolg van ’n baie rigiede Calvinistiese teologie en samelewing, waarin Afrikaners geleef het.

Maar die postmoderne teologie was duidelik ontvanklik na 1994 toe Paradigma II gegeld het. Baie kritiek is uitgespreek teen Calvinisme en daar is na alternatiewe gesoek. Deur globalisering het die wêreld ook klein geword en met die internet het almal toegang gehad tot onbepaalde teologiese standpunte wêreldwyd. Dit moet verder gesien word in die lig van jare van sensuur op publikasies en jare van isolasie tydens apartheid.

Ons kyk vervolgens na die historiese ontwikkeling van die Afrikaner se godsdiensidentiteit.

## 5.7 Die Afrikaner Godsdiensidentiteit

Giliomee (2004:6) verwys sinvol na die wortels van die Afrikaner en Calvinisme:

“In Nederland het die Gereformeerde Kerk, gebaseer op die Calvinistiese leerstellinge, amptelike voorrang geniet. Dit was egter nie die staatskerk nie en slegs die helfte van die bevolking was lidmate. Die fundamentele Protestantisme het die individu toegelaat om sy sieleheil sonder bemiddeling van priesters en heiliges te soek, en om wêreldlike voorspoed na te streef. Die Gereformeerde Kerk was sterk gekant teen die streng hiërargie van die Katolieke Kerk. Lidmate het geensins dieselfde eerbied aan predikante betoon as wat Rooms-Katolieke teenoor hul priesters aan die dag gelê het nie. Die staat het die kerk noukeurig dopgehou en daarop gestaan dat dit hom nie moet kritiseer nie. Dit was ook die geval aan die Kaap, waar die VOC die Gereformeerde predikante besoldig het.”

Dit is duidelik dat die Calvinistiese godsdiens die anker van die Kaap was toe Jan van Riebeeck in 1652 geanker het.

Giliomee (2004:33) merk op dat die Christelike kerk in die loop van die agtiende eeu hier hoofsaaklik 'n wit kerk geword het. Daar was min hulpbronne vir sendingwerk beskikbaar, maar daar was ook ander redes. Die Kompanjie het van die staanspoor 'n spesifieke stempel op godsdiens afgedruk deur, vervolgens instruksies aan predikante en onderwysers, daarop klem te lê dat hulle die Gereformeerde Kerk en die Hollandse taal bevorder moet word. Algaande is die burgergemeenskap en hul kerk gedefinieer deur 'n bepaalde geloof en taal.

By die burger het die oortuiging ontwikkel dat God 'n verbond gesluit het met hulle en hulle afstammeling, as 'n bepaalde gemeenskap. Volgens hierdie verbondsteologie was daar 'n kontinuïteit tussen God se verbond met die Jode en die een wat Hy met Christene gehad het. Dit is versterk deur 'n doopteologie wat uiteindelik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvaar is, waarvolgens kinders van Christelike ouers reeds in die moederskoot gered is. Die simbool daarvan was die kinderdoop. Ouers is slegs gevra om te belof dat hulle die kind in die geloof sou opvoed. Wanneer die kind volwasse word, het hy of sy formeel 'n geloofsbelydenis afgelê om as lidmaat aangeneem te word. Slegs lidmate kon Nagmaal ontvang.

Namate die verbondsteologie wortel geskiet het, het die burgers oortuig geraak dat lidmate van die kerk en die gebruik van die kerk se sakramente hulle as gemeenskap saambind. Dit het verder hulle band met die Christene en Europeërs elders in die wêreld bevestig. Die Sinode van Dordrecht besluit in 1618 oor prosedures wat die kerk in die kolonies moes volg (Giliomee 2004:33).

Die Sinode beklemtoon dat die evangelie aan almal gebring moes word, maar het die verantwoordelikheid op die hoofde van huishoudings geplaas om hulle slawe en ander werkers te laat doop. Diegene wat gedoop is, het dieselfde reg en vryhede as ander Christene geniet. Soos die Sinode dit gestel het, moes hulle nie weer deur hul Christelike meesters "aan die mag van die heidene oorhandig word nie, hetsy dit deur verkoop of deur onderbesit oordrag" geskied (Giliomee 2004:34).

Die Sinode het egter nie onomwonde verklaar dat gedoopte slawe vrygestel moet word nie. Dit is egter verkeerd om aan te neem dat geloof aanvanklik die belangrikste skeidslyn in die Kaapse samelewing was. Die Kompanjie het wel, maar eienaars het nie slawe vrygestel nie. Baie slawe wat vrygestel is, is nie

vooraf gedoop nie. Die eienaars het die aanmaning om hulle slawe te laat doop geïgnoreer, alhoewel dit teen die Calvinistiese geloof ingedruis het. Baie het verkies om Dordrecht verkeerdelik só te vertolk dat hulle verplig was om hulle slawe vry te stel as hulle gedoop is. In 1801 het Johannes van der Kemp, een van die eerste sendelinge, die posisie korrek opgesom:

“...daar is geen wet wat bepaal dat ’n slaaf vry word nadat hy gedoop is nie, maar daar is ’n verbod op die verkoop van ’n ongedoopte slaaf aan iemand wat nie gedoop is nie...” (Giliomee 2004:34).

Die belangrikste rede waarom eienaars slawe ongedoop gehou het, was dat hul vrees dat die doop hul beheer ingevaar sou stel. Om saam met sy eie slaaf in die kerk te sit, was ’n vorm van gelykstelling in die oë van ’n meester, wat sy posisie van gesag en meerderwaardigheid ondermyn. Min eienaars het hulle slawe vir doop of aanneming na die kerk gestuur en die Kaapse predikante het dit ook nie juis aangemoedig nie (Giliomee 2004:34). Dit was gewoonlik slegs ’n buitengewone vroom werkgewer wat gesorg het dat ’n nie-Europeër in sy diens gedoop word (Giliomee 2004:35).

Die Kompanjie het die Calvinistiese godsdiens bevorder en ook die Hollandse taal (Giliomee 2004:33).

Binne die Calvinistiese verbondsteologie was die Afrikaners aan die Kaap ’n verlenging van God se verbond met Israel. Die kinderdoop was die simbool daarvan en is gekoppel aan die uitverkiesing. Wanneer hierdie kinders volwasse word lê hul geloofsbelydenis af en word lidmate wat Nagmaal kan gebruik (Giliomee 2004:35).

Pogings om slawe te kersten is lank gestrem deur die onsekerheid wat die Sinode van Dordrecht in 1618 presies bedoel het. In 1770 het die owerheid besluit dat dit die plig van die Christene is om slawe in die Christelike godsdiens te onderrig (Giliomee 2004:61).

In 1793 het Michiel Christiaan Vos, wat aan die Kaap gebore is, predikant in die gemeente Roodezand (later Tulbagh) geword. Kort ná sy aankoms het hy aan die gemeente gesê dat hy die evangelie aan almal sal bring en ‘meesters’ is aangemoedig om hulle slawe na hom te stuur. Dit het ’n opskudding veroorsaak. Eienaars het gevrees dat hulle nie in staat sou wees om opgevoede slawe te beheer nie. Vos het belowe dat die slawe wat hy onderrig het meer gehoorsaam

en lojaal sal wees. Mettertyd het die eienaars se verset afgeneem (Giliomee 2004:61).

Gedurende die sewentiende en agtiende eeu aanbid alle rasse aan die Kaap saam en vier saam Nagmaal in een kerkgebou. Blanke mans en blanke vroue het in twee aparte blokke voor in die kerk gesit en Hottentotte en slawe in twee blokke van mans en vroue agter in dieselfde kerk (Tolmay 1995:44).

Die grootste deel van die agtiende eeu het die koloniste na hulleself verwys as 'burgers' of 'Christene' en partykeer as 'Hollanders', maar teen die einde van die eeu het twee ander konsepte na vore gekom. Dit was 'blankes' en 'Afrikaners'. 'n Slaaf is met minagting behandel omdat hy as minderwaardig geag was (Giliomee 2004:39).

In 1804 het kommissaris-generaal J.A. de Mist 'n nuwe kerkorde geïmplementeer. Dit het egter staatsheerskappy aan die kerk gegee (Van der Watt 1976:70; Tolmay 1995:22).

Hierdie kerkorde het tot 1843 voortbestaan en aangepas met Ordonnansie 7 van 1843, wat meer vryheid vir slawe beteken het (Van Der Watt 1977:9).

Daar was ook Voortrekkers wat nie-blankes as die nageslag van Gam beskou het, wat aan hulle gegee is as houthakkers en waterdraers (Tolmay 1995:47). Giliomee (2004:4) meen dat slawebesitters in Noordwes-Europa die term 'Gam se nageslag' gebruik het as slawe onderpresteer het. Die Voortrekkers het hierdie term en die persepsie hieromtrent van Jan van Riebeeck se tyd aan die Kaap in die volksmond begin gebruik, vir slawe en later ook vir Xhosas na veediefstalle.

Tolmay (1995:42) stem saam met Kinghorn (1986:50) dat die Nederlandse Calviniste hulleself as meerderwaardig beskou het teenoor die Hottentotte en later die Boesmans en Xhosas. Hul was deel van die Nederlandse staat wat internasionaal op sy hoogtepunt was en binne hul Calvinistiese afkoms het hulle hulself gesien as Christene wat uitverkies was bo die heidene. Eva, 'n Hottentot, trou met 'n Nederlander, nadat sy tot Calvinistiese Christendom 'bekeer' is. Dit is belangrik om daarop te let dat rasse voordeel wegval ten koste van Christenskap (Tolmay 1995:43).

Tydens die Britse bewind het verskeie sending genootskappe aan die Kaap kom werk:

- Wesleyaanse sendelinge in 1816;

- Glasgow Sendinggenootskap in 1821;
- Die Rynse Sendinggenootskap in 1829;
- Die Paryse Sendinggenootskap in 1829; en
- Die Berlynse Sendinggenootskap in 1834 (Giliomee 2004:63).

Volgens Tolmay (1995:3) het ongelukkigheid by Afrikaner-boere ontstaan na aanleiding van die optrede van Britse sendelinge. Dr. John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, was die geestelike leier van die filantropie in Suid-Afrika.

In 1826 keer hy terug na Engeland en in 1828 verskyn 'Researches in South Africa'. Hierin word onder andere beskryf hoe wreed die Afrikaners teenoor inboorlinge optree. Bogenoemde het groot impak in Britse regeringskringe gemaak en dit het aanleiding daartoe gegee dat Bourke, die waarnemende goewerneur aan die Kaap, in 1828 Ordonnansie 50 uitgevaardig het. Hiervolgens mag geen vrye inwoner van die Kaapkolonie op grond van kleur in sy vryheid van beweging, verblyf, werk of leefwyse beperk of tot arbeid gedwing word nie. Ordonnansie 50 staan bekend as die Magna Carta vir die Hottentotte (Muller 1985:141).

Die feit dat so 'n ordonnansie uitgevaardig is, bewys dat daar in die praktyk erg teen Hottentotte gediskrimineer is, veral gesien in die lig van die reaksie van blanke boere as gevolg van die wetgewing (Tolmay 1995:3).

Daar was deurlopend 'n poging van Nederduitse Gereformeerde Kerkpredikante om sendingwerk te doen. Vanaf 1851 was daar baie teenkants hierteen, terwyl sommiges, soos Ds. Hofmeyr, predikant in Calvinia, wat ervaar het dat mense van kleur uit kerkdienste gehou moes word omdat hul Gam se geslag was, geskok oor die weerstand en louheid teenoor sendingwerk (Giliomee 2004:81).

Giliomee (2004:126) reflekteer oor Paul Kruger: Hy is in 1825 gebore en het aan die Groot Trek deelgeneem. Hy kom uit 'n Gereformeerde Kerk-tradisie en het nie meer as drie maande formele skool onderrig gehad nie. Paul Kruger het Vegkop meegemaak en was in Noord-Natal toe Retief vermoor is. Dit het hom in sy geloof versterk en hy het geglo dat God sy hand oor sy verbondsvolk (die Afrikaners) gehou het. Paul Kruger het dikwels die Bybel op 'n letterlike wyse geïnterpreteer (Giliomee 2004:126).

Kinghorn (1986:50) is korrek in sy aanname dat Europeërs hulleself beskou het as Christene wat uitverkies is uit die heidendom. Verder het die Calvinistiese

Afrikaner hulself ook beskou om draers van die Christenboodskap te wees. 'n Stuk meerderwaardigheid het uitgekóm in die Afrikaner se rassehantering omdat hulle, hulself binne Calvinisme as die uitverkore volk beleef het (Tolmay 1995:42). Dit het aanleiding gegee dat die Afrikaner geroepe gevoel het tot die geestelike segregasie van heidene.

De Waal & Tolmay (1991:17) toon duidelik aan dat die Voortrekkers hulle deurlopend vergelyk het met die Ou Testamentiese Israel weens die feit dat hulle omring was deur heidense volke. Hulle het geglo God sal die Voortrekkers beskerm soos die Here Israel teen die heidendom beskerm het (Tolmay 1995:46).

Die oorwinning by Vegkop en Bloedrivier het hierdie standpunt versterk. Giliomee (2004) verwys na W.W. Collins wat teen 1850 saam met Andrew Murray in Bloemfontein gewoon het en die lidmate van die Gereformeerde Kerk beskryf as volg:

“They seem to be possessed with the idea that they are a divinely favoured people in the same sense that Israel was, and have been signally endowed by the Almighty with sufficient intuitive knowledge and understanding to undertake any mental or other duties.”

Verder het Andrew en John Murray hul ook vir sendingwerk beywer.

### **Die drie hoofstroomkerke in die ZAR:**

- Ds. Dirk van der Hoff het in 1852 in Potchefstroom aangekom en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (die Nederduitse Hervormende Kerk) gevorm. Dit het die staatskerk in die ZAR geword en nie by die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk aangesluit nie. Swartmense is uitdruklik uitgesluit uit hierdie kerk (Giliomee 2004:138).
- Die Lydenburgse gemeente het egter hul bande met die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk behou.
- Die derde kerk wat in die ZAR ontstaan het, was die Gereformeerde Kerk wat in 1859 gestig is en waarvan Ds. Dirk Postma die eerste predikant was.

Botha (1984:308) verklaar die Christelik-Nasionale aspek van die Afrikaner aan die hand van G.D. Scholtz:

“Tussen die Afrikaner en die verval in totale barbarisme het die Christelike godsdiens in sy Calvinistiese vorm gestaan” en “Die

Calvinistiese godsdiens was die vernaamste element in die Afrikaner se lewensbeskouing”.

Dit is duidelik dat Christelike geloof gelykgestel word met Calvinisme. Hierdie Calvinisme word op ’n unieke manier verbind aan Afrikanernasionalisme. Die volksteologie het gevolglik die identiteit van die Afrikaner vergestalt. Botha (1984:309) meen dat binne hierdie ideologie was alles ineengestremel en met mekaar verwar. Hy noem dit ‘burgerlike godsdiens’ (Botha 1984:316). Boesak pas burgerlike godsdiens op die Afrikaner toe in die Suid-Afrikaanse konteks as: “...a religious understanding – himself, his past and his future” (Botha 1984:320).

Botha (1984:328) verwys na I. Hexham se doktorsale navorsing wat aantoon dat die Gereformeerde Kerk die hoofakteur in die ontwerp van apartheid was, terwyl die Nederduitse Gereformeerde Kerk ’n geringe aandeel daarin gehad het. Die Gereformeerde Kerk het apartheid ontleen aan die Neo-Calvinistiese teorie van Kuyper wat die intellektuele raamwerk verskaf het. Hy het die standpunt geanker aan die Christelik-Nasionale standpunt (Botha 1984:350).

## 5.8 Resente invloede

Van der Merwe (2002:103) dui aan dat dié Sinode (Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 1990) egter heelwat duideliker as voorheen standpunt ingeneem het teenoor apartheid. Die volgende aanhaling gee ’n aanduiding van wat die heersende idees omtrent apartheid op daardie tyd was:

“In die beoordeling van apartheid staan die kerk voor sterk emosiebelaaide verskille. Terwyl ’n deel van die blanke bevolking dit sien as ’n regverdigte weg om die identiteit en die beste belange van die verskillende bevolkingsgroepe in die land te beveilig, sien ander dit as ’n rassistiese en onderdrukkende stelsel wat die belange van die blanke minderheid ten koste van die meerderheid van die bevolking beskerm en bevorder” (Van der Merwe 2002:103-104).

Volgens Naude (2004:44) het die aflegging van apartheid die Afrikaner met ’n groot vakuum van verlies aan rigting gelaat op godsdiens-sosiologiese gebied. Die voorafgaande word in die volgende lesersbrief in die Kerkbode van 10 Februarie 2006 bevestig. Onder die opskrif ‘Kerk moet onbeskaamd plek vir Afrikaners wees’, word geskryf:

“Die Afrikanervolk, en daarmee saam die meeste NG lidmate, sit met ’n yslike skuldkompleks oor apartheid. In plaas daarvan om sy

kudde in moeilike omstandighede te beskerm, het de Nederduitse Gereformeerde Kerk deelgeneem aan die proses wat op die huidige ongelukkige toestand uitgeloop het.” (Kruger 2014:55).

Die erfenis van die burgerlike godsdiens is hier sprekend en dit is duidelik dat dit nie sondermeer ten einde gekom het toe die drie Afrikaner hoofstroomkerke die apartheidsteologie as ‘sonde’ verklaar het nie. Dit het nie die diepgewortelde verstaanshorisone van mense individueel en kollektief uitgewis nie (Kruger 2014:56).

Balcomb (2001:4) toon vier karaktertrekke aan waarvan die invloed baie duidelik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk sigbaar is:

- Bekering of die nodigheid van ’n lewensverandering
- Die sentraliteit van die kruis en Christus se offer aan die kruis
- Die klem op en aanwakkering van evangelisasie en missionêre pogings
- Biblisme, in die sin dat die Bybel absolute gesag dra vir die lewe

Godsdiens het ’n stabiliserende funksie in die samelewing as dit die dominante kultuur in die samelewing bevestig. Waar godsdiens die sosiale diepgang bepaal omdat dit ’n sekere samelewingsordening godsdienstig fundeer of legitimeer, is dit relatief moeilik om dit te verander (Kruger 2014:66).

Durand (2002:20) maak die opmerking dat daar ’n verandering in die samelewing, soos die wetenskap, handel, kuns, opvoeding en politiek waarneembaar geword het. Kenmerkend van hierdie fenomeen is die vermindering van die invloed van die kerk, die godsdiens en teologie op hierdie terreine (Kruger 2014:1).

Verder kan die invloed van sekularisasie bemark word in die hedendaagse siening dat die mens vry geword het van die oorheersing van die gesag van kerklike dogmas as reël vir lewe en denke. Die mens se verbintenis aan God en sy beoefening van godsdiens word toenemend subjektief en opsioneel soos dit deur die individu se eie voorkeure en voorveronderstellings bepaal word (Kruger 2014:2).

Hierdie vrug van sekularisasie is vir Hofmeyr (2002:13) ’n faktor wat die teenwoordigheid van pluralisme in Suid-Afrika aanhelp. Die beginsel is dat alle kulturele en godsdienstige diversiteit erken en gelykgestel word. Dit bied dus ’n geweldige uitdaging aan ’n godsdiens en sy instellings.



Dit word bevestig deur Durand (2002:21) wat aandui dat die proses van sekularisasie paradoksaal daartoe gelei het dat nuwe vorme van spiritualiteit in Suid-Afrika bestaansgronde verkry het. Die drie Afrikaner hoofstroomkerke het lidmate 'n andersoortige spiritualiteit en styl laat ontwikkel as voorheen.

Volgens Kruger (2014:vii) gee dit aanleiding tot gestruktureerde sekularisasie. Sekularisasie verwys na die proses waardeur die hele samelewing en kultuur verwyder raak van godsdienstige instellings en simbole waardeur dit voorheen beïnvloed is. Die invloed van religieuse strukture op ander strukture neem dus af. Hierdie sosiaal-strukturele prosesse staan bekend as strukturele sekularisasie (Kruger 2014:vii).

Dit lei tot die verminderde kerklikheid van mense, die afname van deelname aan kerklike aktiwiteite en die verminderde waarde wat geheg word aan godsdienstige opvattinge (Kruger 2014: 6).

Volgens Nicol (2000:7) is godsdiens nie 'n doel opsig self nie, maar bloot 'n middel tot 'n doel. Dit help die mens om die persoon self vir God oop te stel en meer met God te leef. In die godsdiens gaan dit nie om godsdiens sodanig nie, maar om God. Daarom meen Nicol (2000:7) dat godsdiens nie heiliger as God self is nie. Daarom moet 'n persoon saam met God leef en nie net sekere aspekte afsonder of as heilig beskou nie. 'n Persoon moet nie godsdiens vanuit skuldgevoelens bedryf nie maar vanuit die positiewe. Anders word godsdiens 'n negatiewe ervaring – soos slegte medisyne teen die groot skuldgevoel.

Professor Willie Esterhuyse verwys na Emile Durkheim en is van mening dat die Franse skrywer hom gehelp het om denke en aksie in groepsverband beter te verstaan. Hy stel dit as volg:

“Durkheim se stelling dat geen godsdiens sonder 'n kerk (instelling, sigbare simbool; kollektiewe gemeenskap) moontlik is nie, het my gefassineer.

'n Gemeenskap se beïnvloedingsmag lê immers in die wyse waarop die lede hulleself binne sigbare verbonde en verstaanbare simbole verbind om saam te stem oor dit wat waardevol en nie waardevol is nie, heilig en profaan is; en hoe daar gesamentlik opgetree moet word om die waardes wat heilig is, te bevorder.” (Esterhuyse 2009:26-27).

Hieruit is dit duidelik dat kultuur en godsdienst verbind is. Die vraag ontstaan egter hoe verhoed die mens die verabsoluttering daarvan soos in die geval van Christelik-Nasionalisme by die Afrikaner?

F Kayser (1980:146) meen dat kontemporêre sosiale groepe die produk is van 'n lang sosiale proses wat nog nie 'n eindpunt bereik het nie, maar wat steeds progressiewe ontwikkeling ondervind. Die menslike samelewing is met ander woorde nie 'n statiese gegewe nie, maar 'n lewende organisme, bestaande uit individue wat voortdurend na verandering en vernuwing streef. Dit maak duidelik sin en kom ook by die Afrikaner-spiritualiteit na vore. Elke geslag het hulle eie geloofsvrae. Geloofsgemeenskappe kan nie vorige geslagte se antwoorde aanbied vir 'n volgende geslag nie.

Norris & Inglehart verwys na 'socialized religion - where one-culture is link to a one religion' (Roberts 2004:153). Dit word deur Roberts (2004:356) soos volg gedefinieer:

“The set of beliefs, rites and symbols that sacralise the values of the society and place the nation in the context of an ultimate system of meaning.”

Ons sluit aan by skrywers hierbo genoem. Beyers (2013:19) bevestig dit dat burgerlike godsdienst (civil religion) onderskryf 'n enkele godsdienst-affiliasie in die samelewing, wat deur die owerheid ondersteun word om 'n godsdienst monopolie te stimuleer. Hoewel daar verskeie godsdienstgroepe in Suid-Afrika aanwesig was tussen 1948 en 1994, het die Nasionale party 'n baie hegte band gevorm met die Afrikaner hoofstroomkerke in Suid-Afrika (Tolmay 1995:72). Gevolglik kan die drie Afrikaner hoofstroomkerke as volkskerke beskou word. Dit voldoen aan Beyers (2013:20) se beskrywing hierbo, en verder beskryf as volg:

“Roberts (2004:356) makes mention of the national cohesion that civil religion creates. The ideal of the nation and religion overlaps. The one serves the other. All belonging to the particular nation is automatically regarded as belonging to the same religion”

Dit is egter nie so maklik in 'n multikulturele- en multigodsdienst-samelewing nie.

Smit (2008:88,89,90) vra die vraag wat die taak van die geloof in die samelewing is. Hy noem dat die gevaar vanuit die modernisme bestaan om van godsdienst 'n innerlike of privaatsaak te maak. Hy is van mening dat die taak van die geloof behels om te pleit vir billike ekonomiese prosesse in die samelewing. Verder

meen Smit dat moraliteit in die samelewing gevorm en gekweek moet word. Smit (2008:90,91) meen ook dat geloof by 'n wye reeks aspekte van die burgerlike samelewing betrokke moet wees wat onderwys, die militêre aspek, regstelsel en die media insluit.

## 5.9 Post-Christendom

Post-Christendom is volgens Sweet in Joubert (2007:24) 'n situasie in 'n samelewing waar Christendom nie meer die sement is om 'n samelewing aanmekaar te hou nie. In die post-Christelike kultuur is 'n kerk 'n plek waarvoor mense skrikkerig is, die Bybel is 'n vreemde boek in 'n hotelkamer en 'n kruis is 'n vreemde man op 'n stok (Joubert 2007:25).

Stuart Murray skryf:

“Post-Christendom is the culture that emerges as the Christian faith loses coherence within a society that has been definitively shaped by the Christian story and as the institutions that have been developed to express Christian convictions decline in influence.”  
(<http://nextreformation.com/?p=2404>)

Post-Christendom sluit die volgende oorgange in:

**Van middelpunt tot grense:** in die Christendom is die Bybel en die Christelike stories die middelpunt, maar in post-Christendom word dit die grense.

**Van meerderheid tot minderheid:** in die Christendom was Christene meestal, met oormag, die meerderheid, waar in post-Christendom is ons slegs 'n fraksie van baie is.

**Van setlaars tot vreemdelinge:** in die Christendom was Christene uitverkore en tuis in 'n selfgeskape kultuur en leefwêreld, maar nou in post-Christendom is ons Christene die verstedelinge in 'n vreemde omgewing waar ons sukkel om in te pas.

**Van bevoorreg tot diversiteit:** in die Christendom het Christene vele voorregte geniet, maar in post-Christendom staan ons as 'n enkele gemeenskap in 'n multikulturele wêreld gekenmerk deur diversiteit.

**Van beheer na toeskouer:** in die Christendom het kerk en staat saam beheer uitgeoefen, maar nou in post-Christendom is ons slegs toeskouers en ons invloed het minimale impak in ons eie leefwêreld.

**Van instandhouding na missie:** in die Christendom was die klem op die instandhouding van die Christelik-Nasionale status quo, maar in post-Christendom veg ons vir 'n missie in 'n vrye omgewing.

**Van instelling na beweging:** in die Christendom het kerke hoofsaaklik as die vaste instellings gestaan, maar in post-Christendom het Christenwees net nog 'n godsdiensbeweging geword.

Ons het ook bepaalde veranderinge in hoofstuk 4 van die navorsing aangetoon ten opsigte van die sosiologie van Afrikaners, daarom bied dit ook nou vir ons die geleentheid om dieselfde paradigmas aan te toon. Hierdeur sal hierdie navorsing kan aantoon hoe die Afrikaner hoofstroom spiritualiteit vergelyk met wa dit was in die 1970's (Paradigma I) en hoe dit tans daaruit sien (Paradigma II). Dit bied dan ook die basis om in hoofstuk 6 toekomstgerig 'n aanname te maak hoe dit verkiesliker kan lyk oor twintig jaar van nou.

## 5.10 Paradigma I

Die drie Afrikaner hoofstroomkerke was die Nasionale Party (NP) regering se vennoot ten opsigte van apartheid (Tolmay 1995:91). In 1974 keur die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode die dokument 'Ras, Volk en Nasie' goed. Hierin word apartheid om praktiese redes regverdig en nie vanuit Skriftuurlike begronding nie. Die dokument stel dit duidelik dat daar geen Skriftuurlike verbod teen eiesoortige ontwikkeling ingebring kan word nie. Dit moet egter aan die eis van naasteliefde voldoen. Dit dui, volgens Tolmay (1995:136), op 'n effense verskuiwing teenoor vroeër uitsprake, wat apartheid ondersteun het.

Die drie Afrikaner hoofstroomkerke is gekenmerk deur orde en prosedure gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu. Die kerkreg het 'n baie belangrike rol in die tyd gespeel en vergaderingprosedures is noukeurig gevolg. Die tug is ook deeglik toegepas. Ampsdraers wat die kerkorde oortree het, moes 'n lang tugprosedure ondergaan, wat dikwels liefdeloos ervaar is.

Gemeentes is ook gekontroleer volgens eenvormige standaarde (Niemandt 2007:21). In dié tyd was beginsels belangriker as verhoudinge. Die eredienste is ook prosesmatig ingerig met 'n vaste liturgie. Die liturgiese ruimte is as baie belangrik beskou. Die predikante het met swart togas gepreek en alle ander

kerkraadslede het swart pakke en wit dasse gedra. Slegs mans het as predikante en kerkraadslede gedien. Vroue het apart as 'n vrouediens gefunksioneer. Sendingwerk is deur die Sinodes gedoen. Baie van die onderlinge vriendskappe oor die kleurgrens heen, het so in die slag gebly. Spesiale toestemming moes by die Minister verkry word om gesamentlike eredienste te hou (Tolmay 1995:142).

In godsdiens is gesoek na die absolute waarheid. Teologie was die eksklusiewe terrein van gespesialiseerde teoloë (Niemandt 2007:22). Die kerklike leer was baie belangrik. Geloofsgemeenskappe wat verskil het van die drie Afrikaner hoofstroomkerke is as sektes en dwaalleringe beskou.

Hierdie was 'n sterk Modernistiese fase en geloof is met die denke verklaar (Niemandt 2007:20). Daar was min plek vir emosies. Die drie Afrikaner hoofstroomkerke was die dominante kerke in Suid-Afrika en het 'n baie hegte verhouding gehad met die vorige regering in Suid-Afrika wat apartheid ingestel het (Tolmay 1995:1).

Janse van Niekerk (1989:380) het reeds voor 1994 die Nederduitse Gereformeerde Kerk se bydrae tot apartheid negatief afgewys en gepleit vir 'n Christelike en nie-volkse antropologie om die geloofwaardigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te herstel. Hy beveel aan dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk eerder klem moet lê op die nood van die individuele mens en moet waak teen groepskollektiwisme, sowel as heilsindividualisme. Janse van Niekerk (1989:389) pleit reeds vyf jaar vir die radikale verandering na 'n liberale demokrasie van 1994 dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie kultuur as 'n legitimering vir verdeling te gebruik nie, maar eerder as 'n instrument van verryking en vereniging.

Hierin het Janse van Niekerk 'n duidelike profetiese standpunt getoon teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk se verstrengeling met apartheid.

Kritzinger, in Hofmeyer, Kritzinger & Saayman (1990:57,59,62), noem die drie afgode van Calvinistiese Afrikaners wat hulle strem in die uitleef van hul Christelike roeping ten opsigte van swart mense:

- rassisme
- liefde vir grondbesit
- Mammon wat hy beskryf as Afrikaner volksKapitalisme

Die drie Afrikaner hoofstroomkerke het die nuwe Suid-Afrika in 1994 betree met huiwering en was beseer deur 'n te-naby verhouding met die vorige regering wat apartheid ingestel het.

## 5.11 Paradigma II

In die postmoderne tyd is daar weinig plek vir outoritêre strukture omdat min dinge vas is as gevolg van die subjektiewe interpretasie daarvan (Du Toit 2000:54). Deurdadig dat die tempo van verandering so versnel het, is die kans goed dat 'n volgende subjektiewe ontdekking die huidige sal vervang. Die liberale demokrasie stimuleer vryheid wat beteken dat 'n individu nie aan 'n outoritêre struktuur blootgestel word nie. Niemand heers oor iemand anders nie want almal is gelyk en moet menswaardig behandel word. Dit het ook geweldige implikasies vir strukture omdat dit neig om die liberale demokratiese beginsels te oortree. As gevolg van die reg van 'n individu word outoritêre sisteme uitgeskakel (Du Toit 2000:55).

Volgens Du Toit (2000:55) is die bonus-aspek 'n herwaardering van die linkerbreingedrag wat meer prosesmatig werk vir 'n meer mensgerigte, kreatiewe houding waarin die fokus van die spirituele belig word. Die holistiese wyse vervang kompartementele gedrag en die energie speel 'n belangrike rol in die totale universum.

Sodoende word die hele konteks van die mikrokosmos tot die makrokosmos ondersoek. Du Toit (2000:56) meen dat daar 'n nuwe soeklig op energie geplaas word omdat energie nie vernietig kan word nie, wat implikasies vir die begrip 'dood' het. Dit het implikasie vir die denke uit die modernisme dat lewe doodgaan, en selfs oor die konsep van die dood van God, soos beskryf deur Caputo & Vattimo (2007:3).

In die postmoderne tydperk word kritiek uitgespreek teen die standpunte van die natuurwetenskappe en vloei energie deur die spirituele wêreld met die gevolglike oplewing in die geesteswêreld en godsdienste (Du Toit 2000:56).

Volgens die 'Global index of religiosity and Atheism' (2012:6) is daar tien lande waar godsdienstigheid sedert 2005 aansienlik afgeneem het. Suid-Afrika se godsdienstigheid het van 83% tot 64% gedaal – 'n afname van 19%. Dit is byna dieselfde as Switserland en Frankryk met 'n afname van 21%. Die afname in Suid-Afrika is aansienlik as dit vergelyk word met die wêreldgemiddeld van 9%. Onmiddellik ontstaan die vraag waaraan hierdie toedrag van sake toegeskryf kan word, watter vormingskragte oefen hulle invloed binne die Suid-Afrikaanse samelewing uit dat daar 'n tendens van afname in godsdienstigheid waarneembaar is? Verder kan gevra word hoe groot die omvang van hierdie tendens is (Kruger 2014:1).

Westerse Individualisme wat in die populêre humanistiese mensbeskouing gewortel is, bied as betekenisstelsel die ideale teelaarde vir sekularisasie. Hierdie betekenisstelsel se prioriteite van persoonlike vryheid, privaatheid, selfstandigheid, vryheid van keuse en die streef na persoonlike welvaart is ook merkbaar in die lewe van lidmate van die drie Afrikaner hoofstroomkerke (Kruger 2014:ii).

Dit veroorsaak dat die drie Afrikaner hoofstroomkerke se invloed ten opsigte van die vestiging van godsdienstige waardes in die huidige pluralistiese samelewing van Suid-Afrika verminder en daarom het die kerk se godsdienstige beginsels min effek op openbare opinies (Kruger 2014:ii).

Sekularisasie laat egter nie religie as verskynsel geheel en al verdwyn nie, maar omvorm wel die bekende en tradisionele vorme van godsdienstigheid. As gevolg van sekularisasie word godsdiens toenemend verskuif na die private sfeer van die samelewing, soos die gesin of die moderne individu. Die betekenis van godsdiens word beperk tot die private sfeer en persoonlike psige. Godsdiens in hierdie sfeer word ook al hoe minder geaffekteer deur die disintegrasie van die verhouding tussen religieuse instellings en ander sosiale instellings (Kruger 2014:ii).

Du Toit (2000:56) toon die huidige tydperk van die een-en-twintigste eeu aan as 'n tyd van groot onsekerheid en onstabielheid wat Suid-Afrika eers na 1994 getref het. Die koms van die internet en die invloed van die 'global village' het Suid-Afrika deel van 'n vinnig polsende wêreldgemeenskap gemaak. Voeg daarby dat Suid-Afrika deur jare van isolasie gegaan het as gevolg van apartheid. Voor dit was Suid-Afrika nie so maklik bereikbaar as gevolg van geografiese ligging nie en het isolasie verder gestimuleer. Du Toit (2000:59) maak volgens die navorser 'n geldige punt dat ons baie meer 'n vloei van premodernisme, modernisme en aspekte van die postmodernisme in die Suid-Afrikaanse samelewing post-1994 ervaar.

Du Toit (2000:60) toon egter aan dat godsdienste, soos ook in die Suid-Afrikaanse grondwet beskryf word, meer oop is vir postmoderne aspekte. Hy toon aan dat die eens bevoorregte Calvinistiese godsdiens wat ook die samelewing gereguleer het, plek gemaak het vir 'n oop samelewing waar mense 'n verskeidenheid van keuses het. Hierin het 'n duidelike paradigma verskuiwing plaasgevind.

Dit kan gevolglik vergelyk word met 'n uitpakslaai waarin mense die vryheid het om self 'n keuse te maak en dat elke mens se seleksie van mekaar verskil. In die Calvinistiese godsdiens wat met 'n stel vaste dogmas werk, vind kerkleiers dit

gevolglik moeilik om met mense wat met 'n vloeibare seleksie werk, te bedien. Du Toit (2000:96) toon ook aan dat daar in die samelewing radikale verandering besig is om plaas te vind in outoritêre strukture (in die huwelik, gesin, samelewing en owerheid). Dit lei maklik tot ekonomiese fluktuasies en insinkings, tot nihilisme en verlies aan lewensin omdat individualisme koherensie strem (Du Toit 2000:96).

Resente navorsing is oor jongmense in Afrikaner hoofstroomkerke is in 2015 deur Malan Nel & Zander van der Westhuizen gedoen. Malan Nel is 'n teoloog en professor in Praktiese Teologie en Zander is 'n NG Kerk predikant wat spesialiseer in jeugnavorsing. Hul was in 2015 redakteurs van 'Skokkend Positief' wat insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaner hoofstroomkerke se kerkjeug gedoen het.

Hier volg sekere van hul belangrikste beginsels:

- Gesinne bly die belangrikste ruimte waarin jongmense hulle geloof groei.
- Ondersteun huwelike.
- Toerusting van almal wat met jongmense werk is belangrik.
- Dink inklusief en sensitief oor jongmense.
- Dink nuut oor die ontwikkeling van geloofsvorming.
- Werk aan die kerk se publieke beeld. Die meeste jongmense beleef die kerk as vooroordelend.
- Raak betrokke by jongmense en wees daar vir hulle. Wees meer gasvry oor gemarginaliseerde mense.
- Doen moeite met stories, rituele, tradisies en simbole.
- Wees aktief betrokke by 'n getransformeerde jeugkultuur.
- Raak betrokke by onderwys. Dit sluit kinderontwikkeling, naskoolse jongmense en ondersteuning van onderwysers in.
- Motiveer jongmense binne die konteks van Suid-Afrika.
- Ondersteun jongmense pastoraal veral depressie probleme.
- Gebruik moderne tegnologie en sosiale media.
- Herbesoek seksualiteit en ontwikkel moraliteit.
- Wees lief vir jongmense (Nel & Van der Westhuizen 2015:168,169).

Hierdie belangrike insigte is vir hierdie navorsing relevant omdat dit die Afrikaner hoofstroomkerke belig. Dit is duidelik dat 'n meer informele spiritualiteit noodsaaklik is. Daar is nie baie Calvinistiese elemente aanwesig nie, maar Calvinisme kan wel as historiese basis gebruik word. 'n Spiritualiteit van simbole is belangrik vir jongmense. Die Afrikaner Calvinistiese spiritualiteit was histories arm daaraan. Hierdie navorsing dui vir ons die koers van 'n spiritualiteit van Afrikaner hoofstroomkerke aan. Die jongmense van vandag gaan oor



twintig jaar die volwassenes wees met die volgende geslag van jongmense. In dit alles is daar soeke na 'n godheid en sluit die mens se soeke in die postmoderne tyd aan by 'n aanhaling van Scott Peck (1993:153):

“One of the great sins of organized religion is that it corrupt some very holy words and when people encounter these words, they associate them with the hypocrisy of organized religion and can no longer see or hear their real meaning.”

Die vraag ontstaan hieruit gevolglik of die Afrikaner hoegenaamd besef hoeveel skade gedoen is met voorskrywende en regulerende Calvinistiese godsdiens.

Vir die moderne mens met sy wetenskaplike en rasonale beskouing met baie lewenservarings, is onverbiddelike verklaring ontoereikend. Daarom kan die hele geloofwaardigheidstruktuur van daardie godsdienstige beskouing disintegreer vir daardie persoon (Berger 1990:79). So vind daar algaande 'n vervreemding plaas tussen die mens en godsdiens (Kruger 2014:63).

Beyers (2013:16) reflekteer as volg oor Durkheim se toekomsblik oor godsdiens:

“Durkheim is convinced that religion will change as society changes. Durkheim is just as convinced that religion will persist. The old religion might die out, but the new religion will be born. This creative process is part of society and human nature” (Pickering 1984:476). As long as man lives together in community man will continue to have religion”.

Prof. Wentzel van Huyssteen skryf in die voorwoord van Du Toit (2000:1) dat God tergend onsigbaar is in 'n samelewing waarin ons religieuse, politieke en kulturele sekerhede en waardes meedoënloos uitmekaargeval en versplinter het. In hierdie postmoderne tydperk verdwaal ons in 'n stil niemandsland waarin persoonlike onsekerhede 'n gevoel van totale mislukking van die samelewing stimuleer. Van Huyssteen vra waar die mens kontak maak met God. So beskryf, verklaar dit aan die navorser die rede waarom volgens Tickle (2008:149) daar 'n groeiende behoefte aan stilte is. Dit verklaar gevolglik aan die navorser die tendens dat 'retreat' sentrums, van Christelike of Boeddhistiese aard, meer besoek word.

Volgens Du Toit (2000:35) is die reaksie op die logiese verklarings vir gebeure en toestande dat intellektuele persone gaandeweg al meer agnosties of ateïsties raak. Hierteenoor kan individue die logika van die ortodokse teologie kombineer met elemente van 'n verinnerliking van die geloof op 'n piëtistiese wyse. Dit loop

uit dat daar 'n groei in die fundamentalisme is. Fundamentalisme selekteer slegs sekerheid/vastigheid in 'n absolute, finale waarheid waarin die Bybel letterlik verstaan word (Du Toit 2000:35,36).

Die moderne mens wat nie na die twee pole van ateïsme of agnostiek aan die een kant en fundamentalisme as die ander pool beweeg nie, word vasgevang in 'n skisofreniese wêreld van glo-en-bid-op-Sondae, maar ander-weet-en-leef op die ander dae van die week (Botha 2000:35).

Claassen en Gaum (2012:10,11,12) toon hierdie skisofreniese dilemma aan binne die leefwêreld van die Afrikaner in vandag se bestaanswêreld.

Dit is duidelik dat binne die wetenskaplike tyd daar groot spanning ontstaan het tussen geloof en rede, kerk en wetenskap (Du Toit 2000:42). Daarteenoor wys Du Toit (2000:51) daarop dat die verwoestende gevolge van die twee wêreldoorloë gedurende die twintigste eeu postmoderne denke gestimuleer het. Groot ontnugteringe het die optimisme van die mens aan skerwe laat lê. Die stimulus van die tegnologiese ontwikkeling het mense met 'n groot verskeidenheid van keuses gelaat en dit het 'n 'global village' te weeg gebring.

Stephan Joubert (2007:8) vergelyk die situasie wat Suid-Afrika tans beleef met 'n stormgeteisterde gebied. Daar is armoede, misdaad, werkloosheid, VIGS, regstellende aksie, desperaatheid en kerkloosheid. Die veilige wêreld van Afrikaners voor 1994 het ervaar hoe die sluise opgetrek word deur 'n tegnologiese revolusie wat internet, selfone en sosiale media insluit. Verder het persvryheid, demokrasie en godsdiensgelykheid deel van ons alledaagse lewe geword (Joubert 2007:8).

Leonard Sweet (2000:23) beskryf die postmoderne tydperk as 'n tydperk van verhoudings. Deur gesprek en dialoog word die waarheid gevind. Hierdie verhoudings is oop waarin daar 'n ruimte geskep word om by mekaar te leer. Daar is 'n soeke na wat uniek en verskillend is en 'n groot mate van plooibaarheid bestaan.

Caputo & Vattimo (2007:10) beskryf 'n postmoderne terugkeer van godsdiens. Hul meen die Modernistiese optrede het God doodgemaak. Indien ons verby die strukture en geweld van die opdrifsel kan beweeg wat die modernisme gebring het, kan 'n Utopia aanbreek as God weer welkom is op aarde. Dit is natuurlik die ideaal maar dit is volgens die navorser se oordeel effens naïef. Vanuit hulle agtergrond as Rooms Katolieke, koppel hul Protestantisme en

Kapitalisme aan mekaar en plaas hulle die blaam hierop soos vergestalt – in die Modernisme (Caputo & Vattimo 2007:41).

Caputo & Vattimo toon aan dat hul skepties staan teenoor die hermeneutiek wat gebruik word, omdat verkeerde tradisies en perspektiewe op skrifgedeeltes geplaas word (Caputo & Vattimo 2007:83). Hermeneutiek moet verstaan word as die dekodering van Bybelse tekste op die praktiese situasie van die mens se leefwêreld vandag. Caputo & Vattimo (2007:90) maak baie van Nietzsche se standpunt dat God dood is. Dit raak die sleutel van die publikasie. Hul kom dan met positiewe perspektiewe om vanuit 'n postmoderne toeligting weer hoop te bring dat daar wel plek is vir God en godsdiens in die samelewing. Hul sien kerke egter vandag as 'n struikelblok. Ware suiwer liefde is noodsaaklik (Caputo & Vattimo 2007:45).

Dit is vir hierdie navorsing belangrik om daarvan kennis te neem. Die vraag is gevolglik of die Afrikaner hoofstroomkerke nie juis hieraan skuldig is nie. Het die Afrikaner hoofstroomkerke nie veral jongmense verwilder met hul Christelik-Nasionale aanslag terwyl die behoefte vandag bestaan aan 'n godsdiens wat vry is van struktuur en tradisie en die voetangels van historiese sake soos apartheid nie? Is hoop nie die sleutel soos Caputo & Vattimo dit stel nie? Moet ons hermeneutiese sleutels nie dalk herondersoek word en herevaluering dringend plaasvind nie?

Niemandt (2007:44) sluit aan by André Janse van Niekerk wat meen dat Afrikaanse mense in die een-en-twintigste eeu 'n behoefte het dat hul geloof moet resoneer met ons breë intellektuele en kulturele oriëntasie.

## HOOFSTUK 6:

*Bladsy*

### DIE INTERPRETASIE VAN DIE TOEKOMS

**148 - 180**

6.1	Die Fresh Expression – beweging	150
6.2	Fresh Expression in Suid-Afrika	154
6.3	Refleksie vanuit die Tsjeggiese Republiek	156
6.4	Paradigma III	158
6.5	Ontluikende kerke	167
6.6	Tickle se toekomsinterpretasie	168
6.7	Verdere implikasie vir die toekoms van die drie Afrikaanse hoofstroomkerke	170
6.8	Evaluering	179

## HOOFSTUK 6:

### ‘N INTERPRETASIE VAN DIE TOEKOMS

Een van die sleutels wat ons kan gebruik om die kerk van die toekoms oor twintig jaar oop te sluit, is die beweging van die Modernistiese manier van kerkwees na die postmoderne tydperk se manier van kerkwees. Dit word verder onderstreep deur die skuif wat daar plaasgevind het van Paradigma I na Paradigma II, soos beskryf in hoofstukke 4 en 5 van hierdie navorsing.

Daar vind ’n verskuiwing plaas in die sogenaamde heiligheid van kerkgeboue, waar tradisie in stand gehou word, veral in die liturgiese ruimte na informele vergaderplekke van geloofsgemeenskappe (Niemandt 2007:38).

Die kerke was organisatories vroeër so gestruktureerd dat besluite hiërargies en ‘van bo’ af geneem is, met sterk invloed op kerkordes. Platter besluitnemingstrukture geld tans wat funksioneel is. Waar ampte vroeër op ’n Calvinistiese wyse geïmplementeer is, word daar nou funksioneel praktykgerig met inagneming van talente daarvoor besin (Niemandt 2007:39,40).

Binne die Modernisme, soos beskryf in Paradigma I, is mense probleemgedrewe en word die sleutels van kritiese en/of analitiese denke gebruik om dit op te los. Daar is ’n sterk hiërargiese lyn hoe die struktuur en die personeel bestuur moet word. Daarteenoor beweeg ons in die toekoms in, volgens Niemandt (2007:70), na ’n spanbenadering. Hier funksioneer ’n sisteem (soos beskryf in hoofstuk 3 van hierdie navorsing) wat visie-gedrewe is, waarin kreatiewe energie die norm is. Teenoor ’n programgedrewe benadering funksioneer kleingroepe wat mekaar dinamies diens, lei en ondersteun.

Dit is veral hoofstroomkerke wat wêreldwyd lidmate verloor en vasgevang is in tradisies van Modernistiese kerkwees soos hierbo beskryf.

’n Voorbeeld van kerkwees wat aan die eise van die hede en die toekoms voldoen, word aangetref in Engeland. Die dilemma wat na die twee wêreldoorloë in Europa ontstaan het, is dat daar suspisie teen die tradisionele kerkstrukture ontstaan het.

Die ‘Fresh Expression’-beweging is ’n voorbeeld van waarheen kerkwees in die volgende twintig jaar kan skuif (Fresh Expression n.d.).

## 6.1 Die 'Fresh Expression'-beweging

Die beweging is in September 2005 in Engeland gestig deur die Anglikaanse Kerk en die Metodiste Kerk. Daar is tans agt hoofstroomkerke in Engeland wat vennote van 'Fresh Expression' is. In Suid-Afrika is daar vyf vennote as deel van die 'Fresh Expression'-beweging, naamlik die Anglikaanse Kerk, die Metodiste Kerk, die NG Kerk, Presbiteriaanse Kerk asook die Evangeliese Lutherse Kerk.

Die 'Fresh Expression'-beweging poog om geloofsgemeenskappe te plant as alternatief vir die tradisionele kerklike strukture. Persone wat nie kerkgangers is nie, is die fokus. Aartsbiskop Graham Cray van die Anglikaanse Kerk in Engeland is tans die leier van die 'Fresh Expression'-beweging. In Groot Brittanje het 70% van die bevolking in 2001 verklaar dat hulle Christene is, maar net 15% het gereeld kerkbyeenkomste bygewoon. Daar is oor die agt honderd verskillende 'Fresh Expression' gemeenskappe in Groot Brittanje gestig. Dit sluit onder andere in:

- 'n Skaatsplank en 'n BMX groep in Essex,
- verskeie koffiewinkels regoor Groot Brittanje,
- kuns en kreatiewe groepe in London,
- studente groepe in Southampton,
- branderplankryersgroep in Cornwall,
- 'n Britse Asiatiese groep in Birmingham,
- verskeie groepe in Manchester en
- 'n kindergroep in Portsmouth.

Volgens Fresh Expression (2015f) is daar vir motiewe in die 'Fresh Expression'-beweging:

- Missionaal – om mense te bedien buite die klerk
- Kontekstueel – om waarlik na mense te luister en binne hul kultuurwêreld in te beweeg
- Opvoedkundig – om mense as dissipels toe te rus
- Ekklesia – om 'n nuwe geloofsgemeenskap te stig

Die groot gevaar is dat die ou tradisionele Modernistiese hoofstroomkerke hierdie geloofsgemeenskappe kan insluk. Die 'Fresh Expression'-beweging fokus baie sterk op menslike verhoudings. Daar word sterk op mense se behoeftes gefokus en so ontstaan gesonde en ryke verhoudings (Fresh Expression 2015e:4).

In hierdie verhoudingsgedrewe gemeenskappe word besef dat groei plaasvind waar:

- leiers bemagtig word
- mense kans kry om hul gawes te gebruik
- waar spiritualiteit passievol uitgeleef word
- waar funksionele strukture bestaan
- waar holistiese kleingroepe bestaan

(Fresh Expression 2015e:4).

Claire Campra verwys na Scott Peck se standpunt oor effektiewe gemeenskappe en beskryf dit as volg:

“Peck offers the analogy of looking at each other through ‘soft eyes’ as shorthand for regarding people through lenses of respect. When we begin to do this something special happens. As the masks drop and we see the suffering, courage, brokenness and deeper dignity beneath we truly start to respect each other as human beings. To look at each other through our masks of composure, is to do so with ‘hard eyes’ through barriers of distrust, fear, resentment and prejudice which will never build a safe environment for either party to be more open [(2015e:9) *Fresh Expression member’s hand out C09*].


Wanneer die geloofsgemeenskappe van die toekoms geëvalueer word, ontstaan die vraag of die drie Afrikaner hoofstroomkerke nie in die verlede met harde oë gekyk het na mense wat nie in hulle kultuur ingepas het nie? Is dit nie die rede hoekom getalle afplat nie?

Sake soos deernis en empatie is beslis aanwesig by die ‘Fresh Expression’-beweging.

Volgens Fresh Expression (2015:5d) is visie onontbeerlike in die beweging. Visie verskaf:

- gedeelde beweging in dieselfde rigting
- geloof en passie
- energie om dieselfde doelwitte te bereik
- voortdurende betrokkenheid by nuwe mense
- effektiewe verdeling van verantwoordelikhede
- die opoffering van korttermyn sukses
- gemak vir langtermyn sukses

Die volgende model, vertaal deur die navorser, definieer Christelike Visie (Fresh Expression 2015:7d). Hierdie proses is spiraalvormig en sal 'n paar keer herhaal word.



Joel Barker (191:4) beskryf 'n visie vir die toekoms as 'n droom in aksie. Hy beskryf ook die groep wat dieselfde visie nastreef en dieselfde beeld vertroetel, by punt 4, as 'n visionêre gemeenskap.

Peter Senge (1992:242) wys daarop dat 'denkmodelles' bestaan. As hierdie beelde in wat by mense bestaan gedeel word, soos beskryf by punt 4, dan versterk dit die gedeelde visie en is daar 'n groter kans op sukses.

Die vraag ontstaan hoe gaan die 'Fresh Expression'-beweging prakties te werk? Die volgende stappe word gevolg:

- 1 - Analiseer die konteks
- 2 - Bewerk verbindings in 'n gemeenskap
- 3 - Kommunikeer die boodskap van nood
- 4 - Bewys deernis
- 5 - Hanteer vrae en ongemak
- 6 - Fokus of finansies
- 7 - Besluit oor vennootskappe en groepe wat kan saamwerk
- 8 - Bid en werk vir verandering
- 9 - Volg die voorbeeld van Christus se liefde

Die belangrike is om 'n nuwe geloofsgemeenskap te wees [(2015f:7) *Fresh Expression kursusmateriaal*].



Tydens die navorsing se besoek aan Engeland, het hy 'n lang gesprek gevoer met Prof. Michael Moneagh, die hoofnavorsing van die 'Fresh Expression'-beweging en verbode aan Oxford Universiteit. Hy het die navorsing verwys na 'n aantal van die 'Fresh Expression'-bewegings se geloofsgemeenskappe. Een van die projekte wat uitstaan is Kahaila Café. Dit is gebaseer in die ooste van London in Brick Lane. In hierdie gestremde omgewing staan Kahaila Café uit. Goeie en goedkoop koffie, vriendelikheid en heerlike koekies om aan te smul. Hierdie moderne koffiewinkel met sy vinnige WiFi internet toegang was 'n miernes van bedrywigheid. Daar is ekstra lugruimtes in die dak wat die koffiewinkel ophelder. Kahaila Café dien die gemeenskap op besondere manier. Soos al die ander 'Fresh Expression'-projekte, is hier ook nagevors wat die behoefte in die omgewing was. Die antwoord was 'n goeie koffiewinkel met vry internet toegang. Kahaila Café is al 'n geruime paar jaar aan die gang en bedien die gemeenskap van Oos-London.

Daar is wekeliks 'n geestelike sessie in die aand en besoekers word gereeld daarheen uitgenooi. Weereens is verhoudingsbou, deernis en omgee sleutelwoorde tydens hierdie byeenkomste.


In die deel van Oos-London bly baie persone wat deur die sosiale staatsstelsel ondersteun word en waar substansies soos dwelms en drank misbruik word. Daar is egter ook 'n instroming van persone uit Oos-Europa in die omgewing en hulle maak veral gebruik van Kahaila Café.

Hierin sien ons beslis sleutels van 'n geloofsgemeenskap van die toekoms in aksie. Dit voldoen aan die gemeenskap se behoeftes en verskaf liefde en deernis aan vreemdelinge in 'n nuwe land, op 'n informele wyse. Mense is vry van die dogma en die stigma van hoofstroomkerke waar sekere reëls en regulasies geld. Mense se behoeftes word op 'n daaglikse wyse aangespreek en hulle ervaar liefde in aksie. Tradisies en rade neem nie besluite vanuit 'n historiese perspektief nie.

Volgens Fresh Expression (2015c) is daar min verskil tussen die 'Fresh Expression'-beweging en die Ontluikende Kerk (Emerging Church) in die VSA. Die 'Fresh Expression'-beweging werk met 'n meer vaste visie en implementeringsproses.

Volgens Fresh Expression (2015b) meen Alan Hirsch is 60% mense in die VSA kerkvervreemd. Hierdie getalle gaan waarskynlik toeneem in die toekoms as daar nie met alternatiewe gewerk word nie.

Die volgende skematiese voorstelling dui op die ontstaan van Fresh Expression (2015f).



Volgens Fresh Expression Kursusmateriaal (2015f:28) was daar in Groot Brittanje 3,500 'Fresh Expression' –gemeenskappe. Van die deelnemers aan 'Fresh Expression' –projekte was:

- 25% bestaande kerkgangers
- 35% was kerklidmate wat afvallig geraak het
- 40% het aan geen kerk behoort nie

## 6.2 Fresh Expression in Suid-Afrika

Soos reeds genoem is daar vyf deelnemende kerkgenootskappe in Suid-Afrika. Die navorser is deel van 'n groep van vyf-en-twintig NG Kerk predikante wat 'Fresh Expression' opleiding ondergaan het in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika gedurende 2015. Na eie oordeel is die opleiding baie goed gestruktureer en omvattend. Die uitdagings bly om dit suksesvol in die praktyk te implementeer en te finansier.

Die navorser het vanaf 2016 met 'n implementeringsproses begin by die gemeente waar hyself bedien, naamlik NG Kerk Krantzklouf gemeente. Ds. Leonardi Stoop is beroep om voltyds die bediening te implementeer. Die groot behoefte in Durban en fokus van hierdie 'Fresh Expression'-beweging, is jongmense tussen die ouderdom 18 tot 30 jaar. Na 'n jaar van implementering is die groei stadig, maar toon dit mooi belofte. Die derde 'Fresh Expression' internasionale konferensie is vanaf 16-18 Februarie 2016 in Kaapstad gehou. Daar is verskeie opleidingsessies in Suid-Afrika aan die gang en die 'Fresh Expression'-beweging gaan na alle aanduidings wyd groei vorentoe.

Volgens Fresh Expression (2015a) is die 'Fresh Expression'-beweging reeds gevestig in die volgende lande:

- Australië

- Barbados
- Canada
- Duitsland
- Nieu-Zeeland
- Switserland
- Verenigde State van Amerika (VSA)

Dit is veral in Duitsland en die VSA waar die 'Fresh Expression'-beweging goeie opgang maak.

Aan die positiewe kant spreek die 'Fresh Expression'-beweging die behoeftes van die mens in die een-en-twintigste eeu aan. Veral jongmense en persone wat buite kerkgenootskappe staan, kry die geleentheid om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees. Mense kry die sagte verhoudinge met deernis en nie veroordelings nie, wat maklik in tradisionele kerke plaasvind. Liefde word op 'n praktiese manier uitgeleef.

Daar vind bemagtiging plaas met baie goeie opleiding en 'n praktiese manier en hulp om die implementering te vergemaklik. Die 'Fresh Expression'-beweging is werklik 'n vars bries wat 'n groot verskil ook as deel van die geloofsgemeenskappe oor twintig jaar gaan beïnvloed.

Tog is die beweging nie die goue en enkele oplossing van al die hoofstroomkerke se uitdagings nie. Indien daar nie vanuit 'n nuwe paradigma gedink word en dit volledig geïmplementeer word nie, gaan dit bloot nie slaag nie. Dit moet as 'n volledige en nuwe bediening in totaliteit geïmplementeer word. Hoofstroomkerke het dikwels nie die visie om 'n groot hoeveelheid finansies in die 'Fresh Expression' bediening te investeer nie. Voltydse personeel is nodig om daarvan 'n sukses te maak.

Volgens Fresh Expression (2013) is die 'Fresh Expression'-beweging 'n Eurosentriese model. Dit verskraal ook kerkwees en neem jong leiers weg van hul potensiële bydrae in die tradisionele model.

Die navorser meen egter dat genoemde standpunte 'n baie eng beskouing van kerkwees verteenwoordig en pleit om 'n stelsel, waaroor die son besig is om onder te gaan, in stand te wil hou. Hierop wys die navorser eerder op die feit en eie mening, en gedagtig aan die bogenoemde navorsing en betrokkenheid van sy huidige gemeente by 'n 'Fresh Expression' gemeenskap, na die volgende. Eerder as om te argumenteer dat kerkgangers vervreem word van die tradisionele instellings, word nie-kerkgangers bereik en deelgemaak van 'n

Christelike geloofsgemeenskap en word dus op 'n informele wyse bedien, onder die vleuels van die Afrikaner hoofstroomkerke.

Die teenargument geld ook dat bestaande hoofstroomkerke op hulle tradisionele manier voortgaan. Die kritiek dat dit 'n Europese gerigte model is, is korrek omdat dit reeds in die nood en problematiek van Europa neerslag gevind het. Die geleentheid is daar om self die dekodering in die konteks van eie kontinente die behoeftes aan te spreek. Die navorser se mening is dat 'Fresh Expression'-beweging beginsels voorstaan wat oor kontinente groei en ontwikkel.

### 6.3 Refleksie vanuit die Tsjeggiese Republiek

'n Godsdiens-sosiologiese refleksie vanuit die Tsjeggiese Republiek.

Die navorser het binne die universiteitsooreenkoms van die Universiteit van Pretoria, die geleentheid gehad om Charles Universiteit in die Tsjeggiese Republiek te besoek. Die keuse het op die land geval omdat daar in die Tsjeggiese Republiek sekere ooreenkomste is met die Suid-Afrikaanse situasie.

Die verdere doel was ook om te evalueer of die Afrikaner uniek is in terme van die godsdiens-sosiologiese proses na die radikale veranderinge. Die vraag wat ontstaan het is hoe Tsjeggiese mense godsdiens-sosiologies op radikale verandering gereageer het? Verdere navorsing word hieroor beplan en omdat dit nie die skopus van hierdie navorsing is nie, word hier net bondig daarna verwys.

In 1948 het daar in beide lande regeringsveranderinge plaasgevind. Beide lande het 'n duidelike pertinente ideologiese fokus getoon. In Suid-Afrika was dit die Nasionale Party wat op apartheid gefokus het en in Tsjeggo-Slowakye het 'n kommunistiese party met sterk kommunistiese praktyke gevestig.

In 1968 het die Soviet-Unie Tsjeggo-Slowakye binnegeval en 'n satellietstaat van Rusland gemaak. Sterk Marxistiese beginsels is deur die staat afgedwing en die Tsjeggiese-bevolking is streng beheer en gereguleer deur die staat ([www.czechrepublic.en.m.wikipedia.org](http://www.czechrepublic.en.m.wikipedia.org)).

In Suid-Afrika is die Calvinistiese-godsdiens bevoordeel terwyl dit die teenoorgestelde posisie was met godsdiens was in Tsjeggo-Slowakye. Gedurende Kommunisme is alle godsdiens gestrem en moes priesters die Marxistiese beginsel predik of gewone arbeiders word. Hoewel die staat

godsdien probeer inhibeer het, kom dit nie op grondvlak beheer word nie. Simboliek soos kruise en geestelike dae is nog steeds gevier deur die Tsjeggiese bevolking.

’n Verdere punt van ooreenkoms is die studente-opstande in 1974 waarin Tsjeggiese-studente doodgeskiet is. In Suid-Afrika was 1976 die jaar van studente en skoliere-onluste met lewensverlies.

In 1989 het ’n einde van ’n politieke era in Tsjeggo-Slowakye aangebreek toe daar ’n einde gemaak is aan ’n Kommunistiese politieke bestel. Hoewel Kommunisme as politieke bedeling beëindig is, het die Kommunistiese denkpatrone en lewensstyl op ’n groot deel van die bevolking wel nog ’n invloed uitgeoefen. Die invloed van die Kommunistiese paradigma oefen wel nog steeds ’n indirekte sosiale invloed in die Tsjeggiese Republiek uit. Dit is veral by die ouer deel van die bevolking wat meer aan Kommunisme blootgestel was en Russies naas Tsjeggies as taal gebruik. Dit vorm ’n duidelike kontras met jongmense wat vanaf die middel-tagtigerjare van die vorige eeu gebore is. Daar blyk dus dat daar op sosiale gebiede ooreenkomste is tussen Tsjeggiese persone uit hierdie kategorie en Afrikaners in Suid-Afrika wat ook ’n element van paradigmaverlamming ervaar het na die politieke verandering in 1994.

Op godsdiengebied is geloof in die Tsjeggiese Republiek tans multi-religieus na 1989 se politieke oorgang. Tradisionele Oos-Ortodokse kerke en die Hussietiese kerk wat ’n toename in bywoning na 1989 ervaar het, het van toe af geleidelik afgeneem.

Daarteenoor was daar ’n wye belangstelling, vir omtrent tien jaar, in die Evangeliese kerke vanuit die VSA. Daardie belangstelling het ook toe begin taan. Daar kan verskeie redes hiervoor aangevoer word, maar wat nie in die skopus van hierdie navorsing is nie. Hoewel daar in die sfeer van die publieke lewe ’n tendens tot lae kerkbywoning is, is daar in die private lewensfeer wel duidelike elemente van die Christelike spiritualiteit waarneembaar. Dit het uit verskeie gesprekke na vore gekom tydens die navorser se besoek aan die Tsjeggiese Republiek in Junie en Julie 2016. Gevolglik is hierdie die subjektiewe aanname van die navorser en het hy ’n uitnodiging van personeel van Charles Universiteit in Praag om dit in die toekomst wetenskaplik verder te ondersoek. Die standpunt van Berger soos gereflekteer in hoofstuk 5 van die navorsing kan hier toegepas word. Volgens Berger se teorie, dat ’n samelewing individue vorm en die individue ’n samelewing vorm, word duidelik hier gesien.

Ten slotte kan interessante aspekte van ooreenkomste en verskille tussen geloof in die Tsjeggiese Republiek verder nagevors word. Daar kan gevra word of die spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke ook van die publieke na 'n meer privaatsfeer sal verskuif en hoe spiritualiteit, individualisme en die invloed van Kapitalisme vorentoe in die Afrikaanse geledere gaan ontvou.

#### 6.4 Paradigma III

Mercer (1998:21) toon aan dat daar in die een-en-twintigste eeu 'n groter kontras sal ontstaan tussen die harde werklikheid van tegnologie en die sagte waardes van die individu. Hy meen dat vroue 'n leidende rol in hierdie eeu sal speel. Soos vroue in die werkplek en die openbare lewe vorder, sal daar minder kompetisie in die werkplek wees en meer samewerking (Didsbury 2003:329; Mercer 1998:93,94,95). Dit het implikasies vir middelklas mans wat 'n minder leidende rol in die gemeenskap gaan speel (Mercer 1998:126). Dit beïnvloed ook gesinne waar enkelouers 'n groter rol gaan vertolk (Mercer 1998:111). Daar sal gevolglik in Afrikaner hoofstroomkerke aanpassing gemaak moet word oor die rol van die vrou in leierskap. Die Gereformeerde Kerk laat net vroue as diakens toe, maar nie as ouderlinge of predikante nie. Aanvaar dus dat vroue 'n groot en leidende rol in geloofsgemeenskappe oor twintig jaar sal speel.

Soos wat die aantal werkure in die Weste verminder en werkende mense meer besteebare inkomste het, gaan die behoefte aan ware ontspanning verhoog. Hierdie mense wil volgens hul eie verwagting vermaak word (Mercer 1998:84). Daarom is gekwalifiseerde mense baie meer ingelig oor byvoorbeeld godsdienssake. Predikante is nie meer vanuit die Modernistiese perspektief die persoon met kennis nie. Standpunte kan vinnig met die internet gekontroleer word en ander interpretasies kan ontstaan. Dit plaas die hele aspek van 'n erediens waar 'n predikant 'n teologiese rede lewer onder druk. Omdat dit vanuit die Modernisme kom om 'van bo af' die rede te voer, behoort dit kerkbywoning te strem. Daar word 'n geestelike byeenkoms wat baie meer interaktief is oor twintig jaar voorsien.

'n Volgende aspek wat Mercer (1998:129,130,133) aanspreek is 'n post-materialistiese houding in die een-en-twintigste eeu behalwe by mense wat arm is! Dit impliseer dat mense nie soos in die hoogbloei van die Modernisme op geld en harde werk ingestel sal wees nie. Dit is tans reeds waarneembaar by die jonger generasies wat saam met die hoogbloei van individualisme 'n meer gebalanseerde lewe wil lei. Soos die tegnologie ontwikkel en die voordele van

globalisering beter lewenstyle na vore bring, is mense ingestel op hul eie lewenskwaliteit (Didsbury 2003:ix).

Dit het ook bepaalde implikasies vir geestelike gemeenskappe oor twintig jaar. Dit moet vir die individu sinvol wees om lidmaat van een van die drie Afrikaner hoofstroomkerke te bly. Die lojaliteitsvlakke sal beslis verminder en daarom sal hul finansiële bydraes ook afneem. Hierdie aspek van 'n kwaliteit lewenstyl word reeds waargeneem deurdat mense eerder Sondae-oggende saam met vriende of as familie bergfietsritte gaan ry as om 'n erediens by te woon. Hierdie word tans nog gereeld afgewissel, maar sal binne twintig jaar minder word.

Kruger (2014:181) toon aan dat die Afrikanernasionalisme sterker aanwesig is by ouer lidmate van die NG Kerk op die platteland. Daar kan aanvaar word dat hierdie groep kleiner sal wees met minder invloed in die drie Afrikaner hoofstroomkerke.

Mercer (1998:133) meen ook dat daar 'n toename sal wees in elemente van Oosterse gelowe omdat hul fokus op die innerlike krag van die mens. Dit sluit aan by die groei in individualisme. Daar is 'n duidelike toename in die Oosterse-godsdienste en dat die Bhoeddistiese-retreatsentrum in die KwaZulu-Nataalse middellande weekliks vol geboek is.

Die vraag ontstaan dan, hoe gaan die toekoms vorentoe ontvou?

Die 'World Future Society' is 'n professionele lede-organisasie wat navorsing oor die toekoms doen, soos beskryf in hoofstuk 3 van hierdie navorsing. Hier volg enkele aspekte oor die toekoms soos nagevors deur Cetron & Davies in 2003, in 'n verslag: '50 Trends shaping the future' as 'n spesiale verslag van die 'World Future Society':

- Die wêreld se bevolking sal verdubbel in die volgende veertig jaar (Cetron & Davies 2003:6)
- Die bevolking van die ontwikkelde wêreld leef langer:
  - Lewensverwagting sal aanhou verhoog as gevolg van mediese en tegnologiese navorsing (Cetron & Davies 2003:6,7)
- Die bejaarde bevolking groei dramaties dwarsoor die wêreld:
  - Die wêreld se ouer as sestigerjarige bevolking behoort die een miljard-merk verby te steek teen 2020. Driekwart van die persone sal uit ontwikkelende lande kom, hoofsaaklik Sjina, Indië, Brasilië, Indonesië en Pakistan.

- Die aftree-ouderdom kan verhoog
- Daar mag moontlik 'n tekort aan verpleegpersoneel wees (Cetron & Davies 2003:7)
- Die groei in die inligtingsbedryf bring mee dat daar 'n inligtingsafhanklike globale gemeenskap ontwikkel:
  - Die tegnologiese ontwikkelings sal wêreldwyd vinnig toeneem wêreldwyd en ook nuwe werk skep en nuwe inkomstestrome genereer (Cetron & Davies 2003:8)
- Die geïntegreerde globale gemeenskap sal vergroot. Hierin sal die media 'n groot invloed uitoefen. Kulturele diversiteit sal wêreldwyd voorkom en mense wêreldwyd beïnvloed. Daar mag ook weerstand op plekke hierteen wees (Cetron & Davies 2003:8):
  - Die globale ekonomie sal wêreldwyd meer geïntegreerd wêreldwyd groei (Cetron & Davies 2003:9)
  - Mense se sosiale waardes is vinnig besig om te verander. Baker & Inglehart (2001) stel die volgende:

“Industrialization raises educational levels, changes attitudes toward authority, reduces fertility, alters gender roles and encourages broader political participation. This process is just the beginning throughout the developing world.”
- Jongmense verwag toenemend dat daar ekonomiese sukses sal wees (Cetron & Davies 2003:10):
  - Die meeste entrepreneurs kom tans onder jongmense voor. Hulle dryf ook die nuwe opkomende ekonomie van Sjina en Indië (Cetron & Davies 2003:10)
  - Indien teleurstelling by hulle voorkom kan radikale gevolge volg, byvoorbeeld godsdienste en sosiale radikalisme bedrywe
- Die toerisme, reis en vakansies sal internasionaal aanhou groei (Cetron & Davies 2003:10)
- Verbruikersomset sal wêreldwyd toeneem (Cetron & Davies 2003:11):
  - Pryse word vinniger algemeen deur internet bekend
  - Groothandelaars groei wêreldwyd ten koste van semi-grootte winkels
- Die fisieke en persoonlike gesondheid sal sterker beklemtoon word deur die hoër middelklas (Cetron & Davies 2003:11):
  - Mense leef en eet gesonder in die hoër middelklas
- Die vroue-beweging verloor momentum:
  - Vroue word as gelykes aanvaar (Cetron & Davies 2003:12)



- Familiestrukture word meer divers in die toekoms (Cetron & Davies 2003:12):
  - Kerngesinne se getalle neem af
  - VIGS veroorsaak dat baie grootouers kleinkinders moet grootmaak (Cetron & Davies 2003:14)
  - Meer huwelike loop uit op egskeiding
- Olieverbruik neem steeds toe en genoeg oliebronne is wêreldwyd beskikbaar (Cetron & Davies 2003:13)
- Groen-energie bedryf groei oor die hele wêreld:
  - Son-, wind- en golfenergie groei
- Mense plaas wêreldwyd druk dat die omgewing meer vriendelik hanteer word (Cetron & Davies 2003:15)
- Waterskaarstes duur wêreldwyd voort (Cetron & Davies 2003:16)
- Vullis raak wêreldwyd 'n groter probleem en herwinning vorder stadig (Cetron & Davies 2003:17)
- Omgewingsbewaring bly 'n lae prioriteit (Cetron & Davies 2003:18):
  - Suid-Afrika word pertinent hier genoem omdat die persepsie bestaan dat die globale omgewingskrisis nie so omvangryk is nie (Cetron & Davies 2003:18)
- Verstedeliking aktiveer nuwe omgewings, en groter sosiale probleme neem wêreldwyd toe (Cetron & Davies 2003:19):
  - Dit kan lei tot nuwe pandemies
  - Verstedelike mense is sosiologies al hoe meer ontwortel (Cetron & Davies 2003:19)
- Tegnologie sal voortgaan om die ekonomie en die samelewing te domineer (Cetron & Davies 2003:20)
- Navorsing en ontwikkeling sal toeneem om 'n groter ekonomiese funksie te word (Cetron & Davies 2003:20)
- Vervoertegnologie stimuleer spoed van lug- en skeepsvaart (Cetron & Davies 2003:21)
- Verdere tegnologiese deurbreke versnel gemak en spoed van die samelewing (Cetron & Davies 2003:22)
- Mediese tegnologiese deurbreke kan in die toekoms daaglik plaasvind (Cetron & Davies 2003:23)
- Internet-gebruik ontplof en ontwikkel verder in die toekoms
- Onderwys en opleiding kom toenemend meer algemeen dwarsoor die samelewing voor (Cetron & Davies 2003:24):
  - Die beginsel van lewenslange opleiding word noodsaakliker, veral omdat tegnologie wat ontplof dit noodsaak

- Mense se lewensverwagting wat verhoog beteken dat mense langer werk en verdere opleiding nodig het (Cetron & Davies 2003:24)
- Werkspesialisasie neem toe as gevolg van die vorige genoemde aspek (Cetron & Davies 2003:25)
- Die dienstesektor bly die vinnigste groeiende sektor van die wêreld ekonomie en sal in momentum toeneem (Cetron & Davies 2003:25)
- Vroue se salarisse sal die gelyke van hul manlike eweknieë wees:
  - Meer vroue sal in topposte en leiersposisies inbeweeg (Cetron & Davies 2003:25)
- Die arbeidsmag tree wêreldwyd later af. Dit hou verband met lewensverwagting wat verhoog, mediese deurbrake en verandering in lewenstyl (Cetron & Davies 2003:26)
- Vakbonde is besig om hulle mag te verloor (Cetron & Davies 2003:26)
- Middeljarige mense sal in die toekoms meer loopbaanveranderinge maak (Cetron & Davies 2003:26):
  - 'n Tweede en derde beroep wat saam met die eerste beroep beoefen word, word meer algemeen
  - Werksekuriteit neem af en meer gekontrakteerde werkers neem skerp toe (Cetron & Davies 2003:27)
- Werksetiek en werkslojaliteit verlaag wêreldwyd (Cetron & Davies 2003:27)
- Dubbele inkomste vanuit verhoudings word die norm:
  - Mans en vroue werk albei en verdien 'n inkomste (Cetron & Davies 2003:27)
- Generasie X en die Millennium geslag kan 'n paradigmaskuif veroorsaak in vergelyking met die 'Baby Boomer'-generasie:
  - Die generasie sal 'n meer entrepreneursgeoriënteerde generasie wees
  - Hulle gaan vanuit 'n Modernistiese na 'n meer postmoderne lewenstyl skuif
- Tyd is besig om die wêreld se mees kosbare kommoditeit te word:
  - Met tegnologiese ontploffing, die wye toegang tot inligting en beter sosiale tegnologiese kommunikasie moet mense voortdurend keuses oor tydsbestuur maak (Cetron & Davies 2003:29)
- Daar is jaarliks 'n toename van nuwe entrepreneurs wêreldwyd (Cetron & Davies 2003:29):
  - Dit sluit jongmense en vroue in en vind in die 'ontwikkelde' en onontwikkelde lande plaas

- Bestuursfunksies met platter strukture vervang die ou hiërargiese besighede al meer in die toekoms (Cetron & Davies 2003:29):
  - Meer vinnige dinamiese besluitneming word in organisasies aangetref teenoor ou lynfunksies wat stadig besluite neem (Cetron & Davies 2003:29)
- Middelvlak bestuur word wêreldwyd uitgefaseer (Cetron & Davies 2003:29)
- Die Regeringsregulasies en -wetgewing sal meer tyd van bestuurders in beslag neem (Cetron & Davies 2003:30)
- Multinasionale organisasies sal in 'n groter mate saamwerk in die toekoms (Cetron & Davies 2003:30)
  - Multinasionale organisasies sal egter meer kwesbaar wees (Cetron & Davies 2003:30)
- Terrorisme sal meer algemeen voorkom. Dit sluit kuberterrorisme in (Cetron & Davies 2003:30)
- Sosiale verantwoordelikheid sal wêreldwyd toeneem (Cetron & Davies 2003:31):
  - Die verbruikers sal die meeste druk toepas op organisasies
  - Daar sal ook meer druk geplaas word op individue om meer sosiaal-verantwoordelik op te tree (Cetron & Davies 2003:31)
- Organisasies sal in die toekoms meer deursigtig moet optree:
  - Meer verantwoordelikheid sal geneem word vir wanoptrede (Cetron & Davies 2003:31)
- Groter maatskappye sal in die toekoms selfs meer groei. Daarteenoor sal mediumgrootte maatskappye uitgedruk word en klein maatskappye sal net-net oorleef (Cetron & Davies 2003:32)

Die bogenoemde navorsing deur Cetron & Davies (2003) het die volgende implikasies vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke:

- 1 - Generasie X en die Millenniumgenerasie gaan met die ekonomie en sosiale paradigmaskuif vanaf die 'Baby Boomer' generasie minder finansiële en werksekuriteit hê. Dit kan die drie Afrikaner hoofstroomkerke finansiële nadelig raak.
- 2 - Sosiale strukture wat verander vereis 'n nuwe paradigma van bedieningsbehoefte.
- 3 - Tyd is beperk en kan lei tot minder kerkbywoning.
- 4 - Kerklike ondersteuningshulp as gevolg van maatskaplike probleme kan toeneem.
- 5 - Die behoefte aan die styl van die eredienste sal vanaf 'n Modernistiese na behoeftes van die postmoderne era verskuif.

- 6 - Vrouens sal uniek bedien moet word en inklusief behandel moet word.
- 7 - Vroue sal by die leierskapstrukture op alle vlakke van die kerk betrek moet word.
- 8 - Die Gereformeerde Kerk kan verder onder druk kom weens hul Skrifbeskouing oor die vrou se posisie in leierskap.
- 9 - Die Modernistiese styl van lerende prediking sal aangepas moet word.
- 10 - Die kerk sal sosiale verantwoordelikheid beter moet nakom.
- 11 - Die sosiale verantwoordelikheid van die drie Afrikaner hoofstroomkerke sal groter moet wees as gevolg van hul aandeel in apartheid.
- 12 - Wanoptrede van geloofsgemeenskappe sal met groter verantwoordelikheid erken moet word.
- 13 - Jeugbediening sal radikaal moet aanpas na aanleiding van 'n geslag van tegno-jongmense.
- 14 - Die drie Afrikaner hoofstroomkerke sal eties moet optree. Hulle aandeel oor die sanksionering van apartheid sal teen 2037 minder word, maar daar sal nog historiese verbande getrek word.
- 15 - Die drie Afrikaner hoofstroomkerke kan 'n sleutelrol speel in groensake.
- 16 - In 'n wêreld vol turbulensie kan geestelike gemeenskappe 'n hawe van vrede bied.
- 17 - Binne die globale wêreld sal kulturele beïnvloeding ook die drie Afrikaner hoofstroomkerke se posisie ten opsigte van Afrikaans beïnvloed.
- 18 - Geboue vir geestelike gebruik kan opleidingsentrum word weens die behoefte dat mense lewenslank leer.
- 19 - Maatskaplike nood as gevolg van verhoogde lewensverwagting kan toeneem.
- 20 - Verhoogde mediese behoeftes van bejaarde mense kan 'n groter maatskaplike uitdaging word.
- 21 - Deurdadig generasie X en die Millenniumgenerasie se sosiale waardes dringend verander, gaan getalle van die Afrikaner hoofstroomkerke ernstig daal saam met die emigrasiegolf uit Suid-Afrika.

Die volgende groot vraag ontstaan: Wat hou die toekoms vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke in? Nelus Niemandt is 'n gesoute Afrikaanse hoofstroomkerkleier en was eers moderator van die Hoëveld Sinode en daarna moderator van die Algemene Sinode vanaf 2011 tot 2015. Hy is ook 'n teologiese professor aan die Universiteit van Pretoria.

Niemandt noem nege geloofspraktyke wat hy as noodsaaklik beskou vir geloofsgemeenskappe in die toekoms:

- Identifiseer met die lewe van Jesus Christus en fokus sterk op die koninkryk van God
  - navolging van Jesus Christus moet daaglik nuut en vars geleef word sodat dit hier en nou 'n praktiese verskil maak
- Transformeer die sekulêre lewe deur afstand te doen van die skeiding tussen die geestelike en die fisiese
  - die heiliging van plesier as 'n missionale bate
  - gemeentes word uitgedaag om hul lede te help om die alledaagse lewe te heilig
  - die heiliging van die 'nie-so-heiliges'
- Beklemtoon die kerklike gemeenskap
  - hierin word die belangrikheid van die kleingroepe aangetoon
  - Kerk is:
    - 'n familie en nie 'n organisasie of instelling nie
    - mense en nie 'n plek nie
    - gemeenskap en nie 'n byeenkoms nie
- Openheid en gasvryheid teenoor vreemdelinge
- Oorvloedige diensbaarheid sonder bymotiewe
  - oorvloedige dienswerk word deel van die alledaagse lewe gemaak
  - om ander se pyn en seerkry jou eie te maak
- Deelname deur gemeentede
  - daar is eienaarskap en 'n langtermyn-verbintenis met die gemeenskap
  - daar is onderlinge verantwoordelikheid
  - daar is gedeelde visie
- Klem op kreatiwiteit
  - kreatiwiteit word op die volgende maniere gekoester:
    - klimaat
    - kuns
    - egtheid
    - rituele
    - tegnologie
    - populêre kultuur
    - deelname
- Leierskap deur netwerke en nie deur hiërargiese strukture nie
  - verhoudings tel alles
  - leiers verstaan die belang van talent
  - leiers gee mag weg
  - leiers is nie bang om foute te maak nie
- Antieke geloofswaarhede in 'n byderwetse kled

- die herontdekking van spiritualiteit
- geestelike dissiplines
- 'n spiritualiteit vir die gemeenskap

(Niemandt 2007:62-144).

Niemandt stel hier goed-nagevorste, praktykgerigte voorstelle vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke. Hierdie is 'n noodsaaklike tree om 'n verkieslike toekoms vir geloofsgemeenskappe oor twintig jaar te ontsluit. Wat Niemandt egter nie hier aantoon nie, is hoe dit in die praktyk moet plaasvind in klein plattelandse gemeentes. Hier is die mense min en die getalle skraps. Hy spreek ook nie die belangrike aspek van taal aan nie. Om werklik 'n missionale kerk te wees met die etiket van apartheid om die nek, sal 'n plan gemaak moet word met Afrikaans as taal. Niemandt (2007:52) toon die belangrike verskil tussen tegniese verandering en aanpasbare verandering aan.

Hy beskryf tegniese verandering as 'n proses van geleidelike innovasie. Sekere veranderings moet gemaak word sodat die instelling kan voortgaan met die daaglikse instandhouding daarvan. Daarteenoor is 'n paradigmaskuif nodig by aanpasbare verandering. Skeppende innovasie is nodig waarin elke aspek van 'n organisasie fundamenteel verander (Niemandt 2007:52). Die grootste gevaar in terme van die drie Afrikaner hoofstroomkerke is die premature beskouing dat tegniese verandering goed genoeg gaan wees om oor twintig jaar van nou af effektief voort te bestaan. 'n Paradigmaskuif in elke faset van kerkwees is noodsaaklik.

Hierdie aspek word nie duidelik genoeg deur Niemandt en ander teoloë vanuit die drie Afrikaner hoofstroomkerke gestel nie. 'n Projekisie van die leefwêreld van 2037 in Suid-Afrika is nodig en dan moet die 'sitz im leben' vanuit 'n godsdiensperspektief geëvalueer word.

Dit word bevestig deur Kruger (2014:188) wat in sy navorsing aantoon dat jonger NG Kerklidmate van verskillende liturgiese en nuwe vorme van spiritualiteit hou. Die probleem waarmee die drie Afrikaner hoofstroomkerke te make het, is dat dit voorkom asof meeste kerkraadslede by die 'vroeëre meerderheid' se groep inval. Die implikasie daarvan is dat die verste reikwydte dan op die vlak van tegniese verandering lê. Die ander nadeel is dat mense uit dié groep begin om oplossings te soek as dit reeds te laat is.

Een van die sleutels wat die toekoms vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke kan oopsluit, lê in die aanpasbare verandering te ondergaan ten opsigte van missionale kerkwees. Die NG Kerk het reeds in 2013 tydens sy Algemene Sinode

in Port Elizabeth dit as prioriteit en hoofdoel besluit (NG Kerk Algemene Sinode 2013:141,142).

## 6.5 Ontluikende kerke

In die Verenigde State van Amerika word baie gedoen om die ontluikende kerke van die grond te kry. Die ontluikende kerke kan vergelyk word met die 'Fresh Expression'-beweging en daar is reeds vroeër in die navorsing daarop gewys dat die 'Fresh Expression'-beweging van Groot Brittanje geen daadwerklike verskil sien tussen die twee bewegings nie.

Eerstens moet daarop gelet word dat die ontluikende kerke nie uit 'bestaande hoofstroomkerke' as inisiatief gedryf word nie.

Tweedens is daar nie 'n sisteem by die ontluikende kerke soos dié wat wel aanwesig is by die 'Fresh Expression'-beweging nie.

Volgens Niemandt (2007:55) is die ontluikende kerke dinamies wat vorm aanneem rondom dit wat reeds bestaan, en wat na iets nuuts groei. Sommige leiers beskou dit as 'n postkerklike-beweging. Daar is ook verskillende variasies binne die ontluikende kerke. Dit word beskryf as 'n 'Soul Tsunami' soos volg:

“A sea of change of transition and transformations is birthing a whole new world and whole new set of ways of making our way in the world.” (Niemandt 2007:58).


Die nege punte wat in die navorsing deur Nelus Niemandt beskryf word, toon almal sekere elemente van die fokus van die ontluikende kerke. Dit is vir die navorser duidelik dat die ontluikende kerke binne die leefwêreld van die postmoderne era geloofsgemeenskappe wil vestig. Een van die eerste begrippe wat na die navorser se mening verwyder moet word by die ontluikende kerke is die woord 'kerk'. Die termwysiging na geloofsgemeenskappe sal aantoon dat aanpasbare verandering hier aan die werk is en nie tegniese verandering nie. Die tendense wat ons baie duidelik kan aantoon ten opsigte van die toekoms en wat aanwesig is by die ontluikende kerke is dat daar afstand gedoen word van strukture soos ons dit tans binne kerke ken. Die verkieslike toekoms, sluit Afrikaner hoofstroomkerke oor twintig jaar in, wat deel in 'n dinamiese sisteem en afstand gedoen het van sy strukture.

## 6.6 Tickle se toekomsinterpretasie

In hoofstuk 5 is beskryf hoe Phyllis Tickle verduidelik hoe 'n 'emergence' ongeveer elke vyfhonderd jaar ontwikkel en dat dit na haar verwagting tans besig is om te gebeur. Sy verwys na Paul Tillich wat reeds in die middel van die vorige eeu verwys het na tye wat verskuiwing ervaar en wat fundamenteel besig is om skuiwe te ervaar (Tickle 2008:125). Hierdie skuiwe was volgens Tickle duidelik waarneembaar in die Verenigde State van Amerika in die laat sestigerjare van die vorige eeu.

Daar was vier duidelike godsdiensgroepe onderskeibaar volgens Tickle (2008:126) en het wel deur naamveranderings gegaan.

*Figuur 1*



Links bo is die Liturgiese groep wat sy verbind aan die ryke tradisie van liturgie soos vergestalt word deur die Rooms-Katolieke Kerk en die Anglikaanse Kerk.

Regs bo noem sy die Sosiale Geregtigheidsgroep, maar wat vroeër bekend was as die hoofstroomgroep en sluit kerke soos, onder andere, die Presbiteriaanse, Gereformeerde en Metodiste kerke in.

Links onder is die vernuwende groep en sluit die Charismatiese en Pentekostalistiese kerkgroepe in.

Regs onder word genoem die konserwatiewe groep, wat vroeër die Fundamentalistiese groep en sluit in kerkgroepe soos die Suidelike Baptiste in.



Daar is egter wedersydse elemente wat nie rigied toegepas kan word binne 'n groep nie en 'n klaver effek vorm. So het sekere ander groepe ook 'n sterk sosiale geregtigheidstrewende en groepe, soos die Baptiste het sekere van die ander elemente (Tickle 2008:137).

Tickle (2008:131,132) toon die tendens aan dat die verskillende tradisies nader aan mekaar begin skuif het. Al die ander drie kwadrantgroepe het groter elemente van sosiale geregtigheid begin inkorporeer en daar was ook liturgiese ontwikkeling by almal. Vernuwende elemente op sekere aspekte en verrassende konserwatiewe elemente het soms by verskillende kerkgenootskappe oor die spektrum plaasgevind. Die verkoelde water teologie, wat Tickle (2008:32,33) beskryf as algemene beïnvloeding van lede van een kerkgroep deur sosiale gesprekke en mediablootstelling, lei deurlopend tot kruisbestuiving tussen kerklike tradisies.

Deur globale tegnologiese toegang is inligting ook vrylik beskikbaar. Verder het die huiskerkbeweging en die onafhanklike kerk eklekties geselekteer om geloofsgemeenskappe te vorm vanuit 'n spirituele verpakking volgens hulle eie behoefte. Dit is ook hoogs-dinamies, teenoor strukture van kerkgenootskappe wat meer staties is (Tickle 2008:134). Intussen werk hierdie groepe met platter strukture en word nie soos ander kerke van bo af beheer met stadige prosesse van besluitneming nie. Die totale samelewing in die Verenigde State van Amerika beskryf Tickle (2008:136) as postmodern, postdenominatief, postrasioneel en gevul met 'n totale sisteem wat daarmee saam gaan.

Daarom neem Phyllis Tickle (2008:136,137) 'n teenreaksie waar. Sy toon 'n belangrike proses aan by al vier tradisies aan waarin tussen 9% tot 13% (kan selfs in sekere omstandighede minder wees) in reaksie op die 'emergence' terug trek na die fundamentele basis van hul kerklike tradisies. Dit sluit aan by die genoemde navorsing van Niemandt (2007:51) wat in die siklus van verandering verwys na 16% tradisionalistes. Tickle (2008:139) voorsien dat 60% gelowiges in die toekoms in hierdie 'emergence'-beweging se geloofsgemeenskappe tuiste sal vind met tussen 30% tot 35% wat in bestaande tradisie sal bly, waarby hervormings vanself sal plaasvind. Die balans sal deel wees van die teenreaksie-groep.

## 6.7 Verdere implikasies vir die toekoms van die drie Afrikaner hoofstroomkerke

Du Toit (2000:56) toon aan dat die invloed van die postmoderne tydsges aanleiding gee tot groot onsekerheid en onstabyliteit. Verwag dat hierdie onsekerheid en onstabyliteit sal toeneem soos die een-en-twintigste eeu ontvou. Die drie Afrikaner hoofstroomkerke gaan oor twintig jaar hul eie identiteit moet vind binne hierdie onsekerheid en onstabyliteit.

Voeg hierby wat Dixon (1998:1) voorgehou het dat weens die spoed waarteen alles gebeur sal toeneem soos die een-en-twintigste eeu ontvou, gaan hierdie onsekerheid en onstabyliteit buite beheer raak. Let as voorbeeld op hoeveel onsekerheid bestaan met die oornam van die nuutverkeuse Amerikaanse president, Donald Trump, en hoe verrassend sy eerste optrede ten opsigte van buitelandse beleid is, deur wel 'n muur op te rig tussen die VSA en Meksiko. Wat in die toekomstige studies as verrassende kaarte (wild cards) bekend staan, gaan 'n groter element van ons lewe oor twintig jaar verteenwoordig.

Caputo & Vattimo (2007:45,46) beskryf die toekoms van Christendom as 'n godsdiens wat verby sy moreel-metafisiese aannames sal beweeg en by gesuiwerde liefde sal uitkom. Die implikasie daarvan is volgens die genoemde skrywers dat Christene verder as blote toleransie van ander godsdienste sal beweeg en mense uit daardie gelowe nie sal veroordeel nie. Sodoende sal die nuwe adres van Christenskap 'n nie-godsdiensige adres wees. Dit is duidelik dat hierdie 'n sterk standpunt vanuit die postModernistiese tydperk verteenwoordig. Hier volgens het elke individu die vryheid om self te besluit en daardie besluit is aanvaarbaar.


Na my oordeel verval godsdiens dan in relativisme. Die implikasies hiervan vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke is dat individualisme gaan toeneem in die volgende twintig jaar en dat godsdiensgelykheid en godsdiensintegrasie sal toeneem. Die eklektiese elemente behoort ook toe te neem in die volgende twintig jaar. Hiervolgens kan positiewe elemente van Christendom, byvoorbeeld liefde, vermeng word met sekere elemente van die Oosterse godsdiens.

Dixon (1998:238) toon aan dat alle godsdienste gedurende die een-en-twintigste eeu sal groei. Hy verwag ook dat daar 'n vermenging van godsdienste kan plaasvind en dat 'n nuwe godsdiens hieruit groot globale aanhang kan bekom (Dixon 1998:245). Hierdie relativisme in geloof staan tot 'n groot mate

teenoor die toekomstige standpunt van die drie Afrikaner hoofstroomkerke en kan aanleiding gee dat getalle verder kan krimp.

Phyllis Tickle (2008:137) se teorie oor 'The great emergence' gee vir ons 'n basis om op die Suid-Afrikaanse situasie van kerke toe te pas.

***Figuur 2***



Hierop kon verdere navorsing gedoen word, maar hierdie skematiese voorstelling bied vir ons 'n aanvanklike basis om 'The Great Emergence' (2008:137) in die Tickle-idioom te verstaan. Volgens hierdie model in *Figuur 2*, is die hoofstroomkerke nog steeds regs bo en sluit dit kerke in, wat die 'sola scriptura, scriptura sola' as basis het waarvandaan outoriteit vloei. Die drie Afrikaner hoofstroomkerke bevind hulle self duidelik binne die groepering:

Links bo in *Figuur 2* is dieselfde groepering kerke wat Tickle (2008:137) as 'Liturgicals' beskryf en word binne daardie tradisie-eienskap hier geken. Die navorser sit hier 'n element by van 'stil spiritualiteit' omdat hy meen dat dit 'n beter eienskap reflekteer as deur Tickle (2008:137) in *Figuur 1* genoem.

Regs onder in *Figuur 2* stem baie ooreen met wat Tickle (2008:137) beskryf in *Figuur 1* as die 'Renewalists' en sluit Charismatiese, Pentekostalistiese, en Evangeliese kerke in.

Links onder in *Figuur 2* is die sosiale-aksiegroepe en sluit aksie-teologie in, maar ook 'n kultuur van: Gaan uit na nood in die wêreld en maak 'n verskil, gaan uit na die plakkerskampe!

In die Suid-Afrikaanse konteks is daar 'n sterk dryf ten opsigte van die beweging en sluit dit ook aan by die dryf en bevryding van apartheid. Sekere kerke het hulle daarop toegespits. Hierdie word sosiale aksie 'groepe' genoem, omdat dit groepe verteenwoordig wat dit byna soos 'n geestelike groepering as godsdiens bedryf.

Die navorser se mening is ook dat daar 'n sterk beweging van die tradisie na die middel van die model is en dat elemente van die ander tradisies deels geïmplementeer word. As voorbeelde kan genoem word hoe predikante van hoofstroomkerke self retreatsentrums bywoon. Dr. Willem Nicholl, Di. Gys van Schoor en Deon Loots is NG Kerk predikante wat hul toewy om ander predikante uit hoofstroomkerke op geestelike retreats te neem. In KwaZulu-Natal is daar reeds vir ses jaar predikante wat saam met Ds. Gys van Schoor spiritueel reis.

Verder is daar aksies vanuit al vier kerklike tradisies om by die nood van die wêreld betrokke te raak. So raak hulle by plakkerskampe met uitreik-aksies betrokke. Die beweging weg van apartheid en die dryf aandrang op sosiale geregtigheid deur die huidige regering in Suid-Afrika, die ANC (African National Congress), 'n liberale demokratiese regering, stimuleer ook die optrede. Die media en politieke dryfveer is gefokus op menswaardigheid vir elkeen.

Twee van die drie Afrikaner hoofstroomkerke het 'n sterk dryfkrag vir missionale gerigtheid. Verder het ander tradisies beslis 'n nuwe fokus om elemente van die spiritualiteit van die Evangeliese en Charismatiese kerke te inkorporeer in hul eredienste. 'n Meer informele liturgie en 'n hernuwe fokus op die Heilige Gees kan aangetoon word. Die hoofstroomkerke se fokus op Die Bybel word ook weer nuut toegelig deurdat teologiese studies en 'n sterk Bybelfokus by baie van die ander tradisies aanwesig is.

In die Suid-Afrikaanse konteks kan saam met Tickle se navorsing oor kerkgenootskappe in die Verenigde State van Amerika gestem word, dat daar 'n naderbeweeg vanuit die verskillende tradisies na mekaar toe is. Dit is ook waar wat die drie Afrikaner hoofstroomkerke betref. Dit is sterker waarneembaar by die NG Kerk en minder waarneembaar by die Gereformeerde Kerke en Nederduitse Hervormde Kerke.

Die ander punt wat Tickle (2008:136) aantoon dat 'n teenreaksie plaasvind, is ook waarneembaar. Dit word by al drie Afrikaner hoofstroomkerke waargeneem as die agendas en handeling van hul Sinodes en/of kerkvergaderings bestudeer word.


Die vraag wat ontstaan, as aanvaar word dat al hierdie aspekte wel genoeg raakpunte het met wat Tickle aantoon as 'The Great Emergence', is hoe gaan die toekoms van die drie Afrikaner hoofstroomkerke dan lyk in die volgende twintig jaar?

Hier word gevolglik uitgegaan van die standpunt wat in hoofstuk 3 van hierdie navorsing beskryf is, as die waarskynlike toekoms. Binne die beskrywing, wat ook in hoofstuk 3 as die sisteembenadering beskryf is, wil die volgende skematiese voorstelling van 'n waarskynlike toekoms gestel word:

Wat duidelik hieronder in *Figuur 3* aangetoon word, is 'n sisteem waarin verskeie tradisies interaktief gaan inspeel op die funksionering van die drie Afrikaner hoofstroomkerke. Die sentrale tema van liefde word in die middel geplaas. Hierdie liefde is die groot Bybelse opdrag, maar behoort ook die kernbestanddeel te wees in die mondering van die drie Afrikaner hoofstroomkerke se verkieslike toekoms.

Dit is verder duidelik dat al vier elemente van kerklike tradisies, soos die stil spiritualiteit, sosiale aksies en die gawes van die Heilige gees saam met Die Bybel as Woord van God, sterk kerklike en gemeentelike eienskappe sal uitmaak. Die dinamiese aspekte van al vier tradisies is in stippellyne omdat dit verrassend na nuwe elemente wat nog kan ontwikkel tot 2037, kan groei.

*Figuur 3*



Al die elemente is aan die Liefde verbind en die wedersydse pyle toon aan dat dit in liefde dinamies groei in die geloofsgemeenskappe. 'n Ander element wat hier aangetoon moet word is dat die drie Afrikaner hoofstroomkerke tot 1994 gefunksioneer het met die volgende model:


*Figuur 4*



Dooplidmate word in 'n proses van kategese geplaas sodat hul kan weet waarin om te glo. Dit dui die sterk Modernistiese beïnvloeding by die drie Afrikaner hoofstroomkerke aan. Indien kennis ontwikkel sal lidmate die korrekte belydenis hê wat 'n suiwer Calvinistiese geloof verteenwoordig. Sodoende sal

daar nie in dwaallering geglo en belydenis daarvan wees nie. Indien 'n persoon deur 'n lang proses van kennis gegaan het, word 'n persoon toegelaat as volle lidmaat van die drie Afrikaner hoofstroomkerke. 'n Volgende model word van nou af waargeneem en kan vorentoe in die drie Afrikaner hoofstroomkerke geld:

*Figuur 5*




Die elemente van die sisteembenadering, soos beskryf in hoofstuk 3 van hierdie navorsing, is hier aanwesig. Liefde bly sentraal en is verbind aan al die ander elemente. Deernis en sagte verhouding kom as element by.

Die bestaande elemente bely, glo en behoort is almal aanwesig, maar funksioneer nie Modernisties en voorwaardelik nie. Die stippellyne toon die dinamika aan wat nader en verder na mekaar kan skuif. Dit kan ook in die toekoms sekere nuwe elemente insluit.

In *Figuur 6* stel die navorser die verkieslike toekoms voor, waarheen die drie Afrikaner hoofstroomkerke op pad is in 2037 is. Alle elemente is verbind aan ander elemente binne die sisteem. Die uitkoms van so 'n sisteem is dat drie Afrikaner hoofstroomkerke ook nader aan mekaar behoort te funksioneer en moontlik een Afrikaner hoofstroomkerk kan vorm.

Die hoofstroom-element behoort binne 'n verkieslike toekoms en soos beskryf in die sisteembenadering *Figuur 6* eerder 'n meer historiese verwysing te wees eerder as die gemeenskaplike kernkenmerk.

*Figuur 6*



Die Afrikaanse element kan in 'n paar moontlike toekomswerklikhede uitspeel teen 2037.

**Eerstens** kan die klem, soos wat dit tans is, op Afrikaner hoofstroomkerke wees. Na alle waarskynlikheid sal die sterk klem op Afrikaans in sulke kerke baie kleiner wees as gevolg van veroudering, emigrasie en verengelsing van die jonger geslagte.

**Tweedens** sluit 'n verdere moontlike toekoms 'n situasie in waar daar oor die kleurgrens beweeg word en multitalige bedienings plaasvind soos in die middestad van Durban soos beskryf in die Kruisgewys (Tolmay 2010:18).



In Durban word die tradisionele NG Kerk-gebou in 'n metrobediening deur vyf kerkgenootskappe bedryf. Hoewel die NG Kerk nog die koördinerende funksie vertolk, is die Afrikaanse NG Kerk net een van die rolspelers.

'His Hands Ministries' (gegrond op sosiale aksies en deernis) bedien arm persone vanaf die straat of met maatskaplike nood.

Daar is 'n Franse bediening onder persone in die Durbanse middestad. Hierdie persone het hulle vroeër in die Durbanse middestad gevestig na die politieke onrus in die meergebiede van Afrika.

Daar is vierdens twee Zoeloe-sprekende bedienings uit verskillende tradisies wat ook uit dieselfde kerkgebou bedien.

Verskeie bedienings funksioneer op 'n weeklikse basis uit die vyf hoofbedienings.

**Derdens** sluit 'n verdere moontlike toekoms 'n situasie in waar daar sterk in Engels bedien word vanuit die hoofstroom-tradisie. Die rede hiervoor is dat daar binne die volgende twintig jaar oor die kleurgrens beweeg sal word en dat kerkeenheid ook die ras-gebaseerde element sal elimineer.

Die waarskynlike toekoms teen 2037 sluit miskien elemente van al drie moontlikhede in. Die rede daarvoor is dat sekere geloofsgemeenskappe tegniese veranderinge probeer in 'n konteks waar 'n radikale paradigmaskuif reeds plaasgevind het. Die resultaat in so 'n geval sal na alle waarskynlikheid beteken dat geloofsgemeenskappe sal saamsmelt omdat finansies en getalle uiteindelik so kan afneem dat dit die langtermynbestaan bedreig.

Die ander uitdaging wat Engelstalige bediening het, is dat daar reeds genoeg Engelstalige hoofstroomkerke is en dat swartmense reeds daar 'n tuiste gevind het. Ouer mense sal moeilik die sprong van Afrikaans na Engels maak as gevolg van historiese persepsies en die politieke geskiedenis van die Afrikaner. Die multikulturele opsie sal ook nie oral byval vind nie, omdat dit beperkend kan inwerk op ouer mense se Modernistiese wortels en die identiteit van die Afrikanerkultuur.

Daar is tog 'n verkieslike toedrag waar modelle van die ontluikende kerke en die 'Fresh Expression'-beweging die stukrag vorm van die toekoms van die drie Afrikaner hoofstroomkerke. Binne die sosiologiese verstaan van die leefwêreld van 2037 gaan persone al hoe minder hulself tuis vind in strukture met Modernistiese wortels. Plaas daarby die stukrag van nie-Christen samelewing en alles wat beskryf is oor sekularisasie. Die implikasie daarvan is dat 'n mense wat in 'n postmoderne samelewing leef, vra vir informele geloofsgemeenskappe

vra. Dit beteken dat die 'Fresh Expression'-beweging en ander ontluikende kerke ook sal groei en oor die volgende twintig jaar dinamies die sosio-godsdienstige behoefte van die mense van 2037 sal aanspreek.

Kruger (2014:219) toon ook aan dat jongmense al minder by die formele kerkstrukture wil inskakel. Dit bevestig die aanname dat die ontluikende kerke en bewegings soos die 'Fresh Expression'-beweging die informele behoefte aan godsdiens (wat volgens Kruger nog sterk by jongmense voorkom) kan bevredig. Die persone wat behoefte het aan 'n Afrikaanse geloofsgemeenskap sal na die verkleinde Afrikaanse hoofstroom kerk gaan. 'Fresh Expression'-beweging behoort in meeste gevalle in Engels te wees, met ander 'Fresh Expression'-bewegings in Afrikatale en sekere in Afrikaans.

Afrikaner hoofstroomkerke kan ook in die teenreaksie-groep vashou aan hulle tradisionele wortels. In so 'n geval sal dit Afrikaans en hoofstroom Calvinisties wees maar behoort met 'n reaksie van geloofsgemeenskappe saam te smelt 2037.

Kruger (2014:173) toon ook die tendens aan dat ander aspekte van Westerse individualisme by NG Kerk-lidmate voorkom, dat:

“Die persoonlike vryheid, privaatheid en strewe na voorspoed voorkeur-prioriteite in NG Kerk lidmate se lewe is.”

Histories is aangetoon, in hoofstuk 4 van hierdie navorsing, hoe diep die wortels aan 'n behoefte vir vryheid by die Afrikaner is. Die gebeure post-1994 in Suid-Afrika het dit ook gestimuleer. Hoewel die kollektiewe aard daarvan oor twintig jaar na alle waarskynlikheid sal verminder as gevolg van Westerse individualisme, sal die behoefte bly voortbestaan.

Dit is miskien die rede waarom soveel Afrikaners, Suid-Afrika verlaat het en hul tans in die buiteland bevind (De Vries 2012:341). Indien die behoefte aan vryheid, privaatheid en strewe na voorspoed egter gekombineer word met die proses van akkulturasie, sal die Afrikaner hoofstroomkerke in die buiteland verklein. Die navorser wat self vanaf 2001 tot 2004 in Groot Brittanje gebly het, het tydens 'n besoek aan Groot Brittanje waargeneem dat heelwat Suid-Afrikaners mettertyd by Engelstalige kerke inskakel en dat De Vries (2012:350) dit ook waarneem in Australië.

Die aspek van privaatheid kom ook in godsdiens na vore, volgens Kruger (2014:173,215). As godsdiens meer privaat geag word kan dit moontlik aanleiding gee dat getalle verder afplat by die drie Afrikaner hoofstroomkerke.

Die strewe na voorspoed by die Afrikaner wat Kruger (2014:173) aantoon is moontlik gekoppel aan die Calvinistiese wortels wat Max Weber reeds beskryf het in sy werke, Die Protestantse etiek en die spiritualiteit van Kapitalisme [1905]. Binne die Westerse kapitalistiese denke van die Afrikaner en sy Neo-Calvinistiese identiteit, lê die voorspoed-verwagting van die Afrikaner ingebed. Dit is 'n aspek wat aansluit by Cetron & Davies (2003:10) wat aantoon dat jongmense in die toekoms 'n sterk verwagting van voorspoed sal hê.

In die konteks van die drie Afrikaner hoofstroomkerke dui hierdie tendens aan dat hierdie behoefte aan voorspoed teen 2037 kan voortbestaan. Cetron & Davies (2003:10) beskryf dat entrepreneurskap onder jongmense sal toeneem.

Kruger (2014:172) toon aan dat Westerse individualisme jonger en ouer lidmate van die NG Kerk beïnvloed. Dit het 'n duidelike implikasie vir die drie Afrikaner hoofstroomkerke oor twintig jaar. Dit gaan na alle waarskynlikheid toeneem, wat die lojaliteit aan die drie Afrikaner hoofstroomkerke kan strem. Dit word bevestig deur 'n ander aspek wat Kruger (2014:204,207) aantoon dat die lojaliteit aan die oorkoepelende struktuur van die NG Kerk by jongmense afneem. Indien dit ook waar is by die twee kleiner Afrikaner hoofstroomkerke, sal die drie Afrikaner hoofstroomkerke verder verklein.

## 6.8 Evaluering

Hoewel die toekoms dinamies en onseker is, kan troefkaarte soos beskryf in hoofstuk 3 'n groot impak hê op die drie Afrikaner hoofstroomkerke. Daar kom duidelike globale en plaaslike tendense in spel wat die toekoms in moontlike uitkomstes laat ontvou.

Die kernvraag is of die drie Afrikaner hoofstroomkerke die vermoë het om saam met die hartklop van die demokratiese, liberale Suid-Afrika, met 'n ritme te resoneer soos wat beskryf word in Paradigma III van hoofstuk 6 van hierdie navorsing.

Het die drie Afrikaner hoofstroomkerke die wil om nie net deur 'n proses van tegniese veranderings te gaan nie, maar aanpasbare veranderings aan te bring teen 2037?

Gaan die drie Afrikaner hoofstroomkerke multikultureel oor taalgrense beweeg of gaan Afrikaans passief afgedwing word en steeds die hooftaal medium teen 2037 wees?

Indien die drie Afrikaner hoofstroomkerke bogenoemde vrae omhels en met entoesiasme die godsdiens en sosiale behoeftes van 'n verskeidenheid spiritualisme aanspreek in liefde en met deernis, vorder hulle op die pad na die verkieslike toekoms. Dit sal aangevul word deur die behoeftes soos beskryf deur die 'Fresh Expression'-beweging en die ontluikende kerke as 'n sleutel tot verdere informele geloofsbediening op pad na 2037 omhels.

Dit kan verder nagevors en ontsluit word met die besef dat dit die toekoms van geloofsgemeenskappe gaan wees. Die 'laertrek'-opsie soos deur Niemandt (2007:12) beskryf word waar Modernistiese Calvinistiese Christelik-Nasionalisme voortgesit word, is 'n cul de sac.

## HOOFSTUK 7:

### EVALUERING

In hierdie navorsing word aangetoon dat 'n radikale paradigmaskuif in die spirituele leefwêreld van Afrikaner hoofstroomkerke vanaf die 1970's tot vandag plaasgevind het. Die leefwêreld het radikaal verander en apartheid is vervang met 'n liberale demokrasie. Hierdie liberale demokratiese beginsel word gereflekteer deur vryheid van alle Suid-Afrikanders, gelykheid van alle Suid-Afrikanders en menswaardigheid.

'n Handves van menseregte bestaan in Suid-Afrika en vorm 'n kontras met die apartheidswette wat voor 1994 gestaan het. 'n Lang stryd bestaan by Afrikaners sedert 1952 teenoor regerings wat hulle negatief hanteer het tot 1948. Die identiteit van die Afrikaner voor 1948 is negatief gevorm deur ervarings van oorloë, armoede, swak onderwys, isolasie en staatkundige beheer. Histories het dit letsels op Afrikaners gelaat. Bepaalde negatiewe stereotipering het ook van buite Afrikanergeleedere 'n negatiewe knou op Afrikaners toegedien.

Afrikanders het die Calvinistiese geloof gebruik om 'n anker te vind in die negatiewe sosiologiese omstandighede in Suid-Afrika. Die Calvinistiese geloof het ook die norm van hardwerkendheid by Afrikaners gevestig. Vanaf 1948 was apartheid vir die Afrikaners die skeefgetrekte oplossing na die tydperk van verliese, stryd en armoede. Die Afrikaner het van voor die Groot Trek 'n negatiewe rasse-oordeel teen nie-Europese persone gehad. Daarom was swartmense reeds in die negentiende eeu staatkundig en kerklik uitgesluit. Apartheid was gevolglik die wetlike vergestaltung van formele uitsluiting.

Indien apartheid vanaf 1948 Skriftuurlik begrond was, was apartheid volgens hulle prinsipiëel moreel geregverdig. Die Afrikaner hoofstroomkerke het apartheid Skriftuurlik geregverdig. 'n Samelewing van rasse-isolasie het van 1948 tot 1994 bestaan, waaraan 'n spesifieke Calvinistiese inhoud verleen is. Dit kom na vore in 'n Kuyperiaanse Calvinisme vergestalt deur Christelik-Nasionale samelewing. Die Suid-Afrikaanse samelewing het sy hoogbloei gehad in die 1960's en 1970's.

Hierdie radikale paradigmaskuif vanaf 'n Calvinistiese apartheidssamelewing voor 1994 het 'n radikale invloed op ons leefwêreld van vandag gehad. Binne die nuwe paradigma van 'n liberale demokrasie bestaan godsdiensvryheid.

Apartheidsmonumente lê aan skerwe. Die Afrikaner hoofstroomkerke verloor onder andere lidmate as gevolg van hul aandeel aan apartheid. Verder werk 'n rasionele Calvinisme beslis ook nie meer in hierdie nuwe paradigma nie. Individualisme kom tans duidelik meer by die lidmate van Afrikaner hoofstroomkerke voor. Dit beïnvloed hulle leefwêreld en hul geloofswêreld. Die individualisme reflekteer 'n paradigmaskuif weg vanaf 'n spiritualiteit van Afrikaner hoofstroomkerk Calvinisme.

Die vraag ontstaan hoe die spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke in die toekoms teen 2037 gaan wees?

Die waarskynlike toekoms toon skerp afnames in getalle en deelname aan Afrikaner hoofstroomkerke aan. Die verkieslike toekoms hou egter in kontras hiermee baie beloftes in. Watter moontlikhede van die toekoms moet dan ontgin word?

In hoofstuk ses van die navorsing word aangetoon dat 'n verdere paradigmaskuif in die spiritualiteit van Afrikaner hoofstroomkerke nodig is, om 'n verkieslike toekoms in te gaan tot 2037. Die 'Fresh Expression'-beweging, en die Ontluikende kerke is duidelike visionêre koersbakens van die nuwe spirituele paradigmaskuif in Suid-Afrika. Francis Tickle toon verandering aan dat deur 'The great emergence' 'n nuwe sinkronisering van vier spiritualiteite in die VSA plaasvind.

Die navorser het dit toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks en ontwerp hierin 'n spiritualiteit vir Afrikaner hoofstroomkerke. Die Afrikaner hoofstroomkerke skuif hiervolgens in spiritualiteit na 'n middelposisie waarin die Woord spiritualiteit, Evangeliese spiritualiteit, Stil spiritualiteit en Sosiale Aksie spiritualiteit in versnit is. 'n Beperkte teenreaksie kan vanuit die Afrikaner hoofstroomkerke hierteen verwag word. Die missionale gerigtheid van Afrikaner hoofstroomkerke is deel van 'n verkieslike toekoms waarin interkulturele grense radikaal oorgesteek sal word tot 2037. Vanuit 'n geïntegreerde liefdesbenadering waarin geloofsuitinge van geborgenheid ervaar word, word 'n verkieslike toekoms gevisualiseer.

Hierdie verkieslike toekoms waarin die God van die Afrikaner hoofstroomkerke nuut en vars gedien word deur 'n sisteembenadering verander die Suid-Afrikaanse samelewing deur 'n spiritualiteit van dienende liefde. Hierdie paradigma van die toekoms in 2037 verskil radikaal van die Calvinistiese

spiritualistiese paradigma as spiritualiteit van die Afrikaner hoofstroomkerke van die 1970's.

Verdere navorsing is nodig op hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Daar kan ook navorsing gedoen word op die spiritualiteit van ander hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Sosio-godsdienstige navorsing oor die Afrikaner in die een-en-twintigste eeu blyk ook noodsaaklik te wees. Veel meer navorsing oor die toekoms van spiritualiteit en die toekoms van Afrikaner hoofstroomkerke is nodig, veral soos die toekoms vorentoe ontvou. Daar is ook in hoofstuk een genoem dat die VGK uitgesluit is uit hierdie navorsing. Daar is 'n behoefte aan navorsing waarby die VGK en ander hoofstroomkerke, wat tans Afrikaans as basis gebruik, gedoen word. Binne die konteks van politieke gebeure behoort taal in die toekoms 'n kleiner rol as geloof te speel en hou 'n groter kerkvereniging van hoofstroomkerke belofte in. Navorsing oor 'n verenigde toekoms saam kan met scenario-werk meedoen aan 'n verkieslike toekoms vorentoe.

Aan die einde van die navorsing kan gereflekteer word op die aspekte:

Die probleemstelling is voorgehou as:

Watter veranderings het reeds plaasgevind in die godsdienst-sosiologiese leefwêreld binne Afrikaner hoofstroomkerke in Suid-Afrika en watter veranderings kan verder in die toekoms tot 2037 verwag word.

Aansluitend hierby is die vraag ook gevra: Hoe gaan paradigmaskuiwe op sosiologiese gebied spiritualiteit binne die Afrikaner hoofstroomkerke gedurende die een-en-twintigste eeu beïnvloed?

Die navorsingshipotese is geformuleer as:

Die paradigmaskuif vanaf 'n samelewing met apartheid, na 'n samelewing wat in 'n regstaat met 'n liberale demokratiese beginsels funksioneer, het die spiritualiteit van Afrikaner hoofstroomkerke radikaal beïnvloed. 'n Nuwe en aangepaste spiritualiteit is noodsaaklik in Afrikaner hoofstroomkerke op pad na 2037.

Die volgende gevolgtrekkings kan opsommend gemaak word:

- Die Afrikaner het in die verlede frustrasie en botsing met die owerheid beleef en pas moeilik aan by die regstaat met liberale demokrasie beginsels van Suid-Afrika post-1994.
- Die Afrikaner het sy identiteit verder gedefinieer gedurende die twintigste eeu in 'n aangepaste vorm van Calvinisme wat op 'n Christelik-Nasionale grondslag funksioneer.

- Die Afrikaner binne die Afrikaner hoofstroomkerk se spiritualiteit was in die 1970's (reflektering van Paradigma I) Calvinisties met 'n sterk rasionale basis.
- Daar was baie onsekerheid by lidmate van die Afrikaner hoofstroomkerke na die paradigmaskuif in die samelewing van Suid-Afrika vanaf 1994 en dit het op 'n godsdienst-sosiologiese vlak tot baie onsekerheid gelei.
- Binne bogenoemde onsekerheid neem getalle binne die Afrikaner hoofstroomkerke duidelik af.
- Daar is 'n soekende en onsekerheid by sommige Afrikaners binne Afrikaner hoofstroomkerke. Dit het daartoe gelei dat baie van hierdie Afrikaners geëmigreer het.
- Ons kan nie alle Afrikaners onder die selfde identiteit kategoriseer nie. Dit het in 'n groter verskeidenheid omsluit soos wat daar wegbeweeg is van voor 1994 se Calvinistiese modernisme. Dit geld historiese, resente en toekomsaspekte van Afrikaner-identiteit.
- Daar bestaan 'n multi-diverse aspek in die Suid-Afrikaanse samelewing en dit dwing dat daar 'n nuwe spiritualiteit by Afrikaner hoofstroomkerke ontstaan.
- Die 'Fresh Expression'-beweging toon baie belofte as model van die toekoms. Dit werk vanuit 'n fokus op die samelewing met liefde en deernis, en oor godsdienstgrense heen, op 'n inklusiewe manier.
- Daar is 'n duidelike behoefte aan aanpasbare verandering binne die styl van kerkwees van Afrikaner hoofstroomkerke. Pogings om met tegniese verandering kerkwees van môre in te gaan is onvolledig en gaan Afrikaner hoofstroomkerke van die toekoms strem.
- Soos sosiale strukture verander binne die geledere van die drie Afrikaner hoofstroomkerk, sal bedieningsbehoefte verander en is aanpasbare verandering nodig binne Afrikaner hoofstroomkerke. Die rol van die vrou sal aangepas moet word.
- Hoewel Afrikaner hoofstroomkerke hul identiteit histories gevind het in 'n Christelike nasionale wit kerk opset, is fundamentele aanpasbare verandering nodig. Die bedieningsmodel binne die Durbanse metropool is hiervan 'n positiewe voorbeeld. Die Afrikaner hoofstroomkerke kan nie wit eilande in Afrika-konteks wees nie.
- Aanpasbare verandering is nodig teen opsigte van die bediening van jongmense binne die drie Afrikaner hoofstroomkerke.
- Finansies gaan in die toekoms 'n groot probleem wees binne Afrikaner hoofstroomkerke. Predikante se sosiale entrepreneursvaardighede kan in die toekoms omsluit word.
- Maatskaplike nood gaan na alle waarskynlikheid toeneem binne lede van Afrikaner hoofstroomkerke. Daar sal kreatief hieroor in die toekoms besin moet word.



- Drie Afrikaner hoofstroomkerke sal nuut betrokke moet wees in 'n globale wêreld met nood. Dit sluit in armoede, ekonomiese ontwikkeling, opleidingsgeleenthede en groensake.
- 'n Bedieningsaanpassing word voorgestel waarin die Calvinistiese paradigma van die vorige eeu transformeer na 'n geïntegreerde spirituele model (soos beskryf in hoofstuk 6 van die navorsing) binne die toekoms van die drie Afrikaner hoofstroomkerke.
- Buite-kerklike persone, randkerklikes gemarginaliseerde persone en emosionele, broos persone behoort met liefde, deernis, respek en sagte verhoudings meegeneem te word op 'n reis na geloof en belydenis.
- Afrikaner hoofstroomkerke sal waarskynlik baie kleiner word as gevolg van veroudering, emigrasie en verengelsing van jonger geslagte.
- Die drie Afrikaner hoofstroomkerke sal die tendens van persoonlike vryheid, privaatheid en strewe na voorspoed van lede binne nuwe bedieningsmodelle in die toekoms moet verdiskonteer,
- 'n Nuwe missionale gerigtheid is noodsaaklik om transformasie te bewerk vanuit die tradisionele Calvinistiese paradigma na 'n multitalige en multikulturele fokus op nood en positiewe ontsluiting van bedieningsgeleenthede binne Suidelike Afrika.

## BIBLIOGRAFIE & VERWYSINGS:

- Abrahamson, M., 1976, *Stratification and Mobility*, MacMillan, London.
- Aids Foundation of South Africa, *2014-2015 Report*, Aids Foundation, Durban.
- Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1986, *Kerk en Samelewing*.
- Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1975, *Ras, volk en nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*.
- Alexander, J.C. & Smith, P. (Ed), 2005, *The Cambridge companion to Durkheim*, Cambridge University Press, Cambridge.
- Alfred, T. 1999, *Peace, power, righteousness: an indigenous manifesto*. Oxford University Press, New York.
- Aron, R., 1967, *Main currents in sociological thought*, Penguin Books, Hammondsworth, Middlesex, England.
- Asad, T., 2003, *Formations of the secular: Christianity, Islam, modernity*, Stanford University Press, Stanford, CA.
- Avis, P., 2003, *A church drawing near. Spirituality and mission in a Christian Culture*, T&T Clark International, London
- Baker, W.E. & Inglehart, R., 2001, 'Modernization's challenge to traditional values: Who's afraid of Ronald McDonald?', *World Future Society: The Futurist*, Vol 35, Nr 2, Maart – April 2001. p. 16-21.
- Balcomb, A., 2001, *Evangelicals and democracy in South Africa: helpers or hinderers, another look, another method*, *Journal of Theology for South Africa*, 109:3-15. March.
- Barker, J.A., 191, *The power of vision*, Master trainer's manual, Charthouse, Paris.

Barker, J.A., 1993, *Paradigms – The business of Discovering the Future*, Harper Business, New York.

Barna, G., 2006, *Revolution*, Christian Art Publishers, Vereeniging.

Bell, W., 1997, 'The purpose of Future studies', *World Future Society: The Futurist*, Vol 31, Nr 6, Nov – Dec 1997. p. 42-75.

Berger, 1969, *A rumour of angels: Modern society and the rediscovery of the supernatural*, Doubleday, New York, NY.

Berger, P.L., 1990, *The sacred canopy. Elements of a sociological theory of religion*, Anchor Books, New York, NY.

Berger, P.L. (Ed), 1999, *The desecularization of the world*, The Ethics and Public Policy Centre, Washington.

Berger, P. & Luckmann, T., 1966, *The social construction of reality. A treatise in the sociology of knowledge*, Doubleday, New York, NY.

Bergson, H., 2010, *The two sources of morality and religion*, University of Notre Dame Press, Notre Dame.

Berremen, G.D., 1973, *Caste as a process*, in Gelfand, E. & Lee, R.D. (Ed), *Ethnic conflicts and power*, John Wiley & Sons, New York.

Beyer, P., 1994, *Religion and Globalization*, Sage Publications, London.

Beyers, J., 2006, *Teologie van godsdienste: 'n Perspektief op die verhouding tussen Christendom en Tradisionele Afrika Godsdienste*, HTS Teologiese studies/Theological Studies, Vol 62, No 2, 2006, toegang op 20 Desember 2016 by <http://www.hts.org.za/index.php/HTS/issue/view/69> .

Beyers, J., 2013, *Obituaries and predictions: A sociological perspective on the future of religion*, Acta Theologica, University of Free State, Bloemfontein.

Boesak, A., 1984, *Black and reformed – Apartheid, liberation and the Calvinist tradition*, Skotaville Publishers, Johannesburg.

Bohm, D., 1995, *Wholeness and the Implicate Order*, Routledge, London.

- Bosch, D.J., 2011, *Transforming Missions – Paradigm Shifts in Theology of Missions*, Orbis Books, New York.
- Botha, A.J., 1984, 'Die Evolusie van 'n Volksteologie'. *Doktorale verhandeling*, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.
- Bruce, S., 2011, *Secularization – In defence of an unfashionable theory*, Oxford University Press, Oxford.
- Burger, C., 2001, *Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie*, Lux Verbi B.M., Wellington.
- Burger, C., 2005, *Diversiteit en identiteit*, Kerkbode:7, Mrt. 25.
- Buyts, R., 1975, *Religious beliefs and white prejudice*, Ravan, Johannesburg.
- Cameron, T., 1991, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, Human & Rosseau, Kaapstad.
- Caputo, J.D. & Vattimo, G., 2007, *After the Death of God*, Columbia University Press, New York.
- Castells, M. & Ince, M., 2003, *Conversations with Manuel Castells*, Polity press, Cambridge.
- Castleden, R. 2005. *Events that changed the world*. Time Warner Bodus: London.
- Cetron, M.J. & Davies, O., 2003, *50 Trends Shaping the Future*, Special Report published by the World Future Society, Washington, DC.
- Cigoly, V. & Scabina, E., 2006, *Family identity ties, symbols, and transitions*, Lawrence Erlbaum Associates, London.
- Cipriani, R., 1997, *Sociology of Religion– An historical introduction*, Aldine de Gruyter, New York.
- Cipriani, R., 2000, *Sociology of Religion*, Aldine de Gruyter, New York.

- Claassen, G. & Gaum, F. (Ed), 2012, *God? Gesprekke oor die oorsprong en uiteinde van alles*, Tafelberg, Kaapstad.
- Cloots, A., Latré, S. & Vanheeswijck, G., 2015, *The future of the Christian past: Marcel Gauchet and Charles Taylor on the essence of religion and its evolution*, The HEYTHROP Journal, HeyJ LVI (2015) p. 958-974.
- Cornish, E., 2004, *Futuring: The exploration of the future*, World Future Society, Bethesda.
- Czeglédy, A.P., 2008, 'A New Christianity for a New South Africa: Charismatic Christians and the Post-Apartheid Order', *Journal of Religion in South Africa*, 38(3):284-311.
- Dalai Lama, 2001, *Universal spirituality in the world's religions*, Foreword by the XIV<sup>th</sup> Dalai Lama, New World Library, Novato, CA.
- De Gruchy, J., 1990, *The Church and the struggle for a democratic South Africa. In Prozesky, M., ed. Christianity in South Africa. Bergvlei: Southern Book Publishers (Pty) Ltd. p. 219-232.*
- De Jouvenel, B., 1967, *The art of conjecture*. Basic Books Inc Publishers, New York.
- Department of Statistics, 2015, *Midyear population estimates*, toegang op 17 November 2015, by <http://www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022015.pdf>
- De Villiers, E. & Kinghorn, J., 1984, *Op die skaal: Gemengde huwelike en ontug*, Tafelberg, Kaapstad.
- De Villiers, E., 1986, *Kritiek uit die ekumene*. In Kinghorn, J., red. *Die NG Kerk en Apartheid*, Macmillan Uitgewers (Edms) Bpk, Johannesburg. p. 144-164.
- De Vries, F., 2012, *Rigtingbedonderd*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.
- De Waal, E. & Tolmay, B.J., 1991, *Die wit teologie – qua vades?*, Anrics, Pretoria.

Didsbury Jr, H.F. (Ed), 2003, *Twenty First Century Opportunities and Challenges*, World Future Society, Bethesda.

Didsbury Jr, H.F. (Ed), 2004, *Thinking Creatively in Turbulent times*, World Future Society, Bethesda.

Dixon, P., 1998, *Futurewise*, Harper Collins Publishers, London.

Dodds, M., 2000, 'Wisdom and it's lessons for the systems sciences', *Interact Indigenous Toronto World Congress*, toegang op 9 Maart 2017, by <http://www.russelmeans.com/speeches>.

Dowley, T. (Red), 1988, *Die geskiedenis van die Christendom*, Struik, Kaapstad.

Dreman, S. (Red), 1997, *The Family on the Threshold of the 21<sup>st</sup> Century*, Lawrence Erlbaum Associates, London.

Dreyer, W., 2010, *Tendense in kleiner kerke en gemeentes*, toegang op 12 Oktober 2016 by <http://www.gemeentes.co.za>

Durand, J., 2002, *Ontluisterde wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderde Suid-Afrika*, Lux Verbi B.M., Wellington.

Durkheim, E., 1912, *The elementary forms of the religious life: The totemic systems in Australia*, Transl. K.E. Fields [Original edition in French], Free Press, New York.

Durkheim, E., 1938, *The Rules of Sociological Method*, Free Press Glencoe, Illinois.

Durkheim, E., 2008, *The elementary forms of the religious life*, Dover, New York.

Du Plessis, L.M., 1977, *Calvyn oor die staat en die reg*, PU vir CHO (nou NWU), Potchefstroom.

Du Toit, B., 2000, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*, CLF-Uitgewers, Bloemfontein.

Easterly, W., 2007, *The white man's burden*. Oxford University Press, Oxford.

Ebaugh, H.R. & Chafetz, J.S. (Ed), 2002, *Religion across borders*, Altamira Press, Lanham.

Economist.com, 2008, *White flight from South Africa – Between staying and going*, toegang op 1 Mei 2016 by <http://www/economist.com/node/12295535>

Eloff, T., 2016, *Wat nou, Suid-Afrika?* Tafelberg, Kaapstad.

Elliot, J., 2005, *Using narrative in social research*, Sage, London.

Ellis, D.B., 1998, *Creating your future*, Houghton Mifflin Company, New York.

Engelbrecht, S.P., 1953, *Geskiedenis van die Nederduitse Hervormende Kerk van Afrika*, H.A.U.M. – J.H. de Bussy, Kaapstad

Esterhuyse, W.P., 1989, *Broers buite hoorafstand*, Tafelberg, Kaapstad.

Esterhuyse, W.P., 2001, *Before the next rains: from apartheid to transformation*. In Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz, P.J., eds. *Perspectives on Christianity: 1948 plus fifty years. Theology, apartheid and Church: Past, Present and Future*, Pretoria. p. 187-200., Series 5, Volume 1: Institute for Missiological and Ecumenical Research.

Esterhuyze, W.P., 2009, *God en die gode van Egipte*, Lux Verbi B.M., Wellington.

Faran, J. (Ed), 2003, *The future of revolutions – Rethinking radical change in a age of globalization*, Zed Books, London.

Fahey, L. & Randall, R.M. (Ed), 1998, *Learning from the future*, John Wiley & Sons Inc, New York.

Featherstone, S., 2005, *Postcolonial cultures*. University Press of Mississippi, Mississippi.

Floor, L., 1996, 'Sekularisme en die gereformeerde se profetiese roeping', *In die Skriflig* 30(3), Universiteit vir CHO, Potchefstroom. p. 387-401.

- Friedman, J., 1994, *Cultural identity and global process*. Sage, London.
- Fourie, L., 2016, 'Afrikaners in die buiteland', *Plus 50*, Dec/Jan Vol 10 Issue 5:14-16. ISSN 18158994, Sabinet Online.
- Fulcher, J & Scott, J., 2011, *Sociology*, Oxford University Press, Oxford.
- Gans, C., 2003, *The limits of nationalism*, Cambridge University Press, Cambridge.
- Garfinkel, H., 1967, *Studies in Ethno methodology*. Blackwell Publishers, Malden, MA.
- Gaum, F.M., 1981, *Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika*, NG Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria.
- Gaum, F.M., (Red) 2002, *Vierde era: 1962-2002*. In Hofmeyr, G., red. *NG Kerk 350 – Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Wellington: Lux Verbi B.M. p. 196-197.
- Gereformeerde Kerk van Suid Afrika n.d., toegang op 9 Maart 2017, by <https://www.gksa.org.za>.
- Giddens, A., 1995, *Politics, sociology and social theory*, Polity Press, Cambridge.
- Giddens, A., 1972, *Emile Durkheim: Selected writings*, Cambridge University Press, Cambridge.
- Giddens, A. (Ed), 2001, *The global third way debate*, Blackwell Publishers, Malden, MA.
- Giliomee, H., 2004, *Die Afrikaner: 'n Biografie*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.
- Giliomee, H., 2011, *Die Afrikaners 1910 – 2010. Die opkoms van 'n moderne gemeenskap*, Die Erfenisstigting, Pretoria.
- Global index of religiosity and atheism.*, 2012, RedC Opinion Poll, WIN-Gallup International. :1-25.



Gore, A., 2013, *The future six drivers of global change*, Random House, New York.

Groff, L., 2005, *The challenge of cultural and religious diversity and peacebuilding in an interdependent world*. Futures Reach Quarterly Winter 2005. Vol 21, Number 4, World Future Society, Bethesda, Maryland. p. 23-54.

Hahn, C. & Hart. K., 2009, *Market and society – The great transformation today*. Cambridge University Press, Cambridge.

Hamel, G. & Prahalad, C.K., 1996, *Competing for the Future*, Harvard Business School Press, Boston.

Handelinge van die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1935.

Hanekom, B., 2010, *Nuwe tendense in die NG Kerk*, Kerkbode:18, Jun. 4.

Harvey, D., 2007, *A brief history of Neo-Liberalism*, Oxford University Press, Oxford.

Heese, J.A., 1971, *Die herkoms van die Afrikaner*, Balkema, Kaapstad.

Henderson, D.W., 1998, *Culture shift: Communicating God's truth to our changing world*, Baker Books, Grand Rapids.

Heyns, J.A., 1967, *Denkers deur die eeue*, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

Heyns, J.A., 1981, *Dogmatiek*, NG Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria.

Heyns, J.A., 1986, *Teologiese Etiek 2/1*, NG Kerk boekhandel van Transvaal, Pretoria.

Hofmeyr, J.W., 2002, *Die NG Kerk en kerkwees in ons tyd*. In Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na relevansie 1974-2002*. Bloemfontein: Barnabas. p. 1-50.

Hofmeyr, J.W. & Kruger. P., 2011, *Boustene vir die toekoms van die NG Kerk*, NGTT Deel 52, No 1 & 2, Junie 2011.

Hofmeyer, M., Kritzinger, K.E. & Saayman, W. (Red), 1990, *Wit Afrikane? 'n Gesprek met Nico Smith*, Taurus, Johannesburg.

Holborn, L. & Eddy, G., 2011, *First steps to healing the South African family*, Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge Verslag, Johannesburg.

Horton, A., 1999, 'Fore front: A simple guide to successful foresight', *The Journal of future studies, strategic thinking and policy*, Foresight vol 1, Feb 1999. p. 12-21.

Janse van Niekerk, A.C., 1989, *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse sosiale-etiek*. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Johnstone, R.L., 1988, *Religion in society. A Sociology of Religion*, Prentice Hall, Englewood Cliffs, NJ.

Jonker, W.D., 1998, *Selfs die Kerk kan verander*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.

Joubert, S. (Ed), 2007, *Die Perfekte Storm*, CUM, Vereeniging.

Kayser, F., 1980, 'Die institusionalisering van religieuse groepe in 'n kontemporêre samelewing met besondere verwysing na die AGS in Suid-Afrika: 'n Godsdienssosiologiese studie', MA Thesis ongepubliseerd, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kerkbode 15, 2014, *Nagmaal in 'n pizzeria*, Deel 193, No 3, Augustus 2014, Bybelmedia, Wellington

Kerkbode 6, 2016, *'n Vars bries waai deur Durban*, Deel 196, No 6, Mei 2016, Bybelmedia, Wellington

Kierkegaard, S., 1945, *Stages of life's way*, Oxford University Press, London.

Kim, S.H., 2004, *Max Weber's politics of civil society*, Cambridge University Press, Cambridge.

Kinghorn, J., 1986, *Die NG Kerk en Apartheid*, Macmillan Uitgewers (Edms) Bpk, Johannesburg.

Kruger, P., 2014, *Die invloed van sekularisasie op die NG Kerk: 'n kerkhistories-sosiologiese perspektief*, Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kuhn, T.S., 1962, *The structure of scientific revolutions*, University of Chicago, Chicago.

Kurian, G. T. & Molitor, G. T. T. (Ed), 1995, *Encyclopaedia of the future*, Macmillan, New York.

Kürti, L. & Skalnik, P. (Ed), 2009, *Postsocialist Europe – Anthropological perspectives from home*, Berghahn Books, Oxford.

Lawrence, R., 2000, *Trendwatch*, Group Publishing, Loveland, Colorado.

Lemert, C., 1997, *Postmodernism is not what you think*, Blackwell Publishers, Oxford.

Liddell, H.G. & Scott, R., 1940, *A Greek-English lexicon*, Clarendon Press, Oxford.

Lincoln, A.T., 2011, *Spirituality in a secular age: From Charles Taylor to study the Bible and spirituality*, Acta Theologica 2011 Suppl. 15:16-18, toegang op 20 Desember 2016 by UV/UFS by <http://dx.doi.org/10.4314/actat.v31i15.5>

Linde, F. J., 1977, 'n Evaluering van sosiologiese kritiek op die religie', PhD Proefskrif Ongepubliseerd, UNISA Pretoria.

Livermore, D.A., 2009, *Cultural intelligence – Improving your IQ to engage our multicultural world*, Baker Academic, Grand Rapids, Michigan.

Loewen, J., 1999, *The power of strategy*, Zebra Press, Midrand.

Lombard, R.T.J., 1981, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek – met spesiale verwysing na die jare 1948 – 1961*, NG Kerkboekhandel Tvl, Pretoria.

Lough, J.W.H., 2006, *Weber and the persistence of religion*, Routledge, New York.

Marais, H.C. (Ed), 1988, *South Africa: Perspectives on the future*, Owen Burgess Publishers, Pinetown.

Mack, T.C. (Ed), 2006, *Creating global strategies for humanity's future*, World Future Society, Bethesda.

Maclure, J. & Taylor, C., 2011, *Secularism and freedom of conscience*, Harvard University Press, Cambridge, MA.

Martin, D., 2005, *On secularization towards a revised general theory*, Ashgate Publishing Ltd, Aldershot.

Martin, D., 2011, *The future of Christianity*, Ashgate Publishing Ltd, Farnham, Surrey, England.

Martinez-Diaz, L. & Woods, N., 2009, *Networks of influence?* Oxford University Press, Oxford.

McGuire, M.D., 1991, *Religion: The social context*, Wadsworth Publishing Company, Belmont, CA.

Means, R. *Free to be responsible*. Toegang op 9 March 2017, by <http://www.russelmeans.com/speeches>.

Mercer, D., 1998, *Future Revolutions*, Orion Business Books.

Micklethwait, J. & Wooldridge, A., 2010, *God is back. How the global rise of faith is changing the world*, Penguin Books, New York.

Moltmann, J., 1999, *God for a secular society. The public relevance of theology*, Fortress Press, Minneapolis, MN.

Moodie, T. D., 1975, *The rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid, and the Afrikaner civil religion*, University of California Press, Berkeley, CA.

Moodie, T. D., 2011, *The unravelling of the Afrikanerdom*, Hobart & William Smith Colleges, Geneva, NY.

Muller, C.F.J. (Red), 1985, *Vyfhonderd jaar Suid-Adfrikaanse geskiedenis*, Academica, Pretoria.

Muller, P.J., 2001, *Môre is 'n nuwe spel – 'n Toekomsvisie*, Lapa Uitgewers, Pretoria.

Muller, P.J., 2010, *Môre is 'n nuwe spel*, Heruitgawe, P.J. Muller, Pretoria.

Murray, S., 2004, 'The end of Christendom', Presented at Global Connections Interface Consultation, May.

Naude, P., 2004, *Is there a future for scholarship? Reformed theological scholarship in a transforming higher education environment*. Journal of Theology for South Africa. 119:32-45, July.

Nel, A., 2003, *Op soek na God...buite die kerk? Wen weer ontnugterde gelowiges se vertrouwe*, Lux Verbi B.M., Wellington.

Nel, M. & Van der Westhuizen, Z. (Ed), 2015, *Skokkend Positief*, Bybelkor, Wellington.

Newbigin, L., 1966, *Honest Religion for Secular Man*, SCM Press, London.

New York Times, 2007, *Gender issue and gender studies*. St. Martin's Press, New York.

New York Times, 2007, *Guide to essential knowledge*. St. Martin's Press, New York.

Nicol, W., 2000, *Godsdiens wat werk*, Lux Verbi BM, Wellington.

Niemandt, N., 2007, *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*, Lux Verbi BM, Wellington.

Niemandt, N., 2013, *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*, CUM, Vereeniging.

Noble, T., 2000, *Social theory and social change*, Macmillan Press, London.

Norman, E.R., 2003, *Secularisation: sacred values in secular world*, Continuum, London.

- Norris, P. & Inglehart, R., 2011, *Sacred and secular: Religion and politics worldwide*, Cambridge University Press, Cambridge.
- Olick, J.K., 2007, *The politics of regret – On collective memory and historical responsibility*, Routledge, London.
- Owen, E. (Ed), 1997, *Sociology after postmodernism*, Sage, London.
- Peck, M.S., 1993, *Further along the road less travelled*, Simon & Shuster Ltd, London.
- Pickering, W.S.F., 1984, *Durkheim's sociology of religion: Theses and theories*, Routledge, London.
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985, *Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede*, RGN, Pretoria.
- Rhoodie, N.J., 1977, *Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap*, McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg.
- Roberts, J.M., 2004, *The sociological review*, Blackwell Publishing, Malden M.A.
- Rodrik, D., 2011, *The globalization paradox – Democracy and the future of the world economy*, W.W. Norton & Company, New York.
- Rooi Rose, 2009, *Loop die kerk leeg?*, Artikel deur M. Snyman in Rooi Rose (April 2009), toegang op 12 Oktober 2016 by <http://www.rooirose.co.za/loop-die-kerk-leeg>.
- Rossouw, G.J., 2001, *Essentials of Apartheid*. [In Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz, P.J., eds. *Perspectives on Christianity: 1948 plus fifty years. Theology, apartheid and Church: Past, Present and Future*, Pretoria. p. 88-104., Series 5, Volume 1: Institute for Missiological and Ecumenical Research.]
- Rossouw, J., 2016, 'Wat nou, Suid-Afrika?', Litnet Akademies-resensie-essay: resensies 2016-0-14.
- Roudometof, V., Agadjanian, A. & Porkhurst, J., 2005, *Eastern Orthodoxy in a global age*, Altamira Press, Lanham.

Schlemmer, L., 1999, *Factors in the persistence or decline of ethnic group mobilisation*. [Rebecca Davies in 'Afrikaners in the new South Africa: Identity politics in a globalised Economy', PhD thesis, University of Cape Town] E.B. Taurus.

Schoeman, K., 2014, *Kerkspieël – Gemeentes en lidmate van die NG Kerk*, Referaat tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk, 6 Oktober 2015, Pretoria.

Schoeman, W.J., 2014, *Agter die syfers is gelowiges, gemeentes en die kerk, 'n praktiese teologiese refleksie oor lidmaatskap*, Theological Studies, Vol 70, No 1, HTS Teologiese Studies.

Scholtz, G.D., 1976, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1652 – 1806. Deel I*, Voortrekkerpers, Johannesburg.

Schwenke, A. M., 2002, 'n Beeld van die gedifferensieerde kultuurbeleving en – problematiek in Suid-Afrika, 1983 – 1994: 'n Bronne – Evaluasie' MA Verhandeling ongepubliseerd, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Segal, N., 2007, *Breaking the mould – The role of scenarios in shaping South Africa's future*, Sun Press, Stellenbosch.

Senge, P. et al., 1992, *The fifth discipline fieldbook – Strategies and tools for building a learning organization*, The Crown Publication group, New York.

Slabbert, FvZ., 2006, *The other side of history – An anecdotal reflection on the political transition in South Africa*, Jonathan Ball Publishers, Johannesburg.

Smit, D.J., 2008, *Opstelle oor geloof en openbare lewe*, Sun Press, Stellenbosch.

Smit, F., 2011, *Demografie – die toekoms wat reeds gebeur het: Wêreldtendense met spesiale verwysing na Suid-Afrika*, in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Vol 51 nl, Pretoria, Maart 2011. p. 1-11.

Smith, C., 2016, *Big Shift in racial distribution of Suid-Afrika Millionaires*, toegang op 27 April 2016 by <http://www.Fin24.co.za>

Smith, W. R. [1889], 1956, *Religion of the Semites*, Meridan, New York, NY.

- Sparks, A.H., 1990, *The mind of South Africa*, Heinemann, London.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1968, *Die waardes van die Afrikaner*, Nasionale Boekhandel, Kaapstad.
- Sweet, L., 2000, *Learn to dance the soul salsa*, Zondervan, Grand Rapids.
- Swingewood, A., 1998, *Cultural theory and the problem of modernity*, St Martin's Press, New York.
- Taylor, C., 2007, *A Secular Age*, The Belknap Press of Harvard University Press, Cambridge.
- Theunissen, H., 2013, 'Sisteemdenke'. Aanbiedingsnotas versprei tydens die Moderareem van die NG Kerk van KZN, Pietermaritzburg, 22 Oktober 2013.
- Tickle, P., 2008, *The great emergency: How Christianity is changing and why*, Bakerbooks, Grand Rapids.
- Tolmay, B.J., 1995, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die owerheid oor apartheid: 1948-1991*. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Tolmay, B.J., 2010, 'n Sprokie speel homself af in Durban, in *Kruisgewys 2010*, Bybel Media, Wellington, toegang op 10 Desember 2016 by <http://www.gemeentes.co.za/kruisgewys/kruisgewys-augustus-2010>
- Tolmay, B.J., 2014, *Die toekoms van die drie Afrikaanse hoofstroomkerk saam*, HTS Teologiese studies/Theological Studies, Vol 70, No 3, 2014, toegang op 10 Desember 2016 by <http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/2642>
- Tomlinson, R., 1990, *Urbanization in post-Apartheid South Africa*, Unwin Hyman, London.
- Turner, H.W., 1980, *A model for the structure of religion in relation to the secular*. *Journal of the theology of South Africa*, 27:42-64, June.
- Turner, B.S., 1991, *Religion and Social Theory*, Sage, London.
- Urry, J., 2003, *Global complexity*, Polity Press, Cambridge.



- Van der Merwe, J.M., 2002, *Die NG Kerk en die samelewing*, In Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na relevansie 1974-2002*. Bloemfontein: Barnabas. p. 51-130.
- Van der Watt, P.B., 1977, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 – 1866*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- Van der Watt, P.B., 1980, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824 – 1905*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- Van der Watt, P.B., 1987, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905–1975*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- Van Helden, P., 2013, *Denke as krisisterrein in die verskynsel van kerkkrimp by tradisioneel Afrikaanssprekende susterskerke*, *Verbum et Ecclesia* 34(1), Art #677.
- Van Helden, S., 2016, 'Waar is die gereformeerde lidmate dan?', *In die Skriflig*, Vol. 50.n.l., Kaapstad, toegang op 9 March 2017, by <http://www.scielo.org.za/scielo.php>.
- Van Jaarsveld, F.A., 1976, *'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika - Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, Perskor, Johannesburg.
- Van Jaarsveld, F.A., 1982, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, Perskor, Johannesburg.
- Versveld, M., 2010, *Oor gode en afgode*, Protea Boekhuis, Pretoria.
- Wakefield, N., 1990, *Postmodernism: The twilight of the real*, Pluto Press, London.
- Walby, S., 2009, *Globalization and inequalities. Complexity and contested modernities*, Sage, London.
- Weber, M., [1904-1905], 2002, *The Protestant ethic and the spirit of capitalism*, Translated by S. Kalberg, Blackwell Publishing, Los Angeles. Original in German: *Protestantische Ethik und der Geist des Kapitalismus*.

Weber, M., 1966, *Political ideas in the perspective of our times*, University of Massachusetts Press, Boston M.A.

Weigel, G., 1999, *The desecularization of the world: Resurgent religion and world politics*, WM. B. Eerdmans Publishing Co, Grand Rapids, Cambridge.

[www.czechrepublic.en.m.wikipedia.org](http://www.czechrepublic.en.m.wikipedia.org) toegang 7 Januarie 2016.

[www.en.m.wikipedia.org/wiki/Jan\\_Hus/](http://www.en.m.wikipedia.org/wiki/Jan_Hus/), toegang op 30 Desember 2016.

Fresh Expression, 2013, toegang op 24 Januarie 2017, by  
[www.jazzgoat10.wordpress.com/2013/02/03/listening-to-critiques-to-fresh-expressions-starting-points-for-phd/](http://www.jazzgoat10.wordpress.com/2013/02/03/listening-to-critiques-to-fresh-expressions-starting-points-for-phd/)

Fresh Expression, 2015a, toegang op 24 Januarie 2017, by  
[www.freshexpressions.org.uk/international](http://www.freshexpressions.org.uk/international)

Fresh Expression, 2015b, toegang op 24 Januarie 2017, by  
[www.freshexpressionsus.org/2016/09/12/fresh-expressions-101-next/](http://www.freshexpressionsus.org/2016/09/12/fresh-expressions-101-next/)

Fresh Expression 2015c, toegang op 24 Januarie 2017, by  
[www.freshexpressions.org.uk/ask/emerging/](http://www.freshexpressions.org.uk/ask/emerging/)

Fresh Expression, 2015d, 'Fresh Expression member's hand out A04', 7.

Fresh Expression, 2015e, 'Fresh Expression member's hand out C09', 9.

Fresh Expression 2015f, 'Fresh Expression Opleidingsmateriaal vir gemeenskappe'.

Fresh Expression, n.d., toegang op 24 Januarie 2017, by  
[www.en.m.wikipedia.org/wiki/fresh\\_expressions](http://www.en.m.wikipedia.org/wiki/fresh_expressions)

## OPSOMMING:

# DIE TOEKOMS VAN DIE SPIRITUALITEIT BINNE AFRIKANER HOOFSTROOMKERKE – ‘N GODSDIENS-SOSIOLOGIESE STUDIE

Die paradigmaskuif vanaf ’n samelewing met apartheid na ’n samelewing wat op ’n regstaat met ’n liberale demokrasie funksioneer, het die spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke radikaal beïnvloed. Sekere Afrikaners binne Afrikaner hoofstroomkerke plaas ’n lewensfokus op individualisme, Calvinistiese hardwerkendheid en Kapitalisme. ’n Nuwe aangepaste spiritualiteit is noodsaaklik binne Afrikaner hoofstroomkerke op pad na 2037.

Die ‘Fresh Expressions’-beweging wat uit hoofstroomkerke vanaf Engeland ontstaan het, dui vir ons ’n rigting vir die toekoms aan. Eerder om mense te probeer teruglok na hoofstroomkerke toe, word geloofsgemeenskappe gevorm waar dié mense leef.

Die spiritualiteit binne Afrikaner hoofstroomkerke sal binne ’n Verkieslike toekoms wegskuif vanaf Neo-Calvinisme. Tegniese verandering is onvoldoende, maar eerder aanpasbare verandering. Die nuwe paradigma is op liefde en deernis gegrond met ’n sterk missionale kerkwees waarin die Afrikaner nie ‘wit eilande’ vorm nie. Hiervolgens kom ’n geïntegreerde nuwe spiritualiteit na vore waarin middelpuntsoekende beweging plaasvind.

Die vier tradisionele spiritualiteite met die volgende primêre fokusse is, naamlik:

- Die Bybel as Woord van God;
- Gawes van die Heilige Gees;
- Stil Spiritualiteit, en
- Sosiale Aksies.

Hierdie spiritualiteite word saam harmonieus versnit deur 'n sisteembenadering met dienende liefde. Hierdie Verkieslike toekoms vorm 'n kontras met die Afrikaner hoofstroom-spiritualiteit van die 1970's. Dit staan ook vêr verwyderd van 'n Waarskynlike toekoms sonder aanpasbare verandering, waarin Afrikaner hoofstroomkerke ernstig besig is om te krimp.

Missionale kerkwees deurbreek die huidige onsekerheid wat binne Afrikaner hoofstroomkerke bestaan om weer 'n nuwe en waardevolle verskil in Suid-Afrika en Afrika te maak.

## **SLEUTELTERME:**

Paradigmaskuif  
Spiritualiteit  
Neo-Calvinisme  
Liberale demokrasie  
Fresh Expression – beweging  
Verkieslike toekoms  
Aanpasbare verandering  
Missionale kerkwees  
Afrikaner hoofstroomkerke  
Godsdiens-sosiologie

## SUMMARY:

# THE FUTURE OF THE SPIRITUALITY WITHIN AFRIKANER MAINSTREAM CHURCHES – A STUDY OF SOCIO-RELIGION

The paradigm shift from an Apartheid influenced society to one functioning as a constitutional state with a liberal democracy, drastically influenced the spirituality within the Afrikaner Mainstream Churches. Certain Afrikaners in the Afrikaner Mainstream Churches place huge emphasis on individualism, Calvinistic diligence and Capitalism. A new adapted spirituality is essential within Afrikaner Mainstream Churches heading toward 2037.

The Fresh Expression movement that originated from within the mainstream churches in England is indicative of a Preferable future direction for us. Rather than attempting to lure people back to the mainstream churches, religious communities are established where these people live.

In a Preferable future, the spirituality within the Afrikaner Mainstream Churches would move away from Neo-Calvinism. Technical change is insufficient, rather adaptable change. The new paradigm is based on love and compassion, with a strong missional focus without 'white island-forming' by Afrikaners. Through this a new, integrated spirituality can emerge wherein centripetal movement happens.

The four traditional items of spirituality with the following primary focuses are:

- The Bible as the Word of God;
- Gifts of the Holy Spirit;
- Quiet Spirituality, and
- Social Actions.

These spiritualities are harmoniously blended in a systematic approach of serving love. This Preferable future stands in stark contrast with the spirituality of the Afrikaner mainstream spirituality of the 1970's. It is also far removed from a Probable future, without adaptable change, wherein Afrikaner Mainstream Churches are experiencing drastically declining numbers.

Being a missional church will make it possible to break through the present uncertainty that exists within Afrikaner Mainstream Churches, and once again have a new and valuable influence in South Africa and Africa.

## **KEY TERMS:**

Paradigm shift

Spirituality

Neo-Calvinism

Liberal democracy

Fresh Expression movement

Preferable future

Adaptable change

Missional church

Afrikaner Mainstream Churches

Socio-religion